UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoopvol

**B.F. (Derick) van der Walt**

**Roman voorgelê ter gedeeltelike nakoming**
**van die vereistes vir die graad MA (Kreatiewe Skryfkuns)**
**aan die Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns/Afrikaans**
**Fakulteit Geesteswetenskappe**
**van die Universiteit van Pretoria**

**Studieleier: Prof Henning Pieterse**

**Pretoria**
**2012**



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoopvol

**B.F. (Derick) van der Walt**

**Roman voorgelê ter gedeeltelike nakoming**
**van die vereistes vir die graad MA (Kreatiewe Skryfkuns)**
**aan die Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns/Afrikaans**
**Fakulteit Geesteswetenskappe**
**van die Universiteit van Pretoria**
**Studieleier: Prof Henning Pieterse**

**Pretoria**

**2012**



© University of Pretoria

# DEEL 1

One look at love
And you may see
It weaves a web
Over mystery,
All raveled threads
Can rend apart
For hope has a place in the lover's heart.
Hope has a place in a lover's heart.
**(*Hope has a place*, Enya)**


© University of Pretoria

**Vooraf**

Wat hy agterna van dié aand onthou het, was nie die reuk van sy ma en sy sussie se brandende lywe of hulle huis en hulle goed wat binne minute voor sy oë in die vlamme verdwyn het nie. Ook nie die haartjies op sy arms wat van die hitte geskroei het of die klomp mense wat voor hulle huis saamgedrom het nie.

Wat hy agterna onthou het, was Tannie Pop van langsaan in haar blou kamerjas en die doekie om die kop wat met haar tandlose mond geluidloos geskree en geskree en geskree het.

Hoe hy later op 'n trein na Pretoria met sy ma se handsak van groen, nagemaakte volstruisleer op sy skoot beland het, kon hy ook nie meer heeltemal onthou nie.

Daar was net een ding in sy kop, dit onthou hy goed. Hy het geweet hy moes op ‘n manier by die varsproduktemark in Pretoria uitkom. Agterna was hy verstom dat hy so blindelings op ‘n trein met sy ma se groen handsak geklim het sonder om vir iemand te sê. Maar hy onthou dat hy toe heeltemal seker was. In Johannesburg het daar vir hom niks oorgebly nie.

Ja, hy was seker, dit onthou hy goed.



© University of Pretoria

**Hoofstuk 1**

"Braniwalia. Twee opmekaar." Tant Lettie hou die leë glas na Nathalie sonder om haar oë van die dokument voor haar op die tafel te haal. "En sê vir Lukas meer ys." Sy vat 'n handvol grondboontjies en rosyne uit die bakkie voor haar op die ronde tafeltjie en druk dit in haar mond. Kou ingedagte terwyl sy lees.

"Wat van jou, Sista?" Tant Lettie lig haar kop en kyk kouend na die skraal, donkerkopvroutjie wat met haar hande agter haar rug gevou, stip deur die Rose and Crown se venster na Hoopvol se hoofstraat staar.

"Laetitia, ek vra, nog 'n wyntjie?" vra Tant Lettie.

Die vroutjie voor die venster reageer nie. Haar smal skouertjies hang. Die gesiggie is stroef agter die swartraambril.

"Bring vir Sista nog 'n wyntjie met ys on the side," sê Tant Lettie vir Nathalie.

"Ek moes eintlik al gegaan het. Dis al na ses," sê Nathalie stug.

"Nathalie, Nathalie," sug die tannie. Sy leun met haar groot lyf agteroor en sit die dokument voor haar op die tafeltjie neer. Stop nog 'n handvol grondboontjies en rosyne in haar mond.

Sy kyk Nathalie 'n ruk kou-kou op en af. "Toe ek jou by die Rose aangestel het, het ek nie gedink jy is a nine-to-five-girl nie." Sy draai na Laetitia wat steeds met 'n frons tussen die oë, hande agter die rug na die dorp se hoofstraat staar.

"Sista, ek sê, ek het mos nie gedink Nathalie is 'n nine-to-five-girl nie. Ek het mos vir jou gesê ek dink sy het potential," sê Tant Lettie harder. Laetitia antwoord nie en die tannie draai na Nathalie.

"Nathalie, jy het 'n uitsoekjoppie op hierdie dorp losgeslaan. Hier is nie goeie werk vir julle jongetjies nie en toe val jy met jou stert in die botter. Die grootste en enigste hotel op hierdie dorp. En smiddae staan jy in die Rose and Crown se prime lounge rond en jy hoor van my en Sista se planne en strewes vir hierdie dorp. Jy is deel van die binnekring. Ek sien jy luister en jy moet nie net luister nie. Jy moet léér ook."

Sy tel weer die dokument op en skuif haar bril reg. "Wie weet wat lê nog alles vir jou hier voor? Maar as jy 'n nine-to-five-meisie is, dan het ek my bekommernisse en my bedenkinge."



© University of Pretoria

"Maar ek het al voor ses vanoggend begin en ek moet nog vanaand Missis Chalmers-hulle se wasgoed gaan was," sê Nathalie verontwaardig.

"Kan Missis Chalmers nie self haar wasgoed was nie?"

Nathalie antwoord nie. Dit sal nie help nie.

"Ek sê, Missis Chalmers se hande is seker nie lam nie of hoe?" Sy beduie Nathalie ongeduldig met haar een hand weg en begin deur die dokument blaai. "Ja, toe, bring ons drinks en dan kan jy gaan."

"Maar jy moet 'n slag mooi dink, my dogter," hoor Nathalie toe sy by die hotel se privaatsitkamer uitstap. "Jy het hier 'n kans wat jy moet gebruik. Jy moet dalk so 'n bietjie ambisie aanleer. Ek sê mos jy het potential. The bigger picture, my girl. Kyk bietjie wyd."

Nathalie stap vies met die donker trap af. Die uitgetrapte, wynrooi mat waarna sy elke middag kyk. Die muwwe reuk van baie jare en baie menslywe het in die mat en die mure ingetrek en sy is seker hier dwaal ou spoke rond van mense wat oor die jare by hierdie trap op en af is. Sy draai regs in die gangetjie wat na die kroeg lei om vir Lukas die bestelling te gee.

'n Geleentheid? 'n Geleentheid om op hierdie terugplek in die Karoo 'n lewe in 'n simpel hotel te maak. Om deel te wees van die binnekring waar twee middeljarige anties smiddae sit en wheel and deal om hierdie dorp en sy inwoners om hulle pinkies te draai? Die burgemeester en die hoteleienaar. Laetitia en Lettie. Geleentheid? Big deal.

Maar dalk is die ou vrou reg, dink Nathalie terwyl sy haar trui stywer om haar trek toe sy by die hotel se groot houtvoordeur uitstap.

Dit word koel in die Karoo as die son sak, al is dit deur die dag so warm dat die dorp se enkele teerstraat in die son begin lewe. Sy stap vinnig in die laatlig op die sypaadjie by die enkele besighede in die hoofstraat verby, almal nou reeds toe.

Daar is nie werk op Hoopvol nie en sy het gekry. Sy kan dalk iets daarvan maak.

Sy kyk na die son wat 'n rooi strepie om die Karookoppies in die weste trek. Die straat is stil. Na ses is dit sepies en goedkoop wyn vir die meeste mense op Hoopvol. Dan ry mense eintlik nie meer in die dorp rond nie. Vir die handvol bevoorregtes wat teen Ryk-Mielie-se-kop aan die regterkant van die dorp bly,



© University of Pretoria

dalk whiskey of 'n ordentlike rooiwyn uit die Kaap, maar vir hulle gewone mense: net nog 'n dag voordat alles môre weer van voor af begin.

Sy kyk na die reuse-sandsteenkerk in die middel van die dorp met die lang vinger van God wat die lug in wys. Gedoop en aangeneem. Alles vroom en ordentlik in dié kerk, vir haar wat Nathalie is.

Sy ruik die stof in die lug en ril. 'n Verhuisingstrok ry luid met die hoofstraat af en ruk-ruk met kreunende remme tot stilstand by die stopstraat in die middel van die dorp.

Die trok trek weer steunend weg en verdwyn in die rigting van die rooi strepie op die horison. ‘n Mens stop nie sommer hier as jy nie moet nie.

Sy hoor die bromponie al van ver en sy weet dis Gielie. Hy ry stadiger toe sy verby PEP in die hoofstraat stap. Hy ry ‘n ruk langs haar sonder om iets te sê. Sy ignoreer hom.

"Ons gaan pool speel by die Rose. Jy moet kom Nat.”

Nathalie loop vinniger. "Ek kom nou net van die blerrie plek af."

"Ja man ek weet, maar jy moet kom," sê hy ongeduldig.

"Gielie, ek is moeg. Nie vanaand nie. En ek moet wasgoed was."

Gielie ry verby en maak 'n u-draai in die hoofstraat. Hy stop ‘n entjie voor haar op die sypaadjie. Hy haal die helmet van sy kop af.

"Nat, jy sal moet vrede maak. Ons bly net hier. Kom ons maak nou maar iets hiervan."

"Nie vanaand nie."

Gielie maak weer sy helmet vas en trek raserig weg. “Bel as ek jou moet kom haal,” skree hy oor die geraas van die bromponie.

Arme ou Gielie. Hy glo nog aan 'n wonderwerk, dink Nathalie terwyl sy verby die plat geboutjie stap wat as Hoopvol se poskantoor dien. Verby Aalwyn en Tonteldoos, die twee gastehuise waar Tannie Door en Tannie Mollie sy aan sy om die enkele verdwaalde reisigers wat op dié dorp vir petrol of iets te ete stop, se aandag en kredietkaarte baklei. En Donderdagaande sit hulle hand om die lyf by die biduur in die pastorie.

Sy stap verby die boekehuis waar toeriste uit die Noorde met baie tyd en geld ronddwaal en hulle verwonder aan die oulike dorpie. Môre ry hulle verder na hulle vakansie in die Kaap of na hulle regte lewens in die besige Johannesburg



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

of Pretoria. Dalk 'n tweedehandse boek gekoop of 'n skilderytjie van 'n plaaslike kunstenaar. Of dalk 'n bottel over-priced wyn wat tannie Breggie van Polfyntjie Karoo Curiosa vir 'n appel en 'n ei by Pick n Pay in Kaapstad koop en hier ten duurste aan die toeriste verkwansel. Dalk 'n pak opgesnyde lam by die Hoopvol-slaghuis, netjies verpak om te hou en te duur op die lang tog wat nog voorlê. Egte Karoo-lam. Hulle smaak so lekker want hulle eet egte Karoo-bossies.

Die skielike gevoel van paniek en verlatenheid het onverwags gekom. Hulle moes dit tog sien kom het, dink Nathalie dikwels, maar hulle het nie. Na die 40-days-vieringe en die simpel matriekafskeid en die after-party na die afskeid op die Bouwers se plaas en die opgewondenheid oor die matriekuitslae was dit skielik: Ons is nog hier!

Ons gaan nie soos die ryk boere se kinders universiteit toe in Bloemfontein of Potchefstroom of Stellenbosch of wherever nie en ons gaan nie vir 'n jaar in Engeland werk of 'n kursus in die Baai doen nie. Ons gaan niks doen wat sal verseker dat ons nooit weer terug hoef te kom nie. Ons is vir altyd hier.

Sy dink dit was toe hulle vir Jorrie moes gaan groet het daai eerste week in Januarie dat alles in plek geval het. By die Total-garage aan die linkerkant van die hoofstraat, net voordat jy die grootpad Beaufort-Wes toe vat, die garage met sy mooi uitsig op Ryk-Mielie-se-kop.

Dit was so afgespreek. Jorrie was van Kleinkoppies, die arm deel van die dorp aan die anderkant van die spoorlyn, maar hy was slim en hy het 'n beurs gekry om op Stellenbosch te gaan swot. En hulle het hom soos afgespreek dié oggend vroeg by die Total-garage gaan groet. Dit was toe Jorrie en sy pa al waaiend en toetend die dorp uitgery het en hulle klompie vir ou Jorrie en sy pa agterna gestaar het, dat Nathalie besef het. Dis dan dit. Daar is niemand oor om te groet nie. Jorrie was die laaste. Hulle handjievol wat oorgebly het, gaan nêrens heen nie.

Dit was tóé dat Eddie die 2 liter Cane by die hotel se off-sales gaan koop het en hulle begin suip en uitrafel het. Elke aand in die Rose and Crown se kroeg of in die kerk se binnehof waar mense net op Sondae kom.

En dit was tóé dat redelik ordentlike meisies soos Fiona giggelend met wie ook al agter die hotel se muur wat die tweeverdiepinggebou van die parkeerterrein skei, verdwyn het. En hulle gereeld soos sardientjies in Eddie se



© University of Pretoria

pa se kar ingeryg het om op Beaufort-Wes te gaan fliek. Met vól bottels wat hulle so in die gelag in die kar rondgestuur het. Almal het lekker gesluk en gelag, maar hulle het geweet. Dis dan dit. Ons bly net hier.

Sy trek die trui nog stywer om haar lyf terwyl sy links in Olive Schreiner-straat draai waar sy die afgelope 18 jaar van haar lewe bly. Aanvanklik sy en 'n ma en 'n pa wat die loodgieterbesigheid op die dorp bedryf het, en toe ná die ongeluk op die Oudtshoorn-pad vyf jaar gelede, net sy, en 'n ma en 'n pa onder 'n eenvoudige grafsteen in Hoopvol se kerkhof. Die Here het geneem. Rus in vrede. Die lewe gaan aan.

Vir haar het die lewe aangegaan by Pastoor en Missis Chalmers wat hulle oor haar ontferm het. Die somber Pastoor Chalmers en die heelwat minder sombere moeder van die Apostoliese gemeentetjie op die dorp. Kyk, liewe gemeente, só word dit gedoen. Charity begins at home. Nathalie, jy moet nooit vergeet wat ons alles vir jou gedoen het nie, my dogter.

Missis Chalmers. Sondae die sonskynmoeder van die gemeente en die res van die week laat sy jou sweet vir jou genadebrood en herinner sy jou daagliks aan hoe dankbaar jy daarvoor moet wees. Dat die huisie in Olive Schreiner-straat eintlik haar wat Nathalie is se enigste erfporsie was nadat die begrafnis en die boedel afgehandel is, word nooit oor gepraat nie. Die dorpsprokureur het beslis dat die predikant van die bruin gemeente in Kleinkoppies, wat op sy oudag vrou gevat het, daar kon bly as hulle Nathalie onder hulle vlerk sou neem totdat sy 21 is en haar erfporsie wettig in besit kan neem.

Nathalie maak die houthekkie van die wit huisie, waarvan die voordeur byna op straat sit, oop. Sy hoor die televisie binne blêr. Sy staan 'n ruk op die smal stoepie en kyk na die motte wat om die stoeplig draai. Sy draai om en kyk na die leë, stil straat. Die huisies waarin daar hier en daar 'n lig brand. Sy hoor 'n hond blaf, stadig en aanhoudend, asof daar baie tyd en eintlik niks anders is om te doen nie.

Sy draai die koperknop van die voordeur met die loodglasvenstertjies. In die kombuis sien sy die egpaar Chalmers het reeds geëet. Haar kos staan onder 'n netjie met 'n blou kraletjierand in die middel van die tafel. Sy druk die bord in die mikrogolfoond. Rys, frikkadelle en groente. Sy hoor die televisie in die sitkamer nou duideliker. Dit klink na 'n sepie.



© University of Pretoria

Sy loer om die waskamer se deur na die berg wasgoed wat op ‘n hoop in die middel van die vertrek lê. Sy sug.

**Hoofstuk 2**

Ben skrik verward wakker toe die trein skielik ruk en die vrou op die sitplek anderkant die paadjie vooroor val. Die sak op haar skoot kantel en appels rol met die paadjie af. Vir 'n oomblik weet hy nie waar hy is nie. Hy kyk verdwaas na die rollende appels voordat hy opspring om dit bymekaar te maak.

Die vrou glimlag dankbaar toe hy dit weer in die sak op haar skoot stop.

Hy kyk na die liggies van die huise en die geboue wat by die trein verbyflits. Hy probeer om nie aan die vlamme te dink nie, maar hy kan nie help nie. Sy tande begin onbedaarlik opmekaar klap. Hy druk die groen volstruisleerhandsak teen sy bors.

Hy probeer om nie aan die twee hopies wat die brandweermanne onder wit lakens op draagbare by die huis uitgedra het, te dink nie. Die geskokte oom Carlos van oorkant wat sy arm onhandig om sy skouers geslaan het. “Awful, awful, Ben.”

Die mense wat bedremmeld op ‘n hoop aan die oorkant van die straat in kamerjasse gebondel het. Met geskokte gesigte en deurmekaar hare het hulle gekyk hoe ‘n leeftyd binne minute deur die vlamme verteer word. Die brandweermanne wat opdragte vir mekaar geskree het. Die water wat in die lig van die vlamme met 'n helder stroom uit die dik, swart pyp geblaas het maar gelyk het asof dit geen kans teen die woede van die vlamme staan nie. Alles het so vinnig gebeur maar op 'n manier ook stadig, dink Ben. So asof dit vir altyd gaan aanhou. Asof hy vir die res van sy lewe op die sypaadjie moet staan om te kyk. Soort van sy straf.

Hy dink hy het besluit toe Tannie Pop haar arms om hom geslaan en sy T-hemp sopnat gehuil het. “Toemaar, my ou hartjie, jy trek sommer nou hier by my in.”

Hy moes weg.

Hy onthou vaagweg die geld wat hy naby die groentewinkel uit sy ma se beursie gehaal het vir die taxi wat hom op die Johannesburg-stasie afgelaai het.



© University of Pretoria

Hy druk die groen handsak vaster teen sy lyf. Die vrou aan die anderkant van die paadjie hou hom onderlangs dop, sien hy. Wit kinders ry waarskynlik nie so laat op ‘n trein tussen Johannesburg en Pretoria nie.

Sy tande begin weer klap. Hy probeer diep asemhaal om die tandeklap te stop, maar dit help nie.

Die vrou kyk nou openlik na hom.

“Are you allright?”

Ben weet nie wat om te sê nie. Hy voel net skielik dankbaar dat sy gevra het. Dat íémand gevra het. Hy probeer die huil keer maar hy kan nie. Sy skouers ruk terwyl hy geluidloos huil. Hy druk sy gesig in die groen handsak. Hy ruik sy ma.

Hy hoor die vrou skuif langs hom op die bankie in. Sy slaan haar dik arm om sy lyf en trek hom tot teenaan haar groot bors. Hulle sit ‘n lang ruk só voordat hy regop kom en haar wegdruk. Hy vee sy gesig met die opgefrommelde sakdoek wat sy na hom uithou, af.

Deur die venster sien hy Pretoria se liggies. Die trein fluit en hulle ry die stasie binne. Die perronne is verlate. Waarheen nou? wonder Ben verslae.

**Hoofstuk 3**

"Ag man, get a life!" sê Nathalie vir die rep wat glimlaggend teen die deurkosyn van die hotel se ontvangsportaal leun en met sy sleutels in sy sak speel.

Sy weet hy speel eintlik met iets anders. Sy ken hulle. Weg van mammie en die kindertjies is almal dieselfde. Sy het gou geleer hoe dit werk. Of dit nou poliskontrakte in die tassie is wat orals saamgedra word, of brosjures oor 'n nuwe gifstof vir peste en plae in die kar se bak of handouts oor nuwe trekkers wat hulle kwistig op die dorp uitdeel: Hulle is almal dieselfde. En poppies op 'n dorp soos Hoopvol is hardop vir alles. So glo hulle.

“Komaan, ek is seker dis maar goor vir so ‘n oulike dingetjie soos jy op ‘n ou kak dorpie soos dié,” sê hy terwyl hy glimlaggend nader stap.

“Betaal jy kontant of met ‘n kaart?” vra Nathalie vies terwyl sy die rep se rekening oor die toonbank in sy rigting skuif.

“Hang af.” Hy leun vooroor met sy gesig baie naby aan hare.



© University of Pretoria

Sy probeer hom ignoreer en blaai verbete deur die besprekingsboek. Hy slaan sy hand om haar pols. Hy staan 'n ruk met haar arm in die lug terwyl hy glimlaggend na haar kyk. Sy probeer haar hand losruk maar hy hou. Sy probeer met haar ander hand die klokkie op die toonbank bykom.

"Jy kan saam met my Kaap toe. Ek kom weer volgende week hier verby. Ek hoor jy het verledejaar matriek geskryf. Kom ons maak dit jou matriek-breakaway. Jy sal nie spyt wees nie," fluister hy met 'n knoffelasem in haar nek.

"Los my!" sis Nathalie deur haar tande. Sy kry die klokkie met haar regterhand beet en lui dit vir 'n vale.

Hy laat los en haal 'n paar note uit sy beursie. "Jy kan nog altyd van plan verander. Ek gaan nou my tas in die kamer haal en as ek terugkom en jy wag vir my by my kar, vat ek jou saam. Weg, vér weg," fluister hy. Hy kyk rond in die ontvangsvertrek waar ou, geraamde foto's van Hoopvol uit 'n hoopvoller era hang. "Jy sal nie spyt wees nie," sê hy weer. Hy glimlag terwyl hy sy beursie terug in sy baadjie se sak sit.

Nathalie sê niks nie. Sy kyk 'n ruk na hom voordat sy die geld in die geldlaai sit en dit so hard toestamp as wat sy kan.

Tant Lettie kom met haar groot lyf steunend uit die kantoor agter die ontvangsvertrek te voorskyn.

"Iets fout?" vra sy vir Nathalie terwyl sy onvriendelik oor haar bril loer. Nathalie antwoord nie. Haar oë is steeds op die rep. Hy verdwyn glimlaggend by die trap op.

"Hy, hy het my… Hy het my geharass!" sê Nathalie verontwaardig.

"Aag, Nathalie," sug Tant Lettie terwyl sy die besprekingsboek nader trek.

"Daar kom laatmiddag 'n gesin van Germiston. Jy moet 'n oog hou oor die kamers, 201 en 202. Kyk dat Olivia die skoon beddegoed en handdoeke onthou en onthou om 'n tjoklit op elke kussing te sit. En kyk of al die gloeilampe werk."

"Maar die vark…"

Tant Lettie sug weer. Sy maak die besprekingsboek toe.

"Ek het gister gesê jy moet die bigger picture onthou. Moenie dat orige mans vir jou 'n issue wees nie. Daar is groter dinge op die spel. Jy kan iets van jou lewe in dié plek maak al dink jy nie nou so nie. Maar dan sal jy bietjie wyer moet dink." Sy stap steun-steun terug na haar kantoor. By die deur draai sy



© University of Pretoria

om.

“Mans is maar orig gebore. Gebruik dit om jou te pas. Sê Liefie moet my tee bring.”

Kan mans met alles wegkom ter wille van die bigger picture, wonder Nathalie vies terwyl sy verveeld agter die ontvangstoonbank gaan sit nadat sy Tant Lettie se tee bestel het.

Deur die voordeur kan sy die straat sien waar ‘n voertuig nou en dan verbyry. Selfs ‘n donkiekar. Soms loop iemand verby en sy kan stukke en brokke van sinnelose gesprekke uitmaak. Hoopvol-gesprekke, eintlik oor niks nie maar eintlik oor alles. Oom Pieter se winkel het iets ingekry wat nog nie voorheen hier te koop was nie. Die reën wat wegbly en iemand wat gisteraand gepiepie iewers van ‘n muur afgeval en nou ‘n arm in gips het. Wie vir wie gisteraand in die Rose and Crown se kroeg gesoen of gedonner het. Who cares?

Sy teken verveeld ‘n prentjie in die notaboek wat Tant Lettie vir boodskappe langs die telefoon los. ‘n Lang man met breë skouers in ‘n speedo. Sy kleur die speedo swart in. Sy skeur die bladsy skuldig uit en frommel dit in ‘n baie klein balletjie voordat sy dit in die asblik onder die toonbank gooi.

“Jy kan gaan koffie drink,” sê Tant Lettie na ‘n ruk by haar kantoordeur. “Ek sal hier kyk maar net vyftien minute, hoor.” Die tannie stap steunend tot agter die ontvangstoonbank en gaan sit swaar. Sy trek weer die besprekingsboek nader.

“Dié tyd van die jaar is besigheid nie goed nie,” brom sy.

* * *

In die kombuis staan Liefie met ‘n houtlepel voor die stoof.

“Jy gooi te veel sout in die kos,” sê Liefie vir Mietie terwyl sy aan die skeppie op die houtlepel proe.

“Man, jy praat strooi,” sê Mietie vies. Sy klap met ‘n vadoek in Liefie se rigting.

“Toe, proe self.” Liefie hou die houtlepel na haar uit.

“Ek maak al 40 jaar lank kos! Van voor jy nog ‘n gedagtetjie was!” sê Mietie kwaad. Sy ignoreer die houtlepel in Liefie se hand.

“Jy gaan ons almal beroerte gee met al die sout.” Nathalie sien Liefie is nou



© University of Pretoria

lekker moedswillig.

"Man…!" sê Mietie verontwaardig terwyl sy na woorde soek en weer met die vadoek in Liefie se rigting mik.

"Jou kos is altyd lekker Mietie," probeer Nathalie troos. "Kom nou Liefie," sis sy ongeduldig. Sy hou die koffiebeker na Liefie uit. Liefie grinnik terwyl sy die beker by Nathalie vat. Hulle gaan sit in die son op die agterstoep se trappie.

"Mietie sê alles oor dié town," sê Liefie na ‘n ruk. Sy strek haar lang, bruin bene voor haar in die sonnetjie uit. "Agt kinders in tien jaar en glo my, ou Sol het nog nie klaar gelê nie." Hulle slurp hulle koffie.

"I mean to say. Wat meer wil ‘n mens hê? Agt snotneusies en jy is die head chef en als van ‘n gomgat-hotel in die grammadoelas. Die hoop beskaam nie op Hoopvol nie. Alles wat die Nuwe Suid-Afrika beloof, is nog nie by ou Mietie se voordeur afgelaai nie, maar sy dink dit kom nog. Wag maar net."

"Dis darem nie 'n gomgat-hotel nie," sê Nathalie. Sy doop ‘n stuk beskuit in haar koffie. "En by the way, Mietie het ‘n beter lewe as baie mense in dié hel hole," sê sy voordat sy ‘n hap van die beskuit vat.

"'n Beter lewe?" snork Liefie. Sy sit ‘n ruk ingedagte na ‘n patroontjie en kyk wat die son deur die druiweblare op die trap maak.

"Ja, ‘n beter lewe. ‘n Beter lewe as al die armsaliges op die dorp met wie dit nooit beter sal gaan nie en sonder dat hulle dit kon verhelp het aan die verkeerde kant van die spoor gebore is. Kom ons drink daarop." Sy stamp haar beker liggies teen Nathalie s'n en sit dit dan op die trappie langs haar neer. Hulle sit weer ‘n ruk in stilte.

"Dink jy ons is te slapgat om iets weg van hierdie dorp af te waag?" vra Liefie na ‘n ruk. "Hoekom het ons nie verlede jaar ook maar net op ‘n trein geklim en gaan kyk wat ons op die eerste beste dorp anderkant Hoopvol gedoen kan kry nie? Hel man, ons kon net tot op Beaufort-Wes gery het! Hoekom het ons nie?" vra sy uitdagend.

Nathalie speel met die leë beker in haar hande. Sy kyk na die druiwerprieël wat die dak van die binnepleintjie met sy klipvloer byna toegerank het en waar ou Sol ‘n paar gekleurde liggies tussen die druiweblare versteek het. Saans beloof dit vir die toeriste uit die noorde of die suide vir wie daar onder die prieël gedek word, ‘n egte Karoo-ervaring. Saam met Mietie se tamatiebredie en



© University of Pretoria

lamskerrie. En as jy mooi kyk, kan jy tussen die blare deur 'n paar regte, egte Karoo-sterre sien blink.

"Dalk wou ons nie. Miskien glo ons regtig dat daar vir ons 'n toekoms in ou Lettie se joint is, al glo ons dit nie eintlik nou nie. Miskien kan ek en jy van die Rose 'n plek maak waarvan mense gaan praat. Dalk gaan ons nog eendag hier 'n fees aanbied of iets waarvoor die Gautengers in hulle hordes gaan afreis en oorslaap en—"

Liefie snork. "Jy is seker nie ernstig nie. Jy kan nie so naïef wees nie." Sy staan op en stap kombuis toe.

"Ja, ou Nathalie," sê sy oor haar skouer. "Eintlik is ons maar net te slapgat en te skytbang. Nothing more, nothing less."

Nathalie sit nog 'n ruk op die trappie en kyk na 'n veldmuisie wat blitsig oor een van die prieëlbalke skarrel. Hoekom wou sy nie soos baie van die ander kinders met ewe min vooruitsigte, op 'n trein Beaufort-Wes of Oudtshoorn toe klim nie? Sy weet nie hoekom nie.

**Hoofstuk 4**

Ben staan verlore op die perron en kyk na die enkele passasiers wat na die stasie se uitgang beweeg. Stadig, koppe vooroor gebuig. Sakke in die hande. Waar gaan hulle heen en waar sou hulle slaap?

Hy voel skielik moeg, te moeg om die vreemde stad dié tyd van die aand aan te durf. In die toilet maak hy die deur van 'n hokkie oop, sluit dit agter hom en gaan sit op die vloer. Hy druk die groen handsak teen sy bors en maak sy oë toe.

Hy probeer slaap maar hy sien oor en oor hoe die brandweermanne vinnig en doelgerig met die twee draagbare na die ambulans beweeg. Mense skree op mekaar. Die vlamme knetter. 'n Paar stukkies meubels wat die bure uit die brand gered het, staan verlore op die klein grasperkie voor die huis. Awful, awful.

* * *

Hy word wakker van 'n gedoef, doef. Hy weet eers nie waar hy is nie. Hy sien die



© University of Pretoria

groen handsak op sy skoot en druk dit paniekerig teen sy bors. Hy probeer die gedoef-doef plaas. Dan sien hy die veestuk van ‘n besem voor die toilethokkie verby beweeg. Hy staan op. Sy sitvlak is koud van die heelnag se gesit op die sementvloer. Sy horlosie sê dit is sesuur. Hy moes sedert gisteraand twaalfuur hier gesit het. Hy is honger. Hy trek die toilet en maak die hokkie se deur vinnig oop. Die man wat die vloer vee, kyk nie na hom nie.

Daar is nou, anders as gisteraand, heelwat mense op die perron. Almal beweeg vinnig en doelgerig sonder om na hom te kyk. Hy kyk ‘n ruk onseker na die mense wat in strome by hom verbybeweeg.

Hy sien die stasie se uitgang. 'n Man met ‘n skoenborsel in sy hand keer hom voor. “Cheap shine, my bro,” sê hy vir Ben. Ben maak asof hy nie hoor nie. Buite blink die lig helder. Hy knip sy oë teen die skerp lig. Dit voel asof hy ‘n jaar onder die grond gebly het. Die warm son is lekker op sy vel.

Hy weet nie eintlik waarheen nie. Mense word op- en afgelaai en taxibestuurders wink hom nader.

R680. Dis al wat in sy ma se beursie in die groen handsak is. En hulle identiteitboekies wat sy altyd in dié handsak gehou het. En drie tissues en ‘n sakkie met grimering en die spaarsleutel van hulle huis se voordeur aan die bruin beertjie wat Elma by die skool se tombola gewen het.

Hy besluit om te loop. Hy het nie ‘n clue waar Pretoria se varsproduktemark is nie, maar hy sal vra. Dit behoort seker nie te moeilik te wees nie. Hy verbeel hom die mense kyk na hom. Dit moet die groen handsak wees. Hulle dink seker hy het die ding gesteel.

Hy stap blindelings in ‘n noordelike rigting. In Paul Kruger-straat sit ‘n vrou op die sypaadjie by ‘n stalletjie. Sy verkoop vrugte. Hy koop twee appels vir R6 en begin gulsig eet.

‘n Man verder af in die straat verkoop rugsakke van alle groottes en kleure. Ben huiwer. Hy tel ‘n kleinerige rugsak met rooi omboorsels op en hou dit in die lug.

“Bargain,” sê die man. Ben reageer nie. Hy maak die sak oop. Dis groter binne as wat dit van buite lyk. Dit gaan nie lank hou nie. Dis van goedkoop materiaal gemaak.

“Only R80 for you. Special. Very special.”



© University of Pretoria

Ben huiwer. “Oukei, R50,” sê hy.

Die man lag. “No, no, no. This is an original from China. R65, best price.”

Ben kyk na die karre wat in die vreemde straat by hom verby ry. Hy ruik vis en tjips en vars brood. Haastige mense stap vinnig op die sypaadjie verby.

“R50,” sê Ben.

“Yo-yo. You are a hard businessman!” Die man lag en oorhandig die sak aan Ben. Ben tel versigtig die vyf groen note af en stop dit in die man se hand. Hy prop sy ma se groen handsak onder in die rugsak en gespe dit vas. Hy gooi die sak oor sy skouer. “Where is the Pretoria fresh produce market?” vra hy vir die man wat die groen note in sy broeksak druk.

“Go straight.” Hy beduie in ‘n noordelike rigting. “Straight and straight. Far but not too far. Just go straight.” Ben groet die man met ‘n handgebaar oor sy skouer terwyl hy verder stap. Straight sal dit dan wees.

Hy was nog nooit in sy lewe in Pretoria nie. Hoekom weet hy nie. Hulle het dan hulle hele lewe in Johannesburg net anderkant die bult gebly.

By een van die klein, donker winkeltjies huiwer hy. Die T-hemde is op special, sê ‘n kennisgewing in die venster. Die winkel is nog toe. Hy sal klere moet koop. En ‘n tandeborsel. En dalk ‘n skeermes al skeer hy nog nie gereeld nie. En 'n selfoonlaaier.

Hy kyk na die jakarandabome waarvan hy al baie gehoor het maar hulle blom nie nou nie. Regs is ‘n museum met ‘n geraamte van ‘n reuse-dinosourus voor die deur. Hy verkyk hom aan die geraamte.

Hy stap verder. Die appels was nie genoeg vir sy groot honger nie. Mense op die sypaadjie verkoop allerhande goed om te eet wat erg lekker ruik. Hy stop op die hoek van Paul Kruger- en Pretoriusstraat en koop ‘n worsrolletjie by ‘n stalletjie van ‘n vrou met ‘n rooi kopdoek. Die vrou spuit ‘n homp tamatiesous op sy worsrolletjie.

Hy stap kou-kou verder tot op Kerkplein waar hy vir die eerste keer die standbeeld van Paul Kruger sien waarvan hy al baie gehoor het. Hy loop ‘n draai om die beeld waarop ‘n klomp duiwe sit en toe verder af in Paul Krugerstraat. Hy kyk na die vreemde winkels en die geboue en die horde taxis wat orals toet.

Teen 'n gebou op die hoek met Boomstraat staan die woord "akwarium".



© University of Pretoria

Regs van die akwarium sê 'n kennisgewing is die Pretoria Dieretuin. Voor hom lê ‘n stywe bultjie. Die Pretoria-mark is sekerlik net agter die bult, dink hy hoopvol. Dit raak nou warm en hy vee die sweet van sy bolip met sy arm af.

Hy keer ‘n man met ‘n sonbril voor. “Excuse me. Where is the Pretoria fresh produce market?” Die man lyk haastig en nie lus vir praatjies nie. Hy beduie in ‘n noordelike rigting. “Wrong street and it is far. Better to take a taxi.” Hy stap haastig verder.

Ben kyk besluiteloos na die taxi’s wat in rye voor die dieretuin wag om besige werkers op of af te laai. Hy sal die geld in sy ma se beursie versigtig moet uitgee. Sy keel trek toe. Wat het hom besiel?

En hy sal vir Tannie Pop moet bel maar hy wil eintlik nie. Wat kan hy tog vir haar sê?

Hy vra by die taxistaanplek of iemand hom na die Pretoria-mark sal neem. ‘n Man met ‘n rooi bofbalpet beduie hy moet in. Hulle is net drie passasiers. Die rapmusiek is oorverdowend hard in die taxi. Die bestuurder hang amper halflyf by sy venster uit terwyl hy na iemand op die oorkantste sypaadjie roep. Hy glip soos blits met sy ietwat gehawende Toyota Hilux voor ‘n motoris in wat vererg toet. Die taxibestuurder ignoreer die getoet en ry stadig saam met die verkeer om die blok tot in Bloedstraat waarna hulle kruipend saam met die spitsverkeer in ‘n westelike rigting beweeg. Boomstraat, Bloedstraat. Weird name, asof iemand nie tyd gehad het om iets beters uit te dink nie, dink Ben.

Die taxibestuurder hou alles wat om hom gebeur haarfyn dop, sien Ben. Sy kop beweeg heeltyd van die een sypaadjie na die ander en as dit lyk asof iemand net vaagweg in sy rigting kyk, stop hy dood in die verkeer en maak ‘n paar handbewegings in die rigting van die potensiële passasier. Hy toet kort-kort. Soos in Johannesburg, werk dit hier ook met handgebare en 'n ernstige getoet, sien Ben.

Daar is baie winkels in Bloedstraat en stalletjies op die sypaadjie wat enigiets van piesangs tot sonbrille verkoop. Later is daar 'n paar shacks aan die regterkant. Dit lyk soos 'n arm deel van die stad.

Hulle draai in ‘n groot pad noord. Die taxibestuurder stop half in die straat en laai die ander twee passasiers op die hoek af. ‘n Motoris toet ongeduldig maar die taxibestuurder steur hom weer nie aan die getoet nie.


© University of Pretoria

Hy ry tot in die linkerbaan en neem ‘n afrit wat sê: *Tshwane Fresh Produce Market*. Ben se maag trek op ‘n knop. Hy moet seriously koekoes wees. Wat kom soek hy in dié plek?

Die taxibestuurder stop onder ‘n brug en beduie ongeduldig vir Ben hy moet uit. Sy oë die heeltyd soekend na moontlike customers. Ben staan ‘n ruk onseker op die sypaadjie na die mark se ingang en kyk. Hy is nou hier in en hy sal nou hier moet deur.

Bo die mark se ingang staan *Welcome to the Tshwane market where fresh produce supply and demand meet* in gekleurde letters geskryf. Dit wemel van mense en afleweringstrokke op die parkeerterrein. Ben kyk na die groot, plat gebou voor hom. Daar is nog twee soortgelyke geboue weerskante van die een naaste aan hom.

'n Hele paar bakkies en afleweringstrokke staan op die parkeerterrein en word vol groente en vrugte gelaai. Hy stap na 'n ingang langs die gebou. Hy trek sy asem in toe hy die reuse-vertrek sien. Dis maklik so groot soos twee rugbyvelde.

Dis ‘n miernes. Mense skree op mekaar. Ben verkyk hom aan die bultende sakke aartappels en uie en die blink, geel, groen en rooi appels in kratte. Ronde, groen pampoene staan op reuse-stellasies saam met 'n horde ander produkte die vertrek vol. Dis 'n mengelmoes van kleure en reuke. Mans trek trollies met groente en vrugte in verskillende rigtings.

Ben haal sy rugsak af en hurk teen 'n muur terwyl hy die deurmekaarspul dophou.

Hoe op aarde sal ‘n mens in dié plek iemand opspoor vir wie jy pa kan sê al het jy hom nog nooit in jou lewe gesien nie en jy nie eers seker van sy naam is nie?

**Hoofstuk 5**

Hoopvol se burgemeester klim stiptelik 07:25 met haar duifgrys snyerspakkie uit die swart Mercedes voor die hotel se groot houtvoordeur. Die bestuurder druk die motor se deur wat hy vir haar oopgehou het, versigtig toe.

Laetitia September huiwer 'n oomblik op haar hoë hakke (twee soortgelyke pare verlede jaar in New York gekoop toe sy saam met die regeringdelegasie



© University of Pretoria

daar besoek afgelê het) en glip dan die hotel binne. Sy knik hoflik in Nathalie agter die ontvangstoonbank se rigting en verdwyn dan in die donker gang wat na die res van die hotel lei.

In die eetsaal neem sy by ‘n tafeltjie met oranje kappertjies in ‘n wit potjie plaas. ‘n Bordjie dui aan dat dié tafel bespreek is. Die tafel het 'n uitsig op die binnehof waar wit plastiekstoele onderstebo op tafels gekeer staan. Verlate nou na die enkele toeriste wat gisteraand hier aan Mietie se Karoo-cuisine weggelê het en reeds vroegdag die lang tog na die noorde of die suide aangepak het.

Laetitia haal haar Armani-sonbril af en plaas dit versigtig langs die potjie met die kappertjies neer. Sy kruis haar enkels onder die stoel en staar deur die venster. Sy sit effens vooroor. Verskuif die Armani ingedagte effens links op die tafel.

Stiptelik om 07:30 plaas Liefie die ontbyt voor die burgemeester (een eier, sag, een snytjie rogbrood sonder botter, een skyfie gebakte tamatie en een enkele varkworsie, 'n takkie pietersielie, koffie swart, sonder suiker) en verdwyn dan sonder ‘n woord deur die kombuis se swaaideure.

Na ontbyt (min of meer 07:45) beweeg Laetitia vinnig op die hoë hakke terug deur die donker gang tot by die gebou se imposante voordeur waar die hotel se eienaar haar op die sypaadjie inwag. Soos elke oggend (behalwe Sondae wanneer Juffrou September laat lê) gee die burgemeester die hoteleienaar ‘n vinnige, woordelose drukkie, bevestig die formidabele verbond ten aanskoue van ‘n ieder en ‘n elk in Hoopvol se hoofstraat.

Laetitia wag dat die bestuurder vir haar die Mercedes se linkeragterdeur oophou. Sy verdwyn met haar Jakkie Mulder-handsak onder die arm (plaaslik vervaardig en tans selfs onder modebewustes in Johannesburg in aanvraag), gepantser met die Armani teen die Karoo se skerp, vars oggendlug en met hoë, swart Gucci-polvye, in die motor. Bene stigtelik bymekaar.

Die Mercedes ry stadig om die hoek waarna dit enkele meters verder voor die munisipaliteit se kantore tot stilstand sal kom.

Die Rose and Crown se eienaar hou die motor ingedagte van die sypaadjie voor die hotel dop, hande agter die rug. Skuif haar bril reg en kyk na die water wat vrolik en blink in die kanaal voor die hotel kabbel. Sy wonder vir 'n oomblik of dit vanmôre die hotel se leibeurt is en stap stadig die drie trappies op wat na



© University of Pretoria

die hotel se voorportaal lei.

Sy gaan sit steunend op een van die twee goudkleurige Koning George-stoele wat weerskant van die voordeur staan. Dit het 'n mooi blik op die reuse-lugfoto van die dorp. Iemand van Bloemfontein het dit 'n dekade of wat gelede geneem as Lettie reg onthou. Dit is nou die fokuspunt van die voorportaal en beslaan byna die hele muur agter die ontvangstoonbank.

Sy kruis haar geswelde enkels en vou haar hande in haar skoot. 'n Grys lok wat onverwags uit die bolla losgekom het, word versigtig teruggedruk. Sy kantel haar kop agteroor en rus dit teen die sagte, opgestopte leuning van die Koning George. Die oë word gesluit.

Vir die terloopse toeskouer, soos iemand vanuit die noorde of die suide wat dalk haastig en toevallig met die ou, houttrap, bagasie in die hand, afgestap sou kom, sou die geslote oë, die deinende bors, en die effense snorkgeluid as jy fyn sou luister, sekerlik op die rustige slapie van 'n goedige ou tannie met geswelde enkels op 'n goedige dorpie kon dui. Vir dié wat van beter weet: Die hoteleienaar van die Rose and Crown dink. Sy dink diep.

Nathalie kyk na Liefie. Liefie kyk na Nathalie.

"Kan ek vir Mevrou 'n bietjie tee bring?" vra Liefie.

Die grys kop lig stadig vooroor. 'n Plooi in die outydse lang, bruin romp word rustig reggetrek. Die regterbeen word effens gelig. 'n Geswelde enkel word 'n ruk bekyk.

"Moet jy nie in die kombuis wees nie?"

"Ek is op pad... Ek wou maar net weet van die tee," sê Liefie ongemaklik.

Albei geswelde enkels word nou 'n paar sentimeter gelig. Hulle word effens heen en weer gewikkel.

"Juffrou September het baie verantwoordelikhede. Sy offer baie op vir hierdie dorp en sy mense," mymer die hoteleienaar asof sy met haarself praat. Sy sit vooroor, voete nou weer op die vloer. Loer of die Cameo-borsspeld nog op die linkerbors sit waar dit hoort. Vee oor die bolla.

Nathalie en Liefie wag.

"Sherelene het dood in die familie. Juffrou September gaan dié week sonder 'n assistant moet klaarkom. Sherelene moet Baai toe."

Die tannie sukkel stadig op.



© University of Pretoria

"Dit hoort nie so nie," sug sy terwyl sy haar staan kry.

"Juffrou September het hulp nodig want sy moet hierdie dorp op sy wiele hou." Sy kyk na Liefie en Nathalie.

"Nathalie, jy môre en Donderdag. Liefie, jy Woensdag en Vrydag. En julle steek my nie in die skande nie. En julle is betyds. As Juffrou September klaar ontbyt genuttig het, is julle al daar. Trots op julle pos omdat julle 'n bydrae tot hierdie dorp se welsyn gaan lewer."

Sy waggel stadig na haar kantoor agter die ontvangstoonbank. Sy draai om by die kantoordeur. "Beskou dit as experience en bring my tee."

Liefie rol haar oë vir Nathalie en verdwyn gang af.

"Rose and Crown, goeiemôre, good morning," antwoord Nathalie die luiende telefoon en trek die notaboekie nader.

* * *

Teen 12:45 maak Nathalie asof sy nie sien Konstabel Sakkie Strydom kom ingestap nie. Aan die helder sonlig wat vir ‘n oomblik verdof, weet sy hy staan haar in die deur en dophou. Soos elke middag.

Liefie loer om die gangdeur. “Nat, Konstabel Abel is hier vir sy lunch! Sakkie, hoeveel skelms het jy al vanoggend toegesluit?”

Nathalie kyk vlugtig na die vangwa wat voor die hotel se ingang staan. Sy sug en gaan aan met haar werk.

“Middag, Nathalie. Middag Liefie.” Sakkie glimlag verleë.

"Hallo, Sakkie," sê Liefie.

Sakkie haal die blou pet van sy kop af en vee oor sy rooi borselkop. “Sjoe, maar dit is warm dié tyd van die jaar. Waar bly die reën tog?”

"Goodness me. Hy stel tot in die weer belang. Jy is 'n catch, Sakkie. Maar Nathalie is nou 'n PA. Jy is nie meer in haar league nie," sê Liefie terwyl sy in die gang af verdwyn.

Konstabel Strydom bloos.

Nathalie skuif die dokumente voor haar op 'n hoop.

“Sakkie, hoekom sluit jy elke middag die pick-up?” vra sy vies. “Wie op dié blerrie plek gaan jou pick-up steel?”

Konstabel Strydom bloos weer. “Dis maar net… Ek wil ‘n voorbeeld stel.” Hy



© University of Pretoria

haal ‘n wit sakdoek uit sy uniform se broeksak en vee oor sy breë voorkop.

Mooi so ou Sakkie, wil Nathalie sê maar sy hou haar in. “Jou lunch is reg. Jy kan maar deurgaan,” sê sy kortaf en gaan aan met haar werk. Sakkie beweeg nie.

“Ek is vanaand af. Ons kan gaan fliek op Beaufort as jy wil,” sê hy versigtig. Nathalie antwoord nie. Sy gaan aan om die vorm voor haar in te vul. Sy sou nogal ‘n ruk van dié plek wil wegkom, maar as sy saam met Sakkie gaan fliek, sal hy onmiddellik dink hulle gaan trou of so iets. Liewer nie.

“Ek moet vanmiddag laat werk. Miskien volgende week.” Sy hoor hy staan nog ‘n ruk na haar en kyk voordat hy in die gang af verdwyn waar die reuke van Mietie se gekookte kos swaar hang.

Aag ou Sakkie, dink Nathalie skuldig. Hy het haar niks gemaak nie maar sy kan dit nie help nie. Sakkie is wat vir haar op dié plek voorlê. Sy weet.

Nadat Sakkie met die patrolliewa weg is en die ander gaste klaar geëet het, mag sy en Liefie en Olivia, hulle middagete in die skadu van die prieel in die binnehof eet.

In die kombuis is Liefie besig om die deksels van die kastrolle op die stoof te lig. “Kan ons nie ‘n bietjie iets anders maak om te eet nie?” vra sy met haar neus op ‘n plooi vir Mietie. “Wat van soesji? Ek is seker die spul Gautengers sal maar te bly wees om iets light in hierdie hitte te eet.”

“Ek weet wat die Gautengers wil eet en hulle hou van my kos. Hulle eet soesji by die huis,” sê Mietie vies.

Toe hulle by die wit tafeltjie in die binnehof met hulle borde gestoofde vleis, rys, soetpatats en kool gaan sit,” vee Liefie haar hare uit haar oë en sê: “Wag maar, ou Mietie, vir jou gaan ek nog sag maak en voor jy nog kan sê tamatiebredie, gaan ons báie lekkerder kos in die hool maak.” Sy vat nogtans ’n groot hap van Mietie se soetpatats.

“Ek het vir Konstabel Abel gesê ons sal vanaand saam met hom ‘n dop in die pub gaan drink, so sewe-uur wanneer die dorp voor hulle tiewies sit,” sê Liefie met ‘n mond vol kos.

“Wie is jou ons?” vra Nathalie. Liefie beduie met haar vurk en haar mond vol kos na hulle drie om die tafel.

“Nee dankie. Jy ken vir Sakkie. As ‘n mens net in sy rigting kyk, wil hy gaan



© University of Pretoria

ring koop op Beaufort," sê Nathalie.

"Aag, ou Nathalie. Hy hoop ook maar. Dink jy die paar dronkies wat hy naweke in die selle gooi, is exciting detective work? En ou Sakkie is nie bad nie. Sy ma het hom mooi grootgemaak. Dis nou nie actually of hy jou in die donker sal gryp as jy nie gegryp wil wees nie."

"Hy sal jou seker ook nie gryp al wíl jy gegryp wees nie. Sy ma het hom te mooi grootgemaak," sê Nathalie.

Op pad na die agterstoep, roep Nathalie oor haar skouer vir Olivia: "Jy kan ook maar kom. Kom kyk hoe lekker kuier die bo-dorp en die onder-dorp deesdae so ewe hand om die lyf in die Rose se pub."

"O jittetjie tog," lag Olivia, maar Nathalie weet. Daar is nie 'n manier dat Olivia se verkrampte ouers haar na 'n kroeg toe sal laat gaan nie, en dit het nie net met bo-dorpers en onder-dorpers te doen nie.

* * *

Nadat Nathalie die Chalmerse se skottelgoed gewas het en na Missis Chalmers se lang relaas oor al die onheil agter elke klip op die dorp geluister het, besluit sy om tog maar vir Gielie te bel om haar met sy scooter te kom oplaai. Die mure van die huis druk haar vas en Missis Chalmers se depressing stories sal enige normale mens dwing om na die stomp Minoras in die badkamerkassie te gryp.

Dis net sy en Liefie en Sakkie by die hoektafeltjie in die Rose and Crown se kroeg. Twee reps het 'n ruk druk in gesprek gesit en deur 'n berg dokumente voor hulle gewerk maar is lankal kamer toe. Eddie en Gielie speel pool en sy weet hulle gaan dit die hele aand eenstrykdeur doen en net so nou en dan tussenin vir 'n bier vra.

"Hoekom eindig al die ouens op hierdie dorp se name met íé," giggel Liefie. "Dis Gielíé en Sakkíé en Eddíé."

"Jy raak geswaai," sê Nathalie vies.

"Nee, nee, nee," sê Liefie terwyl sy haar vinger heen en weer swaai.

"Ek bring my kant. Ek ondersteun my favourite pub op hierdie dorp. Dit is nie of dit nou actually die énigste pub op hierdie dorp is nie." Sy lê vooroor met haar kop op haar arms op die tafel terwyl sy ruk soos sy lag.



© University of Pretoria

“Ek sal jou huis toe vat, Liefie,” sê Sakkie verleë. Liefie sit regop en vee die lagtrane met haar arm uit haar oë.

“Aag, Sakkie my liewe ou maatjie, jy moet ‘n bietjie chill. Jy vat die lewe heeltemal te ernstig op. Wat van 'n ou biertjie? Los die Coke. Ek is seker die biertjie gaan mooi met jou werk. Jy is mos nou van diens af.” Sy vryf oor Sakkie se borselkop.

“Kort jy nie ‘n hair cut nie, my liewe ou maatjie?” Sy begin weer giggel. Sakkie ruk sy kop weg. Hy glimlag verleë.

“Lukas,” roep Liefie kroegtoonbank toe. “Hoekom het hierdie joint nie sambreeltjies en cherries vir die drinks nie?” Lukas maak of hy nie hoor nie.

“Lukas! Hy wil nie hoor nie. Dis seker Lukassíé,” giggel Liefie.

Sakkie staan op en trek Liefie aan die hand. “Kom, ek gaan laai jou af.”

“Waarmee nogal? Met die pick-up!?”

"Ek mag eintlik nie, maar as dit 'n noodgeval is..."

Toe sy op haar voete is, salueer Liefie vir Sakkie. “Right Konstabel Abel. Hier is jou emergency. Maar ek sit agter in die pick-up. Ek wou nog altyd voel hoe dit voel om gepiepie agter in ‘n pick-up te sit. Meeste mense op Hopeloos het al.”

“Jy kan voor sit,” sê Sakkie verleë. Hy draai na Nathalie.

"Jy kan saam. Ons kan aldrie voor sit,” sê hy versigtig. Nathalie huiwer. Sy is nie lus vir Sakkie of vir Liefie met die lyfie nie maar anders sal sy moet wag totdat Gielie klaar pool gespeel het en sy weet dit kan maklik nooit end kry nie.

Sy staan op en haak by Liefie in. “Jy gaan môre lekker spyt wees, Liefie,” sê sy vies.

“Whatever,” giggel Liefie.

Buite wil Liefie nie daarvan hoor om voor in die vangwa te sit nie. “Ágter in,” sê sy beslis. Sakkie sug en maak die vangwa se agterdeur oop. Hy help die giggelende Liefie agterin en maak die deur toe. Sy steek haar hand deur die ronde opening agter in die vangwa se deur en waai vir hulle. Sakkie sluit die passasiersdeur vir Nathalie oop en probeer haar arm vat om haar voorin te help.

“Ek kan self,” sê Nathalie kortaf en ruk haar arm weg, dadelik spyt dat sy so goor is maar dit irriteer haar grensloos as Sakkie so ordentlik is. Hy ruk sy hand verbouereerd weg en stap vinnig aan die voorkant van die vangwa verby


© University of Pretoria

en klim agter die stuurwiel in.

Nathalie besef dadelik dat sy nie eerste afgelaai gaan word nie al bly sy baie nader as Liefie. Sy sug. Aag ou Sakkie.

Hulle ry in stilte na Kleinkoppies anderkant die spoorlyn. Dis stil in die woonbuurt. “Hier regs,” sê Nathalie stug. “Die huis daar met die skewe hekkie.” Hulle stop voor die klein, platdakhuisie. Hulle sit 'n ruk en kyk na die somber huisie met die enkele liggie wat in een van die voorste vertrekke brand.

Liefie het intussen afgekoel. Sy klim versigtig uit die vangwa en vee haar hare uit haar oë. “Dankie, kollegas vir ‘n genoeglike aandjie out on the town.” Sy salueer vir Sakkie en gee vir Nathalie ‘n druk. Sy maak die skewe hekkie oop en stap tot by die voordeur. Sy vroetel lank in haar handsak voordat sy die voordeur se sleutel in die hande kry. Hulle hou haar dop terwyl sy in die klein huisie verdwyn.

“Ek is nog reg vir jou driving lessons as jy is,” sê Sakkie terwyl hy versigtig by die spoorlyn stop op pad terug dorp toe.

“Sakkie, daar is nie treine dié tyd van die aand nie,” sê Nathalie ongedulrdig. Sakkie ry vinnig oor die treinspoor. “Ek bedoel maar net, jy wil mos jou lisensie kry en—”

“Ek het nie ‘n kar nie, Sakkie,” sê Nathalie ongeduldig.

“Ek het mos gesê jy kan my Renault leen!” sê Sakkie verontwaardig.

“Kom ons kyk maar,” sê Nathalie en leun haar kop terug en maak haar oë toe. Sakkie stop versigtig voor die Chalmers se huis. “As jy vir my koffie maak, kan ons die bestuurstorie uitwerk en—” probeer Sakkie hoopvol.

“Sakkie, dis laat.” Nathalie klim uit en slaan die deur harder toe as wat sy bedoel het. “Dankie vir die lift,” skree sy sonder om om te kyk. Sy hoor hy wag totdat sy die voordeursleutel onder die malvapot op die stoepmuurtjie gehaal het. Sy sluit oop en gaan vinnig binne. Sy staan ‘n ruk met haar kop teen die voordeur en luister. Sy hoor hy trek weg.

Aag, ou Sakkie, dink sy weer skuldig terwyl sy in die donker gang met haar skoene in haar hand na haar kamer sluip.

**Hoofstuk 6**

Ben loop stadig deur die reuse-vertrek en verkyk hom aan die stapels groente



© University of Pretoria

en vrugte en die besige mense wat op mekaar gil. Almal lyk de bliksem in vir almal, dink hy. Bokant die besige stalletjies hang name soos S&C Boeretrust, Summer Fruit Markagente, Bakker-Broers, Lowveld Excellence.

Vir die eerste keer is hy regtig spyt dat hy so simpel was om op ‘n trein te klim. Hy moes die goed by die huis geface het.

Hy wonder oor Tannie Pop. As hy bel, sal hulle dink... As hy níé bel nie, sal hulle ook dink. Hulle wonder seker waar hy is. Miskien dink mense hy lê ook dood onder die gemors. 'n Swart stukkie whatever. Welverdiend.

Sy selfoon se battery is pap. Hy sal ‘n charger moet koop.

Hy stap weer buitetoe. 'n Ouerige man sukkel om 'n paar sakke groente op 'n lendelam bakkie te laai. Ben besluit om te help. Toe hulle klaar is, stop die man hom R20 in die hand.

"Werk jy hier?" vra die man en vee die sweet met 'n sakdoek van sy gesig af.

"Nie eintlik nie."

"Ek laai elke oggend dié tyd. As jy hier rond is, sal ek jou betaal om my te help. My rug wil nie meer nie." Hy klim in die bakkie en trek stadig weg. Hy waai in Ben se rigting. Ben drentel weer die groot vertrek binne. Hy kyk besluiteloos rond.

'n Man met 'n trollie, hoog met aartappelsakkies gestapel, kom vinnig om 'n draai. Sy lyf is skeef gedraai terwyl hy met iemand agter hom praat. Hy sien nie die man met die wit pampoene in groen sakke, wat links op hom afpeil en nie in sy rigting kyk nie. Die trollies bots. Twee van die aartappelsakkies bars oop en aartappels rol oor die grys sementvloer.

Ben buk onwillekeurig en tel van die rollende aartappels op. Dis al wat hy die afgelope twee dae gedoen het. Ander mense se goed opgetel wat geval het, dink Ben.

"Julle moet donnerswil kyk wat julle doen!" skree 'n lang ou met blonde hare en sproete op sy harige arms.

"Sorry, Mike. Dit was net 'n ongeluk," sê 'n ronde outjie wat een van die trollies getrek het. Hy buk en tel saam met Ben aartappels op.

"Julle ongelukke kos my geld."

"Dis omdat ons te min hande het. Ons kan nie alles doen nie," sê die ronde outjie.



© University of Pretoria

"Dis omdat julle te slapgat is. As julle minder rondsit en stront praat, sal julle meer gedoen kry."

Mike stap weg en die ronde outjie kom orent.

"Dis maklik die grootste doos op twee bene," sê hy vir Ben. Hy steek sy hand uit. "Leon. En thanks." Ben skud sy hand.

Leon draai om en trek die trollie agter Mike aan. Ben kyk hom agterna. Hy huiwer en stap dan ook vinnig agterna.

"Ek soek actually werk," sê Ben. Leon gaan staan en draai na Ben. Hy haal 'n botteltjie water uit sy sak. Hy kyk Ben 'n ruk ondersoekend aan voordat hy 'n paar slukke vat.

"Is jy al sestien? Dit lyk asof jy nog by die skool moet wees."

"Ek is sestien," sê Ben. Hy ignoreer die opmerking oor die skool.

"Stap saam. Ek sal by Mike hoor, maar hy is so blerrie suinig. Moenie te high hopes hê nie. Maar ons kan doen met nog 'n laaier en Mike weet dit."

Jy is koekoes, Ben van Mayfair. Jy moet terug Johannesburg toe, dink Ben benoud. Hy volg Leon tot by 'n stalletjie met die naam "Eagletons". Dis soos die meeste ander stalletjies 'n miernes en volgepak met varsprodukte. Die stalletjie ruik na uie en lemoene.

Mike staan na 'n rekenaarskerm op 'n toonbank en tuur. "Mike, dié ou soek werk en ons het nog iemand nodig," sê Leon. Mike ignoreer hulle. Ben vermoed hy het nie gehoor nie.

"Mike, ek sê—"

"Ek is nie doof nie." Mike tik iets op die rekenaar se sleutelbord en kyk uiteindelik op. Hy kyk na Ben.

"Hoe oud is jy?"

"Sestien."

"Waar is jou ID, Boetie?" vra Mike ongeduldig.

Ben sit sy rugsak op die sementvloer neer en probeer sy identiteitsboekie uit sy ma se groen handsak vroetel sonder om die handsak uit die rugsak te haal. Hy haal eers Elma s'n uit en druk dit vinnig terug.

"Jy moet move, mater. Ek het nie heeldag tyd nie."

Ben hou sy identiteitsboekie verleë na die man. Mike gryp dit byna uit sy hand en loer vinnig voor in. "R250 'n week en jy doen die night shift en as jy



© University of Pretoria

opfok, is jy op pad." Hy stap haastig weg.

"Ek sê mos. Jy sal ver gaan soek," sê Leon terwyl hy Mike agterna kyk. Hy vat weer 'n paar slukke water en gooi die leë botteltjie in 'n asdrom wat so drie meter verder by die ingang staan. "Bingo," sê hy.

"Jy kan begin deur Costas se aartappels op 'n trollie te laai en na sy bakkie toe te vat. Samuel sal jou wys waar." Leon beduie na 'n man in 'n groen oorpak wat besig is om sakke uie op 'n ander trollie te laai. Leon kyk op die rekenaarskerm. "Dit moet tien sakke wees en jy moet wikkel. Costas wou al gery het."

Ben trek 'n leë trollie wat eenkant staan tot by die stapels aartappelsakke in 'n hoek van die stalletjie. Hy pak versigtig tien sakke op die trollie en trek die vrag steunend agter Samuel aan wat al 'n ent weg is. Die vrag is baie swaarder as wat dit op die oog af lyk. Hy kyk met respek na die ander mans wat baie groter vragte met gemak by hom verbytrek.

Teen tienuur wil sy rug breek en is daar 'n blaas aan sy regterhand.

Leon fluit vir hom en beduie na 'n blikkie Coke wat langs hom op die toonbank staan. Ben sluk dit dankbaar.

"Ons is nou omtrent klaar vir die dag. Ek stel voor jy kiep 'n paar uur want die night shift is nie vir sissies nie. Die boere begin al hulle goed bring van so nege-uur af elke aand en dit hou aan totdat die son opkom. 'n Ou moet maar move om alles afgelaai en tot hier te kry voordat die mense kom koop. Ons moet dit nog op die computer sit en als."

Hy vat 'n Tupperware-kosblik wat eenkant op die toonbank staan en voel-voel na sy sigarette in sy bosak.

"Party mense is al net na vyf in die oggend hier om hulle goed vir die dag te koop.  En dis nie net smouse nie, hoor. Big guns ook met big bucks. Tot Prime Veg. Hulle is ons grootste client, so Mike nurse hulle lekker. Jy sal hom nie ken as hy met die mense van Prime praat nie. 'n Moerse gatlekkery," sê Leon.

Ben is moeg maar hy is nie vaak nie. Hy het in elk geval nie 'n clue waar hy gaan slaap nie. Hy wonder steeds of hy vir Tannie Pop moet bel. Hy onthou van sy pap selfoonbattery.

"Waar kan ek 'n charger vir my selfoon koop?" vra hy vir Leon.

"Probeer die Indiërplaza anderkant die pad." Leon beduie vaagweg na die



© University of Pretoria

voorkant van die gebou.

Hy verduidelik hoe elke dag se voorraad wat van die plase kom, op die rekenaar ingelees word en hoe hulle van die verkope boekhou.

"Ek gaan nou waai. Sorg dat jy so negeuur vanaand terug is. Samuel-hulle sal vir jou wys waar Eagletons se klomp boere stop. Die voorraad moet afgelaai word en dan pak julle dit op hulle plekke hier." Hy beduie met sy duim oor sy skouer.

Ben hou die kort mannetjie dop wat met vinnige treetjies in die rigting van 'n syuitgang stap, kosblik onder die arm vasgeknyp. Hy wonder hoe oud die ou is. Dit lyk nogal of hy ook by die skool moet wees.

Hy loop met sy rugsak oor sy rug deur die groot vertrek wat nou aansienlik stiller as 'n uur tevore is. Groepies mense staan rond en gesels. Die dag se druk duidelik verby. Soos vroeër die oggend bestudeer Ben die mense wat in die stalletjies werk se gesigte noukeurig. Niemand lyk eers naastenby na iemand wat hy behoort te ken nie.

Hy stap deur die groot ingang van die mark, onder die brug deur met die verkeer wat op die groot dubbelweg bo hom brom. Die plaza lê net anderkant die brug. Hy loop deur die groentemark na die plaza wat 'n kleiner weergawe is van die groot mark vanwaar hy pas gekom het. Dis maar dieselfde storie. Stalletjies met groente en vrugte en mense wat kopers met "bargains" probeer lok.

Aan die agterkant van die sentrum is 'n rits klein winkeltjies wat enigiets van kerriepoeier tot selfone verkoop. By Habib's Electronics koop hy vir hom 'n selfoonlaaier en by Hasim and Son koop hy 'n goedkoop denim, 'n onderbroek, 'n paar kouse en twee lelike maar goedkoop T-hemde.

Die Marabastad Retail Market is 'n kleinerige winkel wat van die grond tot by die dak vol voorraad gepak is. Hy koop 'n blikkie Axe, 'n buisie Colgate-tandepasta, 'n goedkoop tandeborsel, 'n koekie seep, 'n wegdoenbare skeermes en 'n pakkie pleister vir die blaas op sy vinger. Hy tel een van die goedkoop handdoeke op maar sit dit weer neer. Sy geld raak vinnig minder. Hy sal op 'n manier self droogkom as hy iewers 'n badplek kan raakloop.

By die stalletjie voor Hasim and Son koop hy drie samoesas, wat hy byna heel insluk so honger is hy, al brand dit soos vuur. Hy koop ook 'n



© University of Pretoria

vleispasteitjie wat hy in sy rugsak vir later bêre.

Hy sit 'n ruk op die sypaadjie en hou die mense om hom dop. Hy is nog honger. Hy haal die vleispasteitjie uit. Musiek blêr iewers uit 'n winkel. Mense drentel op die sypaadjie voor die winkels verby. 'n Paar karre is op die pleintjie tussen die winkels geparkeer. Die winkels herinner hom nogal aan die sakedeel wat stapafstand van hulle huis in Mayfair was. Hulle huis wat binne minute nie meer 'n huis was nie. Hy ril en voel skielik naar. Hy is nie seker of dit die samoesas of die pasteitjie is nie. By 'n kraan in 'n stegie langs een van die winkels drink hy 'n paar slukke water.

Na 'n ruk stap hy terug onder die brug deur. Hy stap reg om die groot marksale en besef skielik dat hy nogal moeg is. By 'n sydeur van een van die sale sien hy die kleedkamers en ontdek verras dat daar 'n stort is. Hy stap met 'n swart brandtrap langs die kleedkamer op en sien 'n lang ry kantore op die eerste verdieping van die markgebou. Party van die kantoordeure staan oop en hy sien mense druk aan die werk. Die telefoonhokkie aan die punt van die lang gang laat hom huiwer. Hy tel die gehoorbuis op. Die telefoon werk. Hy sit dit neer, draai om en stap terug met die lang gang.

By Eagletons oorweeg hy om sy selfoon te laai maar besluit daarteen.

Hy loop weer besluiteloos 'n draai deur die groot vertrek. Kyk na die enkele mense wat steeds in die stalletjies bedrywig is. Niemand lyk bekend nie.

Aan die weste-kant van die mark is dit aansienlik stiller as aan die voorkant. 'n Paar motors staan onder 'n afdak geparkeer maar daar is geen mense nie. Hy stap tot by 'n verlate geboutjie aan die agterkant van die mark. Dit lyk na 'n stoorkamer. Die deur is gesluit. Aan die agterkant is 'n klein binnepleintjie en 'n deur wat na 'n toilet lei. Hy gaan sit in die binnepleintjie in die skadu met sy rug teen die muur. Die son het die muur warm gebak al is dit nou in die skaduwee. Dit voel goed teen sy rug. Dis skielik stil. Hy hoor net die gekoer van 'n tortelduif. Dis te ver om die verkeer op die groot pad te hoor.

Hy haal die goed wat hy gekoop het uit sy rugsak. Bekyk die T-hemde en die denim. Ruik aan die Axe. Hy stop alles terug in die rugsak en skud die sak 'n slag. Die deel waar die klere in die sak lê, sal werk as 'n kussing. Hy kry sy lê op die sement en raak byna dadelik aan die slaap.

Hy droom van 'n brandende trollie waar aartappels soos skuimbolle by die



© University of Pretoria

stukkende sakke uitborrel. Ek is jou pa en as jy opfok, is jy op pad, skree iemand wat hy nie kan sien nie vanagter die brandende trollie.

**Hoofstuk 7**

Hoopvol se munisipale gebou dateer uit 'n jonger era as die res van die dorp.

Nathalie onthou dat hulle in graad 8 geleer het van die Hollander wat die gebou ontwerp het. Juffrou Crous het hom so effens na Jan van Riebeeck laat klink. Asof 'n mens maklik eendag iewers in 'n geskiedenisboek van hom gaan lees.

Big deal, dink sy terwyl sy na die eenverdiepinggebou met sy aaklige, geel sierstene en plat dak staan en kyk. Sy het die gebou al baie gesien, maar dis asof sy nou vir die eerste keer daarna kyk. Sy draai haar kop skeef en verskuif die sak wat oor haar linkerskouer hang na haar ander skouer. Soos Missis Chalmers altyd sê as sy na die ellendes op die dorp verwys: Not a pretty picture.

Op 'n manier sien sy daarna uit om vir 'n oggend onder ou Lettie se oë uit te wees. Sy het nie 'n idee wat binne die munisipale gebou gebeur nie, maar dit kan nie erger as die grillerige reps en die luiende telefoon en ou Lettie se gesteun en die donker hotelgange wees nie.

Die groot glasdeure staan oop en Nathalie stap huiwerig binne. Fiona is besig om haar naels agter die glasvenster van die navraetoonbank te Cutex. Sy kou kougom en skud haar kop heen en weer op maat van 'n liedjie wat oor die radio blêr.

"Waar is die queen of Sheba se kantoor?" vra Nathalie deur 'n gleufie in die venster.

"Dis 'n moerse nice song," sê Fiona en beduie met haar kop in die rigting van die radio.

"Ek vra, waar moet ek sit?"

"Wat laat jou dink jy gaan actually sit?" vra die kouende Fiona.

"Ag man, Fiona. Waar moet ek sit?" vra Nathalie ongeduldig.

"Af in die gang. Die laaste kantoor. Jy sal sommer sien. Dit mat lyk soos die konsistorie se mat waar ons aangeneem is. Daai selle kleur. Ek is seker die ou



© University of Pretoria

man wat dié plek design het, het die off-cuts aan die kerk verkoop. Onthou jy nog, Juffrou Crous het mos—"

"Ja, ek onthou," sê Nathalie vinnig.

"Jy sit agter die lessenaar in die portaal voor Juffrou se kantoor. Maar jy gaan nie baie sit nie, hoor!" skree Fiona agter Nathalie aan wat om die hoek verdwyn.

Nathalie gaan staan in die deur van die kantoor wat Juffrou September s'n moet wees. Sy herken dadelik die aaklige bruin mat met die goue stippeltjies. Fiona is reg. Dit is dieselfde mat wat sy van die konsistorie onthou waar hulle ewe simpel soos eendjies in 'n ry "ja" of "nee" moes sê op vrae waaroor sy steeds wonder.

Die kantoor lyk op 'n manier sad. Sy kan nie besluit waarom nie. Sy trek die blindings oop. Die oggendlig val oor die groot houtlessenaar. Dis redelik netjies. 'n Rekenaar, stapels dokumente op twee hopies gepak. Penne in 'n houer met 'n "I love New York" en 'n funky, skewerige appel op die kant van die houer.

En 'n klein, bruin teddiebeertjie met 'n pienk strik om die nek wat op 'n hoek van die lessenaar staangemaak is. 'n Groot boekrak beslaan die hele een muur, maar daar is net 'n handvol boeke in die rak. Sy dink dis dalk die leë boekrak wat die vertrek sad laat lyk. En die simpel mat.

Sy stap terug na die lessenaar net buite Juffrou September se kantoordeur en sit haar sak op die blad neer. Daar lê 'n dagboek met 'n sagte, bruin leeromslag. Voorin staan dat dit die eiendom van Hoopvol se burgemeester is.

Sy skakel die rekenaar aan. Dit vra vir 'n wagwoord. Sherelene se wagwoord. Nathalie sug en tel die telefoon op. By die syfer "9" staan ontvangs. Sy druk die syfer.

"Weet jy dalk wat Sherelene se password is?" vra sy vir Fiona.

"Search me," sê Fiona kouend en sit die telefoon neer. Na 'n paar sekondes bel sy vir Nathalie. "Haar kat se naam is Meisie en haar ou se naam is Gilbert. Ek kan nie onthou wat haar ma se naam is wat hulle nou begrawe nie. Hulle was nogal close. Dit kan sy ook wees. Ek moet gaan. Hier's mense." Sy sit die telefoon neer.

Nathalie vee die sweet van haar bolip af. Dis nog nie eers agtuur nie en sy


© University of Pretoria

kry al klaar warm.

Gilbert werk. Nathalie kyk verveeld na die dokumente op Sherelene se hardeskyf. Dis notules van vergaderings en raadsbesluite en foto's van 'n lang man wat moontlik Gilbert kan wees. Met sy kaalgeskeerde kop en sy oranje oorpak lyk hy na iemand wat uit 'n tronk ontsnap het. Op een foto hang Sherelene (met 'n horrible perm) besitlik aan die man. Nathalie dink nie sy het hom al op die dorp gesien nie. Maar sy is nie seker nie.

Die telefoon lui.

"Hoopvol, ag ek bedoel Juffrou September se kantoor."

"Sy is op pad. Sy het klaar gebreakfast en ek werk in jou plek by reception. Olivia is op kombuis-duty," sê Liefie.

"Good for you," sê Nathalie terwyl sy die gehoorbuis neersit.

Juffrou September verskyn na 'n ruk om die hoek. Kyk 'n oomblik onseker na Nathalie, knik vinnig en verdwyn dan in haar kantoor. Sy druk die deur op knip.

Nathalie sit roerloos agter die rekenaar na die toe deur en kyk. Die vrou is weird. Sy sien haar net soggens as sy ontbyt kom eet by die hotel, maar sy het al gehoor hoe die mense praat. Saans in die Rose and Crown se prime lounge sê sy byna niks nie. Dis Tant Lettie wat eintlik praat en wheel en deal. Juffrou September stem gewoonlik maar met ou Lettie se strewes vir die dorp saam. Sy staan gewoonlik voor die venster en staar roerloos na haar dorp en kyk. Te lig in die broek, fluister die mense.

Nathalie staan op en sluip saggies na die toe deur. Sy druk haar oor teen die sleutelgat. Sy dink eers sy hoor niks nie maar toe herken sy die geluide. Snikke. Juffrou September huil.

Sy staan 'n ruk besluiteloos voor die toe deur. Sy stap na die ontvangshokkie waar Fiona oor die telefoon praat. Nathalie beduie ongeduldig dat Fiona moet klaarmaak.

Fiona rol haar oë. "Oukei baai, ek moet gaan."

"Het jy jou ou plekkie gekry?" vra sy sarkasties.

"Juffrou September huil," sê Nathalie met groot oë. "Sy het dalk ook dood in die familie."

"Chill," sê Fiona en trek die botteltjie Cutex nader.



© University of Pretoria

"Juffrou huil elke oggend tussen agtuur en tien oor agt. Don't ask me. Life's a bitch." Sy kyk op haar horlosie. "Dis klaar amper tien oor. Vat vir haar koffie. Swart sonder suiker. Die kombuis is af in die gang. Daai kant toe. Dis wat Sherelene doen." Sy beduie met haar kop terwyl sy haar naels droogblaas.

Nathalie maak koffie in die klein kombuisie. Sy gebruik die pikswart bekers met Hoopvol se geel logo op. Sy onthou dit is met die dorp se hoeveelste viering in Oudtshoorn gemaak. Sy huiwer en gooi dan die inhoud van die twee bekers in die twee ligblou bekers wat sy van Tannie Mollie se versameling herken. Die bekers wat Tannie Mollie iewers in die Kaap koop. Handgemaak glo.

Sy sit een van die bekers op die vloer neer en klop huiwerig aan Juffrou September se toe deur. Dis stil binne. Sy klop weer. Daar is 'n gedempte geskuifel binne.

"Ek het koffie gebring," roep Nathalie.

Die deur gaan skielik oop. Juffrou September snuif en hou die deur oop. Haar oë rooi en dik geswel.

Nathalie stap verleë binne. Die swart Gucci's lê eenkant op die mat. Juffrou September gaan sit kaalvoet op die bruin leerbank teen die venster en vou haar bene onder haar op die bank in. Sy trek die romp van haar blou nommertjie reg. Sy beduie Nathalie moet langs haar plaasneem.

Nathalie oorhandig een van die blou bekers aan Juffrou September en gaan sit ongemaklik met háár blou beker op die verste punt van die bank.

Juffrou September vat 'n slukkie van haar koffie. Sy buk af en sit die beker langs haar op die bruin en goudbestippelde mat neer. Sy haal 'n tissue uit haar mou en snuit haar neus hard. Sy druk die tissue terug en raap die beker van die mat op. Sy vat nog 'n slukkie van die koffie. Toe staar sy na die mat. Lank. Nathalie maak keel skoon. Juffrou September reageer nie.

Na 'n ruk sê Juffrou September sonder om haar oë van die plek op die mat te haal waarna sy nou al hoe lank staar: "Nathalie, my oorlede moeder het my lank terug van die meisie vertel wat 'n padda moes soen. Die padda het 'n prins geword." Sy snuif hoorbaar.

"Maar laat ek jou vertel, partymaal word die padda 'n prins maar partymaal nie." Sy kyk weer 'n ruk na die mat. "Partymaal werk die prins-ding nie." Sy sug en staan op. "Bring my dagboek. Ons moet kyk wat als hierdie week gebeur." Sy



© University of Pretoria

trek die Gucci's aan. "Ja, Nathalie, die lewe is maar 'n sad ou storie," sê sy terwyl sy agter haar lessenaar plaasneem.

Weird. Weird verby, dink Nathalie weer terwyl sy die dagboek gaan haal.

## Hoofstuk 8

Hy het altyd geweet dat hy darem iewers 'n pa moes gehad het, al het sy ma gemaak asof die ooievaar hom afgelaai het, dink Ben terwyl hy deur die mark se kafeteriavenster die gewoel op die markvloer dophou. Hy gooi nog tamatiesous op sy russians en tjips.

Hy dink nie hy het ooit die storie gekoop dat sy pa dood is net voordat hulle sou trou nie. Sy ma en sy pa. Sy pa is dood aan malaria net voordat hulle sou trou, was die storie wat sy ma van kleins af vir hom vertel het. In 'n vreemde land in Afrika. Een keer het sy gesê hy is dood aan longontsteking en toe hy vra of dit dan nie malaria was nie het sy vinnig gesê dat dit malaria wás, maar sy pa het longontsteking van die malaria gekry. In 'n vreemde land in Afrika.

Hy wou haar glo want hy was lief vir sy ma en hoekom sou sy jok? Maar hy was onseker, hy weet nie hoekom nie. Iets het iewers nie gewerk nie maar hy was nooit seker wat nie. Sy kon ook nie onthou watter land in Afrika nie. Dit was ook weird. Hoe kan jy nie onthou in watter vreemde land die man gewerk het met wie jy sou trou nie?

Hulle het min oor sy pa gepraat en hy het altyd geglo dat sy regte pa nie vir hom 'n issue is nie. Miskien was dit, hy weet nie mooi hoe dit werk as hy aan sy pa dink nie. Oom Steve was vir 'n ruk sy pa, al was hy nou nie actually die soort pa wat langs die rugbyveld gesit het as jy gespeel het nie.

Maar alles het verander toe hulle daai middag die vrou in Fordsburg raakgeloop het. Die mooi vrou met die bos rooi hare en dit het geklink asof die vrou en sy ma mekaar lank terug geken het en mekaar toe weer vir die eerste keer die middag in Fordsburg gesien het.

Hy onthou haar bruin oë en die kort, groen rok en haar mooi, lang bene. Die oë wat na hom gekyk het asof sy 'n spook gesien het.

"Maar hy lyk dan nes... Op 'n druppel water," het sy geskok gefluister, terwyl


© University of Pretoria

sy grootoog na Ben gestaar het. Sy ma het gepanic. Hy kon dit sien.

"Ek het hom raakgeloop! Hy werk op Pretoria se varsproduktemark!" het die vrou agter hulle aangeskree terwyl hulle vinnig daar weg is. Hy en Elma en sy ma, amper aan die hardloop.

Dit was toe dat hy vir seker geweet het, al het sy ma gemaak asof die vreemde vrou se kop aangekap het en al het hulle nie weer daaroor gepraat nie.

Hy het 'n pa. 'n Pa wat nie aan malaria of longontsteking in 'n vreemde land in Afrika dood is nie. En hy lyk soos sy pa.

Na twee weke is hy oukei met die nagskof. Hy is nie meer so styf soos aan die begin van al die buk nie en die pakkie pleisters wat hy oorkant die pad gekoop het, werk vir die blase aan sy hande. Die spul leë groentesakke wat hy onder die toonbank by Eagletons "geleen" en op 'n hoop op sy plek in die binnehof aan die agterkant van die mark gegooi het, sorg vir 'n bed. Soort van.

Na die eerste week het hy 'n roetine gehad. As hulle teen elfuur klaar met die verkope was, het hy iets in die kafeteria gaan eet, 'n ruk gaan slaap, dan gestort en sy klere gewas en dit op die lou-warm sement van die binnehof oopgevlek om droog te word. Dan het hy die boere met 'n trollie gaan inwag.

Mike het hom na die eerste week met die rekenaar begin vertrou en later het dit die ding geword wat hy eintlik gedoen het. Die data op die rekenaar inlees.

Hy kyk na sy weerkaatsing in die venster wat op die markvloer uitkyk. Sy kort, donker hare. Sy mond wat aan 'n stuk russian kou. Die simpel, rooierige T-shirt waarvan hy eintlik nie hou nie.

Jy het 'n pa, 'n pa wat hier iewers moet wees, sê hy in sy gedagtes vir die kouende, ernstige gesig in die spieël.

Maar hy kry nie sy pa nie. Hy het al baie gesoek en hy ken al byna al die gesigte van die mense wat hier werk. Hy loop elke dag deur al die sale en hy kyk goed. Maar niemand lyk soos hy dink sy pa behoort te lyk nie.

Terwyl hy vir sy kouende gesig in die venster kyk, wonder hy weer of hy sal sien sy pa lyk soos hy. Mense het altyd gesê Elma lyk soos sy ma, maar vir hom het Elma na Elma gelyk. Glad nie soos sy ma nie. Sê nou maar net sy pa werk by een van die stalletjies naby Eagletons en hy herken hom nie?

Hy loop ook as hy kans kry by die kantore op die boonste verdieping verby en loer by al die oop deure in. Niks.



© University of Pretoria

Deur die venster sien hy vir Mike met Leon voor Eagletons se rekenaar baklei. Mike beduie en praat aanmekaar. Leon probeer iets sê maar hy kry nie kans nie.

Ben vee 'n tjip deur die tamatiesous in sy bord en kou ingedagte. Hy begin moedeloos raak want hy weet eintlik nie wat hy verder moet doen nie. Hy kan tog nie vir ewig by Eagletons werk nie. Miskien moet hy maar terug Johannesburg toe, maar hy is ook nie seker of hy wil nie. Sy selfoon moet nog gelaai word. Hy is seker daar wag 'n klomp boodskappe en hy wil nie 'n klomp boodskappe uit Johannesburg lees nie. Maar hy weet hy sal moet bel. Hy kan nie só met Tannie Pop maak nie. Sy het seker al haar naels opgekou oor hom.

Hy vat die laaste sluk van sy Coke en staan op. Hy koop 'n bottel water en 'n Bar One vir die nagskof. Dis nog vroeg. Hy moet eers oor 'n uur inklok. Hopelik het Mike dan al gewaai.

Hy stap weer 'n draai by die kantore verby. Meeste is dié tyd van die aand gesluit. By die telefoonhokkie aan die end van die gang gaan hy staan. Daar is 'n paar muntstukke in sy sak. Hy lig die gehoorbuis en tik Tannie Pop se nommer in. Na 'n paar luie sit hy neer. Hy stap 'n ent terug in die gang af, maar draai dan om en bel weer die nommer. Die foon lui lank.

Sy antwoord soos hy onthou, daai benoude "hello", 'n gefluister asof sy ernstige tyding verwag, soos sy ma altyd laggend gesê het.

"Dis ek, Tannie."

"Ben!" fluister sy eers en toe harder, "Ben!"

Hy is skielik bly hy het gebel. Hel bly om 'n bekende stem te hoor. Hy voel sy keel trek toe en hy byt op sy tande. Hy dink hy gaan huil.

"Waar ís jy! Die polisie soek jou! Álmal soek jou." Hy hoor sy begin huil. Hy kan sy trane ook nie meer keer nie al probeer hy hoe hard.

"Ai, my ou hartjie," sê sy na 'n ruk tussen die snikke deur.

"Ek is fine, Tannie," snuif Ben.

Hy hoor sy blaas haar neus.

"Maar waar ís jy? Ek het my naels al tot in die lewe afgebyt so worry ek oor jou. Hoekom antwoord jy nie jou selfoon nie? Ek het al gedink—"

"Ek is in Pretoria, Tannie. Ek is... Ek is by my pa."

"Jou pa?" vra sy verbaas. "Maar ek het dan gedink—"



© University of Pretoria

"Ek is by my pa en als is oukei. My pa bly in Pretoria en ek bly nou by hom. Ek weet nog nie of ek terugkom Mayfair toe nie maar ek sal weer bel. Ek moet nou gaan. Ek moet gaan werk."

"Maar—"

Hy sit die gehoorbuis terug op die mikkie en sak stadig met sy rug teen die muur af totdat sy boude die grond raak. Hy rus sy kop op sy opgetrekte knieë. En toe huil hy sonder om 'n geluid te maak. Sy skouers ruk. Fok die wêreld. Hulle kan nou maar lekker kyk hoe hy huil.

Nadat hy 'n lang ruk met sy kop op sy knieë gesit het, neem hy die besluit. Hy sal nog 'n week werk, net vir die geld, en dan gaan hy terug Mayfair toe. Hy sal by Tannie Pop gaan bly. Dis wat hy moet doen. Hy weet nou. Hy sal die music face.

**Hoofstuk 9**

Die week by Juffrou September het toe onverwags 'n lekker week geword. Liefie het haar gate uit geniet by die Rose and Crown se ontvangstoonbank en Juffrou September het gemeen dis dalk beter dat Nathalie die hele week by die burgemeesterkantoor werk en Liefie by die hotel bly totdat Sherelene terugkom.

Beter vir kontinuïteitdoeleindes, het Juffrou September vir Tannie Lettie gesê wat haar kop begrypend geknik het, hande agter haar rug gevou op die sypaadjie langs die kabbelende water wat in die kanaal vlak langs die hotel se voorstoep verbygevloei het. Toe het Tannie Lettie vir Juffrou September 'n begrypende drukkie gegee.

En Nathalie het besluit sy hou van die weird Juffrou September wat soggens tussen 08:00 en 08:10 haar hart agter geslote deure uithuil.

Wie die padda was wat nie 'n prins wou word nie, kon sy nie agterkom nie en sy was nogal nuuskierig maar sy het besluit om nie te vra nie. As Juffrou September die beertjie van haar lessenaar optel, 'n ruk peinsend daarna staar, dit 'n vinnige drukkie teen haar bors gee en dit dan weer op sy plek terugsit, die Gucci's nader trek en sug, dan het Nathalie gewonder wie die mens was wat die vrou "in die liefde verlaat het", soos Juffrou September dit een oggend terloops genoem het.



© University of Pretoria

Woensdagmiddag stuur Juffrou September haar om 'n bottel wyn by die Rose and Crown se off-sales te koop (wit, Chardonnay as daar is, onthou die sakkie ys) en toe die res van die personeel huis toe is, skink Juffrou September vir hulle elkeen 'n glasie. Sy skop die Gucci's uit en gaan sit met haar voete onder haar ingetrek op die sofa in haar kantoor.

"Gaan juffrou nie vanaand 'n drankie by die hotel drink nie?" vra Nathalie versigtig.

Juffrou September skud haar kop.

Sy vat 'n slukkie van die wyn en sug voordat sy na die lelike stippeltjiemat staar. Lank en woordeloos. Nathalie voel nie meer so ongemaklik oor die lang stiltes soos die eerste oggend nie. Sy begin vermoed Juffrou September het 'n mens in haar lewe nodig. 'n Mens wat nie noodwendig iets hoef te sê nie. Jy moet net soort van by haar sit. Sy wil weet jy luister as daar iets te sê is en as daar nie iets te sê is nie, is jy ook daar. Sy dink dit is wat Juffrou September smiddae in die Rose se prime lounge by Tannie Lettie soek. 'n Mens. En Nathalie vermoed sy word dalk nou daai mens vir Juffrou September want sy het dié week nie eers een middag 'n wyntjie met ys on the side in die Rose gaan drink nie.

Sy is spyt toe Sherelene Vrydagmiddag bel om te sê sy kom die naweek terug van die Baai af. Sy sal weer Maandag op haar pos wees.

Sy het die tyd by die burgemeesterskantoor begin geniet en dit was lekker om orde in Sherelene se deurmekaar rekordstelsel te skep. Sy kon sien dat sy Juffrou September se wêreld makliker maak. Te oordeel aan Sherelene se deurmekaar rekenaar en die dagboek wat nie lekker bygehou word nie, was Sherelene en Juffrou September nie heeltemal op dieselfde bladsy nie, maar sy dink nie Juffrou September het dit agtergekom nie. Haar kop is op 'n ander plek. Nie by Sherelene se deurmekaar admin nie.

Juffrou September gee haar Vrydagmiddag 'n drukkie voordat sy haar handsak oor haar skouer hang en Sherelene se rekenaar afskakel.

"Voor in die wapad brand 'n lig," fluister Juffrou September en toe: "Sê vir Lettie ek kom 'n wyntjie by die Rose doen. En onthou altyd dat die liefde die hoogste bod is. Dit staan so in die Bybel." Sag, asof Sherelene wat pas haar ma begrawe het en Gilbert met die kaalkop en die oranje oorpak op die foto's op



© University of Pretoria

Sherelene se deurmekaar rekenaar, dalk mag hoor. Juffrou September ruik na iets wat sy in New York kon gekoop het.

Nathalie waai vir die kouende Fiona by ontvangs en buite draai sy om om vir oulaas na die lelike platdakgebou te kyk. Die gebou lyk vriendeliker as toe sy dit Maandagoggend bekyk het.

Sy draai om en stap om die hoek hotel toe. Juffrou September is weird verby, maar dit voel asof sy op 'n manier 'n band met die burgemeester gevorm het. 'n Band wat sy nie eintlik verstaan nie maar sy vermoed Hoopvol is waarskynlik ook nie die plek waar Juffrou September wil wees nie. In die liefde verlaat.

Terwyl sy en Pastoor Chalmers laatmiddag koffie op die witgeverfde bankie in die klein agtertuin onder die bloekomboom in hulle huis in Olive Schreinerstraat drink, wonder Nathalie oor die sombere Juffrou September.

"Ek dink dis daai mat," sê sy vir Pastoor Chalmers. Pastoor Chalmers glimlag. Hy trek sy das reg. Nathalie wens hy wil die ding afhaal. Dis nou nie of hy actually met die Broeders en die Susters praat nie maar sy het al opgegee. Hy dra die das totdat hy en Missis Chalmers kooi se kant toe staan, soos hulle dit noem. Sy wonder of hulle nog in die donker aan mekaar vat. Nee, daar is nie 'n manier nie, besluit sy dan. Gross verby. Sy ril.

"Dis maar net, Juffrou September is, hoe sal ek sê, sy is net so sad en sy werk nogal hard. Ek dink sy bedoel goed met die dorp. Maar daai mat! Ek dink dis daai mat wat haar so sad maak."

Pastoor Chalmers versit op die wit bankie. Hy kruis sy bene en kyk na die son wat agter Mielie-se-kop verdwyn. Sy hou hom onderlangs dop. Die groot gesig met die groot neus en die ruie wenkbroue. Op 'n manier is hy net so sad soos Juffrou September.

Dis daai draak, weet sy. Daai draak wat die potte en panne nou in die kombuis rondgooi. Hulle kan dit tot hier onder die bloekomboom hoor al maak hulle asof hulle nie hoor nie. De donner in vir die wêreld en sy maat. Ingedoen, dink Missis Chalmers, maar sy weet nie eintlik deur wie en vir wie sy kwaad moet wees nie. Nou is sy sommer vir almal kwaad. Daai draak maak die pastoor se lewe hel.

"Laetitia, die mooie Laetitia," sê die pastoor na 'n ruk peinsend. Hy vat 'n



© University of Pretoria

sluk van sy koffie en vee oor sy groot, vaal gesig. "Laetitia is baie ambisieus, was nog altyd vandat sy so 'n onaardige kroeskopdogtertjie was. Klein en tingerig maar ek onthou hoe die mense vertel het van die skooltassie wat sy in die vierkant van die wit skool neergesit het. Jare terug al. Die mense het weke lank daaroor gepraat. Die bruin dogter met haar tas in die middel van die vierkant van die wit skool. Slaan my dood maar ek bly, het die ou tassie gesê, het die mense vertel. En sy het gebly. As ek dit nou reg het, was dit waarom meisietjies soos Liefie en Olivia ook in die wit skool saam met julle grootgeword het. Lank voordat daar nie meer wette oor die goed was nie."

Pastoor Chalmers vryf ingedagte oor sy artritis-gewrigte. "Sulke knopknieë mos, ou Laetitia. Haar pa was 'n verwer op die dorp, baie bekend by die off-sales ook gewees, en haar ma het mos in die Rose se kombuis gewerk."

Pastoor Chalmers sug terwyl hy sy blou das afhaal en in sy baadjiesak stop. "Aai die ou Laetitia," sê hy. Hy sit agteroor en kyk na die boom se blare. "En kyk waar sit sy nou. Ek bedoel, sy is die baas van die plaas." Nathalie skuif nader en gee hom 'n druk. Haar pa wat eintlik nie haar pa is nie.

* * *

Maar sy werk toe dikwels weer by die burgemeesterkantoor al is Sherelene terug. Sy moet dán kom help om die ete te reël wat na afloop van die vergadering vir die raadslede gegee word want Sherelene het te veel ander werk, en dán het Juffrou September behoefte aan navorsing oor wat op verkiesingsplakkate behoort te staan en allerhande ander vreemde versoeke waaraan Sherelene nie kan aandag gee nie. Te besig.

Tannie Lettie het soms oor die vreemde versoeke gefrons maar niks gesê nie. Vir Sista die voordeel van die twyfel gegee, dink Nathalie. En Nathalie was bly om van die hotel weg te kom. Gedoen wat Juffrou September behoef het en gewonder watter plan sy met die aaklige mat kon maak.

Soms het sy op die sofa in Juffrou September se kantoor gesit en gewonder oor haar lewe op Hoopvol, in stilte saam met Juffrou September na die stippeltjiemat gestaar terwyl hulle ietsie slurp. Op 'n manier het sy gedink sy weet waaroor dit gaan, sy en die burgemeester. Dis dinge wat sy nie in woorde kon uitdruk nie, maar dit was reg en goed om so saam met Juffrou September



© University of Pretoria

na die mat te staar. Jy hoef nie woorde te hê nie, het sy geweet.

* * *

Agterna het Nathalie onthou. Dit was 'n Woensdag. Die eerste Maart. Wat sy die beste onthou het, was die oranje blommetjies. Die verpiepte stiggies wat Sol 'n ruk terug in bakke teen die muur van die hotel se binnehof geplant het en oornag vir die eerste span geblom het. Sommer net so, onthou sy nou.

Hulle was op hulle lunch break en sy dink dit was aan Mietie se sagopoeding wat hulle gesmul het, of was dit nou daai malvapoeding? Mietie se eintlike claim to fame. Outyds verby, in elk geval, maar lekker. Sy, Liefie en Olivia. En hulle het geskinder oor die Gautengers se stout kinders wat die hotel se gange vol hol en die moedelose ma's en die pa's wat lyk asof hulle nie eintlik weet wat om met hulle stout kinders te doen nie.

Hy het met 'n denim, wit Adidas en 'n donkerblou T-hemp by die hotel se agtertrappies afgekom met twee groot bokse in sy arms. Die bokse het sy gesig verberg. Toe het hy dit in 'n hoek van die binnehof neergesit, sy hande aan sy broek afgevee en sy vingers deur sy kort, swart kuif getrek. Hy was korterig maar nie te kort nie. Breë skouers. Hy het met ernstige, donker oë vlugtig na hulle gekyk en toe weer vinnig by die trappies opgestap.

"Dis die outjie van Noupoort," het Liefie gefluister.

"Waar is Noupoort?" het Olivia terug gefluister.

Liefie het haar lepel hard in die pienk poedingbak neergesit.

"Hoekom weet jy so min van die lewe af, Olivia?" het sy geïrriteerd gevra. "Die drugplek, man," en ongeduldig 'n hap van die poeding gevat.

"'n Drugplek! O my vrek," het Olivia met groot oë gefluister.

"Sy naam is Bobbie en hy doen deliveries vir die hardware store en vir die slaghuis en so aan."

Hy het weer met twee bokse die trappe afgestap gekom en dit bo-op die ander in die hoek van die binnehof neergesit.

"In hierdie joint sê ons hallo en koebaai," het Liefie vir hom gesê.

Hy het weer vlugtig in hulle rigting gekyk sonder om iets te sê.

"Jy het 'n cute butt!" het Liefie hom agterna geroep terwyl hy weer vinnig met die trappies die kombuis in verdwyn het.



© University of Pretoria

"Liefie!" het Olivia geskok gegiggel en haar hand voor haar mond geslaan.

"Hy hét," het Liefie kou-kou gesê.

Bobbie van Noupoort, het Nathalie gedink en vir Sol se vrolike blommetjies gekyk. Ja, sy onthou die blommetjies.

**Hoofstuk 10**

Mike was nie baie vriendelik toe Ben sê hy maak die einde van die week klaar nie. Nie dat hy ooit eintlik vriendelik was nie maar nou was hy erger as ooit en Ben moes uithaal om by te hou met alles wat Mike vir hom bedink het om te doen.

"Julle mannetjies is ondankbaar. Werk is skaars. Jy lyk nogal of jy 'n rolling stone kan wees maar dis nie my saak nie. Jy het kans gehad om vir jou hier 'n loopbaan te bou maar fok voort, my ou mater," sê hy vir Ben.

Selfs Leon was verbaas dat Mike só goor kon wees.

"Ek sê mos, jy sal ver gaan soek," sê hy gereeld vir Ben deur die loop van die laaste week.

Hy is nog besig om 'n pallet te laai dan moet hy al aanbeweeg na die volgende opdrag.

"Jy moet dié state in Moerdyk-hulle se kantoor gaan aflewer. Gee dit vir Tannie Joan, die een met die purple rinse," sê Mike en tik met sy vinger op die hoop state wat langs die rekenaar lê.

"Toe, toe, toe, nog vandag!" sê Mike ongeduldig.

Ben byt op sy tande. Ek het net twee flippen hande! Maar hy sê niks nie. Nog net twee dae dan hoef hy die ou nie weer te sien of te hoor nie, soos asof hy nie eers op hierdie aardbol bestaan nie. Hy laai die swaar aartappelsakke een vir een van die trollie af en pak hulle op 'n hoop op die pallet.

Toe hy klaar is, vee hy die sweet met sy hemp van sy gesig af. Hy loop vies tot by die swart staaltrappe wat na die kantore op die eerste verdieping lei. Moerdyk-markagente se kantoor is die tweede laaste kantoor net voordat jy die telefoonhokkie aan die end van die gang kry, het Leon beduie.

Daar is niemand in die deurmekaar vertrek nie. Hy wonder besluiteloos of hy vir die ou tannie met die purple rinse moet wag. Hy kyk na die papiere wat



© University of Pretoria

oral op die lessenaar rondlê.

Toe sien hy die geraamde foto teen die muur. Hy word koud. Hy stap stadig nader. Daar is ‘n souterige smaak in sy droë mond. Vyf mans staan hand om die lyf en glimlag vir die kamera. Hulle het almal geel T-hemde aan. “Moerdyk Markagente” is in swart letters op die T-hemde gedruk en bo-aan die foto: “Markagente van die Jaar, 2009”. Sy oë is vasgenael op die man heel regs. Sy oë brand skielik. Hy kan homself nie so ver kry om die name wat onderaan die foto staan, te lees nie. Dan kyk hy tog. Jans, Manie, Andrew, Kobus en Oil, is in groot, swart letters onderaan die foto geskryf.

Oil. Dit voel asof hy in 'n spieël kyk. Kan nie wees nie. Sy pa se naam was nie Oil nie. Dan sien hy die swart vlekkie aan die man se elmboog. Hy vryf onwillekeurig aan die swart vlekkie op sy elmboog. Hy voel duiselig.

Oil. Hy leun met sy kop op sy arm teen die muur. Hy maak sy oë toe en staan doodstil. Na 'n ruk maak hy sy oë oop en kyk weer na die foto. Hy vat versigtig met sy vinger aan die man se gesig. Hy het 'n pa. 'n Regte pa.

"Pa," sê hy hardop.

Die kort tannie met die purple rinse kom binne en gaan sit agter haar deurmekaar lessenaar. Sy skuif haar bril reg en blaai deur die dokumente. Ben dink sy het hom nie raakgesien nie. Hy maak keel skoon.

"Goeiste, my hart sal gaan staan!" sê sy verskrik.

"Ek het daai papiere gebring." Ben beduie na die dokumente op die hoek van die lessenaar. "Dis van Mike by Eagletons."

"Jy lyk bekend. Het ek jou al hier rond gesien?"

"Dié ou." Ben beduie na die foto teen die muur. Sy stem is hees. Hy maak weer keel skoon. "Die ou, weet Tannie dalk waar hy is?" Hy druk weer met sy vinger teen die man op die foto.

Die tannie staan op en skuifel tot by hom. Sy lig haar bril met haar regterhand en buig haar kop vooroor tot byna teenaan die foto. Sy kyk lank na die foto. "Ou Oil," sê sy na 'n ruk. "Nee, hy is mos hier weg. Wanneer was dit nou weer?" Sy skuifel terug en gaan sit agter die lessenaar.

"Ek kan nie meer mooi ... Ou Oil ...," sê sy terwyl sy met skrefiesoë na die foto staar. "Was dit nou? Nee ... My kop is nie meer wat dit was nie. Ek kan regtig nie eers meer onthou wat sy van was nie." Sy sit weer 'n ruk en dink.



© University of Pretoria

"Ou Oil was maar bietjie van 'n drifter, het die mense gesê. Het glo iewers op 'n olieboor gewerk voor hy hier beland het. As ek nou reg onthou... Ja, hy is toe mos Bloemfontein toe. Hy het net so 'n jaar hier gewerk. Of was dit nou twee jaar?" Sy staan op en skuifel tot by 'n tafel in die hoek van die vertrek. Sy skakel 'n ketel aan.

"Ek dink tog hy is toe mos Bloemfontein toe. Ja, hy het mense daar iewers gehad."

"Weet Tannie dalk waar in Bloemfontein?"

"Ek onthou hy het iets gesê van... Nee, nou kan ek nie meer onthou nie." Die tannie gooi 'n lepel poeierkoffie in 'n beker.

Bloemfontein is groot, dink Ben benoud. Hel groot. Die tannie skakel 'n radio aan en gaan sit weer agter die lessenaar en begin deur 'n dokument blaai. Dit lyk asof sy van hom vergeet het, dink Ben. Hy maak weer keel skoon.

Die tannie kyk op. "O, is jy nog hier?" Sy kyk 'n ruk na hom. "Ek sien nou eers hoe trek jy na ou Oil. Is julle familie?"

"Ek dink..." Ben huiwer. "Hy is my pa," sê hy dan beslis. Die woorde klink vreemd in sy ore.

"Aarde," sê die tannie. "En jy weet nie eers waar hy is nie? Los jou nommer. As ek iets onthou, sal ek jou bel. Miskien weet een van die ander iets."

Sy tel 'n boekie wat langs die telefoon lê op en hou dit na Ben. "Voor in." Sy beduie na die boekie.

Ben huiwer. Dan skryf hy sy naam en *Oil se seun* en sy selfoonnommer.

**Hoofstuk 11**

“Kan iemand nie maar die blerrie ding regmaak nie?” vra Nathalie vies. “Dit kan seker nie so 'n big deal wees nie!” Sy sit die gehoorbuis hard neer.

Sherelene het griep en Juffrou September is by 'n vergadering in Pretoria en sy moet die fort hou. En almal kla. Oor die waterpyp wat voor die bank gebars het. Oor die gat in die hoofstraat voor Tannie Mollie se gastehuis. Oor die mense wat gisteraand so voor die hotel se off-sales lawaai het. Oor die leë plastieksakke wat die parkie vol lê.

Toe staan hy voor haar in die deur. Die mannetjie van Noupoort. Sy kan hom



© University of Pretoria

‘n ruk nie plaas nie, asof hy nie nou hier behoort te staan nie.

Hy kyk verbaas na haar asof hy haar ook nie hier verwag het nie.

“Ja?” vra sy kortaf. “Ek bedoel… Juffrou September is nie nou hier nie.” Minder onvriendelik.

“Sjoe, wie’t jou so de moer in gemaak?” vra hy verbaas.

Nathalie is vir ‘n oomblik uit die veld geslaan.

“Dis sommer… Eintlik het dit niks met jou uit te waai nie,” sê sy kortaf. Sy wens dadelik sy kan haar tong afbyt. Dis nie sy skuld dat sy almal vandag wil vermoor nie.

Hy kyk haar nog ‘n ruk woordeloos aan. Dan oorhandig hy ‘n pakkie. “Vir Juffrou September. Jy moet hier teken.” Hy hou ‘n boekie en ‘n pen na haar uit.

Hy het vierkantige vingerpunte en sy een vingernael is blou. Hy is nogal kort, nie veel langer as sy nie. Sy hare is kort en donker en sy oë is ernstig. Anders as Sakkie en Gielie en Eddie en die ander simpel seuns wat saam met hulle op skool was se oë. Oë wat lyk asof hulle al baie goed gesien het en heelwat verder gekyk het as die simpel seuns wat sy ken, dink Nathalie.

Sy skribbel haar handtekening, wat dié week anders lyk as verlede week, in die boekie. Sy besluit nog oor haar handtekening. Hy vat die boekie by haar. By die deur draai hy om en kyk nog ‘n paar sekondes ernstig na haar.

Sy voel skielik verleë. Liewe Heksie op 'n besemstok. ‘n Simpel koekie van die plaas en sy het juis vanoggend hierdie stokou toppie aangetrek. Ja, lekker terug, dis wat hy moet dink.

“Dankie!” skree sy agter hom aan in die gang af. Hy antwoord nie. Kyk net vinnig om voordat hy om die hoek verdwyn.

Sy loer versigtig deur die blindings. Hy klim in 'n rooi bakkie wat in die straat voor die gebou geparkeer is. Hy trek met ‘n vaart weg en kyk nie weer in die rigting van die gebou nie. Sy wonder of hy regtig in Noupoort was. Hy lyk nie na jou every day druggie nie maar sy weet nie eintlik hoe 'n every day druggie lyk nie.

Toe Sakkie bel, sê sy sommer ja toe hy haar vir fliek vra, maar sy is dadelik spyt. Sy kan hoor hy klink asof hy die jackpot gewen het. "Jy kan kies," sê hy opgewonde.

Nathalie sug. "Sakkie, 'n mens kan nie kies nie. Daar wys net een blerrie fliek



© University of Pretoria

op Beaufort-Wes." Sakkie lag verleë.

"Gaan die ander saam?" vra sy.

"Nie eintlik nie. Ek het gedink ... Ek en jy—"

"Fiona en Liefie sal wil saam en as Gielie en Eddie saamgaan, kan ons met Gielie se pa se kar ry. Sy Cressida is lekker groot, baie groter as jou Renault," sê sy moedswillig.

Sy kan hoor hy is teleurgesteld.

Aag ou Sakkie, dink Nathalie.

"Oukei, dalk moet ons met twee karre ry. Ek sal saam met jou ry en dan kan die ander met Gielie se pa se kar ry," sê Nathalie. Sy sal saam met Sakkie ry maar dan hoef sy nie alleen saam met hom in die fliek te sit nie. 'n Fair deal, as sy wat Nathalie is, nou iets mag sê.

Toe Sakkie haar sesuur oplaai, stop Gielie met sy pa se Cressida agter Sakkie. Die mannetjie van Noupoort is by, sien Nathalie verbaas. Hy sit agter tussen Fiona en Liefie. Hy lyk nie baie op sy gemak nie. Sy kan sien Liefie en Fiona praat sy ore van sy kop af. Sy is skielik spyt sy ry saam met Sakkie, hoekom weet sy nie. Sy is nie regtig lus vir die simpel praatjies in die Cressida en die bottel wat sy weet in die ry, rondgestuur gaan word nie.

Sakkie ruik soos 'n blomtuin en sy is sommer klaar afgepiepie toe hy vir haar die deur oophou. Hy lyk soos 'n seuntjie in 'n toy shop met speelgoed in wat sy oë nie kan glo bestaan nie. Nathalie sug. Sy luister nie eintlik na sy lang gewarawara oor die veediewe wat amok op die plase in die omgewing maak nie. "Maar ek het 'n plan!" meen Konstabel Strydom. Hy sal hulle wys, sê die driftige klap op die stuurwiel.

Tussendeur verstel hy voortdurend die lugverkoeling en peuter met die radio se volumeknoppie. Is dit nie te koud of te hard of te whatever vir haar nie? Sy byt op haar tande.

Sy kyk na die vaal karoobossies en die klippe en die windpompe, afgeëts teen die rooi lug van die ondergaande son. Haar wêreld. Sy ken nie eintlik iets anders nie. Was nog nie eens in Kaapstad of Johannesburg nie. Sy is seker Sakkie ook nie maar sy is ook seker dat dit nie vir Sakkie 'n issue sal wees nie.

Aag ou Sakkie, dink sy. Miskien moet ons maar trou en ‘n paar snotneusies hê. As dit ons leibeurt is, sal jy die sluise ooptrek en ons pampoene water gee.



© University of Pretoria

En jy sal jou vuil hande aan jou blou pt-broek afvee en trots wees op die spinasie wat mooi aankom en jou maag sal so half oor jou broek hang en dan sal ons op die stoep sit en ek sal ‘n glasie soet wyn drink en jy 'n single brandy en Coke en ons sal luister na die krieke en kyk hoe die son agter Hoopvol se koppies sak en jy sal ernstig beduie oor die bietjie onheil op hierdie dorp en dan sal ons na *Boots en All* op televisie kyk nadat die snotneusies skoon geskrop en met vol mae in die bed lê en dan sal jy steun terwyl jy jou skoene uittrek voordat jy in die bed klim en dan sal jy vir ons ‘n Psalm voorlees. Dan sal jy die duvet (wat Missis Chalmers vir ons vir 'n trougeskenk gegee het) oor jou pajamas met die blou strepies trek en versigtig en ordentlik oor my maag vryf. Dalk sal dit oukei wees Sakkie.

Sy glimlag. Sy begin nou al soos Liefie dink. Weet alles van 'n simpel lewe op 'n simpel plek maar daar is nie 'n manier dat hulle 'n move uit hierdie boring dorpie met sy boring mense gaan maak nie.

Sy kyk na die karre in die strate van Beaufort-Wes en die liggies in die winkels. Op 'n manier was dié dorp nog altyd vir hulle die plek wat sê daar is iewers iets beter. Die hoopvolle plek anderkant Hoopvol. Die groot dorp met die winkels en die gastehuise en die besighede en die vreemde outfits in die winkelvensters wat hulle nie ken nie en goed wat jy kan koop waaraan jy nog nooit gedink het nie. Die dorp wat hulle laat droom van 'n beter lewe, 'n opwindender lewe.

Miskien moet sy en Liefie tog maar kom kyk of hulle nie werk by 'n gastehuis of hotel kan kry noudat hulle 'n bietjie ondervinding het nie.

Maar op 'n manier is sy nie so seker of Beaufort 'n hoopvoller plek as Hoopvol is nie. Sy weet nie hoekom sy so dink nie. Sy vermoed dat sy hier ook maar met 'n Sakkie en 'n Tannie Lettie in haar lewe gaan opeindig. Partymaal wonder sy of sy dalk regtig op Hoopvol wíl bly. Sy bly tog haar lewe daar en alles was nie altyd sleg nie. Sy onthou selfs dat sy gelukkig was voordat haar pa en haar ma in die kerkhof opgeëindig het. Hulle klomp wat oorgebly het, is tog goeie pelle. Sy sal haar ook moeilik 'n lewe sonder Liefie kan voorstel. Liefie wat alles van haar weet. En sy geniet die werk by Juffrou September.

Sy kan nie onthou wanneer die depro oor alles uitgepop het nie. Was dit daai dag toe hulle vir ou Jorrie by die Total-garage gaan groet het? Bottom line:



© University of Pretoria

Sy weet nie wat sy met haar lewe wil doen nie. Geld vir swot is daar nie maar sy kon probeer het om 'n beurs te kry of 'n studielening aan te gaan, soos Pastoor Chalmers voorgestel het. Daar is baie kinders wat sulke goed gedoen het. Is sy bang om alleen die wye wêreld in te vaar?

Die enigste fliek wat draai, is tot die ouens se vreugde 'n skiet, skop en donner van some sort, soos Missis Chalmers dit sou noem. Liefie rol haar oë en Fiona sê sy het nie 'n issue met wat wys nie, solank sy net langs die outjie van Noupoort kan sit. “Ek dink hy het ‘n dark secret. Dit maak hom nogal sexy,” fluister sy.

"Jy word 'n regte tert, Fiona," sê Liefie terwyl hulle vir die ouens wag wat koeldrank koop.

"Man, ek het nie gesê ek wil hom béd toe sleep nie!" sê Fiona verontwaardig.

“Is jy nie veronderstel om Gielie se date te wees nie?” vra Nathalie.

"In your dreams, ja," sê Fiona.

"Maar jy sê ook nie nee as hy vir jou lekker dingetjies koop nie, dúúr stuff soos daai broek wat juis nou so lekker om jou span." Liefie trek aan Fiona se jeans.

"Ek vry in die bondel, soos my oorlede ouma altyd gesê het ek moet maak. Ek is nog nie reg om nou al saam met iemand soos ou Gielie voor die TV te sit nie."

"Jy vry báie lekker in die bondel, as jy my vra," snork Liefie. Fiona klik haar tong verontwaardig maar gaan sit tog langs Gielie in die teater met die berg popcorn en pak sjokolade wat hy vir haar aangedra het. Nathalie loer rond maar sien nie vir Mr Noupoort nie.

"Waar is Bobbie?" vra sy vir Sakkie wat heeltemal te naby aan haar smaak aan haar sit.

"Weet nie."

"Is jy nie veronderstel om die polisieman hier rond te wees nie? En jy wil actually veediewe vang." Sakkie lag verleë en skuif 'n entjie weg.

Toe die ligte afgaan, sien Nathalie dat die Noupoort-mannetjie in die ry voor hulle inskuif. Hy gaan sit op die sitplek reg voor Sakkie aan die kant van die paadjie. Sy kan hom nou lekker uitkyk, besluit sy. Sy kyk na sy smallerige neus en sy kort, swart hare. Sy ore. Sy breë skouers wat sy nie duidelik in die swak lig kan uitmaak nie. Hy vryf oor sy hare en wikkel hom om gemakliker in die



© University of Pretoria

stoel te sit.

Welkom, Bobbie van Noupoort, besluit sy terwyl sy haar arms vou sodat Sakkie nie kan probeer om haar hand vas te hou nie.

Toe hulle later in die Rose se pub soos gewoonlik 'n loopdop drink voordat hulle huis toe gaan, sien Nathalie dat die Noupoort-outjie net Coke drink. Liefie en Fiona rafel soos gewoonlik lekker uit en Konstabel Abel doen sy plig deur hulle te gaan aflaai. Nathalie besluit om nie saam te ry nie.

"Ek gaan sommer stap, Sakkie. Ek wil bietjie chill. Vars lug ruik. Ek bly mos nie ver nie. Dankie vir die fliek. Dit was cool." Sy ignoreer Sakkie se teleurgestelde gesig en verdwyn vinnig na die kleedkamer.

Sy kyk lank na haar gesig in die spieël. Wat sou Sakkie in haar sien? Sy is maar soort van average. Nie lelik nie, maar nie naastenby so mooi soos Fiona en Liefie met hulle lang bene en die bosse hare nie. En sy het 'n paar sproete, nie te erg nie, maar jy kan hulle nie mis nie. Haar lang, bruin hare is ylerig en haar neus is miskien 'n bietjie lank. Sy weet nie of sy mooier as average is nie. Maar miskien maak sy dit net-net.

Die Noupoort-mannetjie wag vir haar by die pub se deur, sien sy verbaas.

"Ek sal saam met jou stap," sê hy en druk sy hande in sy denim se sakke.

"Ek bly nie eintlik ver nie," sê sy huiwerig. "Dis nie regtig nodig nie. Ek is nie bang nie. Dis net hier af, om die hoek by die kerk verby."

"Ek stap saam," sê Bobbie van Noupoort.

Hulle praat nie terwyl hulle by die mooi ou huise in die hoofstraat verbystap nie. Nie eens oor Tannie Mollie en Tannie Door se gastehuise, wat sy aan sy, albei dié week 'n nuwe lagie verf gekry het nie. Ook nie oor die boekehuis waar 'n bekende skrywer glo dié week oorbly om 'n manuskrip te voltooi nie. Ook nie oor die nuwe landgoedwyn wat Tannie Breggie dié week van die Kaap af laat kom het nie. Dit word in haar winkel se venster vir die Gautengers uitgestal. Hulle praat ook nie eens oor die gat in die hoofstraat nie.

Maar toe pluk Bobbie van Noupoort vir Nathalie van Hoopvol reg voor die kerk se silwer hekkie van haar voete af, stoot die hekkie met sy knie oop en dra haar in sy arms die kerkterrein binne. Tot op die binnepleintjie met die klipvloer dra hy haar waar sy oom Japie, die koster, se rankrose kan ruik en die silwer maan agter 'n wolk sien uitloer. Hy keer haar op die binneplein se kliptrappies



© University of Pretoria

om en sê: "Vanaand gaan jy gesoen word soos jy nog nie weet nie."

En Nathalie het gegiggel en gegiggel en gedink: Hoopvol is na alles dalk tog 'n hoopvolle plek.

## Hoofstuk 12

Ben kyk deur die venster na die hoëveld-landskap wat by die bus verby skuif. Die plase en die mielielande. Die sonneblomme en die eensame plaashuise tussen bome versteek en damme waar beeste suip.

Hy kou dankbaar aan die pakkie droëvrugte wat hulle gratis in die hand gestop is toe hulle opgeklim het. Hy is honger, maar hy sal mooi met sy geld moet werk. Die buskaartjie Bloemfontein toe was heelwat duurder as wat hy gedink het dit sou wees. En hy sal blyplek in Bloemfontein moet kry. En hy sal moet werk soek.

Andrew en Kobus, twee van die ouens wat saam met sy pa op die foto was, werk nog vir Moerdyk-markagente. Albei het gedink sy pa het werk op die Bloemfontein-mark gekry toe hy uit Pretoria weg is, maar hulle het nie baie seker gelyk nie.

"Ou Oil was maar 'n drifter," het Kobus gesê. "Hy sou in elk geval seker nie lank daar gewerk het nie, ás hy ooit daar uitgekom het."

"Maar ou Oil was cool. Nice ou," het Andrew bygevoeg.

Drifter. 'n Cool drifter. Sy pa. Maar hy hét 'n pa. 'n Pa met 'n swart geboortemerk op sy elmboog soos hy wat Ben is, ook het. 'n Mens vir wie hy pa kan sê en wat nie in 'n vreemde land in Afrika aan malaria dood is nie.

"Ek gaan na my pa toe. Hy werk in Bloemfontein," sê hy vir die vriendelike buswaardin wat vir die passasiers elkeen 'n gratis boksie vrugtesap uitdeel. Sy glimlag vir hom.

Hy het nog nooit vir iemand "Pa" gesê nie. Hy kan nie onthou waarom hy nooit vir Oom Steve "Pa" gesê het nie. Hy het net by die skool van sy pa gepraat maar nooit by die huis nie. Oom Steve was tóg 'n ruk sy pa.

Hy kan nie meer mooi onthou wanneer Oom Steve in hulle lewe gekom het nie. Was hy al in die skool? Hy weet nie. Hy onthou net die lang, maer man met die rooi hare wat by hom in die woonstel se sitkamer gebuk het en hom ‘n ruk op en af bekyk het. Toe het hy opgestaan en ‘n boksie Smarties uit sy sak


© University of Pretoria

gehaal. “Dag, Boet, ek is Steve en ons gaan mekaar ‘n bietjie beter leer ken in die dae wat kom.”

Hy onthou sy ma se oë het geblink en sy het geglimlag asof sy vir hom ‘n groot geskenk huis toe gebring het. Kyk, Ben. ‘n Pa, ‘n régte pa!

Hy wonder baiekeer of sy ma regtig met Oom Steve wou trou en of sy nie miskien maar net vir hom 'n pa aangedra het nie. Hy dink hulle was tog gelukkig. Sy ma en Oom Steve. So op 'n manier.

Nie dat hulle hom baie gesien het nie. Oom Steve het iewers in Afrika vir ‘n Suid-Afrikaanse firma gewerk. Hy onthou dit was op ‘n keer in Somalië of was dit nou Senegal? En toe ‘n slag in Botswana en as hy reg onthou, Tanzanië. Hulle het hom maar min gesien. Nou en dan ‘n week as hy vakansie gehad het en oor Kersfees. Hy het geweet Oom Steve werk regtig iewers in Afrika, anders as sy regte pa glo gedoen het, want Oom Steve het vir hom van elke land se muntstukke saamgebring. Hy onthou hy het dit iewers in ‘n boksie in sy kas gebêre. Hy wonder of muntstukke kan verbrand.

Maar hy kon toe ook by die skool sê: “My pa het gisteraand… En: My pa sê die regering maak droog… En: My pa sê die Lions gaan dié jaar…” en sulke goed al was Oom Steve nou nie actually iemand wat kom kyk het hoe jy krieket of rugby speel nie, of wat vir jou sou sê: “Ek praat nie weer nie, Ben!” of, “Jy het daai ou darem lekker moer toe getackle,” en sulke goed.

Hulle het ook beter gelewe. Baie beter. Daar was geld vir vakansies Desembermaande in plekke soos Durban en Sun City en hy het ‘n splinternuwe mountain bike gekry waarop baie ouens by die skool jaloers was. Min kinders in Mayfair het in daai dae nuwe mountain bikes gehad en hy het ‘n Nokia gekry wat baie goed kon doen. Jy kon tot 'n fliek daarop kyk. En hulle het klere in die mall gaan koop by plekke soos Edgars.

Oom Steve het vir Elma die eerste keer gesien toe sy al twee maande oud was. Ben onthou hoe Oom Steve die babatjie ‘n ruk bekyk het en haar toe uit haar bedjie gelig en in die lug gehou het. Haar op en af bekyk het waar sy bo sy kop in die lug gehang het. Hy het Elma in die lug omgedraai en van agter beloer.

Toe sê hy: “Vir jou gaan ek lekker bederf. Tot in die afgrond in.” Sy ma het gelag en Ben onthou dit was vir hom ook snaaks.



© University of Pretoria

Hy dink Oom Steve het hulle almal op sy manier bederf, al was hy maar min daar en sy ma was anders as Oom Steve by die huis was. Minder gestres en bedonnerd asof sy gesukkel het om te cope as hy nie daar was nie.

Oom Steve het na 'n paar jaar net so skielik gegaan as wat hy gekom het. Hy onthou sy ma was vir 'n paar weke baie anders as gewoonlik. Stil en ingedagte. Sy het sommer in die gang gaan staan asof sy luister na iets wat niemand anders kan hoor nie. Of sy het hulle vuil wasgoed in die asblik in plaas van die wasmandjie gegooi. Daar was eenkeer 'n leë sweet corn-blikkie in die wasgoedmandjie. Ben onthou dit het hom jittery gemaak. Hy wou haar partykeer skud en sê: Hallo, wat gaan hier aan?

Een aand terwyl hulle by die klein ronde tafeltjie in die kombuis gesit en eet het, het sy haar mes en vurk neergesit en hulle hande gevat. “Pappa… Oom Steve, kom nie weer terug nie.” Net dit. Toe hy vra waarom nie het sy nie geantwoord nie, die borde bymekaar gemaak en dit in die wasbak gepak. Elma het begin huil en hy onthou hy het gewonder of hy ook moet huil of iets. Hy wou nie regtig nie.

Later het sy ma weer by hulle kom sit. Elma het gesit en snuif. Sy ma het 'n papierservet na haar uitgehou. "Toe, blaas jou neus."

“Partymaal…” het hulle ma begin. “Partymaal werk goed maar net nie uit nie.” Sy het agteroor in haar stoel gesit en 'n ruk gedink. “Hy gaan nou voltyds in Nigerië werk en hy gaan nou daar bly. Dit sal nie vir ons 'n lewe wees nie.”

Toe gemaakvrolik: “Maar niemand is vir iemand kwaad nie. Hy sal baie kom kuier as hy in Johannesburg is. Ek is seker hy sal.” Sy het opgestaan en oor haar skouer geroep terwyl sy sitkamer toe loop. “Kom ons gaan kyk *Friends*.”

Ben het baie gewonder oor hoe hy voel oor Oom Steve wat nie weer terugkom nie. Hy onthou hy het nie eintlik iets besonders gevoel nie. Hy het besluit hy is nou weer Ben soos in die ou dae. Ben met sy ma se van. Elma het oom Steve se van gehad. Anderson. Sy het after all 'n regte pa gehad waaraan jy kon vat.

Hy dink dit was ook toe dat hy besluit het om pouses agter die fietsloods saam met die ander ouens te gaan rook, al het hy nie eintlik van rook gehou nie. Hoekom weet hy ook nie eintlik nie.

"Ons is nou net sowat 15 kilometer van Bloemfontein af. Onthou asseblief die handbagasie en dankie dat julle saam met ons gereis het," sê die buswaardin



© University of Pretoria

wat klink asof sy 'n toe neus het, oor die interkom.

**Hoofstuk 13**

Nathalie hoor die gebrul van ver af voordat dit hard in die hoofstraat voor die hotel begin dreun. Daar is nie baie motorfietse in Hoopvol se strate nie. Dalk 'n rep, dink sy terwyl sy na die gaping tussen die King George-stoele kyk waardeur sy die wêreld geel kan sien.

Hy kom ingestap en sit sy helmet op die ontvangstoonbank neer. “Ek het vir my ‘n bike gekoop,” sê Bobbie van Noupoort opgewonde. “Frans se oue. Kyk, hier is die helmet." Hy tik met sy vinger met die blou nael op die helm.

"Kom ek vat jou vir ‘n ride. Dit hoef nie ver te wees nie!” sê hy opgewonde. Nathalie loer oor sy skouer en sien die motorfiets op die sypaadjie voor die hotel staan. Nou nie die Kawasaki wat Frans deesdae ry nie, maar alles wat kán blink, blink aan die motorfiets wat duidelik al ‘n paar draaie in hierdie lewe gemaak het.

"Ek moet nog werk," sê sy huiwerig. Dis die eerste keer dat sy hom sien na die soen tussen Oom Japie se rankrose. Sy weet nog nie oor Bobbie van Noupoort nie.

"Net 'n vinnige draaitjie."

Sy huiwer. Missis Chalmers sal beslis ‘n vet babatjie kraam as sy saam met ‘n ex-druggie op ‘n motorfiets by die dorp uitry. Sy wil nie eers aan ou Lettie dink wat met 'n swart lappie oor haar oë in een van die kamers hierbo lê nie. En dis nog ver van huistoegaantyd. Sy kyk op haar horlosie. Wat de hel.

Sy bel kombuis toe. “Liefie, ek moet waai! Jy of Olivia moet by ontvangs kom sit.” Sy het nie 'n clue of hulle haar gehoor het nie.

Bobbie stap vooruit en druk ‘n vaalgroen helmet in haar hande. Aan die voorkant staan in ‘n silwer boog: *Not another brick in the wall*, met ‘n bloedrooi aarbei in die middel van die woorde. Sy dink Bobbie kon dit maklik by Ali se secondhand store aan die onderkant van die dorp gekoop het.

“Dis joune, ek het twee gekoop,” sê hy terwyl hy die helmet hardhandig op haar kop druk en dit vasgespe. Hy kyk ‘n ruk na haar asof hy wil seker maak dit sit reg voordat hy 'n swarte op sy kop druk en vasgespe. Hy klim op die motorfiets en kry sy sit. “Nou moet jy hou, hoor!”



© University of Pretoria

Nathalie klim op en skuif agter hom in op die motorfiets. Sy slaan haar arms huiwerig om sy lyf. "Jy moet klóú," skree hy oor sy skouer terwyl hy brullende in die hoofstraat afry.

Nathalie klou eers benoud, maar toe begin sy ontspan. Sy voel skielik roekeloos en toe begin sy lag. Sy voel die wind en sy hoor die motorfiets se gebulder terwyl hulle in die hoofstraat afjaag. Verby PEP en die Vetkoekden en verby alles wat haar aan haar hopelose lewe op Hoopvol herinner. Mense gaan staan in die hoofstraat om na hulle te kyk. En Nathalie dink weer, Hoopvol is dalk tog 'n hoopvolle plek.

Sy leun met haar kop teen Bobbie se rug. Hy ruik na sweet en na 'n soeterige deodorant. Hy sit regop en vol selfvertroue asof hy weet wat hy doen en sy vertrou hom. Hy sal haar bring waar sy moet wees. Veilig en versigtig. Hy ry aan die oostekant by die dorp uit en sy kyk nie een keer om nie. Dis asof hulle die dorp en sy dinge agterlaat. Niks maak meer saak nie. Sy hou stywer aan Bobbie se regop lyf vas en maak haar oë toe.

Sy maak dit eers weer oop toe die motorfiets stadiger begin ry en hulle ruk-ruk op 'n grondpad tot stilstand kom. Hy help haar af en maak sy helmet los.

"En...?" vra hy opgewonde terwyl hy haar helmet losgrendel en afhaal.

"Cool verby." Dis al waaraan sy kan dink. Ver by cool verby, Bobbie van Noupoort.

"Nou gaan ons swem," sê hy terwyl hy haar in die rigting van die poel trek wat sy tussen die bome sien blink. Sy dink nie sy was al hier nie. Nou nie actually 'n plek waarin jy seekoeie kan verwag nie maar dis water, en in die Karoo is daar nie baie plekke waarin jy jou hele lyf, kop en al, kan natmaak nie. 'n Poel is 'n plek waar jy kan. Hierdie is 'n poel.

"En al die water in die middel van die Karoo?" vra Nathalie verbaas.

"Dis op 'n ou se plaas. Ek het toevallig hierop afgekom toe ek nou die dag hier verby is met 'n delivery vir een van die boere in die omgewing. Hier is 'n fontyntjie en die boer het 'n dammetjie gebou."

"Maar ons het nie swemklere nie," probeer sy keer terwyl hy haar al giggelend agter hom aansleep.

"Sissie," sê hy terwyl hy sy denim en t-hemp uittrek en op 'n klip neergooi. Hy duik met sy swart onderbroek die water in. Nathalie huiwer maar op 'n



© University of Pretoria

vreemde manier voel sy glad nie skaam om in haar bra en haar pantie die water in te stap nie. Die water is koud maar sy gee nie om nie. Dis dalk hoe dit op Beaufort voel, tussen al die winkels en die liggies. Ver en vry en reg. Hy het onder die water verdwyn, maar sy weet hy wag hier iewers.

Hy wag vir haar, Nathalie van Olive Schreinerstraat, met die langerige neus en die valerige hare en die paar sproete. Sy wil half huil, hoekom weet sy nie. Miskien omdat sy vermoed dat niks ooit regtig reg kan uitwerk nie maar miskien, net miskien dalk tog.

Hy bars regs van haar deur die water en gil: "Goeiemôre, Suid-Afrika!" Hy swem tot by haar, slaan sy arms van agter om haar lyf en hou haar vas. Hulle staan lank so sonder om te praat.

Nathalie hoor die voëls in die bome en 'n lam iewers blêr. Sy hoor nou en dan 'n kar in die hoofpad verbyry. Sy dink aan haar ma en haar pa onder die grafsteen in die kerkhof en dat sy dalk nou vir die eerste keer sedert hulle die vaal grond en die roosblare op die bruin kis gegooi het, voel dat daar tog iets is. Iets wat sê ek is hier. Ek haal asem.

Na 'n ruk trek hy haar uit die water en hulle sit in stilte op 'n klip in die louwarm laatmiddag sonnetjie om droog te bak. Sy kyk na sy fris bene, die kort swart hare wat nie eers lyk asof hulle ooit nat was nie. Sy tweede toon is langer as die ander en hy het 'n paar swart haartjies op sy bors. Bobbie van Hoopvol, dink sy.

Toe hulle terugstap na die motorfiets onder die doringboom vra sy onverwags: “Was jy regtig op Noupoort?" Sy voel simpel dat sy gevra het maar dis uit voordat sy kom keer.

Bobbie gaan staan en vryf oor sy kort hare. “Ja en was.” Hy sit sy helmet op en kry sy sit op die motorfiets.

“Was dit erg?” Sy gespe haar helmet met die rooi aarbei vas. Hy loer oor sy skouer vir haar deur die opening in syne.

“Noupoort was kak,” sê hy terwyl hy die motorfiets aan die brand skop. “Ek moet wors by die Van Stadens gaan aflaai. Hulle braai vanaand. Jy moet hou. Ek is laat!” skree hy vir haar oor die motorfiets se gebrul

“Noupoort het nogal gewerk,” skree hy voordat hy met ‘n vaart wegtrek. Sy



© University of Pretoria

moet klou om nie af te val nie.

**Hoofstuk 14**

Ben eet die hamburger wat op special by die Spur is. Hy wonder of hy eers mark toe moet gaan om sy pa te soek en of hy eers 'n plek moet kry om te bly. Miskien kan hy by sy pa bly, maar hy is nie seker of dit 'n goeie idee is nie. Sê nou sy pa wil hom nie ken nie?

Die vriendelike meisietjie wat hom bedien, lyk nogal na sy niggie in Johannesburg. Sy skink vir hom Coke uit 'n blikkie in 'n glas met baie ys.

"Swot jy op Kovsies?" vra sy.

Ben skud sy kop al kouend. Hy sluk. "Ek kom na my pa toe. Ek ken Bloemfontein nie eintlik nie. Ek het nou net van 'n bus afgeklim. Ek is van Johies."

"Cool," sê sy. Sy sit die glas voor hom neer. "Dan gaan jy dink Bloemfontein is maar lekker terug. By the way, ek is Alta," sê sy oor haar skouer toe sy wegstap.

Hy kyk haar agterna. Alta wat soos sy niggie lyk.

Hulle soek ook seker na hom. Sy ma se tannie Mable in wie se rokwinkel in Mayfair sy amper haar hele lewe lank gewerk het. Vandat hy kan onthou, het hulle in die woonstel bo die rokwinkel gebly. Hy en sy ma en later hy en sy ma en Elma en Oom Steve as hy in Suid-Afrika was. Hy wonder hoekom sy ma so lank in die rokwinkel gewerk het want sy het naaldwerk gehaat. Was dit omdat hulle verniet in die woonstel bo die winkel kon bly?

Dis eers toe sy later die werk by Clicks gekry het, dat hulle na die huis in Mayfair getrek wat Oom Steve vir hulle gehuur het. Hy was toe al in Nigerië.

Hy onthou hoe bly hy en Elma was omdat hulle ook vir die eerste keer in hulle lewe soos ander mense in 'n huis kon bly. Die huis was klein maar vir hulle het dit gevoel of dit 'n paleis is. Hy onthou hoe hy en Elma op die klein grasperkie agter die huis sokker gespeel het en hoe hulle baiekeer hulle aandete sommer op hulle skote op die agterstoep se trappies geëet het omdat dit so lekker was om buite te kon eet.

Sy ma het van die werk by Clicks gehou. Sy het daarvan gehou om met die



© University of Pretoria

kliënte te werk, het sy gesê. Toe sy assistent-bestuurder geword het, het hulle by Mimo's gaan eet en hy onthou hoe trots en opgewonde sy was. Sy het die wêreld vol gebel en vir almal vertel, tot vir Oom Steve in Nigerië.

Hy is nogal spyt Alta is so gaaf want hy was nie van plan om 'n tip te gee nie maar nou sal hy moet. Hy waai vir haar by die Spur se deur.

Deur die taxi se ruit kyk hy na die geboue langs Bloemfontein se strate. Die plek is baie kleiner as Johannesburg. Hy onthou hulle noem dit glo die "rosestad". Nie dat hy actually iewers rose sien nie. Hy wonder of dit nou die plek gaan wees waar hy vir die res van sy lewe gaan bly. Bloemfontein.

Ek bly by my pa in Bloemfontein, Tannie Pop. Hy het nogal 'n smart huis met 'n swembad en als. Ons gaan Saterdag kyk hoe speel die Cheetahs en dan gaan ons by die Spur eet. My pa is nogal into spare ribs. My pa sê hy gaan vir my 'n kar koop as ek 18 word. Ons kyk nou al 'n bietjie rond. Miskien 'n Honda maar ons sal nog sien.

Hy glimlag vir sy simpel gedagtes.

Die taxi laai hom by die varsproduktemark af. Die plek lyk maar soos die mark in Pretoria. Hel groot. Hy weet darem nou hoe sy pa lyk. Hy staan 'n lang ruk buite die gebou, rook eers 'n sigaret. Hy is bang om in te gaan. Wat sal hy sê? Hallo Pa. Ek is Ben, jou seun. My ma het doodgebrand. Ek kom nou by jou bly. Hy trap die stompie dood en gooi sy rugsak oor sy skouer en stap na die ingang.

**Hoofstuk 15**

"Jy is darem alte danig met die afleweringsjongetjie," sê Tannie Lettie vir Nathalie wat die besprekings vir die naweek in die besprekingsboek nagaan.

Liefie wat vir die tannie tee skink, rol haar oë vir Nathalie. Nathalie probeer die ou vrou ignoreer.

"Wat julle meisies nog gaan leer, is dat mans baie overrated is. Báie overrated." Sy druk 'n paar druppels suurlemoensap in haar tee. "Pleks julle die kans wat julle hier by die hotel het, gebruik om vir julle 'n loopbaan te bou. Leer die goed hier wat julle nodig het om 'n suksesvolle besigheid te bestuur. En los maar die afleweringsjongetjies. Wat sien jy in elk geval in die seun, Nathalie?


© University of Pretoria

Lyk nie vir my of hy 'n prys vir persoonlikheid kan wen nie en was hy nie in daai drugplek nie? Nou nie wat ek 'n catch sou noem nie." Liefie rol weer haar oë terwyl sy met die skinkbord kombuis toe stap.

Nathalie besluit om nie te reageer nie, maar sy kom agter haar hande bewe terwyl sy deur die besprekingsboek blaai. Ou Lettie kry dit maklik reg om haar om te krap, elke keer, al probeer sy hoe hard om te maak of die vrou nie bestaan nie.

"Ja ou Nathalie," sê die tannie terwyl sy steun-steun na haar kantoor toe loop. "Hou jy maar net jou bene vir Mr Personality toe. Jy wil darem nie hê jou oorlede ouers moet van skaamte in hulle grafte omdraai nie, of hoe?"

Terwyl die tannie in haar kantoor verdwyn, gil Nathalie geluidloos met haar hande in die lug. Sy klap die besprekingsboek toe en stap buitetoe. Sy staan in die son en haal 'n paar keer diep asem. Sy moet hier weg en haar hoop is op Bobbie, maar sy is glad nie seker oor hom nie. Daar is niks anders om op te hoop nie. Weg, ver weg, sal hy haar dalk kan vat, dink sy.

Toe sy en Liefie later die middag hulle middagkoffie onder die prieel drink, sê Liefie ook: "Jy ís nogal danig met die afleweringsjongetjie."

Sy kyk ondersoekend na Nathalie. "Is hy die ou wat met jou op 'n white horse die dorp gaan uitry?"

Nathalie haal haar skouers op.

“Ek wens ek weet van al sy duister geheime en sy donker reise op maat van die ander white horse of wonder. Hy wás in die drugplek op Noupoort. Ek het gevra, maar ek kan nie agterkom wat hy hier kom maak het nie. Sy mense is in Bloem,” sê Nathalie.

Liefie krap die suiker onder in haar beker met haar vinger uit. “Hy was darem dapper genoeg om te travel. Weg en hoog, en fok-julle-almal-ver. Ek en jy was nie.”

Nathalie antwoord nie. Sy wonder oor Bobbie. Hy lyk nie soos jou regular druggie nie. Nie dat sy eintlik weet hoe ‘n regular druggie behoort te lyk nie. Sy ken net die hoop dronkies wat Vrydae op die sypaadjie voor die hotel se off-sales sit en die res van die naweek in die parkie lê en probeer om vir hulle 'n beter lewe los te drink.

Hy lyk nogal normaal. Gesond, soos iemand wat sou gym as hier ‘n gym op



© University of Pretoria

die dorp was en elke dag sy appel eet en squash speel en iemand wat weet waarheen hy oppad is. Nie soos iemand wat op sy dag uitgepass met 'n naald in 'n arm iewers in 'n stegie kon gelê het nie.

“Missis Chalmers sê ander mense se boeke is duister,” sê sy vir Liefie.

Liefie antwoord nie.

Na 'n ruk sê sy: "Jy weet Nat, miskien wíl party mense in dié shit hole bly. Ek dink nie my ma en my anties het al ooit daaraan gedink om op enige ander plek te bly nie. Miskien wil ek en jy ook hier bly want ons weet nie van beter nie. Miskien is dit so bedoel dat party mense op simpel plekkies moet lewe. Kyk nou maar die Gautengers. Hulle dink mos hulle is God's gift to mankind. Hulle verkyk hulle aan die shit plekkie en dan dink hulle dis dan so nice hier, en aag moeder, hulle geld hou die ou plekkies aan die lewe." Sy trek een van die leë stoele nader en strek haar bene in die son daarop uit.

“Maar dit werk eintlik anders. Hulle weet nie van die mense wat nie kos het nie en hulle weet nie van die mans wat hulle vrouens moer omdat hulle niks anders het om te doen nie en dat jy jou hier moet doodsuip om iets oor die lewe te voel nie." Sy wikkel haar bene in die laatmiddagsonnetjie.

"Hulle dink ons is stupidrig en common maar nogal cute, want ons praat mos so oulik. Ons sê nie 'ek' soos hulle nie. Ons is entertainment vir hulle.”

Sy trek haar rok hoër op om meer son op haar bene te kry. "Ek het actually nogal 'n goeie bate. As ek eendag famous is en die *You* vra my in 'n onderhoud wat dink ek is my beste bate, gaan ek sê my bene. Dis nie eers 'n issue nie." Sy lag en sit 'n ruk met haar kop agteroor.

"En waarvoor gaan jy famous wees?"

"Mmm...," sê Liefie. Sy dink 'n ruk. "Vir daai kookboek of course. Mietie se Karoo cuisine met 'n twist. Lamskenkels met fois grass en Australiese bier en sulke goed." Nathalie lag.

“Maar wat die Gautengers nie verstaan nie is dat hier mense is wat asemhaal op dié plek. Ons lewe hier. Eintlik is dit óns wat plekke soos Hoopvol aan die lewe hou. Dis óns hande wat die werk hier doen en dis óns bietjie geld wat die tille laat sing op hierdie dorp. Dis nie die Gautengers nie. Dis óns wat die goed by Pep en die ander cheap plekke koop,” sê Liefie.

Nathalie slurp aan haar koffie terwyl sy na Liefie kyk.



© University of Pretoria

"Jy sien, suster, hier sit ons want ons kan nie hier weg nie. Miskien wíl ons nie hier weg nie. Dis ons lewe. Hoopvol. Hulle moes die flippen plek eintlik Hopeloos gedoop het."

"Jy kán probeer om iewers by 'n sjefskool of soiets in die Kaap in te kom. Hulle gee dalk beurse en jy hou van kosmaak en ..."

"Kaap toe! Met geld wat jy waar kry? Van my vermoënde ouers?" Liefie snork en plak haar leë koffiebeker op die tafel neer.

"Nee, op dié plek sal ek sit. Vir die res van my lewe soos my ma en my anties en die hele ou spulletjie voor hulle. Ek sal 25 snotneuskindertjies hê en my man sal my donner as hy te veel gesuip het nadat ek Sewende Laan gekyk het, elke aand. Mind you, dit behoort die hoogtepunt van my dag te wees. Sewende Laan."

Nathalie kan nie help om te giggel nie. "Vyf en twintig?"

Hulle begin albei lag, maar Nathalie weet. Liefie kan maklik reg wees.

Mietie roep deur die venster: "Toe, roer vir julle!"

"Aag, ou Mietie," sug Liefie terwyl sy opstaan en haar koffiebeker van die grond optel.

* * *

Vertel my van Noupoort," sê Nathalie terwyl hulle in die bietjie son op die rots sit en na die water in die poel tuur wat elke Saterdagmiddag as hulle hier kom, minder raak. Dit word winter en die water raak te koud vir swem. Bobbie duik nog af en toe met sy onderbroek in die water en sy lag elke keer as hy deur die oppervlak bars en "Goeiemôre, Suid-Afrika!" skree.

Sy hou hom dop terwyl hy onder die water swem. Sy kan vaagweg sy bewegende lyf uitmaak en sy wonder weer oor Bobbie van Noupoort.

Hy klim uit en gaan lê agteroor op die rots langs haar. "Noupoort is in the past and what happened at Noupoort behoort actually op Noupoort te bly," sê hy. Hy draai op sy sy en hou haar 'n ruk dop. Hy vat haar neus tussen sy duim en wysvinger vas en wikkel dit heen en weer.

Hy glimlag vir haar. "Maar vir jou wil ek nie secrets hê nie. Jy is nogal cool, Nathalie van Hoopvol. Moerse cool." Hy lê weer agteroor en kyk na die wolke wat bo hulle in die blou lug verbydryf.


© University of Pretoria

“Dit het skielik gekom. Dit was nou nie actually op my radar nie.” Hy glimlag. “Ek onthou daar was ‘n nuwe girl in ons skool. Sy het soos Annie Lennox van die Eurythmics gelyk. Sulke korterige hare en sy het serious attitude gehad.”

Hy streel oor haar arm sonder om na haar te kyk. “Ek onthou ek het nog so gekyk en gewonder: van wáár? Ons is na 'n club toe en ek het gedink, Annie, vannaand word jy gedruk dat die biesies bewe.” Hy bly ‘n ruk stil.

“Ja, ons het nogal gesuip, soos vir die eerste span maar alles was nog fine, soos in môre is nog ‘n dag en dan gaan ons nog P.T. doen by ou Bulldog. Toe sê Brian vir my in die toilet of is dit nie Brian nie?” Hy dink. “Ja, dit kon net Brian gewees het maar ek was nog nooit seker nie. Wie ook al, Brain of somebody het vir my gesê: Is jy in vir die trip of your life?” Bobbie draai op sy sy.

“Ek onthou ek het gesê: Vir séker. En toe druk hy die spuit in my arm en toe vlieg ek ver en hoog en ek dink… ek het gedink…” Hy vryf oor sy kort swart hare. “Ek dink ek het toe gedink, here it comes. Uiteindelik. Life.”

Nathalie streel oor sy hare. “Wat eintlik die snaaksste was, die volgende oggend toe ek wakker geword het en soos shit gevoel het, het ek in die kombuis na die roosterbrood met die geel roereier op wat my ma gemaak het, gekyk, en ek het gedink: Wat het ons híér, you can’t be serious! Nat, ek bedoel, na waar ek was, róéreier. Have a heart.” Hy begin lag.

“Die hele dag het ek gedink aan die prentjie wat ons op laerskool of in die Sondagskool of wherever geteken het van Abraham wat met sy kop op ‘n klip gelê en slaap het. Daar was so ‘n leer wat na die hemel gereik het met engeltjies wat netjies opgeklim het. Tip, tip tip. Te cute. Later die dag toe ek in die Wiskundeklas gesit en oor my droë lippe gelek het, het ek verstaan van Abraham en die engeltjies. As daar ‘n god iewers is, het ek hom ontmoet. Sommer net so. Tip, tip, tip. Baie vinnig. No sweat. Jy hoef nie eens elke Sondag die kerkbanke blink te sit soos my ma-hulle nie. Dit was nogal flippen maklik.”

Hy kom orent. "Kom ons gaan swem!"

"Dis te koud," ril Nathalie maar trek nogtans haar klere uit. Sy dra nou haar swembroek onder haar klere as hulle Saterdae hierheen kom. Vir ingeval. Nie dat sy omgee om met haar panty en haar bra voor Bobbie te swem nie maar sy dink elke keer aan Pastoor Chalmers. Sy dink hy sal bly wees dat sy 'n swembroek onder haar klere dra.



© University of Pretoria

Die water is warmer as wat sy gedink het dit sal wees. Bobbie duik soos gewoonlik onder die water in. Sy sien hom 'n ruk lank nie. Sy hoor hy verskyn agter haar en toe vat hy versigtig van agter om haar lyf asof sy fragile is. Hulle dryf 'n ruk geruisloos in die water. Natahlie hoor die tortelduiwe en die Karoo-geluide wat sy so goed ken maar nooit eintlik na luister nie. Sy kyk na die wolke terwyl hulle soos een lyf in die water dryf. Geruisloos.

"En toe Bobbie van Noupoort?" Hy los haar en dryf op sy rug op die bruin-groen water. Hy kom orent, klim uit en gaan sit op 'n klip op die wal oorkant haar. Hy skud sy kop vinnig heen en weer en skree: "Sjoebededoedaaidaai!" Sy lag.

"Nathalie van Hoopvol, toe was dit vinnig down hill." Hy gaan lê op sy rug. "Soos jy dit nie kan glo nie. Èk kan dit eintlik nie glo nie. Ek dink ek was gehook na daai eerste trippie in die Purple-whatever. Ek kan nooit die plek se naam onthou nie. Dit was iewers naby die universiteit, dink ek." Hy buig sy kop agteroor en staar na die blou wolke.

"Dit was eers na so drie maande dat my pa-hulle iets agtergekom het. Jy moet onthou, ek was 'n netjiese seun. Huiswerk gedoen en gesing in die koor en al daai jazz. En toe is alles skielik anders, vir ons almal. My pa, die ouditeur, het in sy kop sommetjies gemaak. Ek het hom so gekyk. Die debiete en die krediete moet iewers opline, ek is seker dit is wat hy gehoop het."

Nathalie vat sy kuite vas en kyk na sy smal voete met die lang tweede tone.

"Die eerste keer toe die debiete en krediete nie vir my pa mooi in kollometjies geland het nie, was toe hy begin agterkom het ek steel hulle goed. Ek het net eers 'n paar tools in die garage gesteel. Hy was nie actually jou average handy man nie, my pa, so ek het geweet hy sal nie sommer agterkom nie. Eers die boor en toe die side cutter en toe die ou mikrogolfoond wat my ma in die garage gebêre het en toe sommer wat ek ookal by die huis kon uitkry sonder dat hulle dit sien. As I say, no limits. Heavan can't wait."

Nathalie klim uit en gaan sit langs hom op die wal. Sy maak haar hare met haar T-hemp droog.

"Dis oukei Bobbie, ek wil nie verder hoor nie. Ek dink ek verstaan." Hy glimlag en keer haar om op die rots.

"Eina man! My rug kry seer," lag sy.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Nathalie van Hoopvol, jy moet álles weet." Hy soen haar op haar voorkop. Hy leun weer agteroor en sug. Hy kry sy lê langs haar.

"Die reality check het 'n ruk vir my pa gevat. Ek dink dit was toe my PlayStation skielik verdwyn het. Ek onthou hoe sy oë gesê het: Lekker, lekker panic, wat het ons hier?"

"Aag Bobbie, dis genoeg. I get the picure," sê Nathalie verleë.

"Jy het nie 'n idee nie," sê hy terwyl hy sy rugsak nader sleep. Hy haal vir hulle elkeen 'n blikkie Sprite uit sy sak. Hy maak 'n blikkie oop en druk dit in haar hand.

"Die bottom line was dat hulle uiteindelik besef het, hier is 'n issue waarmee hulle sou moes deal. Hulle het alles gedoen wat hulle gedink het 'n ma en pa moes doen. Groepsessies en sielkundiges en ek moes orals saam tros. En toe is dit inrigtings en gebedegroepies en jy wil nie weet nie. En ek wou net die heel tyd vir hulle sê, chill pappie en mammie, dis nie julle skuld dat ek die hemel gesien het nie. Julle sal nooit verstaan nie. Ek het sleg gevoel omdat hulle so oukei was en so hard probeer het, maar ek dink nie daar was 'n manier hoe hulle ooit sou kon verstaan nie." Hy druk 'n duik in sy leë Sprite-blikkie en stop dit in sy rugsak.

"Ek was in baie plekke met goor mense en nice mense wat geblah, blah en blah het. Dit het nie veel gehelp nie. Hulle vertel vir jou van die onnatuurlike goed wat in jou kop gebeur. Die kleure en die hemel kan hulle vir jou verduidelik. Dis chemiese prosesse in jou brein en ek wou vir hulle skree: So what! Weet julle waar ek was? Kan julle verstáán waar ek was?"

Hy glip weer die water in en swem met lang hale onder die water. Hy glip dié slag stadig deur die oppervlak en trek haar aan haar bene die water binne. Hy hou haar was.

"Wat verander het, is nogal weird en stupid en eintlik easy. My ma was met al die pille wat haar shrink vir haar voorgeskryf het, in die bed, nat lappie op die kop, die hele storie. Ek het een aand deur my kamervenster gekyk en my pa gesien. Dit was al donker. Hy het op 'n tuinstoel langs die swembad gelê. Met so 'n ou simpel blou swembroekie aan met sy glas whiskey op sy kaal bors gestut. Ons hond het by sy voete gelê en my pa het na die blou water van die swembad gestaar. Roerloos. Nou en dan 'n slukkie gevat. Toe sien ek hy het 'n boepie



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gekry en sy borshare word grys en die hare op sy kop is ook skielik iewers heen. Toe dink ek, pa vir jou sal ek dit doen. Omdat jy oud word en die kredietie en die debiete nie vir jou 'n sommetjie geword het nie. Dis nie fair nie. En toe was dit Noupourt. Hallo, hell hole, maar dit het my kop geswaai." Hy draai haar om en kyk in haar oë.

"Maar nou is ek hier. 'n Pillar of society, sou ek sê." Hy trek haar nader en soen haar op haar lippe. Saggies.

"Nat, jy is verfokkenblerrietasties. Jy moet nooit weggaan nie," fluister hy in haar oor.

En Nathalie het gedink: Bobbie van Noupoort met die fris beentjies, sonder jou wil ek nêrens heen nie.

**Hoofstuk 16**

Toe die vrou haar steak die derde keer terugstuur, besluit Ben dis nou genoeg. Hy draai net daar om en luister nie verder wat sy sê nie en hy gaan sit op 'n trappie buite die Spur.

Hy steek 'n sigaret aan en weet almal gaan op sy kop dinges omdat hy nou hier sit want hy mag nie in die sentrum rook nie en hy moet werk maar hy gee nie om nie. Genoeg is genoeg en daar is nie 'n manier dat hy weer vanaand die Hilbilly Rock gaan dans of in 'n ry agter die ander gaan aantros om vir die soveelste keer met 'n koek met common fireworks op *Happy Bithday to you* te gaan sing nie. Daar is nie 'n manier nie.

Hulle kan hom nou maar fire. Hy verpes dit in elk geval om hier te werk.

Alta loer om die restaurant se deur. "Jy gaan in groot moeilikheid kom Ben," sê sy met groot oë.

"Cry me a river," sê hy vir haar en trap die stompie dood.

"Kom in!" sê sy benoud. "Ek het klaar vir daai vrou wat so moan 'n ander steak gevat. Ek sal die tafel oorvat. Kom net in voordat ou Annatjie jou sien. Sy wou jou al fire en jy moet jou werk oppas."

Hy weet sy is reg, dink hy toe hy dikmond by die glasvoordeur van die restaurant inloop. Hy dink Alta het die hots vir hom. Moet wees want hoekom sou sy so oor hom faf asof sy vir hom verantwoordelik voel.

Hy gee twee spyskaarte vir 'n man en vrou wat in die rokersarea gaan sit



© University of Pretoria

het. Omdat hy rook, dink almal hy is oukei met die rokersafdeling maar hulle is verkeerd. Hy verpes die stinkende plek.

"Iets om te drink?" vra hy vir die mense nadat hy 'n wynlys voor die man neergesit het. Die man blaai lusteloos deur die wynlys.

"Julle het nie veel om oor huis toe te skryf nie," sê hy vir Ben.

Ben byt op sy tande.

Die man bestel 'n bottel rooiwyn en die vrou steek twee sigarette aan. Sy oorhandig een aan die man."In elk geval..." hoor Ben haar sê terwyl hy wegstap.

Alta keer hom buite die rookarea voor. "Annatjie sê ons moet by tafel 14 gaan sing. Ek is seker dit sal die laaste keer vanaand wees. Daar is nie 'n manier dat nóg iemand vandag kan verjaar nie," sê sy verskonend.

Ben kry haar jammer. Sy bedoel goed hoewel sy partymaal te goody two shoes na sy sin is. Ek is nie jou charity case nie Alta, wou hy al baie vir haar gesê het maar hy kry haar jammer. Hy dink sy kry hóm jammer oor sy ma en Elma en sy pa wat weg is, maar hy wil nie jammer gekry wees nie.

Toe hy later na die kamer wat hy naby die universiteit huur, stap, besef hy weer dat dit nie die werk by die Spur is of nét die werk by die Spur is wat hom so de donner in maak nie.

Hy kry nie sy pa nie. Dis die eintlike rede waarom die wêreld hom so druk as hy eerlik moet wees, weet hy. Sy pa werk nie by die Bloemfontein se varsprodukte mark nie. Hy was die afgelope drie maande baie daar, nie net om na sy pa te soek nie maar ook om te probeer werk kry. Hy kry nie sy pa nie en hy kry ook nie werk op die mark nie.

Die Spur was die enigste plek wat hom sonder kwalifikasies en ondervinding 'n kans gegee het en dit was ook maar net omdat Alta vir hom 'n goeie woordjie gedoen het. En sy het vir hom die kamer naby die universiteit gekry. Nie dat dit actually so naby is nie maar hy kan seker nie kla nie.

Hy weet nie nou wat verder nie maar hy dink nie Tannie Pop se agterkamer is meer 'n opsie nie al het sy gesê sy hou dit vir hom. Dit sal nie meer vir hom werk nie en hy is nou so agter dat hy graad 11 heeltemal sal moet oordoen as hy teruggaan. Dit sal eers volgende jaar kan gebeur maar hy is ook nie seker of hy wil terug skool toe nie.

Hy het al 'n slag gedink hy moet homself uitvat. Niemand sal tog omgee nie



© University of Pretoria

maar dan dink hy weer aan sy pa. Andrew van Moerdyk-markagente het gesê sy pa is a cool ou. En as sy pa geweet het hy wat Ben is, haal iewers op hierdie aarde asem, sou hy mos ook na hóm kom soek het maar sy ma het gesê hy is dood voordat sy geweet het sy verwag. So dis mos nie actually sy pa se skuld dat hy nie weet nie.

As hy sy pa kry, sal dinge dalk anders wees. Sy pa sal 'n plan met sy lewe sien. Miskien. Maar as sy pa nie dood is nie, weet hy dalk dat hy 'n kind het. Hoekom het hy dan nooit na hóm kom soek nie? Hy weet nie en dit maak hom so de donner in vir alles en almal dat hy nie weet nie. Ook vir sy ma wat vir hom gelieg het. Hoekom het sy gelieg? Was sy pa dan 'n baddy? Dit laat hom skuldig voel omdat hy vir sy ma kwaad is want sy is dood maar hy kan dit nie help nie.

Die kamer agterin die erf wat hy huur, is nie duur nie maar hy sukkel om elke maand genoeg vir die huur bymekaar te maak. Hy kry nie baie geld by die Spur nie en die mense is suinig met tips. Dis eintlik maar net Alta van hulle klomp waiters wat goed doen omdat sy so nice met die mense is. Hy het al probeer om nicer met die mense te wees maar jy moet soveel stront van hulle opvreet dat hy ophou probeer het.

En hy kry deesdae nagmerries oor die brand. Elke keer as hy probeer om in die brandende huis te harloop, wil sy voete nie beweeg nie en hy hoor hoe Elma hulpeloos skree en hy kan niks doen nie. Dan skrik hy natgesweet wakker en gaan sit buite in die tuin en rook. Hy is al bang om te gaan slaap.

Dit was 'n besige Sondagmiddag toe die Spur van hoek tot kant gepak was, dat die tannie met die purple rinse vanuit Pretoria gebel het. Ben het haar eers nie herken nie en hy wou sy selfoon dooddruk want hulle was besig en hy het 'n steak gedra wat hy by tafel 14 moes aflewer. Toe sy sê: "Ek onthou nou waarheen ou Oil is toe hy hier by Moerdyk weg is." Hy het versteen en die bord voor 'n verbaasde gesig op die naaste tafel neergeplak. Buite toe gestap om beter te kan hoor.

"Ons het mos gisteraand 'n program op televisie gekyk en toe onthou—"

"Waar is hy Tannie," het Ben ongeduldig gevra en gevoel-voel na sy sigarette in sy broeksak.

"Die slagpale. Hy het toe mos werk by die Bloemfontein se abattoir gekry. Ek



© University of Pretoria

onthou nou goed."

**Hoofstuk 17**

“Gaan jy my ooit hier weg vat op jou bike, tot doer anderkant die rantjies?” vra Nathalie vir Bobbie waar hulle langs Frans-hulle se swembad onder ‘n boom lê en kyk hoe die ander in die water baljaar.

Fiona flirt met al wat seun is. Sy sit op Gielie se nek en giggel. Liefie sit eenkant op die rand van die swembad. Nathalie sien sy hou vir Frans dop. Haar oë volg elke beweging wat hy maak. Die dish van die distrik. Hy is ‘n paar jaar ouer as hulle maar sy suster wat nou op Stellenbosch swot, was saam met hulle in matriek. Dit is vandat Bobbie op Hoopvol beland het, dat Frans soort van deel van hulle crowd geword het. Dis by hom dat Bobbie die motorfiets gekoop het en van toe af is hulle pelle. Frans slaan so nou en dan saam met Bobbie by die Rose se pub uit maar hy is nie eintlik ‘n kuiergat nie. Sy is half bly want sy is partykeer bang Bobbie geniet sy geselskap meer as hare. En Frans kan nogal by boerderystories vashaak. Boring verby.

“Wel Nathalie van Hoopvol, die hoop beskaam nooit nie,” sê Bobbie op die handdoek langs haar.

Sy draai op haar sy en hou hom dop. Sy trek met haar vinger ‘n lyn van sy voorkop af, langs sy neus verby en streel vlugtig oor sy mooi mond, tot by sy ken.

“Hoekom is jy altyd so ernstig? Ek bedoel… Chill 'n bietjie en laat die hare hang. Ons is mos in die lente van die lewe of so iets,” sê sy.

“Ek weet nie ou Nat. Sal jy regtig jou sakkie pak en agter op my bike klim sonder om te weet waarheen? Dan vaar ons die wye wêreld in en ons kyk waar kom ons uit?” Hy glimlag. Sy vat sy hand en kyk na sy mooi hande met die mooi naels. Sy streel sy vingers liggies een vir een. Toe kyk sy op.

“Ek sal Bobbie. Seriously, ek dink ek sal kan want ek vertrou jou. Jy sal mos mooi na my kyk. Soos in for ever and ever.” Sy dink eers sy maak ‘n grappie maar skielik besef sy sy is dood ernstig. Sy sal, sy weet sy sal.

Frans klim uit die swembad en begin sy lenige lyf afdroog. “Move it Bob. Ons moet die vuur aansteek.” Bobbie staan op en kyk na Nathalie met sy hande in



© University of Pretoria

sy sye.

"Ons sal maar moet sien, mooi Nathalie van Hoopvol.  Ons sal van iets meer as koue water en warm liefde moet leef maar wie weet." Hy en Frans stap geselsend na die braaier aan die ander kant van die swembad en begin met die vuurmaakgoed werskaf.

Nathalie trek haar T-hemp oor haar swembroek aan en gaan sit langs Liefie met haar voete in die water.

"Jy check ou Frans maar lekker uit né. Ek kyk vir jou," sê sy vir Liefie wat met haar handdoek om haar skouers sit.

"Nee wat, ek is nie wit genoeg vir die ryk Van Eedens nie," sê Liefie.

"Komaan. Hulle is nie só nie," sê Nathalie.

"Nee hulle is seker nie só nie maar jy weet tog daar is nie 'n manier dat Frans met my aan die arm en 'n diamond aan my vinger by mammie en pappie sal opdaag nie al is hulle nie só nie." Nathalie sê niks nie. Sy weet Liefie is reg.

"Ek dink in elk geval Frans gaan eendag met een van die stoetooie trou. Hy stel nie eintlik in iets anders as skape belang nie en ek sien nie kans om met die stoetooie te compete nie."

Nathalie lag. "As dit nie vir mense soos Frans was nie sou die Gautengers nie so lekker aan ou Mietie se Karoo-kos kon weglê nie. Wat sou haar kerrie en haar stews sonder ou Frans-hulle se aandeel gewees het?" Liefie trek die handdoek stywer om haar skouers.

"Ou Mietie maak eintlik lekker kos. Alles is net so swáár en gáár en gekóók," sê Liefie." Hulle hou 'n ruk vir Fiona dop wie se aandag nou na Kevin wat ook soos Bobbie 'n kamer by Tannie Rhoda huur, aan die anderkant van die swembad verskuif het.

"Ek kan nie glo Fiona het so vinnig van Sustertjie Kloosterkoek tot Tannie Tertjie in net 'n paar maande getransform nie. Ek sien haar nog soos sy met die Bybel en die Psalmboek onder die arm vasgeknyp op haar high polfies deur Hoopvol se stofstrate kerk toe stap, soos in twee maal elke Sondag. Neus in die lig. Kyk nie links of regs nie," sê Liefie.

"Sies Liefie," lag Nathalie. "Ek dink nie sy is regtig so los as wat dit lyk nie. Sy soek ook maar 'n gap om van haar simpel lewe in hierdie simpel plek af weg te kom. Sy is eintlik baie mooi. Kyk net hoe mooi lyk die lang, ouburn hare al is



© University of Pretoria

hulle nou net nat toutjies. En die vol mond. Ek is seker daar is nie 'n man wat daai mond wil soen nie. Sy kan maklik 'n model word as sy net die kans kon kry."

"Daai Kevin gee my die creeps," sê Liefie.

"Hy is dan 'n diaken en als," sê Nathalie.

Liefie snork. "As hy jou alleen kry, gooi hy die Bybel onder die bed in en druk vir jou vas," sê Liefie. Nathalie giggel.

"Whatever," sê Liefie terwyl sy opstaan. "Ek kry nou koud. Kom ons gaan staan by die vuur."

Toe Frans hulle later met sy pa se Volswagen-minibus terug Hoopvol toe neem, sit Nathalie en Bobbie op die agterste sitplek. Niemand praat nie. Hy slaan sy arm om haar skouers en sy leun met haar kop op sy skouer.

"Ek sal maklik kan," fluister sy later in sy oor in die donker. Hy sê niks nie maar sy weet hy weet. Sy sal. En sy weet hy dink.

**Hoofstuk 18**

Ben klim eers vier dae later op 'n taxi om hom na die abattoir in die buitewyke van Bloemfontein te neem.

Hy moes wag vir sy oggend af, maar hy was skielik rustig. Hy was bly hy hoef nie dadelik te gaan nie. Hy is bang sy pa werk nie daar nie. Hy weet nie wat dan nie. Hy is te bang om te hoop.

As hy saans na die sterre kyk in die agterplaas van die kamer wat hy huur, wonder hy oor die lewe en oor mense wat nie 'n pa het nie. Is 'n pa regtig 'n issue? Hy weet nie. Maar orals waar hy gaan, sien hy pa's en seuns. In die mall, by die Spur, op die sypaadjies, op televisie. Dis asof iemand aspris vir hom wil sê: Kyk, Ben, álmal het 'n pa, net jy nie.

Oom Fanie wat in die groot huis op die erf bly, sit soms na ete saam met hom op die tuinbankie.

"My seun is 'n tandarts. Ons was baie trots op hom toe hy sy graad gekry het. Nou bly hy in Engeland. Ons het al 'n slag gaan kuier, maar wat, die wêreld daar is te vreemd vir ons. Ek dink nie ons sal weer gaan nie. En die weer. Nie baie lekker nie, sê ek vir jou." Hy staan op.



© University of Pretoria

"Ja, ons het maar gesukkel met die geld toe hy op universiteit was maar ons het dit gemaak. Hulle kom so een keer elke twee jaar hier by ons kuier, maar ek dink nie hulle wil meer nie. Hulle het Suid-Afrika afgesterf. Regte souties, sê ek vir jou. Hulle kinders kan nie eens Afrikaans praat nie."

Ben wonder of hy sy pa net sommer só in Suid-Afrika sou los en in Engeland sou gaan bly het as hy 'n tandarts was. Nie sommer nie.

Vrydagoggend haal hy 'n taxi wat hom na die abattoir neem. Dit is buite die stad. Dit word lente. Hy sien bloeisels aan die vrugtebome in die mense se tuine.

Die taxi laai hom voor 'n eenverdiepinggebou af. Dit lyk net na 'n gewone gebou. Hy weet nie wat hy verwag het nie want hy het nog nooit in sy lewe aan 'n abattoir gedink nie. Hy kan nie sien wat agter die gebou gebeur nie maar dis seker waar die diere geslag word. Hy hoor en sien niks nie. Nie 'n geblêr of 'n gebulk of so iets nie. Hy ruik ook niks nie. Hy het gedink 'n mens ruik miskien iets, wat kon hy nie raai nie.

Hy wonder of sy pa binne die gebou gaan wees. Miskien ry hy sommer nog vandag saam met sy pa huis toe. Hy sal nie omgee om hier buite vir sy pa te wag totdat hy klaar gewerk het nie. Hy is eintlik easy. Hy sien 'n Total-garage aan die oorkant van die pad. Hy sal vir hom koeldrank en iets te ete gaan koop as hy honger word.

Hulle sal na werk net gou sy goed by Oom Fanie-hulle gaan oplaai en sy pa sal sê hy kan sommer net Spur toe bel om te sê hy werk nie meer daar nie. Hy sal kyk of hy vir Ben 'n joppie by die slagpale kan organise. Dan kan hulle saam werk toe en terug ry.

Die gebou is met 'n draadheining omhein en hy moet 'n klokkie by die hek druk. By die ontvangsvertrek vra 'n onvriendelike vrou wat hy wil hê. "Ons vat nie nuwe mense in nie. Jy het seker die kennisgewing teen die draad gesien. No vacancies," sê sy stuurs.

"Ek soek eintlik na my pa. Hy werk hier."

"Maar dan weet jy seker dat hy nou besig is. Niemand word op die slaglyn toegelaat nie. Net die mense wat hier werk." Sy draai weg van hom en konsentreer op die rekenaar.

Ben maak keel skoon. "Eintlik is ek nie seker of hy hier werk nie."



© University of Pretoria

Die vrou kyk gesteurd op.

"Ek is baie besig."

"Ek ken nie my pa nie. Mense in Pretoria het gesê hy werk dalk hier."

"Ek verstaan nie wat jy van my wil hê nie," sê die vrou ongeduldig.

"Ek het gehoop Tannie kan dalk net vir my kyk of hy hier werk."

"Skryf sy naam neer en maak seker van die spelling. Hier werk honderde mense."

Hy skryf sy pa se naam in groot, duidelike letters in die notaboekie. Die vrou draai na haar rekenaar en tik op die sleutelbord. Sy kyk 'n ruk na die skerm. Sy skud haar kop. "Hier werk nie so iemand nie. Is jy seker van die spelling en is dit sy volle voorname? Oil? Byname werk nie."

Ben is nie seker van die spelling nie en hy weet nie wat sy pa se volle voorname is nie. Hy kyk woordeloos na die vrou. Sy sug. "Ek dink nie ek kan jou help nie."

"Kan ek nie net vinnig gaan kyk nie? Ek weet hoe hy lyk," probeer Ben desperaat.

"Watter deel van jy mag nie hier in nie, verstaan jy nie?" vra sy ongeduldig.

Ben stap afgehaal terug na die hekkie. Buite die heining gaan sit hy onder 'n boom en dink. Hy weet nie eers of die tannie met die purple rinse in Pretoria reg was toe sy van die abattoir op Bloemfontein gepraat het nie. Dis ook nie te sê sy pa het wel by die abattoir werk gekry nie. Hy weet nie wat hy moet doen nie.

Hy stap moedeloos tot by die Total-garage en koop vir hom 'n pastei en 'n bottel water. Hy stap terug tot by die boom buite die abattoir. Hy eet terwyl hy die gebou dophou.

Toe besluit hy. Hy het nou klaar na sy pa gesoek. Hy gaan terug Johannesburg toe. 'n Pa is nie so a big deal nie en as sy pa enigsins vir hom omgegee het, sou hy na hom kom soek het. Hy het nie.

"Vlieg moer toe, Pa," sê hy hardop terwyl vir vir 'n taxi wink om hom op te laai.

**Hoofstuk 19**

Tannie Lettie klik haar tong verontwaardig toe Liefie bel om te sê die mense van



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Potchefstroom is ontevrede oor hulle kamer. Sy moet by ontvangs kom help. "Hulle moet sommer deur ry Kaap toe," sê sy terwyl sy steunend vanuit die gemakstoel in die prime lounge orent kom.

"Ek is nie lus vir mense met fiemies nie," sê sy vir Juffrou September wat oudergewoonte met haar hande agter die rug na Hoopvol se hoofstraat staan en kyk.

Tannie Lettie loop steunend deur toe. "Nou terug, Sista," sê sy vir Juffrou September.

"Nathalie, skink daar nog 'n glasie Chardonnay," sê Juffrou September vir Nathalie wat besig is om die bakkie op die koffietafel vol grondboontjies en rosyne te maak.

Nathalie hoor die gedreun van die motorfiets in die hoofstraat. Bobbie, sy weet. Sy ken sy klank. Sy oorhandig Juffrou September se glasie en gaan staan langs haar. Hulle kyk na Bobbie wat lekker kaaitjie van die baan in die hoofstraat afjaag.

"Ek weet niks van die knapie van Noupoort af nie, maar Lettie het my alles vertel wat sy dink. Ek glo altyd vir Lettie." Juffrou teug fyntjies aan haar drankie.

"Moet ek vir Lettie glo?" Sy draai na Nathalie en kyk stip na haar met die hartseeroë. Sy het mooi oë, besluit Nathalie. As sy net 'n bietjie minder sad is en so nou en dan glimlag, sal Juffrou September eintlik mooi wees.

"Julle is toe mos op 'n motorfiets hier by die dorp uit. Sommer net so. Almal praat daarvan. En het hy nie 'n history nie? Het hy jou hart gesteel? Jy kan maar vir my sê."

Nathalie glimlag verleë. Wat kan sy oor Bobbie van Noupoort sê? Sy weet nog nie wat om oor hom te sê nie, maar sy weet sy kan maar vir Juffrou sê as daar iets te sê is.

Sy kyk weer saam met Juffrou September deur die venster. Die dag se dinge kom tot 'n einde. Mense loop met inkopiesakke in die rigting van Kleinkoppies. Sommige druk in gesprek. Hier en daar kan hulle 'n woord uitmaak oor onreg wat deur die dag gepleeg is en die buitensporige pryse van inkopies. Wat vanaand op Sewende Laan voorlê. Hoopvol-gesprekke. Enkele motors ry by die hotel verby op pad huis toe. Dit is al sterk skemer.


© University of Pretoria

Die aakligste tyd van die dag, dink Nathalie. Die tyd wanneer sy gewoonlik voel sy is alleen op die aardbol en dat sy nooit weer oor iets gaan bly wees nie. Maar nou is daar Bobbie. Bobbie van Noupoort wat saam met haar op hierdie aardbol is, iemand wat dink sy is verfokkenblerrietasties.

"Ek weet nie, Juffrou. Hoe weet 'n mens? Hoe het Juffrou geweet...?"

Juffrou neem weer 'n klein teugie. Sy antwoord nie. Sy vou haar arms. Sy staan ingedagte.

"Jy weet net," sê sy oplaas en toe sagter: "Jy weet."

"Sy sit haar glas op die tafeltjie neer en vat Nathalie se hande in albei hare. Sy kyk lank na haar.

"Onthou altyd, die liefde is die hoogste bod. Niks anders maak saak nie," en toe heftig, "Hoor jy maar vir my, níks nie!" Sy pluk die Gucci's ongeduldig uit en gooi hulle dat hulle daar trek.

Dit is die eerste keer dat Juffrou die Gucci's in die lounge uittrek, besef Nathalie verbaas. Juffrou moet baie ontsteld wees.

Hulle hoor weer die motorfiets aangery kom.

Nathalie wonder of sy weet. Oor Bobbie. Sy weet nie.

Sy sien die hond op die oorkantste sypaadjie aangedrentel kom wat voor Bobbie gaan inloop. Sy wil skree maar sy weet hy kan haar nie hoor nie. Bobbie rem vir 'n vale maar toe hy uitswenk, gly die motorfiets. Die motorfiets val en tol op sy kant in die rondte in die hoofstraat. Bobbie skuif in die teenoorgestelde rigting oor die teerpad.

Nathalie hardloop by die trappe af. Uit by die voordeur tot waar Bobbie orent kom in die hoofstraat. "Is jy oukei?" vra sy benoud.

"Die donnerse hond," sê Bobbie kwaad. Hy staan sukkelend op. Daar is bloed aan sy elmboog en sy knieë is nerfaf. Hy loop hinkepink tot by sy motorfiets aan die anderkant van die straat. Hy tel dit op en bekyk dit.

"Kyk die moerse duik! En die skrape!"

Dis oukei, Bobbie van Hoopvol. Dis net 'n ding. Dis nie 'n mens nie, dink Nathalie verlig.

Bobbie probeer die motorfiets aan die brand skop. Dit vat.

"Halleluja," sê hy verlig.

"Ek sal vir Gielie bel om jou te kom haal."



© University of Pretoria

"Nee wat. Ek sal ry. Waar is daai blerrie hond? Ek trap hom sommer nou moer toe," sê Bobbie kwaad.

"Sal jy kan ry?"

"Ek dink so." Bobbie kry sy sit en sit sy helmet op. Bloed stroom uit die wond aan sy knie.

"Ek kom saam," sê Nathalie en klim agterop. Sy het nou vrede met wat ou Lettie te sê sal hê en sy het vrede dat sy nie 'n helmet ophet nie. Sy is seker Juffrou September sal met ou Lettie help waar sy kan.

Hulle ry tot by Tannie Rhoda se losieshuis waar Bobbie een van die ry kamers in die agterplaas huur. Hy parkeer die motorfiets onder die afdak langs die kamers. Hy loop kruppel-kruppel tot by sy deur en sluit oop. Nathalie klop aan die agterdeur.

Tannie Rhoda met 'n voorskoot aan maak die agterdeur oop.

"Bobbie het geval. Het Tannie dalk vir hom iets om aan te smeer?" vra Nathalie. Tannie Rhoda loer oor Nathalie se skouer. "Wat het gebeur?"

"'n Hond het voor hom in die hoofstraat ingeloop, maar ek dink nie dis te ernstig nie. Hy is maar net nerfaf en vol skrape."

Tannie Rhoda kom terug met 'n noodhulptrommeltjie en verduidelik wat Nathalie moet gebruik om die wonde te ontsmet en wat sy waar moet aansmeer en waarmee sy dit moet verbind.

Dit is die eerste keer dat sy in Bobbie se kamer kom. Dis klein. 'n Enkelbed en 'n kas en 'n lampie voor die bed. 'n Klein skryftafeltjie en 'n pine-stoel. 'n Wasbak, stort en 'n toilet agter 'n skerm in die hoek. Dit lyk so sad soos Juffrou se kantoor. 'n Leë dop sonder iets wat daarin lewe.

"Dis nie nodig nie, Nat." Bobbie beduie na die trommeltjie in haar hand.

Nathalie ignoreer hom en tap warm water in die wasbak agter die skerm en beduie Bobbie moet nader staan. Hy hinkepink tot by haar en gaan sit op die toiletsitplek. Sy was die seerplekke op sy elmboog en sy knie en smeer aan wat Tannie Rhoda aanbeveel het.

"Ek dink jou enkel is geswik," sê Nathalie terwyl sy hom dophou. Hy haal sy skouers op en gaan sit op die bed. Hy beduie sy moet langs hom kom sit. Sy skakel die hooflig af en hy skakel die bedlampie aan. Sy gaan lê in sy arms op die bed. Hy vryf oor haar hare. Hulle hoor van die ander loseerders buite op die



© University of Pretoria

stoep.

Iemand loer deur die kantgordyn.

"Skoert, Kevin!" sê Bobbie vir die gesig by die venster. "Hy dink seker ons vry, die perv. Ek wens ek kan hier wegkom. Almal is gedurig in almal se pad maar dit is die goedkoopste blyplek in die dorp," sê Bobbie vies. Nathalie glimlag. Sy staan op en skakel die ketel op die tafeltjie aan. Terwyl hulle die koffie drink, streel hy oor haar hare.

"Ek sal iewers werk moet kry om vir jou te sorg. Dalk op 'n myn of iewers. Dalk in die Noord-Kaap. Hulle sê jy werk dat jy blou word, maar jy kom met sakke vol geld huis toe. Dan kan ons trou en in 'n flat in Clifton gaan bly en as die son sak, sal ek Johnny Walker Blue drink en ek gaan vir jou sulke mooi skoene koop soos wat Juffrou September het. En vakansies..." Hy glimlag vir haar. "Waar wil jy gaan vakansie hou."

Sy haal haar skouers op. "Ek was nog nooit in die Kaap nie."

"Die Kaap! Ons gaan mos actually in die Kaap bly." Hy soen haar hand.

"Nee, vakansies...Ons gaan vakansie hou in Maritius en in Egipte. Ons gaan sulke cool jet setters wees." Bobbie sit die leë beker op die tafel neer.

Nathalie giggel. "Skoene is nie vir my 'n issue nie, Bobbie, en jy drink nie Johnny Whatever nie. Jy drink nie."

Bobbie soen haar liggies op haar voorkop. "Daar's nie 'n manier dat ons kan groceries of skoene koop met wat ek van die deliveries huis toe bring nie."

"Dit maak nie saak nie!" sê Natahlie heftig. Sy maak haar los uit sy omhelsing en sit regop. "You just don't get it! Ek wil by jóú wees, for ever and ever. Ek wil nie skoene of sakke vol kos hê nie." Sy vryf oor sy kop. "Jy is fine, net jy. Ek wil niks anders hê nie."

Hy lê op sy rug en staar na die plafon met sy hande agter sy kop gevou. Sy kry weer haar lê langs hom. Sy kyk na die motte wat om die bedlampie koek. Kort-kort lag Kevin-hulle op die stoep waar hulle sit en bier drink.

Bobbie draai na haar. "Ek weet nie," sê hy. "Ek weet eintlik nie what next nie."

Sy skuif om gemakliker in sy arm te lê. Sy hou sy regterhand in die lig en vryf oor sy mooi vingers met die vierkantige naels.

"Sal jy weer... Ek bedoel....drugs?" vra sy na 'n ruk huiwerig.



© University of Pretoria

"Maklik. Iemand moet net sê: Hoe lyk dit, Bobbie van Noupoort? Sien jy daai bridge over troubled water? En dan sal ek sê: Vir seker vat my saam."

Hy draai na haar en glimlag. "Maar ek dink nie dit is meer die ding vir my nie. Jy is nou die ding vir my, so ek dink nie ek sal weer nie. Maar ek moet nogal kophou. As ek by jou is, kan ek nie dink dat ek dit ooit gedoen het nie. Jy is groter as daai bridge over troubled water. Huge." Hy buig vooroor en soen haar sag op haar lippe.

**Hoofstuk 20**

Ben hou die gesinne dop wat by die Spur kuier en lag. As die wyn begin trek, is dit nie vreemd om hulle te sien baklei nie. Seker oor simpel goed. Dan gaan hulle huis toe en môre is alles weer fine as die wyn uitgeslaap is.

Gewone mense wat gewone dinge doen en saam onder een dak bly totdat Boetie of Sussie trou of gaan swot en sê: Cheers, Mammie en Pappie. Here we go!

Dan kry hulle babatjies en kom kuier naweke by oupa en ouma. Hy weet. Tannie Pop-hulle se kinders kom soms Sondae kuier en dan rumoer die kindertjies langsaan. Hy onthou hoe Tannie Pop se rumoerige kleinkinders hom geïrriteer het.

Sondae het hulle soms Dieretuinmeer toe gery en piekniek onder die bome gehou. Hy en sy ma en Elma. Hulle het partykeer 'n kano gehuur en dan het hy en Elma op die meer gevaar. Hy het elke keer gemaak of hy die kano gaan laat kante en hom gebreek as sy skree: "Ma!" Hulle ma het gewoonlik onder 'n boom gesit en lees.

"Ma! Kyk vir Ben! Hy wil my verdrink!" Hy glimlag. Sy ma het gewoonlik gemaak asof sy nie hoor nie. Etenstyd het hulle by die kiosk hamburgers geëet as hulle nie self 'n piekniekmandjie gebring het nie en hy onthou dit was nogal lekker om te lewe. Hy en sy ma en Elma en hulle het 'n huis met 'n tuin gehad. Hy en Kleynhans het naweke 'n bus gehaal en by 'n mall rondgehang. DVD-games in 'n arkade gespeel of gaan fliek. Die lewe was cool. Niks het hom eintlik gepla nie. Beslis nie 'n pa wat iewers in Afrika aan longontsteking dood is nie.

As hy eendag trou, sal sy kinders dalk nie eers een ouma of 'n oupa hê nie.



© University of Pretoria

Hy sal hulle van kleins af leer dat dit oukei is om nie 'n oupa of 'n ouma te hê nie. Dis nie a big deal as jy 'n ma en 'n pa het nie.

Hy kyk na Alta wat vriendelik met die mense gesels en alles moontlik doen om hulle ete by die Spur so nice as wat sy kan, te maak. Hy weet sy bedoel dit opreg. Dit gaan nie net oor die baie tips wat sy kry nie. Hy wonder hoe sal dit wees om met iemand soos Alta getroud te wees.

Sy het trane in haar oë gekry toe hy sê hy waai die einde van die maand terug Johies toe. Hy was nogal verbaas. Hy het nie gedink sy hou regtig só baie van hom nie.

Teen toemaaktyd kom sit sy by hom waar hy buite op die trappie sit en rook. "Ek gaan jou mis," sê sy. Hy antwoord nie. Wat is daar tog om te sê?

'n Man en 'n seun met krieketklere kom by die trappies afgestap.

"Jy gaan nog eendag vir die Proteas kolf," hoor Ben die pa sê. Hy sien die outjie glimlag verleë maar hy is lekker opgetrek met sy pa wat dink hy gaan nog ver kom.

"Dink Pa so?" hoor Ben hom sê.

"Dis een ding wat nie twee is nie," sê die man en gryp die seun speels om die lyf. Ben hou hulle dop terwyl hulle geselsend na die parkeerterrein stap.

Oom Fanie-hulle slaap reeds toe hy by die huis kom. Hy sit op die tuinbank en rook. Hy kyk na die sterre. Hy dink aan die outjie wat eendag dalk vir die Proteas gaan speel. Die pa sal seker so lekker met hom brag soos Kleynhans se pa as Kleynhans 'n drie druk, wat nogal gereeld gebeur. Kleynhans is nie voor in die koor as dit by skoolwerk kom nie, maar hy weet hoe om 'n bal te vang. Dit het almal afgepiepie as Kleynhans se pa so oor sy drieë langs die rugbyveld perform het. Kleynhans het gemaak asof dit hom ook afgepiepie het, maar hy kon sien Kleynhans was altyd ook maar lekker opgetrek met sy pa, al kon almal sy pa se bierasem langs die rugbyveld ruik.

Hy lê lank en rondrol in sy bed. Hy staan later op en gaan sit weer op die tuinbank. Dis koud maar dis beter as om in die smal, harde bed rond te rol.

Oukei, besluit hy terwyl hy die stompie dooddruk. Een laaste keer. Hy weet nie hoe nie maar hy gaan een laaste keer probeer om sy pa by die abattoir te kry, maar dan is dit klaar. Dan gaan sy pa nooit weer vir hom 'n issue wees nie.



© University of Pretoria

**Hoofstuk 21**

"Ons gaan Saterdag na Pastoor Chalmers se kerkbasaar in die parkie," sê Nathalie vir Liefie en Bobbie terwyl hulle in die hotel se binneplein middagete eet.

"Count me out. Ek doen nie meer kerk-do's op hierdie plek nie," sê Liefie. Bobbie sê niks nie, maar aan sy gesigsuitdrukking kan Nathalie sien hy is ook nie baie lus nie.

"Hulle gemeente het die geld nodig. Dis nou nie soos die groot kerk op die dorp wat kreun onder die rande wat die boere van die distrik aandra nie," sê Nathalie.

"Ek sal einde van die maand vir die gemeente 'n donasie gee," sê Liefie.

"Sies, Liefie. Die gemeente is arm en Kleinkoppies het die geld nodig. Pastoor Chalmers werk hard vir die armes."

"Ja, ek weet. Het jy vergeet ek en Olivia bly ook daar? Ons ken van die kerk se hand outs. Ons het ook op ons dag daarin geshare. Dit gaan nie daaroor nie. Ek doen net nie meer die pannekoek-ding in die parkie nie. Ek verpes dit."

"Ons kan gaan, maar ek doen baie deliveries op Saterdae, so ek sal nie te lank kan bly nie," sê Bobbie. Hy vee sy broodrol deur die sous op sy bord. Nathalie wonder wanneer ou Lettie iets gaan sê oor Bobbie wat soms etenstye by die hotel vir 'n vinnige happie inval en nooit betaal nie. Sy moes dit seker al agtergekom het, maar sy sal die battle face wanneer sy moet, besluit Nathalie.

"My donasie gaan ruim wees aan die einde van die maand," sê Liefie al kouend.

"Dis nie dieselfde nie. Ons moet wys ons stel belang. Kom eet dan net etenstyd kerrie en rys. Toe, Liefie."

Liefie sug. "Dis net, Kleinkoppies se kerk-do's laat my onthou van al die gesukkel en die min kos en die flenter klere. Dink jy dit was vir ons so 'n big deal om na julle wit skool te kon gaan omdat Juffrou September dit georganise het? Kan jy dink hoe ek daai eerste dag gevoel het met my stokou skoene met die gat in die sool tussen al die ryk boere se kinders? Ek het die hele eerste termyn my voet gesleep sodat niemand die gat kon sien nie. Ek is seker baie mense op die dorp dink nou nog ek het 'n gebreklike voet."



© University of Pretoria

Bobbie proes en Nathalie kan self nie help om te lag nie.

"Nou ja, dan doen jy dit vir al die ander arm kinders van Kleinkoppies wat hulle voete by die skool moet sleep," sê Nathalie.

Liefie kom tog Saterdagoggend saam toe Nathalie en Bobbie saam met Olivia na die klein parkie in die middel van die dorp stap. Harde musiek blêr iewers oor 'n luidspreker en hulle ruik al van ver af die bekende reuke. Pannekoek, braaivleis, vetkoek, poedings. Kindertjies jil en daar is baie mense. Pastoor Chalmers se kerkbasaar is duidelik 'n sukses, dink Nathalie dankbaar.

By die parkie se hekkie sit 'n tannie sonder tande by 'n tafeltjie gepak met gehekelde lappies en outydse doilies met gekleurde kraletjies om die rand. "Koop nou julle Christmas bargains dan hoef julle nie Christmas te sukkel nie. Liefie, jou ma hou mos van 'n mooi doilie. Koop sommer een vir die volgende Christmas ook," sê die tannie.

"Wat het my besiel?" fluister Liefie met 'n suur gesig.

"Dis nie so erg nie. Onthou jou gebreklike voet.

By die stalletjie wat worsrolletjies verkoop, sien hulle vir Sakkie agter die braaier. Hy het 'n ssimpel laphoedjie op en braai wors asof dit veediewe is wat hy onderhande het. Vat nie nonsens nie en seriously under control.

Nathalie sien skuldig die verslae uitdrukking op sy gesig toe hy sien sy en Bobbie loop hand aan hand. Aag ou Sakkie, dink sy, ek wens ek kon dit vir jou makliker maak, maar jy moet nou maar reality moet nou maar inskop. Daar is nie 'n ander manier nie. Ek en jy gaan nie 'n bondel kindertjies op Hoopvol langs 'n watervoor grootmaak nie.

Pastoor Chalmers (das en al) is in sy element. "Man, ons gaan lekker geld maak vandag. Dit gaan baie help om die sopkombuis in Kleinkoppies aan die gang te hou," sê hy vir Nathalie.

Al is Liefie nie baie entoesiasties oor haar liefdadigheidsbesoek nie, koop sy lekker en eet sy lekker.

Bobbie verdwyn kort-kort om 'n aflewering te gaan doen. Sherelene en Gilbert neem foto's van alles wat beweeg. "Wat gaan hulle tog met al die foto's maak? Gaan iemand ooit daarna kyk?" lag Liefie.

"Aag, dis maar sommer. Die mense geniet dit om afgeneem te word. Hulle is vir 'n paar oomblikke belangrik genoeg om raakgesien te word," sê Nathalie.



© University of Pretoria

Toe Bobbie weer 'n slag iets vir die slaghuis gaan aflewer, besluit Nathalie om 'n worsrolletjie by Sakkie te gaan koop. Sy weet nie hoekom sy skuldig oor ou Sakkie voel nie, maar sy voel skuldig. Hy sien haar eers nie raak nie. Braai vir die vale. Die vet stukke karoowors sis op die kole. Sakkie plaas die gaar wors in 'n groot bak wat eenkant op die braaier staan. By die tafel teenaan Sakkie plaas 'n tannie die wors in broodrolletjies en gooi 'n homp uie- en tamatiesous op elke worsrol vir die lang ry kopers.

Toe Nathalie voor in die tou staan, kyk Sakkie op.

"Ek wil twee van jou lekker worsrolle koop, Konstabel Abel," sê sy vriendelik.

Sakkie antwoord nie. Kyk weg en draai die wors op die rooster verwoed om. Hy kyk later op en sy oë lyk soos dié van 'n hond wat 'n onverwagse skop van sy baas gekry het. Aag ou Sakkie, dink Nathalie.

"Sakkie gaan 'n brekie vat. Iemand anders moet 'n ruk braai," sê Nathalie vir die tannie met die berg broodrolletjies op die tafel langs Sakkie. Sakkie sit gedwee sy braaitang eenkant op die rooster en stap agter Nathalie aan. Sy koop vir hulle koeldrank by 'n stalletjie en stap tot by 'n bankie aan die agterkant van die parkie, effens weg van die gedruis en die gedrang. Hulle eet in stilte.

"Sorry, Sakkie," sê Nahtalie.

Sakkie antwoord nie. Kou aan sy worsrolletjie en kyk voor hom op die gras.

"Jy weet natuurlik dat hy in Noupoort was. Vir drúgs," sê Sakkie skielik verontwaardig, sonder om op te kyk.

"Ek weet, Sakkie."

"Jy weet natuurlik dat ek een van die dae bevorder gaan word. Sersant en ek kwalifiseer vir 'n vet behuisingsubsidie. Ek het al op die dorp rondgekyk. Ek dink ek sal miskien 'n huis teen Mielie-se-kop kan koop. Een van die mooi met twee badkamers en 'n view. Ek dink ook om miskien 'n huis te laat bou. Dan kan 'n mens self die teels en als kies."

Hy kyk afwagtend na Natahlie. Sy vou haar hand oor syne sonder om na hom te kyk. Sy kyk na Patoor Chalmers wat tussen die stalletjies beweeg en met almal 'n ietsie gesels. Sy kan sien die pastoor is opgewonde. Die basaar is maklik die hoogtepunt van sy jaar, weet sy. Verder is daar maar min vir hom om na uit te sien. Daar is net die armoede en die ellende in Kleinkoppies en die suur draak by die huis.



© University of Pretoria

"Ek gaan saam met Bobbie weg," sê Nathalie oplaas. Die woorde klink vreemd in haar ore, maar terwyl sy dit sê weet sy dis waar. Sy gaan saam met Bobbie weg. Weg van die dorp en weg van die mense wat sy so goed ken maar sy moet. Hier wil sy nie meer wees nie.

Sakkie wikkel sy hand los en staan op. Hy stap terug na die braaier sonder om weer na haar te kyk.

"Sorry, Sakkie," sê sy weer maar sy dink nie hy het haar gehoor nie.

Teen twaalfuur sit hulle onder 'n boom en eet kerrie en rys op 'n kombers wat Olivia saamgebring het. Teen wil en dank geniet hulle hulle gate uit en tussen die grappies en die gelag deur, besef Nathalie Hoopvol is eintlik oukei. Sy voel vir die eerste keer in 'n baie lang tyd dat die lewe net soos Hoopvol, nogal heel oukei is, want sy gaan saam met Bobbie weg. Sy weet. Hulle sal nie in Clifton gaan bly nie maar dit maak nie saak nie. Hulle sal 'n plan maak. Sy en Bobbie.

"Hi jy, Sherelene se ou, kom neem 'n foto van ons!" roep Liefie vir Gilbert wat steeds foto's neem. Pastoor Chalmers moet by, besluit Nathalie. Dis haar laaste basaar en sy sal graag vir Pastoor Chalrmers op haar laaste basaar-foto wil hê.

"Wag!" skree sy vir Gilbert wat met die kamera nader staan. Sy staan op en kom met Pastoor Chalmers aan die arm terug. Hy gaan sit verleë op die kombers langs Natahlie. Sy slaan haar een arm om sy skouer en die ander een om Bobbie wat styf teen haar sit.

"Sit bietjie closer, toe. Ek gaan julle nie almal inkry nie," sê Gilbert soos 'n wafferse pro. Hulle skuif nader aan mekaar. Hulle kyk vir die kamera en Gilbert sê: "Sê seks."

"Seks!" skree hulle uit een mond en Gilbert kliek.

"Haai nee," lag Pastoor Chalmers verleë terwyl hy opstaan.

Hulle is nog besig om te hulle kerrie en rys te eet, toe een van die munisipaliteit se werkers met 'n bakkie langs die parkie se groen heining stop. Hy beduie woes in hulle rigting.

"Ek dink hy waai vir jou," sê Olivia vir Nathalie. Nathalie staan op en stap vraend na die man. Sy herken hom as die sekuriteitswag by die munisipaliteit se kantore.

"Juffrou September sê jy moet dringend kantoor toe kom. Dis 'n emergency.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ek sal jou vat."

"Ek kom nou!" skree sy vir die ander. Die man laai haar voor die munisipale gebou af. Sy het nie 'n idee wat se krisis dié tyd van 'n Saterdagmiddag in Juffrou se lewe kan gebeur nie, maar sy weet Juffrou sal haar nie sommer net laat kom nie. Sy loop bekommerd deur die verlate gebou na Juffrou September se kantoor.

Mense werskaf in die kantoor. 'n Man met 'n sigaret agter sy oor gee opdragte. Juffrou September se meubels staan opgestapel in Sherelene se voorportaal. Stukke van die stippeltjiemat lê eenkant op 'n hoop.

Juffrou September staan verwese eenkant. Die beertjie styf met albei hande teen die bors gedruk.

"Is Juffrou oukei?" vra Nathalie besorg. Sy kyk verbaas na die mense wat besig is om 'n nuwe mat in Juffrou September se kantoor te lê. 'n Vrolike, roomkleurige mat. Die mat is reg, besluit sy dadelik. Sy weet dis reg vir Juffrou September.

Juffrou September stop woordeloos 'n kaartjie in Nathalie se hand. Sy snuif. Sy het gehuil. Rooi oë en die punt van haar bruinerige neus is ook rooi.

Nathalie vou die kaartjie oop.

*Altyd joune, Laetitia met die knopknieë.* Net dit.

Nathalie word hoendervleis. Sy herken die handskrif. Die groot, bonkige letters, die handskrif wat vir baie jare goed moes skryf op haar rapport onder: Ouer se Kommentaar. *Knap gedaan!!* Elke keer die uitroeptekens en elke keer dieselfde woorde, onthou sy, al was die rapport nou nie actually so knap gedaan nie. Pastoor Chalmers.

"Hy dink nog aan my," snuif Juffrou September. Sy druk die beertjie stywer teen haar bors.

* * *

“Hoekom gaan jy nooit by jou ma-hulle kuier nie?” vra Nathalie terwyl sy en Bobbie Sondagmiddag in die son op die plat klip langs die water sit. Sy bekyk sy wonde wat mooi herstel. Die plekke aan sy knie en sy elmboog het rowe gevorm. Hy loop nog net effens kruppel maar sy enkel kom mooi reg.



© University of Pretoria

Sy draai op haar sy en kou aan ‘n grassie. Sy hou hom dop. Hy lê met toe oë met sy hande onder sy kop.

“Ek dink my ma-hulle is maar net te dankbaar dat ek nie meer vir hulle The Big Problem is nie. Hulle nut case druggy van ‘n seuntjie. Ek is nou op die straight and narrow en na alles wat hulle met my moes deurmaak, is hulle seker maar net te bly om van my ontslae te wees. Maar dis oukei, ek verstaan. Dit wás vir hulle moeilik. My pa maak ook planne om in Australië te gaan bly. Ek gaan nie saam nie.”

Hy draai op sy sy en stut sy kop op sy hand. “Dis nie asof ons actually moerse kwaad vir mekaar is nie. Ons bel en so aan. Ek dink net ons het almal ‘n bietjie time out nodig. Dalk gaan ek Kersfees. Ek sal sien. Jy kan saamkom en ons kan met die bike ry. Het jy al langpad met 'n bike gery?”

Sy skud haar kop.

Sy wonder oor sy ma-hulle. Wat sal hulle van haar dink? Koekie van die Karoo. Sy is bly hy wil haar saamvat al weet sy sy sal nie regtig wil gaan nie. Hy is nie skaam vir haar nie.

Hy staan op en trek haar aan haar hand orent. “My lewe is nou hier. Kom ons ry. Ek is moeg. Ek wil gaan slaap.”

"Olivia verjaar, onthou. Haar ma het gesê sy kan ons vanaand iets by die Rose stick om dit te vier. Dis vir Olivia nogal major. Sy is 18 en sy het nog nooit in haar lewe iets in die Rose gedrink nie. Sy slaap tot vanaand by iemand op die dorp. Ek sal net móét gaan."

"Kan ek nie maar bly nie? Ek is regtig moeg en ek slaap die laaste tyd nogal vrot."

"Jy kan bly, maar ek gaan jou mis."

Hy glimlag vir haar.

"Jy sê jy sal jou sakkie pak en saam met my agter op die bike gaan kyk wat lê anderkant die horison?"

"Ek sal Bobbie. Hier is niks meer vir my nie. Ons sal regkom. Ons hoef nie in Clifton te bly nie." Hy kyk aandagtig na haar. Toe staan hy op en gooi die rugsak oor sy skouer. Hy trek haar aan haar hand op. Hy stap voor haar na die motorfiets wat teen ‘n kameeldoringboom leun.

Hy buk langs die boom en tel 'n klip op. Dis 'n bruinerige klip. Dis byna rond



© University of Pretoria

en dit lyk asof daar kristalle onder die oppervlak lê.

"Wat het ons hier?" vra Bobbie. Hulle kyk na die mooi karooklip.

"Dis amazing, Bobbie," fluister Nathalie.

"Dis vir jou, Nathalie van Hoopvol." Hy soen haar op haar lippe. Sy vou haar vuis om die klip.

Sy klim agter op die motorfiets en bêre die klip in sy windbreaker se sak en slaan haar arms om sy lyf. Leun met haar kop teen sy rug. Anders as wat sy gedink het, werk dinge dalk tog uit.

* * *

Niemand is regtig lus vir partytjie hou op 'n Sondagaand nie maar hulle is jammer vir Olivia wie se streng ma haar nooit na donker iewers heen wil laat gaan nie. Olivia is opgewonde en geniet die aandag. Sy raak selfs bewoë toe hulle vir haar "Happy Birthday to you," sing.

"Dis die glas wyn wat sy agter die blad het," fluister Liefie vir Nathalie. "Ek ken van dronkverdriet, been there, seen it all en ek het die T-shirt ook." Nathalie giggel.

Ná haar tweede glas wyn begin Olivia gaap. Nathalie hou haar dop terwyl hulle pool speel. Sy en Gielie teen Liefie en Eddie. Dit word een van daai aande waarvoor niemand lus was nie maar wat onverwags erg lekker word. Hulle lag en hulle drink tequila en Lukas draai die musiek harder.

Dit was toe Gielie die wit bal verwoed skiet om te breek, vir hulle hoeveelste pot, dat hulle die bloedstollende gil hoor.

Nathalie kyk onwillekeurig na die televisie in die hoek van die vertrek. Dis af. Liefie spring op en hardloop deur toe. "Dit klink soos Olivia." Nathalie en Gielie hardloop agterna.

Olivia staan met 'n verskrikte gesig op die sypaadjie. Trane loop oor haar wange. 'n Straaltjie bloed loop by haar mondhoek uit. Haar top is half van haar lyf af geskeur. Haar bra se bandjie hang oor haar arm. Sy probeer paniekerig en bewerig die klein, ontblote borsie, met haar hand toehou.

Hulle staar geskok na Olivia wat op haar beurt huilend en hulpeloos na hulle kyk.



© University of Pretoria

Liefie is die eerste wat beweeg. Sy vat Olivia om haar skouers en lei haar na Tannie Lettie se kantoor agter die ontvangstoonbank. Olivia se skouers ruk. Liefie laat haar op Tannie Lettie se stoel sit.

"Kry vir haar tequila, 'n moerse dop," sê Liefie vir Gielie. "En bel vir Sakkie!" skree sy agter Gielie aan.

"Kry vir haar iets om aan te trek," sê sy vir Nathalie.

Nathalie weet nie waar om vir Olivia iets te kry om aan te trek nie. Sy loop vinnig kombuis toe. Sy skakel die lig aan en kyk rond. Mietie se oorjas hang aan 'n haak agter die kombuisdeur. Sy bewe ook, sien sy toe sy sukkel om die oorjas van die haak te haal. Sy draf terug na Tannie Lettie se kantoor. Sy kry vir Gielie met die glas tequila in die ontvangsportaal. Hulle oë ontmoet. Sy sien Gielie het hom ook disnis geskrik. Sy hand wat die glas vashou, bewe. Olivia skud haar kop toe Gielie die glas na haar hou.

"Olivia, druk jou neus toe en sluk alles af," sê Liefie ferm. Olivia huiwer, maar sy kry tog die vloeistof met 'n gesukkel gedrink. Sy ril en proes. "Gaan wag buite, Gielie," sê Liefie. Sy help Olivia om Mietie se oorjas aan te trek.

Konstabel Sakkie Strydom kom by die vertrek ingebars met Gielie op sy hakke. Hy het 'n kort broek en plakkies aan. Hy buk by Olivia wat nou voor haar uitstaar en onbedaarlik bewe.

"Wat het gebeur?" Olivia skud haar kop heen en weer maar sê niks nie.

"Sy is aangerand. Agter die parkeerterrein," sê Liefie.

"Het hulle.. het hy jou…?" vra Sakkie huiwerig.

Olivia skud haar kop. Sy lek oor haar lippe.

"Hy het probeer…" Sy begin weer huil en trek Mietie se jas stywer om haar vas. "Maar… toe ek gil, het hy geskrik."

"Kon jy sien wie dit is?" vra Sakkie.

Olivia huiwer. Sy lig haar kop en kyk na Sakkie. Sy lek weer oor haar lippe.

"Dit was Bobbie. Ek het gesien."

Hulle staar sprakeloos na Olivia. Nathalie word lam.

"Ek sal iemand stuur om 'n verklaring te kom afneem. Bly by haar," sê Sakkie vir Liefie. Hy stap vinnig by die voordeur uit. Hy vermy Nathalie se geskokte oë. Hulle hoor hoe hy met skreeuende bande voor die hotel wegtrek.

"Olivia, dit kan mos nie Bobbie wees nie! Hoe seker is jy?" vra Liefie



© University of Pretoria

ongeduldig.

"Dit was hy. Ek is seker."

Nathalie staan versteen.

Liefie kyk na haar. "Nat, kry vir jou ook 'n dop in die kroeg. Iewers is 'n moerse fokop. Relax. Sakkie sal dit uit sort. Dit kan mos nie Bobbie wees nie." Maar in haar oë kan Nathalie sien sy is glad nie so seker nie.

Nathalie draai om en stap vinnig by die voordeur uit, af met die straat. By die gastehuise en by die kerk verby. Sy probeer aan niks dink nie.

Voor hulle huis in Olive Schreinerstraat gaan staan sy op die stoep. Sy kyk na die leë straat. Dit is stil binne-in die huis. Die Chalmerse slaap seker al. Sy gaan sit op die stoeptrappie. Sy bewe.

Bobbie van Hoopvol, probeer sy dink. Al wat sy sien is die paniekerige gesiggie, die straaltjie bloed wat by die mondhoek afloop en die bewerige handjie wat desperaat probeer om die klein borsie toe te hou.

**Hoofstuk 22**

Ben het uitgewerk dat as hy op die sypaadjie by die stopstraat staan waar die kort stukkie grondpad vanaf die abattoir se hek by die teerpad aansluit, hy almal wat die abattoir verlaat, sal kan sien.

'n Persoon op die abattoir se skakelbord het gesê die meeste mense gaan teen vieruur huis toe. Hy staan Donderdagmiddag reeds teen halfdrie by die stopstraat. Hy weet nie hoe lank hy gaan wag nie maar hy gee nie om nie. Hy het baie tyd. Hy het sy skof uitgeruil al beteken dit dat hy die hele naweek by die Spur moet werk maar hy is oukei daarmee.

Teen halfvier begin die eerste karre vanagter die abattoir aangery kom. Almal stop by die stopstraat en kyk links en regs voordat hulle in die groot pad draai. Hy kan almal se gesigte mooi sien, besef Ben tevrede. 'n Paar minibussies kom ook aangery. Hulle laai werkers seker in die stad af. Daar is ook 'n paar karre in die klein parkeerterrein voor die abattoir geparkeer wat mense oplaai. Van die werkers kom te voet by hom verbygestap na die taxi-staanplek aan die oorkant van die pad. Hy moet kophou om almal om hom dop te hou.

Hy moet vinnig kyk as die minibussies stop. Sommige wag net 'n paar sekondes voordat hulle in die groot pad draai. Die mense dink seker hy is



© University of Pretoria

koekoes maar hy gee nie om nie.

Teen vieruur is die verkeer in die grootpad gelukkig druk en dit is vir die voertuie vanaf die abattoir moeiliker om te draai. Hulle stop langer by die stopstraat. Ben kyk mooi. Hy weet dis nou of nooit. Maar niemand lyk soos sy pa nie.

Teen vyfuur het die verkeer afgeneem en net enkele motors kom nog van die abattoir se kant aangery. Dis oukei, sê Ben vir homself. Hy het vooraf besluit hy gaan níé teleurgesteld wees nie. Dit is níé a big deal as hy nie sy pa kry nie. Hy sal aangaan met sy lewe sonder 'n pa. Hy het nog altyd sonder 'n pa gesurvive. Hy weet net hy sal altyd wonder as hy nie seker gemaak het nie.

Teen sesuur kom daar nie meer karre van die abattoir se kant aangery nie. Dis oukei, dink Ben weer. Dit is níé 'n issue nie. Dan is hy nou klaar, vir altyd. Dit word skemer. Hy stap tot by die taxi-staanplek en skop 'n leë melkkarton wat op die sypaadjie lê dat dit daar trek. Hy steek 'n sigaret op en trek die rook diep in sy longe. Daar is 'n lang tou mense by die taxi-staanplek wat wag om in te klim. Hy staan eenkant en kyk.

Miskien was sy pa nie vandag by die werk nie. Hy onderdruk vies die gedagte. Hy het nou genoeg gesoek. Dis nou finish en klaar. Hy sal môre vir hom 'n buskaartjie Johannesburg toe koop. Hy het nie 'n pa nie en hy sal regkom, thank you very much.

Sy oog vang die scruffy hotel aan die oorkant van die pad. Hy is lus om soontoe te stap en hom in sy moer in te suip. Toe dit sy beurt is om in die taxi te klim, huiwer hy. Hy draai om en kruis die straat.

Die hotel lyk nog meer scruffy van nader. Die kroeg is gepak. Mense speel darts in een hoek van die vertrek en skree kort-kort vir mekaar. In 'n ander hoek speel 'n klomp ewe luidrugtig pool. Baie het blou oorpakke aan soos hy gesien het die abattoirwerkers dra.

Hy kry 'n plek by die kroegtoonbank. Hy is lus en bestel 'n bier. Hy dink nie in hierdie joint gaan iemand worry dat hy nie 18 is nie.

"Wat sal dit wees?" vra die kroegman.

"'n Windhoek Lager," sê Ben en kyk die kroegman vas in die oë. "Is jy al 18?" vra die kroegman met sy oë op skrefies getrek.

"Jip," sê Ben. Die kroegman kyk wantrouig na hom maar sit nogtans 'n bier



© University of Pretoria

voor hom neer. Dis besig en die kroegman moet uithaal om voor te bly met almal wat sy aandag vir 'n dop wil hê. Ben vat 'n paar slukke en draai om sodat hy die dart-spelery kan dophou.

Hy kyk stadig deur die vertrek. Hy kyk elke gesig noukeurig deur, besef hy vies. Dit het nou al só 'n gewoonte geword dat hy dit aanhoudend doen. Selfs as hy in die straat stap of in 'n bus ry. Hy kyk na die mense se gesigte op straat op soek na sy pa wat hy nou besef hy nooit gaan kry nie. Hy down die bier en wink die kroegman nader.

"Nog een, asseblief." Die kroegman kyk weer wantrouig na hom. "Dis oukei," sê Ben. "Ek is hier saam met my pa. Hy speel darts daar oorkant."

Die kroegman sit nog 'n bier voor hom neer. Ben begin beter voel. Who cares? Who actually cáres? sê hy vir homself. Hy begin effens lighoofdig van die bier voel en begin selfs die dart-kompetisie geniet. Dis een van die eerste dinge wat hy gaan doen as hy terug is in Johannesburg. Hy gaan saam met Kleynhans darts speel en bier drink. In Mayfair worry mense ook nie te veel of jy 18 is of nie.

Hy is nou sy eie baas en niemand kan meer vir hom sê wat om te doen nie. Hy sal by Tannie Pop-hulle bly totdat hy klaar is met skool en dan sal hy werk soek en sy eie plek kry.

Hy vat 'n diep teug uit die bottel net toe een van die dartspelers skree: "Jy sou nie daarmee weggekom het as ou Oil nog hier was nie!" Die ander lag.

Ben verstik in sy bier en die man langs hom slaan hom op sy rug. "Is jy oukei?" vra hy.

Ben dink eers hy het verkeerd gehoor. Dit kan nie wees nie. Baie mense het dalk die bynaam "Oil" in Bloemfontein. Hy kan nie weer begin hoop nie. Die dart-spelers stap geselsend tot by die kroegtoonbank aan die ander kant van die vertrek.

Ben staan stadig op en loop tot waar die mans staan en bier bestel. Die kroegman sit 'n paar bierbottels op die toonbank voor hulle neer.

"Sorry, Oom," sê Ben stadig vir die man wat na "ou Oil" verwys het. Sy tong is effens lam. Hy is nie seker of dit van die bier is nie. "Ek het gehoor Oom praat van Oil. Weet Oom dalk waar hy is?"

Die man kyk verbaas na hom. "Ou Oil? Hoekom?" Hy kyk stip na Ben. "Maar



© University of Pretoria

jy kan maklik familie van ou Oil wees. Jy lyk net soos hy. Ou Oil het ook só 'n dingetjie op sy elmboog gehad." Hy beduie verbaas na Ben se geboortemerk. Hy draai na die man langs hom. "Wanneer is ou Oil hier weg, Kenny? kan jy onthou?"

Kenny vat 'n sluk van sy bier. Hy dink. "Dis seker maklik al langer as 'n jaar... Nee selfs langer as dit, so 18 maande terug sou ek sê. Is jy familie van ou Oil?" Ben knik.

"My magtig, dis nou toeval. Ou Oil het saam met ons op die slaglyn gewerk en hy was die darts champ hier rond."

"Waar is hy toe heen?" vra Ben moedeloos.

"Nee quit, ék kan nie onthou nie. Kan jy onthou, Kenny?" Kenny vat 'n sluk van sy bier.

"Daar was mos die girl van wie hy gepraat het. Die een wat hy so gesoek het," sê Kenny. Hy gaan sit op een van die kroegstoeltjies. "Dit was Hopetown of so iets, die plek waar hy heen is." Hy vat 'n sluk van sy bier.

"Nee dit was 'n Afrikaanse naam. 'n Plek iewers naby Beaufort-Wes. Ek onthou hy het nog 'n trein soontoe gevat. Hoop something... Magtig man, dis op die punt van my tong."

Ben wag.

Kenny klap skielik sy vingers. "Het hom. Hoopvol. Ja, nou onthou ek. Hoopvol was die plek se naam waar hy na die chick wou gaan soek."

**Hoofstuk 23**

Toe Nathalie die volgende oggend wakker word, weet sy Liefie is reg. Dit moet 'n fout wees. Dit kan nie Bobbie wees nie. Olivia is gewoonlik deur die blare. Niemand sal verbaas wees as sy 'n fout gemaak het nie.

Pastoor en Missis Chalmers slaap nog. Sy hoor hulle snork. Sy trek hulle kamerdeur versigtig toe en bel die polisiestasie.

Die konstabel aan diens sê Sakkie is nog nie daar nie.

Sy wonder of sy die konstabel moet vra wat sy bittergraag wil weet maar besluit om eerder met Sakkie te praat.

Sy huiwer voor sy Sakkie se ma se nommer skakel. Dis nog vroeg en dalk het



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sakkie laat gewerk. Maar sy móét weet. Sy bel die nommer. Sakkie se ma antwoord. Nathalie kan hoor die tannie is lus vir gesels oor alles onder die son op die dorp.

Sy val die tannie in die rede. "Is Sakkie al op? Dis dringend."

"Wat's fout? Het die veediewe weer toegeslaan?" vra Sakkie se ma.

"Dis dringend, tannie, roep asseblíéf vir Sakkie."

Na 'n ewigheid hoor sy Sakkie se stem. Hy klink deur die slaap.

"Waar is Bobbie?" val Nathalie met die deur in die huis.

Dis stil aan die anderkant. "Sorry, Nat, maar ek moes hom selle toe vat. Dis my werk en—"

"Sakkie, is jy mal! Hy is mos nie 'n skelm nie. Dit kan mos nie hy wees nie! Jy weet mos hoe deur die dinges Olivia is!"

"Ek gaan vandag met die ondersoek voort. Ek het al baie gisteraand gedoen. Ons gaan vanoggend nog verklarings afneem en ons gaan kyk of ons iemand kan kry wat dalk iets gesien het. Sorry Nat, maar ek moes," sê hy weer. Sy kan hoor hy bedoel dit.

Sy sit die telefoon in sy oor neer.

Pastoor Chalmers, nog in langmoupajamas, loer om hulle kamerdeur. "Is iets fout?"

Nathalie byt op haar lip. Sy loop kombuis toe sonder om hom te antwoord. Sy skakel die ketel aan. Pastoor Chalmers kom sit met sy kamerjas en pantoffels by die kombuistafel. Hy hou haar dop. Sy maak meganies tee sonder om na hom te kyk. Sy sit 'n beker voor hom neer. Hy beduie sy moet kom sit.

"En toe?" vra hy. Nathalie trek denkbeeldige patroontjies met haar teelepel op die kombuistafel se kleedjie.

"Hoekom is die lewe nie fair nie? Hoekom werk alles altyd verkeerd uit?" vra sy. Pastoor Chalmers glimlag. "Dis darem nie regtig só nie. Party goed werk uit. 'n Mens moet net sien dat die reg uitwerk nie altyd lyk soos wat 'n mens dink dit moet lyk nie."

Sy vertel stadig en in besonderhede van die vorige aand se gebeure. Toe sy klaar is, kyk sy afwagtend na hom. Kyk of sy ook die kyk wat sy gisteraand in Liefie se oë gesien het, in sy oë kan sien.

Hy sit 'n ruk met toe oë. Hy maak hulle oop en kyk aandagtig na Nathalie.



© University of Pretoria

"Niemand is ooit skuldig voordat die hof só bevind het nie. Bobbie is 'n goeie seun. Ek glo nie hy sou só iets kon doen nie."

Sy staan op en slaan haar arms van agter om sy lyf en gee hom 'n druk. Haar pa wat eintlik nie haar pa is nie.

Aan die gedempte gefluister en die nuuskierige kyke by die hotel weet sy die hele dorp weet reeds.

Tannie Lettie kom uit haar kantoor en staan vir Nathalie en kyk sonder om iets te sê. Ek het jou mos gesê, sê die koue oë agter die dik brillense.

Sakkie is vroeg reeds by die hotel en almal wat ten tye van die "voorval" soos hy dit noem, in die hotel was, moet verklarings aflê.

"Sakkie, maar ons was nie eers náby nie," sê Liefie.

"Julle het die gil gehoor en ek moet die saak deeglik ondersoek. Ek moet seker maak," sê Sakkie terwyl hy skuldig onderlangs na Nathalie loer.

Toe Sakkie later die oggend sy lêer met die verklarings onder sy arm vasknyp en na die patrolliemotor loop, stap Nathalie agterna.

"Ek wil hom sien," sê sy vir Sakkie deur die patrolliemotor se venster. Sakkie kyk onseker na haar.

"Ek wil hom nóú sien. Wag vir my. Ek gaan net vir ou Lettie sê."

"Ek moet polisiestasie toe gaan. Dis oor die saak," sê sy vir Tannie Lettie. Die tannie frons, maar sê niks toe Nathalie omdraai en loop nie.

"Olivia... eh... Olivia is nogal seker," sê Sakkie terwyl hulle polisiestasie toe ry. Hy kyk verskonend na Nathalie. "Sy sê... Olivia sê dit was donker, maar hy was kort en hy het mank geloop." Hy bly 'n ruk stil. "En sy het die rooi afleweringsbakkie agter die bome sien wegjaag." Nathalie kyk by die kar se venster uit.

"Ek is regtig jammer, Nat," sê Sakkie verskonend.

Aag ou Sakkie, dis nie jou skuld nie, dink Nathalie.

Hy stop in die polisiestasie se agterplaas langs sy Renault wat onder 'n boom geparkeer is. Hy klim uit en loop na 'n deur aan die agterkant van die gebou. Hy sluit die deur oop en loop voor haar uit. Sy stap stadig in die donker gangetjie agter Sakkie aan. Sakkie gaan voor 'n sel staan.

“Bobbie, Nat is hier,” sê hy verleë keel. “Ek sal jou nou-nou kom haal,” fluister hy vir Nathalie en loop vinnig weg.



© University of Pretoria

Bobbie staan met sy hande om die tralies gevou. Hy lyk moeg. Sy hare is deurmekaar en hy het nie geskeer nie.

Hulle kyk na mekaar.

"Dit was nie ek nie. Jy moet my glo," sê hy hees. Sy oë is rooi asof hy baie moeg is. Miskien het hy gehuil, dink sy. Sy wil na hom toe stap en sy hande vat en sy wil sy lyf vashou, maar sy kan nie.

Sy sien die heeltyd Olivia se verskrikte gesig en die straaltjie bloed wat by haar mondhoek afloop en die geskeurde bloes en die bra wat half van haar lyf afgeskeur is. Die klein borsie wat Olivia bewerig probeer toehou. Hy het mank geloop en met die rooi afleweringsbakkie weggejaag.

Nathalie stap stadig agteruit, treetjie vir treetjie. Toe draai sy om en begin hardloop.

"Nat, jy móét my glo!" skree hy hard agter haar aan. "Dit was nié ek nie! Ek het heel aand gelê en slaap! Nat!"

Sy druk haar ore toe en eers toe sy buite in die skerp sonlig tot stilstand kom, haal sy haar hande van haar ore af.

"Kom, ek vat jou huis toe. Ek sal vir Tannie Lettie sê jy kan nie vandag werk nie," sê Sakkie sag agter haar. Hy vat haar aan die elmboog en lei haar na sy Renault. Hulle praat nie totdat hy voor hulle huis in Olive Schreinerstraat stop nie.

"Dink jy regtig dit was hy, Sakkie?" vra sy met haar hand op die deur se handvatsel.

Sakkie vryf oor sy gesig.

"Ek weet nie, Nat. Ek weet regtig nie, maar ek sal uitvind al is dit die laaste ding wat ek op hierdie aarde doen." Sy klim uit en toe sy die tuinhekkie oopmaak, sê hy deur die venster: "Ek hoop nie dit was hy nie en as dit nie hy was nie, is dit oukei…" Hy sukkel om sy sê te sê.

"Dis oukei, jy en hy." Sy draai om en soen hom deur die venster liggies op sy voorkop. Hy bloos bloedrooi.

"Sakkie, eendag gaan jy vir iemand blerrie baie gelukkig maak," sê sy terwyl hy verleë wegtrek.

* * *



© University of Pretoria

Maar toe pluk Konstabel Abel die dinges agter die hoender uit, soos Liefie dit beskryf het. Die volgende dag moet almal weer van voor af verklarings aflê en Sakkie ondervra almal wat net vaagweg, en nie eers vaagweg nie, dié aand van die "voorval" naby die hotel was. Etenstyd beduie hy vir Liefie hy wil nie eet nie. Die "voorval" het nou sy volle aandag nodig.

Liefie rol haar oë vir Nathalie wat verwese met rooigehuilde oë agter die ontvangstoonbank sit.

"Chill, girl. Konstabel Abel is op sy pos. Hy sal die ding uitsort. Moenie worry nie." Nathalie weet Liefie bedoel goed, maar sy is nie so seker of Sakkie dinge uitgesort gaan kry nie. Sy weet Liefie is ook glad nie so seker nie, al sê sy so.

Hulle hou vir Sakkie dop wat van Tannie Lettie se kantoor sy "operasionele hoofkwartier" gemaak het, soos hy dit noem. Tannie Lettie is saam met Juffrou September Beaufort-Wes toe. Sy sou nie impressed gewees het as sy geweet het Sakkie het haar kantoor oorgeneem nie.

Elke vyftien minute moet 'n ander lid van die hotel se personeel by hom kom sit en weer deur die verklaring gaan wat hulle reeds die vorige dag afgelê het.

Maar niemand het iets gesien nie. Nathalie weet sommer as sy na Sakkie se fronsende gesig kyk. Almal was reeds huis toe toe Olivia aangerand is. Dit was nog net hulle paar by Lukas in die kroeg. Net Olivia het iets gesien en Olivia is oortuig sy het vir Bobbie gesien.

Dit kon nie hy gewees het, sê Nathalie vir die soveelste keer vir haarself. Sy weet dit kan nie hy wees nie. Sy dink aan die manier hoe hy haar sag vashou en haar soen asof sy kan breek. Asof hy bang is hy maak haar seer. Bobbie kan nie iemand seermaak nie. Sy is seker daarvan.

Die aand sit sy langs Pastoor Chalmers in die agtertuin en kyk hoe die son agter Mielie-se-kop verdwyn. Hulle praat nie. Sit net in stilte langs mekaar.

Nathalie wonder weer oor goed wat nie uitwerk nie. Sy dink aan Pastoor Chalmers wat met daai draak in die kombuis getroud is omdat sy waarskynlik nie 'n bruin vel soos Juffrou September het nie. Wat sy hele lewe ongelukkig gaan wees omdat hy gedoen het wat mense van hom verwag. Hy sloof hom af vir Kleinkoppies se armes en op sy oudag sit hy alleen saam met daai ou vrou wat hom so ongelukkig maak terwyl hy en Juffrou September eintlik bymekaar wil wees. Maak dit dan soveel saak wat ander mense dink?



© University of Pretoria

As dit regtig Bobbie was, sal sy hom kan vergeef? Sy weet nie. Sy dink nie so nie. Sy ril elke keer as sy Olivia se gesig voor haar sien. Die straaltjie bloed en die bewende hand om die borsie gevou. Sy vat die Pastoor se hand terwyl hulle na Mielie-se-op kyk waar die wolke goud en oranje geword het. Binne sekondes sal dit donker wees.

* * *

Woensdagoggend lui die telefoon net nadat Juffrou September ontbyt geëet het en in haar swart Mercedes voor die hotel klim. Nathalie antwoord. Sakkie. Hy klink uitasem.

"Nat!" Die lyn is dof. Seker 'n plaaslyn. "Nat!" skree hy weer.

"Ek hoor jou, Sakkie," sê Nathalie ongeduldig.

"Ek wou al gistermiddag bel, maar ek kon nie. Ons is op Frans-hulle se plaas. Die veediewe het groot toegeslaan. Ons wag vir die veediefstaleenheid op Beaufort se manne. Hulle het met baie skape weggekom en—"

"Wat is dit, Sakkie?" vra Nathalie ongeduldig.

Hy bly 'n ruk stil.

"Dis Bobbie. Ons het hom gistermiddag vrygelaat. Dit was toe nie hy nie, Nat. Dit was Kevin. Hy het toe al die tyd… Tannie Rhoda het vir Bobbie een van haar blou slaappille ingegee en sy sê daar is nie 'n manier dat Bobbie sou kon wakker bly nie wat nog van bestuur. Sy ken haar blou pille. Sy het soos altyd haar tuin in die aand natgelei. Dis toe dat sy gesien het hoe Kevin met die rooi afleweringsbakkie by die erf uit is. Dit was al na tien. Ons het Kevin aangekeer en hy het alles…"

Nathalie luister nie verder nie. Sy gooi die gehoorbuis neer en hardloop by die groot deure uit. Links in die hoofstraat af. Een van haar sandale verloor, maar sy kyk nie om nie. Sy skop die ander een so in die hardloop uit en gee nie om waar dit land nie. Haar asem jaag. Gistermiddag al, is al waaraan sy kan dink. 'n Vrou met 'n inkopiesak maak verskrik vir haar plek. Iemand is besig om die sluise in die sementvoor voor 'n huis op te trek. "Gee pad!" skree Nathalie.

Die man staan verbaas opsy. "Oefen jy vir die Comrades?" skree hy.

Sy hardloop in Kortstraat af, oor die kruising met Olive Shreinerstraat, nog 'n


© University of Pretoria

blok verder tot by Sesulustraat. Sy hou op met hardloop. Haar sy pyn en sy haal swaar asem. Sy stap later so vinnig as wat sy kan. By die groen houtdeur aan die agterkant wat na die agterplaas van Tannie Rhoda se losieshuis lei, gaan sy staan. Sy huiwer ‘n oomblik. Hoe kon sy ooit daaraan getwyfel het dat dit hy was? Is dit omdat hy in Noupoort was dat sy sommer aangeneem het hy kán ‘n meisie aanrand en probeer verkrag?

Sy hamer teen die deur. “Bobbie!” skree sy. Sal hy hier wees of is hy dalk terug werk toe? Sy dink nie hy sal sommer teruggaan werk toe nie. Hulle het daar ook gedink hy is skuldig.

Sy onthou Bobbie se oë in die klein sel. Asof hy nie kon glo sy is net soos die ander spul op dié dorp nie. Dis stil aan die ander kant van die wit muur. Sy hamer weer. “Bobbie!” skree sy weer.

Sy stap vinnig om die hoek van die huis na die voordeur. Sy het gehoop sy hoef nie vir Tannie Rhoda te face nie, maar sy het nie ‘n keuse nie. Die tuinhekkie kraak. Sy stap vinnig die paar trappies op tot op die ruim stoep. Sy lui die klokkie. Niemand maak oop nie. Sy raak paniekerig en begin teen die deur hamer.

Tannie Rhoda maak oop. “Aarde, Nathalie, kan jy nie ‘n paar minute wag nie? Ek is op die foon.”

“Bobbie?” vra Nathalie. “Ek praat net klaar,” sê Tannie Rhoda en loop terug tot by die telefoontafeltjie in die gang. “Ewenwel,” sê sy vir die persoon aan die ander kant.

Nathalie stap vinnig die gang af tot by die agterdeur wat na die huurkamers lei. Bobbie se kamerdeur staan oop. Sy gaan die skemer vertrek huiwerig binne. ‘n Vrou is besig om die mat te stofsuig. Sy kyk nie op nie. Nathalie maak die kasdeur oop. Dis leeg. Sy trek paniekerig die paar laaie oop. Daar is niks nie. Sy buk en loer onder die bed, maar hier is ook niks nie. Dan sien sy tog iets onder die bed lê. Sy gaan lê op haar maag en strek om die voorwerp by te kom. Sy hou dit ‘n ruk onder die bed in haar hand vas. Sy hoef nie te kyk om te weet wat dit is nie. Dis die mooi klip wat hy vir haar opgetel het.

Sy kom orent en sit in die kamer en rondkyk. Dis asof niemand ooit hier gebly het nie. Sy kry dieselfde gevoel van verlatenheid wat elke keer op haar toesak as sy na die hotelkamers kyk waar gaste die vorige aand geslaap het.



© University of Pretoria

Leeg en verlate. Die mense is weg en sal nie weer terugkom nie, maar sy wat Nathalie is, is nog hier. Sy staan op en by die deur kyk sy vir oulaas in die kamer rond. Koebaai Bobbie van Noupoort.

Tannie Rhoda wag haar op die agterstoep in. “Hy is weg, gistermiddag al. Gielie het hom met die bakkie Beaufort toe gevat,” sê sy verskonend asof dit haar skuld is. Nathalie gaan sit op die stoeptrappie en staar ‘n ruk na die koppies in die verte. Sy druk die klip teen haar bors vas. Sy hoor die tannie verdwyn in die huis. Na ‘n ruk kom sy met ‘n glas te voorskyn.

“Hier, drink. Ek het vir jou ‘n bietjie suikerwater gemaak. Ek kan sien jy is ontsteld.” Nathalie kyk na die glas in die tannie se hande. Suikerwater. Sy begin skielik histeries lag en toe begin sy huil. Sy buig vooroor en druk haar gesig op haar knieë. Toe huil sy oor Bobbie en Olivia en Liefie en Sakkie en haar ma en haar pa en almal wat op dié hopelose plek nooit gaan kry wat hulle wil hê nie. Tannie Rhoda gaan sit langs haar op die trappie en slaan haar arm om Nathalie se skouers. Sy haal ‘n outydse kantsakdoekie uit haar mou en hou dit en die glas suikerwater na Nathalie. Nathalie snuit haar neus en drink die suikerwater.

“Kom ek vat jou terug hotel toe. Ons kan vir Gielie by die hospitaal bel. Hy weet dalk waar Bobbie is. Hy het dalk werk daar gekry. Wie weet, hy is dalk nie verder as Beaufort nie.” Sy lyk nie baie seker nie, dink Nathalie. Sy wil self nie eers hoop nie. Terwyl hulle hotel toe ry, kyk Nathalie deur die venster na die strate. Die mense wat met hulle dagtaak op Hoopvol besig is. Iemand vee ‘n sypaadjie. Twee vrouens gesels kliphard aan weerskante van die straat met mekaar. Mense is reeds besig om by die drankwinkel in die hoofstraat te koop al is dit nou eers 10:00. Koop ‘n bietjie hoop vir hulle lewens op Hoopvol.

Tannie Rhoda laai haar voor die hotel af. “Is jy oukei?” vra sy bekommerd.

Nathalie knik. “Sal tannie my laat weet as tannie dalk iets…”

“Natuurlik. Gaan bel sommer nou dadelik vir Gielie.”

“Het hy iets gesê? Ek bedoel Bobbie…”

“Nie eintlik veel nie. Hy het net gesê hy gaan weg en dat Gielie hom Beaufort toe vat met die bakkie en… Ek was nogal besig. Daar is mense van Pretoria wat aangekom het en ek moes…” Weer verskonend asof sy iets verkeerd gedoen het.

“Dankie, ek bedoel, dankie vir die lift en die suikerwater,” sê Nathalie terwyl



© University of Pretoria

sy uitklim. Sy kyk na die tannie wat met haar blou Opel om die hoek verdwyn. Sy staan ‘n ruk na Hoopvol se hoofstraat en staar. Die enkele karre wat verbyry. Die geluid van stemme in die Karoo. Die mooi koppies aan die einde van die dorp. Sy ruik die rose in die klein tuintjie voor die hotel en nat verf iewers. Iemand het nog nie opgegee op Hoopvol nie.

Sy stap traag binne. Tannie Lettie staan agter die ontvangstoonbank. Sy loer oor haar bril vir Nathalie. Dit lyk asof sy iets wil sê, maar sy bedink haar. Hulle kyk na mekaar.

"Ek moet Beaufort toe. Nou dadelik. Ek sal 'n trein vat."

Die ou vrou loer steeds vir haar oor haar bril. Toe sê sy kortaf: “Nee, ek het jou hier nodig.”

“Maar hier is dan omtrent niemand by die hotel nie!” sê Nathalie na aan trane. “En ek móét—“

“Al wat jy móét doen, is om nie agter ‘n man aan te tros nie en daar is eers vanmiddag 'n trein Beaufort toe. Daai afleweringsjongetjie is bad news, hoor jy maar vir jou ou tannie. Ek het hom uitgekyk. Was hy nie vir rehab of iets nie?”

Sy steun toe sy buk om die kwitansieboek onder die toonbank uit te haal.

“Mind you, alle mans is maar bad news. Dit sal jy nog leer,” sê sy terwyl sy steun-steun orentkom. Sy begin deur die kwitansieboek blaai.

Nathalie oorweeg dit om die ou vrou met die blompot vol rooi Barberton-daisies te gooi, wat op die tafeltjie by die voordeur staan.

Tannie Lettie ignoreer haar. Sy maak ‘n aantekening in die notaboek langs die telefoon.

“Hier is dit,” brom sy tevrede. “Die mense vergeet ou Lettie het ‘n geheue soos ‘n os.” Sy maak die boek toe en kyk na Nathalie.

Sy sug en lui die kombuisklokkie.

“Jy sal nog leer. Mans is soos papierpoppe. Daar is net een dimensie, die een wat jy sien. Daar is niks meer nie.”

Nathalie staan verstom na die vrou en luister.

“Jy sal nog eendag dankbaar wees oor jou kans hier by die Rose. Ek het nie kinders nie. Net ‘n ou seniele suster in ‘n ouetehuis. Die spul neefs en niggies staan my nie aan nie. My hart is nie goed nie en iemand moet eendag hierdie plek oorvat waarvoor ek my baie jare lank afgesloof het. Ek het jou en Liefie met



© University of Pretoria

die hand uitgesoek. Julle het potensiaal."

"Waar bly my tee?" vra sy kortaf vir Olivia wat verskrik om die hoek loer. Olivia verdwyn vinnig. Tannie Lettie draai weer na Nathalie.

"Wat jy nog gáán leer, Nathalie, is dat mans overrated is. Baie overrated, glo jy maar vir my. En waaroor jy nog móét leer, is ambisie. Werk jou op. Gebruik hierdie kans. Jy wil tog nie gaan nappies was en groente kook vir 'n mens met net een dimensie nie of hoe?"

Tannie Lettie ignoreer die foon wat lui. Sy waggel met haar groot lyf om die toonbank en vat Nathalie aan die elmboog. "Jy kan in kamer 205 gaan lê. Daar is nie iemand voor die naweek nie. Ek bring vir jou tee met 'n bietjie skop in. Lyk my jy het griep onder lede. Liefie kan vandag voor werk. Sy maak in elk geval net vir ou Mietie stapelgek in die kombuis."

Nathalie woel haar los en snuif. "Ek moet eers bel. Dis privaat maar ek sal betaal." Sy stap tot by die telefoon op die ontvangstoonbank. Gielie werk by die hospitaal aan die anderkant van die groot pad. Sy ken die nommer uit haar kop uit. Haar vinger bewe terwyl sy bel. Sy probeer die tannie ignoreer wat met hande agter haar groot lyf gevou oor haar brilletjie vir haar loer.

"Dis privaat," probeer Nathalie weer. Tannie Lettie bly staan.

Dit duur 'n ruk voordat sy uiteindelik Gielie se stem hoor. Iemand moes hom iewers gaan roep het en Nathalie wag en Tannie Lettie wag ook geduldig met haar hande agter haar rug gevou.

Sy wens die blerrie vrou wil loop.

Uiteindelik hoor sy Gielie se stem. Hy praat stadig. Vertel eers van die ou wat gisteraand in Kleinkoppies in sy maag gesteek is en in die hospitaal opgeneem is en en en. Nathalie byt ongeduldig op haar tande.

Dan sê hy onverwags terwyl hy nog besig is om van die noodgeval in die hospitaal te vertel: "Ek het hom by die Shell-garage op Beaufort afgelaai. Die een nes jy die dorp binnegaan van Colesberg se kant af. Hy het gesê hy gaan werk soek op die dorp. Hy het gesê hy wil in die Karoo bly." Dis 'n ruk stil aan die anderkant van die lyn. Nathalie wag.

"Hoekom het jy nie gister laat weet Bobbie is uit nie?" vra Natahlie verontwaardig.

"Ek het gedink jy weet. Ek het gedink álmal weet. Dis Hoopvol after all." En


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

toe: “Ek dink hy wag vir jou Nat.”

Nadat hulle afgelui het, staan Nathalie ‘n ruk met die gehoorbuis in haar hand. Tannie Lettie stap nader, vat die gehoorbuis by Nathalie en plaas dit terug op die mikkie. “Kamer 205,” sê sy. “Ek stuur vir jou tee.”

Nathalie sluit kamer 205 oop. Sit ‘n ruk op een van die twee enkelbeddens en kyk in die kamer rond wat selfs meer verlate lyk noudat dit slaggereed is vir die volgende rondte gaste uit die noorde of die suide. Kil en koud en donker met die skoon, wit handdoeke wat netjies by die voetenent opgevou is. Die donker geblomde dekens en die lampie met die geel lampskerm waarop bruin proteas afgebeeld is.

Op die tafeltjie tussen die twee beddens staan 'n potjie met gedroogde sewejaartjies. Die mandjie met die paar sakkies koffie en tee en cremora en die sakkies bruin en wit suiker. Sy kyk na die klein boksies sjokolade op die kopkussings wat Tannie Mollie vir hulle iewers in die Kaap koop. Glo ook handgemaak. Die Bybel van die Gideons op die tafeltjie langs die lamp. Die skildery van 'n Karoo-landskap teen die muur bokant die enkelbeddens. Sy sit die boksie sjokolade versigtig op die tafeltjie neer en gaan lê op haar sy. Sy dink eers daar is nie ‘n manier dat sy nou aan die slaap kan raak nie maar toe voel sy skielik moeg.

Iemand klop aan die deur. Gaan weg, dink Nathalie. Weer ‘n klop. Die gaan oop. Een van die kombuismeisies kom met ‘n skinkbord binne waarop ‘n koppie tee eensaam staan. Nathalie vat die koppie en beduie die meisie by die kamer uit. Sy ruik aan die tee. Dit ruik weird. Sy proe versigtig en ril. Dis ‘n konkoksie wat skrik vir niks. Tannie Lettie moes dit goed gedokter het. Sy sit besluiteloos met die koppie in haar hande. Toe down sy die inhoud met een teug. Dit maak haar lyf warm.

Sy druk haar gesig in die kussing. Sy ruik daaraan. Wonder of sy iemand in dié kussing sal kan ruik. Iemand wat hier geslaap het op hulle deurtog na ‘n groot, wit strand of na die blink liggies van Johannesburg. Waar hulle artisjokke met ‘n pikante sousie eet en met ouens in designer jeans en met designer sonbrille sal dans in cool klubs voordat hulle in die nuwe jaar by die akademie of die universiteit of die boetiek of wherever sal begin swot of werk.

Sy moes aan die slaap geraak het want sy word wakker van ‘n geklop aan die



© University of Pretoria

deur. Olivia maak oop. Nathalie sit verward regop. Sy kyk na Olivia wat beteuterd in die kamerdeur staan. Sy kyk na die vaal meisie wat met haar vaal haartjies en die bokkie-oë in die deur staan. Op daai oomblik wil sy vir Olivia vermoor. Sy wil ‘n stomp mes in die girl se hart steek. Sy wil die vaal hare uit haar kop pluk totdat sy soos ‘n hoender sonder vere in die hotel se agterplaas rondhardloop voordat sy geslag word. Dan chop. Dáár lê die kop. Kyk hoe lekker spuit die bloed nóú.

“Tannie Lettie sê ek moet jou wakker maak. Dis al lunchtyd.” Olivia kyk met groot oë na Nathalie.

Nathalie probeer om die klein borsie agter die bewerige hand te onthou. Die Pep-bra se strap wat oor Olivia se een arm gehang het. Die bloedstraaltjie wat aan die kant van haar mond afgeloop het. Maar al waaraan sy kan dink, is ‘n bruin klip wat verlore en vergete onder ‘n bed agtergebly het.

Toe staan sy op en stap met die houttrap af tot in die kombuis. "Leen my jou skoene en jou borsel," sê sy vir Liefie.

"Waar gaan jy heen en waar is jou skoene?" vra Liefie nuuskierig. "Ek hoor dit was toe nie Bobbie nie. Sakkie het gebel..."

Nathalie antwoord nie. Liefie se skoene is te groot vir haar maar sy gee nie om nie. Sy vat die borsel by Liefie en borsel haar hare vinnig. Sy stop die borsel in Liefie se hand en stap met die donker gang af, by die groot voordeur uit en af met die straat. Juffrou September sal weet wat om te doen.

Sy sien niks raak terwyl sy vinnig die twee blokke na die munisipale kantore stap nie. Sy ignoreer vir Fiona by die ontvangshokkie en stap af met die gang tot by Juffrou September se kantoor. Die kantoor is leeg.

"Juffrou is in 'n vergadering," sê Sherelene.

"Ek moet met Juffrou praat. Dadelik, dit kan nie wag nie." Nathalie weet sy gaan huil maar sy gee nie om nie. Sy huiwer voor die raadsaal se deur langs Juffrou September se kantoor, maar pluk dit dan oop.

"Man, jy kan nie...!" probeer Sherelene

'n Vet man staan en praat. Nathalie herken die gesig maar sy kan nie die man se naam onthou nie. Dis die man wat kort-kort kom kla oor dit en dat by die burgemeesterskantoor en hy bel vir Juffrou September gereeld, so gereeld dat hulle teen die mure wil uit, sy en Juffrou September. Veediefstal en alles



© University of Pretoria

wat nie op die dorp werk nie. Weet julle van Juffrou se ander probleme? wou Nathalie al baie vir hom skree.

Nathalie kyk na Juffrou September wat in haar lemmetjiegroenpakkie saam met die ondervoorsitter en die sekretaris agter die houttoonbank voor in die raadsaal sit. Hulle kyk neer op die stug gesigte van die mense van die omgewing. Ernstige sake. En daar is 'n gat in die pad.

Juffrou September kyk gesteurd op toe die deur oopgaan en die boer wat besig was om te praat, laat sak vir 'n oomblik sy hande om sy reuse-maag. Hy kyk fronsend na die oop deur waar Nathalie staan.

Nathalie probeer die mense ignoreer. Sy kyk Juffrou September in die oog. Sy kyk want sy weet Juffrou September sal weet.

"Verskoon my here, en dame," sê Juffrou September. Sy staan op en klap die boek voor haar toe. "Dringende sake."

Dit is stil in die raadsaal. Nathalie kyk na die mense in die raadsaal en na Tannie Mollie wat Tannie Door met die vorige verkiesing die loef afgesteek het vir die oorblywende plek op die raad. Die boer staan nou weer met sy een hand op die dik maag afkeurend na Juffrou September en kyk.

Juffrou trek die raadsaal se deur toe en kyk vraend na Nathalie.

"Dis Bobbie. Dit was toe nie hy nie. Hy is weg en ons moet hom gaan soek. Hulle sê hy is Beaufort toe. Ek dink nie hy gaan weer terugkom nie." Sy byt op haar lip om die trane te keer, maar sy weet dit maak nie meer saak nie. Juffrou sal verstaan. Juffrou September gee haar 'n vinnige drukkie.

Sy maak weer die raadsaal se deur oop.

"Daar is landsake waaraan ek vir die volgende uur of twee moet aandag gee. Dringende sake. Ons president het self gebel. Mollie, as waarnemende vise-voorsitter moet jy vir ons voortgaan. Die gat in die pad is volgende op die agenda. Kom met 'n werkbare voorstel," sê Juffrou Sepember terwyl sy die raadsaal se deur hard toetrek.

"Reël my kar en kry vir ons water. Ek wil self ry. Dis nie nodig dat iemand my vat nie," sê sy vir Sherelene.

Hulle klim in die swart Mercedes wat die bestuurder voor die gebou parkeer.

"Ek gaan jou vat, maar dan moet ek terug. Jy sal self moet soek en die trein terugvat," sê Juffrou September. Nathalie knik.


© University of Pretoria

Hulle praat nie terwyl hulle Beaufort-Wes toe ry nie. Juffrou September speel 'n CD van Whitney Houston. Sy ry 160 kilometer per uur, sien Nathalie.

"Dis die slegste van my job. Ek ry omtrent nooit meer so lekker nie," sie Juffrou September. Sy trap die petrolpedaal dieper. Hulle ry nou 180 killometer per uur, sien Nathalie benoud.

Juffrou Septemer stop by die Shell-garage op Beaufort-Wes. Sy gee Nathalie woordeloos 'n druk.

"Baie dankie, Juffrou," sê Nathalie verleë.

"Good luck. Onthou, die liefde is altyd die hoogste bod. En ek glo nie vir ou Lettie nie. Ek weet jy weet nou jy weet," fluister Juffrou September.

Sy spin die kar se wiele toe sy wegtrek en maak 'n wilde draai in die straat. "Niks anders maak saak nie!" skree sy deur die venster.

Nathalie weet nie waar om te begin soek nie. Beaufort-Wes is groot. Sy bid vir 'n wonderwerk. Dalk het hy sommer by die Shell-garage werk gekry. Sy sal na hom toe stap daar waar hy besig is om petrol in 'n kar te gooi. Hy sal verbaas na haar kyk en hy sal sy Shell-petjie van sy kop haal en sy sal in sy uitgestrekte arms hardloop en haar arms om sy lyf slaan en sy sal hom nooit weer laat los nie. Nooit, nooit weer nie.

Maar sy weet die werklikheid is anders as wat 'n mens dit wil hê nadat niemand by die Shell-garage iets van Bobbie weet nie. Sy gaan sit moedeloos op die sypaadjie. Daar is net een manier, besluit sy dan. Sy moet hierdie dorp van hoek tot kant deurloop. En bid vir 'n wonderwerk.

Sy ken naderhand die rympie uit haar kop wat sy by elke besigheid in die hoofstraat aframmel. "Ek soek 'n ou wat dalk onlangs hier begin werk het. Sy naam is Bobbie. Hy is korterig, maar fris met donker hare." Maar niemand het nog ooit van Bobbie van Hoopvol gehoor nie.

Toe sy by die hotel verbystap, wonder sy of hy dalk... Sy bid dat hy nie hier moet wees nie. Sy loer versigtig om die kroeg se deur. Daar is net 'n ou oom wat in die hoek na sy bier staar.

Iemand sê sy moet die baksteenfabriek probeer. Hulle wat gereeld jong ouens in. Met 'n gesukkel kry sy by 'n bejaarde egpaar wat by een van die ander garages op die dorp petrol ingooi, 'n geleentheid. Hulle moes seker gesien het hoe desperaat sy is.



© University of Pretoria

“Wat wil jy by die baksteenplek gaan maak?” vra die oom verbaas terwyl sy dankbaar agterin die stokou Cortina klim.

“Ek soek na iemand,” sê sy verleë.

“Watse iemand?” vra die tannie in ‘n temerige stemmetjie terwyl sy skuins in haar sitplek draai.

“Ag, dis sommer… Dis ‘n vriend. Ek dink hy het daar werk gekry.” Terwyl hulle teen 20 km per uur deur die dorp kruie, bid Nathalie die heeltyd in haar kop. Asseblief, liewe Here, asseblíéf, liewe Here.

Die tannie kla eenstrykdeur oor die duur waatlemoen wat hulle iewers gekoop het. “Dis ‘n skande!” teem sy. Dit lyk nie asof die oom eintlik luister nie.

Nadat hulle wat soos ‘n ewigheid voel, die fabriek aan die buitewyke van die dorp bereik, spring Nathalie uit die kar en slaan die deur harder toe as wat sy wou.

“Baie dankie,” sê sy vinnig.

“Moet ons vir jou wag?” roep die oom. Sy huiwer. “Nee dankie, my vriend sal my terugvat,” sê sy dan beslis. Hy sál hier wees. Sy weet nou vir seker. Hy sal haar nooit sommer net so in die Karoo los nie.

Nadat sy deur ongeduldige mense van die een kantoor na die volgende in die administratiewe deel gestuur is en ‘n vrou deur ‘n lys name gelees het en haar kop geskud het, weet sy hy het. Hy het haar alleen in die Karoo gelos en sy kan hom nie kwalik neem nie. Dis haar eie skuld. Sy het nie in hom geglo nie.

Toe sien sy hom op Beaufort-Wes se stasie. Sommer net so. Sy het reggeskuif op haar plek voor die kompartement se venster. Die tafeltjie afgeslaan om haar take-a-way te eet toe sy terloops by die venster uitkyk.

Haar brein wil eers nie registreer wat sy sien nie. Hy sit in die trein wat langs haar trein op die perron staan en in die teenoorgestelde rigting gaan ry. Oorfone op sy kop. Hy staar voor hom. Hy het die swart T-hemp aan wat hulle twee op hierdie einste Beaufort-Wes gekoop het. Sy kop beweeg ritmies heen en weer op die maat van die musiek. Dit kan nie wees nie, dink sy verdwaas. Dit kán nie hy wees nie. Toe sien sy die swart vlekkie aan sy elmboog terwyl hy met die oorfone peuter.

Sy spring op want die trein begin ruk-ruk wegtrek. In haar haas stamp sy die burger van die tafeltjie af, maar sy kyk nie eers waar dit val nie.



© University of Pretoria

“Bobbie!” Sy sukkel om die venster oop te skuif. Dit haak vas. “Bobbie!” gil sy histeries. Die trein versnel. Sy ruk paniekerig aan die venster en besef verslae hy gaan haar nie hoor nie. Sy pluk die kompartement se deur oop en hardloop in die nou gangetjie af.

Die kondukteur versper die gang en kyk vraend na haar.

“Ek moet af!” Uitasem en na aan trane. “Please! I am on the wrong train!” probeer sy op Engels.

Die man kyk haar onbegrypend aan.

“Please!” Toe begin sy huil want sy weet sy gaan nie hier afkom nie. Nie nou nie. Die trein is al op volle vaart.

Sy sak af op haar boude en gaan sit in die gangetjie. Sy dink eers sy gaan haar nóú doodhuil, maar sy huil nie. Sy sit ‘n ruk doodstil met die kondukteur wat haar aangaap. Sy vee haar neus aan haar arm af. Dis dan dit. Dis die lewe. Goed werk nie uit nie.

Sy maak die kompartement se deur oop, tel die burger van die vloer af op en gooi dit deur die halfoop venster so hard en so ver as wat sy kan. Sy gaan sit en maak haar oë toe.

Sy het agterna baiekeer gewonder watter musiek hy dié dag geluister het. Seker Dire Straits of U2, of soiets. Sy gunstelinge. Sy is seker dit was soiets. Maar sy is eintlik ook nie seker nie.

Die mense op Beaufort-Wes se stasie het later gesê dit kan net die trein Kaap toe gewees het. En Kaapstad is groot. En die trein stop op baie plekke.

Dit was toe dat sy besluit het om haar Tannie Mable in Johannesburg te bel. Haar oorlede ma se suster. Sy sal Johannesburg toe gaan en in die rokwinkel in Mayfair gaan werk, al haat sy naaldwerk. Sommer nog aan die einde van die week sal sy haar goed pak en nooit weer aan Hoopvol dink nie. Want sy sal moet geld kry. Geld en hulp want sy dink sy sal vir ‘n kind moet sorg. 'n Kind wat nie 'n pa gaan hê nie.

* * *

"Jy weet natuurlik dat ek my blerrie dood gaan blêr as daai trein wegtrek," sê Liefie terwyl sy en Nathalie saam met Gielie stasie toe ry.

Nathalie antwoord nie. Sy kyk deur die venster van Gielie se pa se Cressida



© University of Pretoria

na Hoopvol se strate. Hulle ry verby Aalwyn en Tonteldoos waar Tannie Mollie 'n paar miniatuurlemoenbome in reuse-potte op die sypaadjie voor haar gastehuis laat plant het. Volgende week gaan Tannie Door seker iets soortgelyks doen.

Sy sien vir ou Sol op die sypaadjie stap, 'n groot plastieksak in die hand. Gekoop wat die Rose nodig het om te polish en te finish wat ook al vandag gepolish en gefinish moet word. Sy kry hom skielik jammer. Die afgeremde skouers en Tannie Lettie se skerp tong. Dis sy lewe. Sy hoop hy kry vanaand by ou Mietie gelê.

Dis 'n kort rit stasie toe, maar dit voel lank. Dis asof sy Hoopvol in stadige aksie sien. En die plek lyk skielik nie so sad nie. Dit was haar plek vir 18 jaar. Sy dink aan die ma en die pa onder die grafsteen in die kerkhof en sy dink aan Pastoor Chalmers en sy dink aan Juffrou September. Sy dink ook aan Bobbie.

Maar sy wil nie aan Liefie dink nie. Sy wil ook nie aan Johannesburg dink nie. Sy wil nie in Johannesburg wees nie.

Gielie parkeer sy pa se Cressida voor die stasie.

"Jy weet ek gaan my régtig doodblêr," sê Liefie terwyl sy uitklim. Nathalie maak asof sy nie hoor nie.

Gielie gaan haal 'n trollie by die ingang. Nathalie haal haar twee tasse uit die kar se bagasiebak. Sy ignoreer vir Liefie. Sy dink sy weet van doodblêr maar sy wil nie sover dink nie. Gielie pak die tasse op die trollie en stoot dit steun-steun na die stasie se ingang.

Daar is nie veel mense op Hoopvol se stasie nie.

"Gielie, ek is lus vir koeldrank. Gaan koop vir ons," sê Nathalie en haal 'n noot uit haar beursie.

"Oukie doukie," sê Gielie en stap na die kafeteria aan die agterkant van die stasie.

"Jy moet bel," sê Liefie. Hulle gaan sit op 'n bankie op die perron. "Sorry," sê Natahlie vir Liefie met die tranerige gesig.

"Sorry for real. Jou eye-shadow loop oor jou wange."

"Wat gaan ek sonder jou op hierdie verdomde plek maak?" vra Liefie terwyl sy ongeduldig oor haar wange vee.

"Ek gaan kyk vir 'n kookjoppie vir jou in Johannesburg. Promise."

Sy slaan haar arm om Liefie se skouers en druk haar teen haar vas.



© University of Pretoria

"Dis nie fair nie!" huil Liefie.

"Ek weet. Maar ek gaan regtig vir jou 'n job soek. Ek belowe."

Gielie kom terug met die koeldrank.

"Jy moet klim. Die trein gaan ry," sê hy vir Nathalie.

"Aag Liefie," sê Nathalie terwyl sy vir Liefie druk.

"Ek blêr nou blerrie blerrie," huil Liefie.

Gielie laai Nathalie se tasse op die trein.

"Good luck," sê hy en gee haar 'n druk. "Bye, Gielie. Kyk na Liefie en julle moet onthou om volgende jaar basaar toe te gaan," sê Nathalie. Sy soen hom op sy wang.

Nathalie kry haar sit in die kompartement. Sy wil nie na Liefie op die perron kyk nie, maar sy doen dit tog. En toe doen sy ook die blerrie blêr.

Hulle kyk na mekaar terwyl hulle huil.

Liefie loop huilend langs Nathalie se kompartement terwyl die trein beweeg. Toe die trein versnel, loop Liefie ook vinniger. Toe hardloop sy en hulle huil.

Nathalie waai. "Ek sal bel!" roep sy. Sy dink nie Liefie het gehoor nie. Toe die trein op volle vaart is, gaan Liefie staan. Nathalie hang half by die venster uit. Liefie word 'n stippeltjie op Hoopvol se stasieperron.

* * *

Die telefoon lui in die Rose and Crown se verlate ontvangsportaal. Die kat op die stoel in die hoek maak sy lui oë vir ‘n paar oomblikke oop en slaap dan onmiddellik verder.

Tannie Lettie kom steun-steun uit haar kantoor gesukkel. Sy kyk om haar rond. “Olivia, hoekom antwoord jy nie die foon nie?” vra sy vies. Olivia loer van buite na binne waar sy op die sypaadjie besig is om die loodglasvenstertjies weerskante van die voordeur te was.

“Ek het nie gedink ek mag nie. Dis mos nou eintlik Liefie se job noudat Nathalie…,” probeer die vaal meisietjie verbouereerd. Die telefoon hou op lui.

“Ai tog, Olivia. Sien jy vir Liefie hier? vra Tannie Lettie kwaad. “Magtig man, jy moet antwoord as hier niemand is nie!” Sy draai om om terug te stap kantoor toe, toe die telefoon weer begin lui.

“Rose and Crown,” sê Tannie Lettie ongeduldig. Sy luister ‘n ruk.


© University of Pretoria

“Sy werk nie meer hier nie,” sê sy kortaf.

“Nie ‘n idee nie. Ek dink sy het werk gekry in die Kaap of iewers. Sy is weg met die trein.” Sy luister weer ‘n ruk.

“Jy's seker laf! Jy vlieg vanaand om vir twee jaar op 'n olieboor in die vreemde te gaan werk en jy verwag sy moet vir jou wag!” snork sy minagtend.

“Ek sê mos ek weet nie waarheen nie.” Luister.

“Liefie is besig. Sy kan nie nou met jou praat nie en dit sal nie help om die pastoor te pla nie. Hy weet net so min soos ons.” Stilte.

Na ‘n ruk krap sy ongeduldig ‘n nommer op die notaboekie langs die telefoon.

“Ek sal sien. Sy het gesê net voor sy hier weg is..." Tannie Lettie aarsel 'n oomblik. "Sy het gesê sy wil aangaan met haar lewe sonder jou. Jy moet ook."

Toe plaas sy die gehoorbuis neer en kyk na die notaboekie. "Hy's bad news," brom sy by haarself.

Sy skeur die boonste bladsy van die notaboek waarop sy 'n telefoonnommer geskryf het af, frommel die stukkie papier in ‘n bondeltjie en druk dit in haar sak.

Sy raak bewus van Olivia wat haar met groot oë by die voordeur aanstaar, haar silhoeët omraam deur Hoopvol se skerp sonlig wat deur die groot voordeur skyn.

“Was dit…?” vra Olivia huiwerig.

Tannie Lettie sukkel stadig tot by Olivia en lig die verskrikte meisie se ken met haar wysvinger. Sy kyk Olivia vas in die oë.

“Olivia, jy is nie die talentvolste dogter op Hoopvol nie. Jy het hierdie werk baie nodig en ek voorsien vir jou 'n blink toekoms by die Rose and Crown as jy jou kant bring. Julle is ‘n groot gesin en jou bydrae help seker baie om julle pot aan die kook te hou. Ek is seker jou behoeftige ouers en jou baie boeties en sussies waardeer jou gereelde geldjie. Jou pa het mos nie eintlik vaste werk nie of hoe?”

Sy lig Olivia se ken effens hoër.

“Jy het nie hierdie telefoongesprek gehoor nie. En as jy dalk per ongeluk die telefoongesprek van flussies afgeluister het soos 'n mens sonder opvoeding en vir enigiemand daarvan vertel, sit jy môre op straat. Énigiemand, verstaan ons



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mekaar? Jy weet mos ‘n goeie werk op Hoopvol is so skaars soos skulpies in die Karoo,” sê sy stadig, elke woord netjies en rond uitgespreek asof sy met ‘n kleuter praat.

“Ek het niks gehoorie,” sê Olivia vinnig. Sy verdwyn na buite en begin die vensters vir 'n vale was.



© University of Pretoria

# DEEL 2

...en jou hoop sal jou nie ontneem word nie.

**(Spreuke 23:18)**



© University of Pretoria

**Hoofstuk 1**

Hoopvol. Ben onthou die naam. Hy het dit die eerste keer gehoor dié dag toe die vreemde vrou hulle by die fabriek in Fordsburg voorgekeer het. Hoopvol. Weird naam vir 'n dorp.

Hulle was op pad om skoene by die klerefabriek in Fordsburg te koop. Daarna sou hulle milkshakes gaan drink het. Hy en sy ma en Elma. Hulle het hulle byna vasgeloop in die vrou wat tussen twee rakke 'n jas voor haar gehou en dit bekyk het.

Sy het verbaas opgekyk en gesê: "Nathalie! I can't believe it!" Hulle ma het net so verbaas na die vrou gekyk wat die jas op die vloer laat val het sonder om haar oë van sy ma te haal. Dit was 'n baie mooi vrou met 'n bos koperrooi hare, 'n kort, groen minirok en baie hoë hakskoene.

Sy ma het bleek geword en Elma se hand vaster gehou en vir hom wat Ben is, nader gepluk en haar arm om sy skouer geslaan en hom styf teen haar vasgetrek. "Los my Ma!" het hy benoud gesê en hom probeer loswikkel maar sy het gehou.

"Fiona," het sy ma verskrik geprewel. Sy ma het laat los en die vrou het sy ma gedruk.

"I can't believe it," het die vrou weer gesê. "Dis járe. Ek het jou laas op Hoopvol gesien. En kyk hoe mooi het jy geword! Ek het net nou die dag vir my man van jou vertel en alles wat ons..." Sy het skielik opgehou praat en stip na Ben gekyk. "Nathalie," het sy verbaas gesê. "Maar hy lyk dan net soos..."

"Ons moet gaan," het sy ma vinnig gesê en vir hom en Elma hardhandig voor haar uitgestoot. "Tandartsafspraak. Dis was lekker om jou weer te sien."

"Vat dan net my kaartjie. Ons bly in Pretoria. Ek verkoop huise..." Die vrou het agter hulle aan gedrafstap want hulle ma het gemove. Hulle moes sukkel om by te hou.

Hulle ma het gaan staan en die kaartjie vinnig uit die vrou se hand gegryp. "Jammer ons is so ongeskik, Fiona, maar ons is regtig laat. Ek bel jou dan gesels ons lekker oor die ou dae." Die vrou het steeds na Ben gekyk. "Nathalie, maar ek het nooit geweet—"

"Kom," het hulle ma beslis gesê.

"Ek het vir Bobbie onlangs in Pretoria gesien! Hy werk by die



© University of Pretoria

varsproduktemark! Hy het gevra of ek iets van jou weet!" het die vrou agter hulle aangeskree. Hy weet nie of sy ma gehoor het nie maar sy het vinniger begin stap. Oor sy skouer het Ben gesien hoe die vrou hulle met 'n oopmond agterna kyk.

"Ek kan nie so vinnig loop nie," het Elma gekla maar hulle ma het gemaak of sy nie hoor nie en eers stadiger begin stap toe hulle naby hulle kar in die parkeerterrein was.

"Wie moet tandarts toe gaan? Ek hoop nie dis ék nie," het Elma gesê terwyl hulle teruggery het. Hulle ma het nie gehoor nie. Sy het op haar lip gebyt en die stuurwiel met wit kneukels vasgeklou terwyl sy op die verkeer gekonsentreer het.

Toe hulle voor die huis stop, het Elma gevra: "Maar gaan ons dan nie tandarts toe nie?" Hulle ma het verbaas na Elma gedraai en toe gesê. "Aarde, my kop is deurmekaar. Dis ék wat moet gaan maar ek onthou nou dis eers volgende week. Ek raak oud," het sy vir Elma geglimlag.

Maar hy het toe vir die eerste keer verseker geweet. Hy het 'n pa, een wat lewe en by die Pretoria-mark werk en sy naam is Bobbie. En hy lyk soos sy pa.

Dis eers toe hy die aand in sy bed gelê het, dat die naam gekliek het. Hoopvol. Dis ook die naam op die briewe in die kassie in sy ma se ingeboude kas waarin sy al hulle dokumente bewaar het. Die briewe was van 'n plek met die naam "Hoopvol". Hy het daarop afgekom toe hy na foto's van sy pa gesoek het. Hy het nie belanggestel om die briewe oop te maak nie. Sy ma se naam en hulle adres was voorop maar hy onthou die adres agterop. Dit was van prokureurs op Hoopvol. Hy het nogal gewonder oor die briewe. Hy het nie gedink dat iemand op hierdie aarde nog briewe skryf nie. Hallo, het julle al van e-mail gehoor?

Toe hy die volgende middag na skool vir Elma met haar huiswerk by die eetkamertafel gelos het, het hy die kassie uit die ingeboude kas gehaal en dit agter 'n toe deur in die badkamer gaan lees.

Daar was twee briewe. Die een was twee jaar vroeër gedateer.

*Na aanleiding van u telefoonoproep gister is die doel van my skrywe om u mee te deel dat ek die volgende oor u eiendom kon uitvind. Pastoor Chalmers en sy vrou woon nie meer op die dorp nie. Dit is vir my aangenaam om u mee te deel dat die*


© University of Pretoria

*eiendom in Winnie Mandelasraat 26 (voorheen Olive Schreinerstraat) wettig aan u behoort.*

*U ouers se testament het ek in die firma se kluis opgespoor. Ja, na al die jare. My vader aan wie Lategan en Seuns tot en met sy dood behoort het, was nogal 'n ordelike man en alle ou dokumente is steeds netjies en presies geliasseer. Omdat soveel sake wat ons hier hanteer oor geslagte strek (veral dié van die boeregemeenskap), word alle dokumente noukeurig bewaar en nie sommer vernietig nie. Deesdae is dit natuurlik baie makliker met rekenaars.*

*Dit is vir my onduidelik waarom Pastoor en mevrou Chalmers so lank in u huis kon bly sonder enige teenprestasie, maar u sal waarskynlik meer inligting hieroor hê. Ons wag graag u opdrag af oor hoe om met die eiendom te handel. Ek wil net noem dat die huis waarskynlik nie 'n wafferse prys sal behaal nie. Die eiendomsmark op Hoopvol is nie so aktief soos op van die ander dorpe in die omgewing nie en dit is in 'n redelike toestand van verwaarlosing. Die huis staan leeg.*

*As u dit egter van die hand wil sit, sal ons alles in ons vermoë doen om dit vir 'n billike bedrag verkoop te kry. U moet in so 'n geval asseblief vir ons die volgende dokumente (gewaarmerkte afskrifte asb) so spoedig moontlik aanstuur.*

Ben lees nie verder nie. Hy haal ongeduldig die brief uit die ander koevert.

*Dankie vir u skrywe. Ek verstaan dat u die huis eers wil verkoop ter finansiering van u kinders se na-skoolse opleiding wanneer hulle eendag daardie ouderdom bereik. Dit mag egter wys wees om die eiendom nou van die hand te sit omdat dit oor 'n jaar of twee moontlik heelwat minder werd sal wees. Aan die ander kant mag die eiendomsmark dalk in die toekoms hoër hoogtes as nou bereik, hoewel dit na my beskeie mening baie onwaarskynlik is. Die besluit berus egter by u.*

*Vriendelike groete*
*Abel Lategan* (en 'n handtekening)



© University of Pretoria

*NS: Is u steeds seker u wil nie via e-pos kommunikeer nie? Dis darem heelwat makliker.*

Ben het lank met die kassie op sy skoot agter die toe badkamerdeur gesit. Die briewe weer gelees. Hy het gewonder of sy ma toe die huis verkoop het. Hoopvol. Waar op aarde sou dit wees? Hy het gedink hy weet waarom sy ma nie met e-posse met die man wou praat nie. Sy was seker bang almal by die rokwinkel sou dit sien. Hulle het nie e-mail by die huis gehad nie.

By die internetkafé het hy op Google gesien Hoopvol is 'n klein kolletjie tussen niks en nêrens in die Karoo. Beaufort-Wes was die naaste groot dorp. Daar was 'n paar foto's van outydse gastehuise en van die dorre veld en bossies van die omgewing. Hy kon kliek op 'n skakel na staproetes en ander besienswaardighede in die omgewing. No thank you. Not interested, het Ben gedink. Waarom sou iemand hier wou bly?

Die ander waiters was jammer toe hy by die Spur bedank het en hy het besef hy gaan hulle ook mis al was waiter wees nie vir hom nie. Hy sou in Bloemfontein kon bly soos in vir altyd. Hy het pelle gemaak en dit het lekker geword om by Oom-Fanie-hulle te bly. Hy en Oom Fanie het nogal close geword. Saam rugby oor die televisie gekyk en hy het vir Oom Fanie hulle vleis gebraai en gaan goed koop as hulle iets nodig gehad het. Hy het selfs die gras gesny as die tuinman nie opgedaag het nie. Oom Fanie was teleurgesteld omdat hy waai.

Hy dink hy het vir Oom Fanie so half die ou in Oom Fanie se seun se plek geword.

Hy kyk deur die treinvenster na hoe die wêreld skielik verander. Daar was nog gras en mielielande en toe skielik net droë veld en graspolle en klippe. Dit moet die Karoo wees. Hy wonder waarom sy ma nooit oor Hoopvol gepraat het nie. Was sy skaam om in só 'n terugplek groot te geword het? Het dit iets met sy pa te doen?

'n Bordjie sê hulle is byna op Beaufort-Wes. Die trein stop op die stasie en die kondukteur sê hulle gaan 'n halfuur lank daar stop. Die passasiers mag afklim. Hy koop vir hom 'n koeldrank en 'n pakkie tjips by die kiosk op die stasie. Hy klim weer op en sit 'n ruk deur die venster na die mense op die perron en kyk.

Hy verlang skielik na Mayfair en na sy pelle en na Tannie Pop. Hy dink aan



© University of Pretoria

sy ma en Elma. Hy wonder waar is die hemel en of hulle nou daar is. Hy hoop so. Dit laat hom beter voel dat hulle moontlik gelukkig is. Hy wil skielik huil maar hy byt op sy tande.

Die trein trek ruk-ruk weg. Dis nie meer ver Hoopvol toe nie, sê 'n bordjie langs die treinspoor. Sy keel trek toe. Alles gaan nou weer van voor af begin. Werk soek. 'n Plek om te bly. En sy pa. Hy dink nie hy gaan dit maak om weer nie sy pa te kry nie. Dan is hy klaar gesoek en dan sal hy 'n plan met sy lewe moet sien. Wat weet hy nie. Hy dink nie hy sal na alles meer by Tannie Pop kan bly en Rek en Wiskunde doen en by Kleynhans PlayStation speel nie.

Hy luister benoud toe die kondukteur sê hulle nader Hoopvol se stasie. Hy maak sy rugsak vas en gooi dit oor sy skouer. Hy gaan staan in die gangetjie voor die kompartement en loer deur die venster hoe die stasie nader kom. Die letters op die bordjie wat sê hulle is nou op Hoopvol, skilfer af. Daar is nie mense op die perron nie, net 'n ou met 'n spoorweguniform wat twee groot houers van die trein op die perron aflaai.

Ben klim huiwerig af. 'n Basterbrak lê in die son vir hom en kyk en waai sy stert effentjies. By die kaartjieskantoor vra hy waar die dorp is. Die man kyk hom verbaas aan.

"Net hier agter." Hy beduie na die agterkant van die stasie.

"Kan ek soontoe loop?"

Die man lag.

"Hier kan jy orals heen loop maar Rodney gaan daai goed by die hotel aflaai. Jy kan saam met hom ry." Hy beduie na 'n man wat die kaste wat die kondukteur op die perron afgelaai het op 'n trollie laai.

"Rodney! Die ou soek 'n lift," skree hy vir die man.

Rodney beduie Ben moet kom.

Ben help vir Rodney om die kaste op die bakkie te laai.

"En jy kom van waar?" vra Rodney wat nie bo-tande het nie.

"Bloemfontein."

"En jou business hier?" vra Rodney toe hy by die stasie se stukkie geteerde parkeerterrein wegtrek waardeur bossies tussen die krake groei.

"Familie."

Ben is nie lus vir praatjies nie. Hy kyk deur die venster na die paar huise en



© University of Pretoria

die enkele winkels. Hy kan nie glo dat sy ma op só plek grootgeword het nie. Hy is nie verbaas dat sy nooit daaroor gepraat het nie. Rodney praat sonder ophou, maar hy luister nie. Dit behoort seker nie moeilik te wees om sy pa hier te kry nie, maar somehow dink hy nie sy pa gaan hier wees nie. Hy weet nie hoekom nie maar hy het so 'n snaakse gevoel op sy maag dat sy pa nie in só 'n simpel plek gaan wees nie. Hy wonder of sy ma nog die huis op dié dorp het. Dan is die huis nou seker syne. Hy dink nie hy wil 'n huis op so 'n terugplek hê nie.

"Righty, hie's ons," sê Rodney. Hy parkeer in die straat voor die enigste tweeverdiepinggebou in die hoofstraat. *Rose and Crown* staan in netjiese sierletters teen die boog oor die deur geverf.

"Dankie vir die lift."

Ben klim uit en kyk op en af in die hoofstraat. Enkele mense loop op die sypaadjie verby. Iemand ry op 'n fiets verby en waai vir Rodney.

"Howzit!" groet Rodney terug.

Ben help hom om die kaste af te laai. Dis warm. Hy stap die hotel huiwerig binne. Dis effens skemer in die ontvangsvertrek. 'n Ou agter die toonbank is besig om oor die telefoon te praat.

Ben kyk rond. Teen die muur agter die ontvangstoonbank hang 'n groot skildery van die Karoo. Dit lyk nogal soos die wêreld wat hy pas deur die treinvenster bekyk het maar anders, asof 'n moderne skilder dit gemaak het. Hy gaan sit op een van die groot rottangstoele met die gekleurde kussings, wat weerskante van die voordeur staan. Hy kyk na die heldergroen mat op die vloer.

Die ou agter die toonbank sit die gehoorbuis neer. "Kan ek help?"

Ben weet nie wat om te sê nie.

"Ek... ek soek goedkoop plek om te bly, net vir 'n paar dae en dalk werk. Net vir 'n rukkie. Ek het besigheid wat ek hier moet afhandel."

"Hier is nie werk op die dorp nie en Tannie Rhoda se kamers is die cheapste hier rond." Hy kyk nuuskierig na Ben. "Wat se business het jy hier?"

"Ek het eiendom wat ek wil verkoop."

"Waar?" vra die ou nuuskierig.

Ben begin sy moer pluk. Hy staan op. "Kan jy vir my verduidelik waar die kamers is?"

"Oukei, oukei maar as jy wil weet oor werk sal jy met Tannie Liefie moet



© University of Pretoria

praat. Sy is die owner van die hotel en sy ken almal op die dorp." Hy lui 'n klokkie op die toonbank.

'n Lang vrou kom vanuit 'n kantoor agter die ontvangstoonbank te voorskyn. Sy het lang, blink hare. Sy is mooi. Hy is half verbaas om só 'n mooi vrou in die simpel dorp te sien.

"Tannie Liefie, die ou soek werk," sê die mannetjie agter die toonbank.

Die vrou staar geskok na Ben. Dit lyk asof sy 'n spook gesien het. Ben voel verleë. Is die plek nie mense gewoond nie? Lyk hy soos 'n freak?

"Van waar is jy?" vra sy huiwerig.

"Bloemfontein, maar eintlik van Johannesburg."

Sy reageer nie.

"Ek moet net... ek het bietjie besigheid hier en... ek soek net werk vir 'n ruk," sê Ben verleë. "My naam is Ben," voeg hy vinnig by.

Die vrou haal haar selfoon uit haar rok se sak sonder om haar oë van Ben te haal. Sy kyk vlugtig na die foon en druk 'n knoppie. Sy kyk weer na Ben terwyl sy praat.

"Frans, is jy nog op die dorp?" vra sy. Sy luister.

"Kom maak gou 'n draai." Sy druk die foon dood.

"Jy is seker dood van die honger. Ek sal kyk of ons 'n plan met tydelike werk kan maak. Ek sal bietjie bel. Calvin, vat vir Ben kombuis toe en sê Tannie Olivia moet vir hom kos gee en iets om te drink."

Ben loer oor sy skouer terwyl hy agter Calvin die gang afloop. Die vrou kyk nog steeds na hom asof 'n ruimtetuig hom pas in die hoofstraat afgelaai het.

Calvin beduie hy moet by een van die swaar gietystertafels onder die prieel plaasneem. Die stoelkussings het groen en pienk strepe. Daar is helderkleurige blomme in bakke langs die binnehof se mure.

Ben is dankbaar oor die kos want hy is honger. 'n Meisie kom met 'n skinkbord by die stoeptrappies afgestap en sit 'n bord kos, 'n bord slaai met allerhande blare en takke in, en 'n glas vrugtesap op die tafel neer. "Daar is baie as jy nog wil hê. Tannie Liefie het gesê ons moet mooi na jou kyk. Ek bring nou-nou vir jou poeding. Dis ons speciality. Tannie Liefie se chocolate fondant. Jy is lucky dat jy vandag hier aangekom het." Sy giggel. "Is jy van Gauteng?"

Ben knik met sy mond vol kos. Die meisie verdwyn in die huis.



© University of Pretoria

Hy eet gulsig. Dis hoender met 'n vreemde sous maar dis lekker. Die slaai ook, al lyk dit soos 'n oerwoud. Terwyl hy eet, wonder hy waarom die hotel se eienaar so na hom gekyk het.

Na sy tweede bord stap hy terug deur die gang, wat met lanterns verlig word, na die ontvangsportaal. Tannie Liefie staan fluisterend met 'n lang, fris man met 'n hoed en 'n swart snor en gesels. Hulle draai na Ben toe hy die vertrek binnekom.

"Frans," sê die vrou huiwerig terwyl sy na Ben kyk.

"Hy…" Sy kom nie verder nie.

Die man haal sy hoed van sy kop af en vee met sy hand eers oor sy digte bos hare en toe oor sy swart snor. Sy hand versteen oor sy snor. Hy kyk bewegingloos na Ben.

"Hy…" begin die tannie weer sonder om haar gesig van Ben te haal.

Ben voel kriewelrig. Wat kyk hulle hom so? Hy tel sy rugsak van die vloer af en stap deur toe. Hy moet wegkom van die weird mense af. Dit was 'n fout om hierheen te kom. Hy hoort nie hier nie.

"Wag!" sê die tannie vinnig.

"Frans, die ou soek werk. Net vir 'n rukkie. Jy kan hom seker op die plaas gebruik of hoe?"

"Seun, wat is jou naam?" vra die man. Hy kyk stip na Ben.

"Ben. Ben de Koker."

Die man en die vrou kyk vinnig na mekaar.

Ben gooi sy sak oor sy skouer en stap weer deur toe.

Die man keer hom by die deur voor. "Weet jy iets van 'n plaas af?"

Ben sit sy weer sy rugsak op die vloer neer. "Nie eintlik nie Oom, maar ek het by die Pretoria-mark gewerk en baie aartappelsakkies rondgedra en ek het ook 'n ruk by 'n Spur in Bloemfontein gewerk—"

"My 4x4 staan voor die hotel se deur. Daar is sakke agterop. Die bakkie is wit. Jy kan voor inklim," val die oom hom in die rede.

Hy wil nie op 'n plaas werk nie. Hy is hier om sy pa te soek maar dis 'n begin. Dis blyplek en 'n werk en hy hoef nie te soek om dit te kry nie. Dalk weet dié mense waar sy pa is. Hy stap by die groot voordeur uit. Die sonlig is skerp na die donker hotel. Hy draai om.


© University of Pretoria

"My ma se naam was Nathalie. Maar sy is dood. Ek het nie my pa geken nie." Die man en die vrou kyk weer vinnig na mekaar.

Ben klim verleë voor in die 4x4. Hy sou liewer agter op wou sit, maar daar is nie plek met al die goed wat daar gestapel is nie.

Die oom praat nie terwyl hulle in 'n noordelike rigting by die dorp uitry. Kort-kort toet iemand en dan groet hy vriendelik. Dit lyk asof almal hom ken. Dalk ken almal maar vir almal op sulke plekkies soos die mense sê. Hy kyk na die huise wat op groot erwe staan. Party het tot windpompe op. Weird. Baie huise lyk oud maar hulle is mooi geverf en het stoepe wat reg rondom die huis loop. Meeste sit teenaan die straat met net 'n klein stukkie sypaadjie wat hulle van die straat skei. Dis helwarm. Asof die oom sy gedagtes lees, stel hy die lugverkoeler hoër.

"Wat bring jou na ons ou dorpie toe?" vra hy vriendelik terwyl hulle die dorp agter hulle laat.

Ben dink mooi voordat hy praat. Hy weet eintlik nie wat om te sê nie maar hy sal versigtig moet wees. Hierdie mense is nie lekker nie. Hy kyk 'n ruk by die venster uit na die karooveld waar 'n mens net nou en dan 'n paar skape op 'n bondel sien staan. Sou sy ma ooit dié vreemde wêreld gemis het, wonder hy. Dis baie anders as Johannesburg.

"My ma is onlangs oorlede. Sy het hier grootgeword. Daar is 'n bietjie besigheid wat ek hier moet doen. Ek…" Hy sluk. "Ek wil maar vir 'n ruk hier rond werk en so aan. Om myself te support terwyl ek hier is."

Die oom kyk hom 'n ruk ondersoekend aan maar sê niks nie.

"Gaan jy nog skool?"

"Ek gaan weer volgende jaar," sê Ben ongemaklik. Hy hoop nie die oom vra verder uit nie. Hy wil nie lieg nie. Hulle ry 'n ruk in stilte.

"Hoe is jou ma dood?" vra die oom na 'n ruk. Hy draai die lugverkoeling laer. Dit blaas nou baie koue lug deur die kar.

Ben kyk na die koppies in die verte. Hy huiwer. "Sy het doodgebrand. Sy en my sussie. Dit was 'n ongeluk. Ons huis in Johannesburg het afgebrand." Dit was eintlik my skuld, wil hy byvoeg. Ek het DVDs gekyk en nie na my sussie soos ek moes nie.

Die oom kyk nie na hom nie en sê niks verder nie voordat hulle by 'n


© University of Pretoria

plaashek met groot klippilare indraai. *Soetwater, Frans en Nonnie van Eeden* staan op ‘n bord langs een van die pilare.

Ben voel skielik moeg en hy is dors. Hy hoop nie hy moet onmiddellik leer koeie melk of so iets nie. Hy weet nie veel van ‘n plaas af nie. Hy kan nie onthou dat hy al ooit op een was nie. As hy reg onthou, was hulle tog een keer op laerskool vir 'n uitstappie op 'n plaas of 'n plot of iets.

Hulle stop voor ‘n groot kliphuis met ‘n reuse-tuin. Die sinkdak van die huis is groen geverf. Die tuin is mooi, maar op ‘n vreemde manier. Dis half wild met baie vetplante en aalwyne en rotstuine en sulke goed. Daar is groot bome wat Ben nie ken nie en wat plek-plek vir groot skadukolle in die tuin sorg. Twee bruin boerboele kom uitgelate nader gedraf.

“Dis nou Sersant en Kaptein,” sê die oom vir Ben wat met sy rugsak oor sy skouer eenkant staan. “Kom nader man, en welkom op Soetwater,” sê die oom.

Hy stap vooruit met die tuinpaadjie. Ben volg verleë. Oom Frans haal sy hoed af toe hulle die paar stoeptrappies opklim. Langs die trappies staan 'n groot skaap na hulle en kyk. "Dis Rebekka," sê Oom Frans. "Die vervlakste ooi moes lankal by die slagpale gewees het maar Helena het haar hans grootgemaak. Nou behandel sy haar soos een van die honde. Rebekka is gedurig onder almal se voete en sy dink ook al sy is 'n hond. "Mêê," sê Rebekka. "Skoert," sê Oom Frans. Ben besluit om nie te vra wie Helena is nie. Hy wil nie regtig weet nie.

Die huis is donker en koel, die vertrekke baie groot. Ben vermoed hulle hele huis in Mayfair sal in die sitkamer pas. In die breë gang hang foto’s en skilderye. Hy kan dwarsdeur die huis van die voordeur tot by die agterdeur sien. Een lang gang.

‘n Vrou kom uit ‘n vertrek te voorskyn en droog haar hande aan ‘n voorskoot af. Sy het blonde hare wat op haar skouers hang. ‘n Bril met ‘n moderne, swart raam rus op haar neus. Sy kyk vraend na Ben terwyl sy die gang afgestap kom. “Ek dog ek hoor stemme.”

“Nonnie, dis nou Ben. Hy gaan ‘n rukkie op die plaas werk. So bietjie experience vir sy CV opdoen. Hy is ‘n stadsjapie van Johannesburg,” sê die oom glimlaggend.

“O,” sê die tannie verbaas. Sy druk haar bril op haar neus. “Nou toe, welkom. Ons sal vir jou slaapplek moet kry,” sê sy terwyl sy verstrooid oor haar hare vee.


© University of Pretoria

Sy staan ‘n rukkie en dink. “Die stoepkamer, wat van die stoepkamer? Ja, die stoepkamer. Dit het 'n stort.” Sy stap vinnig terug met die gang van waar sy gekom het.

“Nonnie,” sê die oom. Die tannie gaan staan en draai om.

“Ek het gedink hy moet in die buitekamer slaap.” Die tannie bly staan. Sy en die oom staan ‘n ruk na mekaar en kyk sonder om iets te sê.

“Die buitekamer?” vra sy dan verbaas. “Maar…”

“Ek dink hy moet in die buitekamer slaap,” sê die oom beslis. Ben kyk ongemaklik van die een na die ander.

“Natuurlik. Die buitekamer het sy eie badkamer en dis lekker koel. Ek kry net gou die sleutel.” Sy kom na ‘n ruk met ‘n bos sleutels te voorskyn. “Kom, Ben, kom ek gaan wys jou. Dis uit op die agterstoep,” sê sy vriendelik.

Ben volg gedweë en verlang skielik na hulle huis in Mayfair, al kon hulle die mense langsaan elke aand hoor baklei. Hy voel skaam oor sy denim wat al ‘n was moes gehad het en sy rooi T-hemp wat seker lekker na sweet stink en hy moes sy tekkies ook lankal ‘n behoorlike skrop gegee het. En daar is nie ‘n manier dat dié mense moet weet hy rook partymaal nie.

Die agterstoep is net so breed soos die voorstoep en loop uit op ‘n grasperk wat deur groot bome omring word. ‘n Vleuel strek regs van die huis vir enkele meters al langs die grasperk tot anderkant die paar bloekombome waar Ben die Karooveld kan sien. Die tannie loop tot aan die einde van die vleuel waar Ben die koppies in die verte kan sien en gaan staan voor ‘n deur. Sy huiwer, sluit dan oop en stap vinnig binne. Sy staan in die kamer en rondkyk. Dit ruik asof die kamer lank toegestaan het. "Goeiste, maar dit ruik bedompig," sê die tannie. Sy trek die gordyne oop en skuif die groot, houtraamvenster oop.

Ben kyk na die modelvliegtuigies wat van die plafon hang. Die trofeë en rosette wat op die boekrak staan en die foto’s van ‘n glimlaggende, blonde seun met rugbyklere op sommige foto's, atletiekklere op ander. Op almal glimlag hy dat jy net tande sien. Hy sien die PlayStation op ‘n tafeltjie en die posters van rugbyspelers en van karre teen die mure. Dit is iemand anders se kamer. Hy lyk na die tannie. Hy dink nie hy hoort hier nie. Hy dink nie hy wil hier wees nie.

Die tannie staar na die foto's. “Dit was ons seun se kamer,” sê sy na ‘n ruk. “Charl. Hy het laasjaar verongeluk.” Ben dink nie sy praat met hom nie. Die



© University of Pretoria

kamer voel skielik benoud. Hy wil hier weg.

“Miskien moet ek maar in die stoepkamer slaap,” sê hy vinnig. Sy kyk op en dan glimlag sy.

“Nonsens, maak jou tuis.” Sy loer om die badkamer se deur. “Hier is darem nog seep en sjampoe en…” Sy voel aan die handdoek. “Ek sal vir jou vars handdoeke stuur. Ons eet so halfsewe. Ek kan sien jy is moeg. Stort en rus ‘n bietjie. Ek stuur vir jou koeldrank en ‘n toebroodjie.”

"Ek het eintlik al geëet. By die hotel," sê Ben.

By die deur draai sy om. “Ek is bly jy is hier. Dis lekker om weer ‘n seun in die huis te hê.”

Ben staan ‘n ruk onseker in die kamer. Hy loer na die badkamer. Dis mooi. Hy dink nie sy ma het ooit in haar hele lewe in so ‘n mooi badkamer gebad nie. Hy kyk na die glimlaggende seun op die foto. Hy is dood. Hy ril. En hier is al sy goed wat hy nooit weer nodig gaan hê nie.

Hy maak die kasdeur oop. Dis leeg. Hy was bang dis nog vol klere van ‘n vreemde ou wat hy nooit in sy lewe gesien het en nie meer lewe nie. Hy pak sy paar goed in die kas en sit sy skeergoed in die badkamer. Hy bekyk sy swart T-hemp wat hy uit sy rugsak haal krities. Hy ruik daaraan. Dit lyk nie te gekreukel nie en dit ruik oukei. Hy hang dit oor die stoel in die hoek. Hy sal vanaand al sy klere was, besluit hy.

Hy kyk deur die groot venster. Hy sien karoobossies en ‘n windpomp in die verte. Die veld strek eindeloos tot waar dit teen die koppies wegraak. Die son is besig om te sak en dit is stil. Baie stil. Hy hoor nie ‘n geluid nie. Hy verlang weer na sy ma en sy sus. As hy maar net daar was…

Iemand klop aan die deur. ‘n Vrou hou ‘n glas koeldrank na hom. "Ek is Arlien. Ons eet halfsewe. Jy moenie laat wees nie hoor."

Hy gaan sit op die bed en drink die koeldrank. Hy is moeg. Hy sit die glas op die vloer neer en trek sy skoene uit. Hy val op die bed neer en raak dadelik aan die slaap.

Hy word wakker van ‘n geklop aan die deur. Vir ‘n oomblik weet hy glad nie waar hy is nie en hy voel mislik van te min slaap. Hy kyk op sy horlosie. Dis al sewe uur, sien hy. Hy spring paniekerig op. Hy pluk die deur oop.

“Mevrou sê jy kan maar kom eet,” sê Arlien.



© University of Pretoria

Hy sal nie kan stort nie. Hy borsel sy tande vinnig en spoel sy gesig met koue water af. Sy hemp is erg gekreukel. Hy pluk vinnig die swart T-hemp wat oor die stoel hang oor sy kop.

Sersant en Kaptein lê voor die deur toe hy buite kom. Hulle staan op en waai hulle sterte toe hulle hom sien. Die tannie werskaf in die kombuis.

“Ek is jammer. Ek het nie gesien dis al so laat nie. Ek het aan die slaap geraak,” sê hy verleë.

“Nee wat, dis reg. Oom Frans het ook nou net eers van die krale af gekom. Gaan sit gerus by die eetkamertafel. Ek bring die kos.”

Daar is drie plekke by die eetkamertafel gedek. Hy weet nie wie sit waar nie. Hy bly ongemaklik eenkant staan. Daar is ‘n bottel wyn en ‘n beker vrugtesap op die tafel.

“Nou toe, hoe lyk die Karoo vir jou?” vra Oom Frans terwyl hy die vertrek binnekom. Hy beduie vir Ben om by die plek aan die linkerkant van die tafel plaas te neem.”

“Dis nogal anders… Dis nogal plat en droog,” sê Ben en is dadelik vies dat hy nie aan iets beters kon dink om te sê nie. Die oom lag terwyl hy die bottel wyn oopmaak.

“Boetie, glo vir my, die plek kruip onder jou vel in. Ek wil nêrens anders in hierdie hele wye wêreld bly nie.” Hy skink die twee wynglase vol en beduie na die beker vrugtesap. “Help jouself en maak jou tuis man. Jy lyk asof jy… Ons byt nie.” Ben begin effens ontspan. Die tannie en Arlien bring die bakke met die kos en die tannie begin opskep.

Die oom en die tannie praat oor ‘n vreemde siekte wat iewers onder iemand se skape uitgebreek het. Hy hou hom in om nie soos ‘n honger boemelaar die kos te verorber nie maar dit is vrek lekker al het hy die middag twee borde kos by die hotel geëet. Skaapboud en aartappels en groente en slaai. Na nog ‘n bord en ‘n bak gebakte poeding, sit hy behaaglik agteroor. “Dankie, tannie. Dit was maklik die lekkerste kos wat ek nog geëet het,” sê hy skaam.

Die tannie lag. “Dankie! Dit maak my sommer lus vir kosmaak want Arlien is eintlik die kok in die huis,” sê sy.

"Dis 'n mite dat alle boervrouens voorslagkokke is," spot die oom.

"Sies, Frans," lag die tannie. "Ek kan darem lekker roereier maak," sê sy vir



© University of Pretoria

Ben.

Hulle praat later sommer oor gewone goed en die weer en van mense wat hy nie ken nie. Hulle vra niks oor goed waaroor hy nie sou wou praat nie.

Hy help die tannie om die borde en die glase kombuis toe te dra.

"As jy vuil klere het, gooi dit in die mandjie in die waskamer. Ek gaan môreoggend vroeg was. Dis die vertrek langs die kombuis." Sy beduie na die deur langs die buitedeur.

"Ek sal self was as tannie net vir my 'n bietjie Omo..."

"Nonsens, man. Dink jy ek skrik vir 'n bietjie vuil wasgoed? Hartjie, vuil wasgoed is die storie van my lewe. En jy moet sien hoe lyk Helena se klere as sy 'n naweek hier was."

Hy gooi later sy kouse, 'n denim en drie van sy T-hemde in die mandjie. Hy sal die swart hemp wat hy nou aanhet, môre weer aantrek en hy gaan wragtig nie sy vuil onderbroeke hier ingooi nie. Hy sal dit met die seep in sy badkamer was.

"Jy kan maar alles bring," sê die tannie wat om die hoek van die waskamer loer.

"Ek het nie baie klere gebring nie. Ek weet nie of ek baie lank gaan bly nie," sê hy verleë. Hy kyk na die lelike rooi T-shirt wat hy by die Indiër Plaza in Pretoria gekoop het en bo-op die hoop vuil wasgoed lê.

Sy kyk hom 'n ruk ondersoekend aan maar sê niks nie.

"Frans sê jou ma en jou sussie..." Sy draai na hom.

"Ek is jammer. Ek is regtig baie jammer." Sy staan na hom en kyk en hy dink sy bedoel dit. Hy begin snaaks voel en hy wil nie snaaks voel nie. Hy byt sy onderlip vas en hy voel sy lyf begin liggies bewe. As hy harder byt, gaan sy lip begin bloei, hy is seker. Hy wil omdraai maar hy kan nie. Hy begin panic. Hy ken nie die vrou nie en sy weet niks van sy ma en van Elma af nie. Dis nie dié mense se saak nie.

Sy stap stadig tot by hom en trek hom tot teenaan haar lyf. Hy staan 'n ruk teen haar en bewe maar sy hou hom net rustig vas. Hy ruik reukwater en brood en die poeding wat hulle vir nagereg gehad het en waspoeier en 'n klomp reuke wat hy so goed onthou maar ander wat hy glad nie ken nie, maar hy gee nie om nie. Hy hou van almal.



© University of Pretoria

"Ek verstaan ook nie al die goed nie," sê sy na 'n ruk sag. Sy laat hom los.

"Ek kan nou wel nie kook nie maar ek maak 'n mean Cuppuccino. Kom," fluister sy. Sy stap kombuis toe en begin met die koffiebekers werskaf.

Hy gaan sit by die eetblad in die kombuis en toe vertel hy alles. Alles van hulle lewe in Johannesburg, sy ma wat 'n lang ruk by haar tannie se naaldwerkwinkel gewerk het en hoe hulle later in 'n huis in Mayfair ingetrek het nadat sy ma met Oom Steve getroud is. Hoe sy by Clicks begin werk het en hoe Elma later gebore is en hoe hy haar in die kerk ingebring het toe sy gedoop is en Oom Steve wat na 'n paar jaar, hy dink hy was in graad sewe, die pad gevat het en dat sy ma nie veel daaroor gesê het nie. Hoe hulle sonder geld gesukkel het en hy besluit het hy gaan met sy fiets koerante aflewer en hoe hy dié aand by Kleynhans-hulle 'n nuwe PlayStation-game wou gaan speel het wat Kleynhans die middag gekry het al moes hy vir English Prose geleer het. Hy moes eintlik vir Elma opgepas het want sy ma was siek. Hoe hy besluit het om tóg vir vinnig die nuwe game te gaan probeer het want Kleynhans het gesê die game is awesome. Elma en sy ma het albei vas geslaap. Hoe hy die huis gesluit het en vergeet het van die kers wat in sy ma se kamer gebrand het. Die kers wat Tannie Pop vir sy ma vir haar verjaarsdag gegee het en so lekker geruik het, en hoe hy later om die hoek geloop gekom het en die brandweer en al die mense gesien het. Voor hulle huis. "Daar was baie rook, tannie en … Dit was ons huis en ek was nie daar nie." Hy weet nie wat verder nie.

Die tannie maak nog Cuppuccinos. Sy skud 'n pakkie koekies op 'n bord uit. Sy gaan sit weer oorkant hom. "Dis ook 'n mite dat alle boervrouens hulle eie koekies bak," sê sy terloops terwyl sy die bordjie nader stoot.

Sy doop 'n koekie in die Cuppuccino. "Dit was nie jou skuld nie. Dit was ook nie ons skuld nie," sê sy na 'n ruk.

Ben sê niks nie. Hy roer stadig met sy lepel in sy Cuppachino. Hy kyk nie op nie. Hy voel die trane oor sy wange loop. Sy vat sy hand.

"Dit was maar net 'n ongeluk soos Charl se GTI wat buite Hoopvol gerol het." Sy sit haar ander hand op sy arm. "Partymaal rol goed of hulle raak aan die brand sonder dat ons dit kan help en ons kan net mooi niks daaraan doen nie. Dis nie ons skuld nie," sê die tannie sag.



© University of Pretoria

* * *

Ben sit later aan die agterkant van sy kamer en rook waar niemand hom in die donker kan sien nie. Hy het nog nooit in sy lewe so baie sterre gesien nie. Hy kan die veld ruik. Dis ‘n vreemde reuk, halfsoet en halfbitter. Dis ‘n reuk wat hy nie kan beskryf nie. Dit ruik nogal soos die kruie wat sy ma partmaal in hulle slaai gesit het. Hy dink hy hou daarvan. Hy streel oor die honde se koppe wat agter hom aangedrentel het. Het hulle so agter Charl aangeloop toe hy nog gelewe het? wonder hy.

Hy dink aan sy ma en aan Elma en aan Charl. As Charl nie te vinnig gery het nie en as die wind nie per ongeluk die kers omgewaai het nie. Hoekom lewe party mense en party mense nie? Hoe besluit die Here wie gaan te vinnig ry en wie gaan by die huis wees as die kers per ongeluk omval? Hoekom was party mense net op daai oomblik op die verkeerde plek?

Hy sit lank na die sterre en kyk. Die huis is donker. Hy gaan later sy kamer binne en wonder of hy die deur moet sluit. Hy doen dit tog maar hy vermoed dat dit nie regtig nodig is nie.

Hy staan lank onder die stort. Was sy hare en sy lyf twee keer. Dan was hy sy vuil onderbroeke en hang dit voor die oop venster op die vensterbank om droog te word. Hy lê ‘n ruk in die donker na die stilte en luister.

Dit was nie ons skuld nie.

**Hoofstuk 2**

Ben word wakker van 'n geklop aan sy deur. Dis nog skemer.

"Ben, jy moet roer. Ontbyt is op die tafel en dan gaan ek jou die plaas wys," roep Oom Frans buite die deur.

Is die mense gek? wonder Ben. Dis nog nag!

Hy stort weer en skeer vinnig. Hy trek die klere wat hy die vorige aand aangehad het aan. Die honde lê buite sy deur en wag. "Môre, môre," sê Ben terwyl hy buk en hulle koppe vryf.

Daar is niemand in die eetkamer nie. Hy gaan sit op dieselfde plek as die vorige aand. Hy sien nou vir die eerste keer die geraamde foto van Charl en 'n



© University of Pretoria

meisie, wat na Tannie Nonnie lyk, op die buffet teen die regterkantste muur. Dit moet Helena wees en Helena moet Charl se suster wees. Fyn neusie, blonde hare, ernstige gesig.

Arlien sit 'n bord spek en eiers voor hom neer en 'n bordjie met roosterbrood. "Meneer sê as jy klaar is, moet jy skuur toe kom. Hy het klaar geëet. As jy agter uitgaan, is dit die lang gebou regs." Sy beduie.

"Waar is Tannie Nonnie?"

"Mevrou staan nie so vroeg op nie," lag Arlien en stap kombuis toe.

Nadat hy geëet het, stap hy skuur toe. Oom Ben en 'n man werskaf wat hy vermoed die nuwe elektriese skeermasjien moet wees waarvan Oom Frans die vorige dag gepraat het.

"Môre, Oom," groet Ben.

Oom Frans kom orent. Hy kyk na Ben se klere. "Ons sal vir jou 'n paar kortbroeke in die hande moet kry. Jy gaan bars in die hitte met daai langbroek. Dit word vuurwarm in die wêreld. Klim, dan gaan wys ek jou hoe lyk Soetwater."

Hulle klim in die 4x4. Ben kyk na die woestynagtige landskap. Meestal bossies en korterige struike, nie eintlik bome nie.

"Ons het sowat 50 000 skape wat in 50 kampe op die plaas wei. Ons gebruik nie al die kampe gelyk nie. Ons roteer die kampe. Party rus sodat die weiding kan herstel voordat ons hulle weer gebruik," vertel oom Frans.

Ben wonder waar die skape bly of wei of wat ookal. Hy het nog nie een enkele skaap gesien vandat hy hier aangeland het nie.

"Die skape wei op die oomblik in die agterste kampe," sê Oom Frans. Hulle ry met 'n nou grondpaadjie in 'n suidelike rigting. Ben dink nie hy het al so ver kon kyk nie. Vér, tot doer teen die randjies wat deinserig een met die lug word, asof hulle saamsmelt.

"Bly Oom-hulle nog altyd op die plaas?" vra Ben. Die oom rem skielik. "Kyk die skille," sê hy. 'n Skilpad kruie stadig oor die pad.

"Cool!" fluister Ben. Hy het nog nooit 'n skilpad in die veld gesien nie. Hy wens Elma was hier. Sy sou haar oë nie kon glo nie.

Oom Frans wag geduldig totdat die skilpad in die veld verdwyn. Hy trek weg. "A ja a. Ek en my suster is in Hoopvol se hospitaal gebore en ek bly nog my



© University of Pretoria

lewe op Soetwater. Ek was net vier jaar nie hier nie. Dit was toe ek landbou op Stellenbosch geswot het. Ek het vir Tannie Nonnie daar ontmoet. 'n Ernstige stadsjapie gewees. Nes jy. So daar is hoop. Nonnie het net so lief soos ek vir dié wêreld geword." Hy glimlag vir Ben.

"Die plaas was eers my oupa s'n en toe my pa s'n en nou is dit myne. Mense soos jy wat van die stad af kom, dink seker dis maar erg uit die oudedoos om op 'n plaas in die Karoo te lewe, maar vir my is dit die greatste plek in die wêreld. 'n Mens voel op 'n manier deel van die natuur want jy leef nederig en in verwondering oor die skepping. Alles maak hier sin. Van die bietjie reën wat oornag plate blomme die wêreldvol laat verrys, tot die wonder van dood en geboorte van die skape. Hier is 'n plan met alles en die natuur het sy eie ritme. Alles werk op 'n manier, vul mekaar aan."

Hulle ry teen 'n opdraande uit en toe hulle oor die bult ry, kan Ben kan nie help om sy asem in te trek nie. Voor hulle strek die Karoo-landskap so ver as wat jy kan sien. In die kampe voor hulle sien hy duisende skape en huppelende lammetjies. Plek-plek is plate geel blommetjies. Dit voel asof hy na a corny 3D Walt Disney movie kyk.

"Wow!" fluister hy. Oom Frans glimlag trots. "Ja, dis nogal 'n gesig nè. Die lamseisoen is pas verby en meeste van ons ooie het tweelinge gehad. Ons het ook goeie reën gehad die winter gehda en die blomme was dié jaar nogal iets besonders. Jy is gelukkig om nog so ietsie daarvan te sien. Hulle hou nie lank nie. Oor 'n week of wat is hulle weg."

Hy stop langs die pad en hulle hou 'n ruk die massa skape en lammetjies dop. Van die lammetjies drink aan die ooie. Ben wens weer Elma was weer. Dis beter as 'n 3D-movie.

"Watse soort skape is dit?" vra Ben.

Oom Frans skakel die 4x4 aan en hulle ry tussen die kampe deur. "Merino's. Hulle wol is die ding waaroor dit eintlik gaan. Ons skeer hulle so elke agt maande en dis nogal 'n groot storie. Ons kry tydelike skeerders om te kom help en vir 'n paar weke praat en leef almal net skeer op die plaas. Ons gaan so teen die einde van die maand begin. Ons verkoop die wol en dis die plaas se hoofbron van inkomste hoewel ons ook sommige skape later vir hulle vleis bemark. Dis hoekom ek daai nuwe elektroniese skeertoestel uit Australië laat


© University of Pretoria

kom het. Dit gaan ons lewe makliker maak. Ons gaan gouer, baie meer skape geskeer kry."

Dit voel vir Ben asof hy in 'n vreemde land is. Sy ma se wêreld en miskien sy pa s'n ook, maar sy ma het nooit van die Karoo of Merino-skape gepraat nie.

"Wat doen mens elke dag op die plaas?" vra Ben.

"Daar is maar altyd baie te doen. Ons inspekteer deurlopend die grensdrade en ons hou ook 'n veeregister by waarin ons presies boekhou hoeveel skape daar is. want ons het maar las van veediewe en die rooikatte en die jakkalse is maar vir elke skaapboer 'n kopseer. Hulle maai onder die skape. Ons kyk ook of die waterbakke in die kampe vol is en of die windpompe werk. Jy kan daarmee help."

"Ál die skape?" vra Ben verbaas.

Oom Frans lag. "Ál die skape," sê hy. "Ou Julies-hulle is al gekonfyt. Hulle weet hoe om dit gou te doen. Hulle het 'n system, soos ou Julies altyd sê."

Hulle draai terug plaas toe. "Kan jy perdry," vra Oom Frans.

"Ek het nog nie."

Ben dink nie hy het al ooit voorheen daaraan gedink om op 'n perd te ry nie. Hy wonder of hy sal kan.

"Ons sal jou moet leer, want ons doen baie van die werk op die plaas te perd. Dis makliker om oral met 'n perd te kom as met 'n 4x4."

Oom Frans stop by 'n gebou 'n ent van die plaashuis af. "Kom ek wys jou die trots van Soetwater," sê hy toe hy uitklim.

"Dis die ramkamp." Hulle klim uit en Oom Frans grendel die gebou se deur oop. Binne staan tien reuse-Merinoramme en kou.

"Dis van die beste ramme in die omgwing," sê Oom Frans trots. Ons gebruik hulle om net die beste wol te teel."

Na middagete stap hy na sy kamer. Daar lê daar 'n groot tas op sy bed met 'n nota: *Ek wou al lankal van die goed ontslae geraak het maar hier is dit gelukkig nog! Charl was effens langer as jy maar kyk maar wat jy kan gebruik. Jy is baie welkom, hoor!*

Hy maak die tas oop en kyk na die stapels klere. Die kakiebroeke en -hemde het Charl seker op die plaas gedra maar daar is 'n paar denims en nice hemde, kouse, onderbroeke en 'n paar awesome Nikes. En 'n swart Diesl T-hemp wat



© University of Pretoria

hy onmiddellik optel. Cooler as cool. Daar is ook ‘n paar velskoene wat hy nooit in sy lewe sal dra nie.

Hy krap in die tas rond. Dit gaan weird voel om ‘n dooie mens se klere te dra maar hy het nie veel van ‘n keuse nie. Die kakieklere gaan baie beter werk op die plaas en miskien moet hy tog maar die lelike vellies probeer. Die Nikes gaan erg verniel as hy op die plaas werk. Hy pas die velskoene aan. Dis effens groot maar dit sal werk. Dit sit lekker. Die kort kakiebroeke pas maar die denims is almal te lank. Van die hemde is effens knap maar nie te erg nie. Hy kyk na homself in die badkamer se lang spieël. Hy kan al hoor hoe sy Johannesburg-pelle hulle skeer as hulle hom in die kakieklere en die vellies sien. Hy glimlag vir homself. “Het die ooie al gelam, ou swaer?” vra hy in ‘n diep stem vir homself. Hy sou nooit in sy lewe kon dink dat hy op ‘n skaapplaas in die Karoo met kakieklere en vellies sou staan nie.

Oom Frans sê hy kan maar die middag bietjie die plaas verken want hy moet papierwerk in sy studeerkamer doen.

Ben sit eers besluiteloos op die trappie voor sy kamer. Hy is lus vir rook. Onder in sy rugsak is nog 'n pakkie sigarette. Hy sal mooi moet rook. Dit moet dalk lank hou. Hy weet nie wanneer hy weer 'n winkel sal sien nie. Hy huiwer voordat hy die blou petjie wat agter die deur hang op sy kop sit. Dit moet Charl s'n wees. As hy Charl se ander klere mag dra, mag hy seker maar ook die hoed op sy kop sit. Dis warm. In die spieël kan hy sien sy gesig het gebrand van heeldag in die buitelug op die plaas wees.

Hy trek die deur toe en fluit vir die honde. Hulle kom met waaiende sterte aangedraf. In die verte is 'n windpomp. Hy besluit om soontoe te stap. Die son brand op sy arms. Hy hoor sonbesies. Hy begin om die bossies te herken. Die bloubossie en die verskillende soorte vygies en die snaakse plantjie wat soos 'n vinger in die lug wys. Die karoopielietjie, soos Oom Frans dit noem. 'n Meerkat skarrel verby. Die honde blaf en hardloop 'n ent agterna.

Hulle draai na 'n ruk om en kom met kwylende bekke en waaiende sterte teruggehardloop. Ben sien 'n hele paar skilpaaie. Hy buk by elkeen en verwonder hom aan die vreemde diere wat stadig tussen die bossie beur.

Hy bekyk die windpomp. Dis die eerste keer dat hy een van naby sien. Daar is 'n sementdam langs die windpomp. Water loop uit 'n pyp van die windpomp



© University of Pretoria

tot in die dam. Op die ingewing van die oomblik trek hy sy klere uit en klim oor die sementwal. Die water is koel. Dis te vlak om in te swem. Hy gaan sit op die bodem en kyk op. Die lug is blou, blouer as wat dit ooit in Johannesburg of Bloemfontein was.

Die honde begin aan die anderkant van die wal saggies tjank. Hulle kan hom nie sien nie. Hy glimlag omdat die honde hom soek. Hy klim uit en trek sy klere oor sy nat lyf aan.

'n Entjie weg is 'n groot klip en hy gaan sit daarop en bekyk die wêreld. So ver hy kan sien, is dit net veld en bossies. Niks beweeg nie, net die horison wat in die verte van die hitte vibreer. Die honde lê langs hom met hygende asems en kyk ook na die horison, lyk dit vir hom. Doer ver sien hy iets beweeg. Hy dink eers hy verbeel hom, maar dan lyk dit tog na iets wat spring. Hy staan op om beter te kan sien. Hy sweer dis 'n springbok. Dis wraggies, dink hy opgewonde. Dan sien hy nog een en nog een en toe is daar 'n hele trop wat grasieus oor die veld beweeg en in die verte verdwyn. Die honde hardloop blaffend in die bokke se rigting maar draai na 'n ruk om en kom lê weer by hom.

Hy gaan sit weer op die klip en strek sy bene voor hom in die son uit en vryf die honde se koppe. Op 'n manier begin die Karoo vir hom werk. Dis so anders as die wêreld wat hy ken, 'n wêreld sonder haastige mense en haastige karre en goed en geluide, alles op mekaar en te na aanmekaar. Hy het nooit in sy wildste drome kon dink dat hy ooit op 'n plaas sou werk nie. Maar Johannesburg is sy plek en dit is waar hy sal wil bly en werk, want hy hou van Johannesburg.

Hy dink dit is die rustigheid wat vir hom werk, en dit werk vir hom dat hy so ver kan kyk as wat hy wil. Niemand kan hier aan jou krap of jou moer suur maak nie. Dis net jy. Dis skielik vir hom awesome om so alleen in die stilte saam met die honde in die son te sit.

**Hoofstuk 3**

Oom Frans staan in die gang oor die telefoon en praat toe Ben die volgende oggend by die agterdeur instap om ontbyt te eet.

"Nog nie." Stilte. "Gee kans, hy moet eers sy voete vind." Ben bly in die agterdeur staan. Toe sê Oom Frans effens ongeduldig. "Ek sál, Liefie, wanneer



© University of Pretoria

die tyd reg is maar ek moet nou gaan. Sien jou."

Ben weet onmiddellik hulle praat oor hom. Hoekom moet hy eers sy voete vind en vir wat? Hy voel onrustig. Hy onthou hoe hulle hom by die hotel uitgecheck het. Hy is te bang om oor sy pa te vra. Iets is nie reg nie.

Oom Frans stap na sy studeerkamer aan die end van die gang sonder om Ben raak te sien. Ben gaan sit op sy plek aan die eetkamertafel. Hy kyk na die foto van Charl en Helena op die buffet. Charl glimlag breed, maar Helena staar met ernstige blou oë na hom. Hoe voel dit om op 'n plaas groot te word en jou pa kan vir jou 'n PlayStation en Diesel-hemde en 'n GTI koop? Voel dit anders as om in Mayfair sonder 'n pa groot te word?

Hy voel simpel oor die kakie-outfit en die vellies, maar Oom Frans en Tannie Nonnie sê niks toe hulle op hulle plekke vir ontbyt plaasneem nie. Tannie Nonnie kyk net 'n ruk met 'n vreemde uitdrukking na sy kakiehemp, maar toe begin sy vrolik gesels en skep hulle borde vol kos.

“Ek dink jy moet vanmiddag saamry as ek vir Helena op Beaufort gaan haal. Ons moet vir jou paar goedjies gaan koop soos sakdoeke en onderklere," sê sy vir Ben.

"Dis 'n goeie plan," sê Oom Frans. "Daar is 'n paar goed wat ek by die koöperasie wil hê. Ek sal 'n lys maak, dan kan jy dit vir ons kry," sê hy vir Ben. Ben knik. 'n Koöperasie? Hy het die woord al gehoor maar hy het nie 'n clue wat dit is nie.

"Helena is in die koshuis van die landbouskool op Middelburg. Sy kom elke tweede naweek met 'n geleentheid tot op Beaufort-Wes," sê Tannie Nonnie.

"Dan kan jy sommer sien hoe lyk die wêreld hier rond. Beaufort is ons naaste grootste dorp, maar as jy van Johannesburg af kom, sal jy jou seker doodlag vir ons centre of the universe," sê Oom Frans.

"Sies, Frans. Daar is niks verkeerd met Beaufort nie," lag Tannie Nonnie.

* * *

Laat-oggend klim hy met sy eie klere aan saam met Tannie Nonnie in haar Audi en hulle vat die pad Beaufort-Wes toe. Ben is verras oor die dorp. Nou nie actually Johannesburg nie maar darem seriously cooler as Hoopvol. Hy het nóg 'n simpel dorpie verwag.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy het sy beursie saamgebring want hy weet nie of hy self vir die klere moet betaal nie. Hy is nogal benoud want sy geld raak min en hy moet nog 'n treinkaartjie terug Johannesburg toe koop. Hy hoop nie hy moet sy geld op 'n klomp onnodige goed mors nie. Hy raak benoud toe Tannie Nonnie sê hy moet 'n paar hemde en broeke ook koop nadat hy verleë 'n paar onderbroeke en kouse uitgesoek en eenkant op die toonbank neergesit het. Sy moes sy benoude gesig gesien het want sy sê vinnig: "Ek betaal natuurlik. Ons moet jou darem op 'n manier vergoed vir jou werk op die plaas en glo my, Oom Frans gaan jou nog lekker laat sweet. Toe, moenie skaam wees nie, kies wat jy wil hê."

Dis weird om te kan koop wat jy wil hê sonder om te kyk wat dit kos.

Tannie Nonnie laai hom voor die koöperasie af terwyl sy iets by die tuisnywerheid gaan koop. "Vir Oom Frans se soet tand," sê sy.

Hy maak dubbel seker dat hy alles presies koop soos Oom Frans dit op die lysie uiteengesit het. Toe hy vir 'n derde keer die hoop goed wil nagaan, verseker die man wat hom help, dat alles reg is. Hy ken vir Oom Frans en hy weet wat hy gewoonlik koop.

Op die sypaadjie koop hy by 'n stalletjie 'n swart pet waarop "New York Yankies" staan. Tannie Nonnie laai hom op en hulle drink koffie en eet hamburgers by die Wimpey. Na 'n ruk sê sy: "Goeiste, kyk waar loop die tyd. Helena wag seker al." Sy betaal en hulle klim in die Audi wat langs die straat geparkeer staan. Sy ry in die hoofstraat af.

Hy sien die meisie van ver af op die stukkie gras voor die Shell-garage staan. Sy het 'n lang, blonde poniestert en 'n kakiekniebroek aan. Swart T-hemp en 'n swart rugsak oor haar skouer. Die sonbril verbloem 'n groot deel van haar gesig. Die swart pet is laag oor haar gesig getrek, maar hy herken die gesig van die foto in die eetkamer. Tannie Nonnie se mond, sien hy toe hulle stilhou. Hy klim vinnig uit en tel die heldergroen wasgoedsak wat langs haar op die sypaadjie staan op.

"Hi, ek is Ben." Hy steek sy hand uit. Sy ignoreer sy hand en klim voor langs Tannie Nonnie in. Sy sit die rugsak by haar voete neer en leun na regs. Tannie Nonnie soen haar op die wang. Ben klim afgehaal met die wasgoedsak agterin.

Terwyl hulle wegtrek, sê Tannie Nonnie: "Dis nou Ben. Hy bly mos 'n ruk—"

"Ek weet van Ben. Pa het my gesê," sê Helena kortaf.



© University of Pretoria

"Een van ons sôe het dié week 15 kleintjies gekry. Dis nogal awesome," verander Helena die onderwerp.

"Ons rekord is 14. Ma moet hulle sien, hulle is so cute. Ek het foto's met my selfoon geneem. Ek sal Ma by die huis wys." Sy frommel haar neus.

"En toe, hoe het dit met die prakties gegaan?"

"So-so." Helena waai vir iemand op die sypaadjie. "Nee, ek jok. Dit het goed gegaan, báie goed. My lammers het baie beter kondisie as die seuns s'n." Sy sug van genoegdoening en leun agteroor in die sagte leersitplek. Tannie Nonnie lag.

"Dis Helena se mission in hierdie lewe om die seuns te wys wat nou eintlik gedoen kan word," sê sy vir Ben. Sy probeer goedig oor Helena se hare vryf.

"Aag Ma," sê Helena vies en ruk haar kop weg.

Tannie Nonnie en Helena gesels oor iemand wat 'n operasie gehad het en in Middelburg se hospitaal lê.

Ben luister nie. Hy kyk na die enkele mense op die sypaadjie. Hy wonder weer wat hy op dié plek maak. Hy moet miskien maar op 'n trein klim en by Tannie Pop gaan intrek. Daar waar hy hoort en die wêreld ken. Mayfair in Johannesburg.

Hy neem nie aan die gesprek deel terwyl hulle plaas toe ry nie. Hy kyk na die droë karoobossies en die uitgestrekte veld wat weerskante van die pad eindeloos in die middagson strek, tot doer waar hulle op die horison soos water oplos. Hier en daar 'n trop skape. Die enkele windpompe. Die bordjies met plaasname soos Bitterfontein, Koppies, Tweefontein, Eureka, Platkloof. 'n Vreemde wêreld, ander mense. Sy ma se wêreld waaroor sy nooit gepraat het nie.

Tannie Nonnie parkeer onder die afdak voor die motorhuis. Die honde kom nader gehardloop en spring teen Helena op. "Hallo, hallo!" lag sy. "Helena, jou klere..." probeer Tannie Nonnie. "Aag ma, dis net klere." Sy buk en krap die honde wat stertswaaiend om haar koek agter hulle ore.

Sersant verloor belangstelling en hardloop na Ben. Hy lek aan sy hand. Kaptein draf ook nader. Ben vryf oor hulle koppe. Hy sien Helena hou hulle dop voordat sy haar rugsak vererg oor haar skouer gooi en in die rigting van die huis begin loop. Hy kry lekker omdat die honde so om hom koek, besef hy skuldig.

"Waar's Pa?" vra Helena.



© University of Pretoria

"Hy is besig in die skuur. Die nuwe skeermasjien het gekom," sê Ben. Sy kyk vlugtig na hom en stap dan met die trappies op en gaan die huis binne.

Ben sit die sakke klere op sy bed neer. Hy kyk na die goed wat hulle gekoop het. Hy hang die hemde in die kas en pak die res in die ingeboude kas se rakke. Hy sit besluiteloos op die bed. Hy dink hy moet vir Oom Frans gaan help.

In die skuur is Oom Frans besig om vir Helena die nuwe skeertoestel te verduidelik. Oom Frans beduie en Helena vra en vat aan die nuwe skeermasjien.

"Hallo, Ben, en wat dink jy van ons Groot Dorp?"

"Cool. Groter as wat ek gedink het," sê Ben.

"Cool?" vra Helena sarkasties.

Ben besluit om haar te ignoreer.

"Dis ons nuwe skeermasjien. State of the art," sê Oom Frans opgewonde. Hy verduidelik hoe die masjien werk.

"Ons sal nou miljoene keer vinniger kan skeer, Pa" sê Helena ewe opgewonde.

Ben kyk verbaas na die mense wat soos kinders oor 'n blerrie masjien opgewonde kan raak asof dit 'n nuwe Jeep is. Die skeertoestel lyk nie vir hom nie iets om oor opgewonde te raak nie.

"Noudat Helena hier is, is jy in goeie hande. Helena sal jou alles van die plaas kan leer. Helena, jy moet van dié stadsjapie 'n regte Karooboer maak. Leer hom álles," sê Oom Frans terwyl hy sy gereedskapkas toemaak.

"Maar hoekom—" sê Helena verontwaardig.

"Helena het saam met die skape op die plaas grootgeword. Sê mêêê, Helena." Oom Frans glimlag en trek haar blonde poniestert.

"Moenie simpel wees nie, Pa!" sê sy verontwaardig terwyl sy haar kop wegruk.

"Ek het nie tyd—"

"Ou Ben, Helena is een van die bobaasboere in hierdie distrik. As jy iets van skaapboerdery wil leer, sy's jou man. Oeps, ek bedoel sy's jou meisie." Hy trek weer aan haar poniestert.

Helena ruk weer haar kop weg en trek haar pet reg. Sy stap vies by die skuur se deur uit. Ben kyk haar agterna. Hy kyk na die blonde poniestert wat onder haar swart petjie uitsteek en swaai terwyl sy loop. Hy kyk na haar smal heupe



© University of Pretoria

en die kakiekniebroek en haar bruingebrande kuite wat bokant die rooi velskoene uitsteek. Sy is lank. Maklik ‘n halwe kop langer as hy, dink hy jaloers.

“Toe, toe, toe,” lag Oom Frans. “Jy moet agterna, Boetie. Jy moet gaan leer. Helena, begin by die perde, hy moet leer ry!" roep Oom Frans agter haar aan.

Ben loop vies agter Helena aan. Hy hou nie van haar nie en sy hou duidelik nie van hom nie.

Sy stap stalle toe. Sy maak die deur oop. Dis skemer binne. Dit ruik na perd en mis. Helena stap tot by die perde wat elkeen in 'n afsonderlike stal staan. Sy vryf oor elke perd se kop asof hulle haar beste pelle is. Sy fluister intiem in elkeen se oor. By die twee groot, swart perde aan die end van die stal gaan sy staan.

"Dis 'n perd," sê Helena terwyl sy oor 'n groot swart hings se kop streel. "'n Perd is anders as 'n skaap. 'n Skaap sê mêê maar 'n perd sê nie mêê nie en ook nie moe nie. Dis wat koeie doen. Maar 'n perd skop jou gat as jy simpel is en gooi vir jou waar jy nog nooit was nie as jy stupid is."

"Jy is nogal 'n clown. Ek breek my," sê Ben vies. Hy byt op sy tande. Hy en die girl gaan nie regkom nie. Hy weet sommer.

"Dis Koning en dit is Prins." Die perde kyk rustig na hulle. "Prins is Koning se kind. Koning is my perd. Net ek ry op hom. Jy gaan op Prins ry, net as jy dit kan regkry maar dit is nie jou perd nie."

Sy plaas 'n saal op elke perd. Dan trek 'n mens die buikgord vas." Sy demonstreer. "Dis 'n toom en hy kom nou hier vas." Sy maak 'n toom aan elke buikgord vas. Sy lei eers vir Koning na buite en toe vir Prins. Ben staan roerloos eenkant. Sy maak Koning aan 'n paal vas en lei Prins tot by Ben. Hy kyk benoud na die twee verskriklike groot perde. Hulle is albei soos in seriously groot. Mayfair, waar is jy?

Hy weet nie of hy dit gaan regkry nie. Hy wil vlug, maar hy kan sy naam nie voor hierdie girl wat dink sy weet alles, ruk nie. Moenie panic nie, Ben, sê hy vir homself. Miljoene mense ry perd. Dit kan nie brain surgery wees nie.

"Toe, jy moet jou linkervoet nou hier sit en jou regterbeen bo-oor die perd gooi sodat jy op die saal kan sit." Sy beduie na die stiebeuel. Sy klim op die perd en toe weer af om te demonstreer. Sy beduie dit is Ben se beurt.


© University of Pretoria

Ben sit sy voet in die stiebeuel. Die perd snork en beweeg effens weg.

"Jy moet klim," sê Helena ongeduldig.

Ben kry benoud sy sit op die perd. Die perd is breed. Hy sit nie lekker nie. Dit voel weird. Helena neem die leiriem en die perd begin beweeg. Dit voel eers of hy sy balans gaan verloor, maar toe kry hy tog sy sit. Hy begin ontspan. Sy lei Prins 'n ruk op die groot stuk grond voor die stalle. Sy sê iets en die perd begin draf. Ben gryp benoud aan die perd se maanhare. Na 'n ruk kry hy weer sy sit en begin weer ontspan. Hy sit nog. Helena beduie hoe hy die toom moet trek om die perd tot stilstand te bring. Dit werk, sien Ben verbaas toe die perd gaan staan. Helena verduidelik hoe hy die perd met die toom moet stuur. Sy glip vinnig tot op Koning se rug en sy gee die perd 'n ligte klappie op die boud.

"Here we go en jy moet hou! Ek gaan jou nie iewers optel nie!" skree sy terwyl sy en die groot, swart perd begin galop. Ben klap huiwerig op Prins se boud.

"Ons moet fokof," sê hy vir die rustige perd. Prins kyk om. "Soos in nóú!" Toe gee hy die perd 'n vieslike klap op die boud, en toe laat waai daai perd op 'n drafstap. Koning se seun. Ben moet klou maar hy kry sy sit. Hy voel die wind en toe lag hy. Hy gaan nie afval nie. Dit is toe nie brain surgery nie. Hy gaan die perdryding gedoen kry.

Hy sien Helena ver voor hom maar hy dink hy haal haar in. "Move it, boetie!" skree hy vir Koning se seun. Hy lag hardop. Hoopvol is toe nie so 'n stronterige plek as wat hy gedink het nie.

Hy besef hy kan Helena verbygaan maar hy dink nie hy moet nie. Helena is die soort girl wat voor wil ry. "Cool it," fluister hy vir Prins. Hy vryf in die ry oor die perd se nek. "Our day will come," sê hy vir die perd. Ek kan perd ry. Kleynhans, my broer, eat your heart out!

Helena ry in 'n rigting waar hy nog nie voorheen gestap het nie. Sy draai links en kies koers oor die vlakte tussen die karoobossies deur. Toe draai sy weer links en ry oor die bultjie skuins voor hulle.

Ben wil dink aan die huis wat afgebrand het en sy ma en aan Elma en aan sy pa wat weg is en hy waarskynlik nooit gaan kry nie. Hy wil soos altyd depressed voel maar hy dink hy voel eintlik nou glad nie depressed nie.

Toe hy langs haar ry, kyk hy vir haar. Hy sien die sweet op haar bolip en die ernstige gesig met die blonde hare wat onder die swart petjie uitsteek. Hy smile



© University of Pretoria

vir haar. Sy maak of sy hom nie langs haar sien nie. Sy vat weer die voortou. In die verte sien hy 'n paar bome. Dit lyk asof Helena soontoe ry. Sy stop uiteindelik onder die bome.

Ben hou langs haar met die blasende Prins stil. Die perd se lyf tril. Ben se asem jaag, maar hy voel oukei. Erg oukei. Hy hou haar dop terwyl sy van die perd afklim. Sy maak vir Koning aan 'n boom vas en gooi haar pet eenkant op die grond sonder om te kyk waar dit val. Sy skud haar blonde poniestert terwyl sy tussen die bome verdwyn. Hy kyk weer na haar smal heupe en die bruin kuite en die rooi vellies.

Hy klim af en maak sy perd aan 'n boom vas. Hy stap agter haar aan. Tussen die paar bome kan hy water sien blink. 'n Poel. Dit lyk nie diep nie maar dis 'n spul water wat jy nie sommer in dié wêreld sal kry nie, vermoed hy. Jy sal met jou hele lyf hierin kan duik sonder om jou kop te stamp.

"My oupa het dié plek gemaak," sê Helena sonder om na hom te kyk. "Dis 'n sterk fontein en die water loop in die poel in. My oupa was 'n ruk 'n matroos en hy was mal oor water."

Dis nou nie die Dieretuinmeer nie, dink Ben, maar dis so warm, hy is dankbaar om 'n plek te sien waar jy jou hele lyf sal kan natmaak.

Sy trek haar skoene en kouse uit en gaan sit op 'n groot, plat rots met haar voete in die water. Ben gaan sit 'n ent weg en trek ook sy skoene en kouse uit. Hy sit sy voete ook in die water.

Hy hoor die voëls in die bome. Die water is lou-warm. Soos die vorige dag by die windpomp, ontspan hy. Hy voel soos hy nog nooit voorheen gevoel het nie. Asof niks eintlik saak maak nie. Dat om nou hier te sit, eintlik alles is.

Na 'n ruk sê sy: "Nou wat is actually jou storie? Wat kom maak jy op my pa se plaas? Dis nie 'n landbouskool nie."

Ben sleep sy voete deur die water. Hy wonder wat hy vir haar moet sê.

"Ek het nie actually 'n storie nie. Ek soek na my pa." Hy kyk nie na haar nie.

"Jou pa?" Sy klink verbaas.

"Ja, my pa."

Sy sê niks nie maar hy kan voel sy kyk na hom.

"My pa... Die mense op Bloemfontein waar hy gewerk het, sê hy is dalk hier rond." Hy voel skielik simpel om sy goed vir die vreemde girl te vertel en hy hou



© University of Pretoria

nie eens van haar nie.

Hulle sit nog 'n ruk met hulle voete in die water na die voëls en luister. Later staan sy op. "Dit raak laat. Kom ons gaan wys my pa jy kan bo-op 'n perd bly."

Hulle ry stadiger terug as toe hulle gekom het en Ben besef hy geniet dit om op 'n perd te ry. Dis nogal moerse.

Nadat hulle die perde versorg het, stap Helena huis toe. Ben gaan lê op sy bed en staar na die plafon. Hy stel sy selfoon se wekker vir sesuur. Hulle eet halfsewe. Hy kan so 'n halfuur slaap. Hy draai op sy sy en kyk na die foto's van Charl wat teen die muur hang. Sy laggende gesig en die trofeë wat hy glimlaggend na die kamera hou. En toe rol die GTI net buitekant die dorp.

**Hoofstuk 4**

Saterdagoggend eet hulle ontbyt buite op die stoep. Ben dink Helena is minder goorgat met hom as die vorige dag hoewel sy nie veel met hom praat nie. Hy is styf van die vorige dag se perdry maar hy gee nie om nie. Hy kán perdry.

"Tannie Esmé het in die week gebel. Sy sê Riana verjaar en hulle hou vanaand vir haar 'n partytjie op Klipfontein. Tannie Riana sê jy... julle moet kom," sê Tannie Nonnie vir Helena.

"Ek is nie lus vir 'n party nie, Ma. Ek moet leer vir 'n toets," sê Helena ongeduldig. Sy byt 'n groot stuk roosterbrood af.

"Tannie Esmé sê dis 'n ideale geleentheid vir Ben om die ander jong mense in die omgewing te ontmoet." Helena kou klaar.

"Dan kan hy mos maar gaan. Ek hoef mos nie saam te gaan nie en ek ken obviously almal anyway," sê sy.

Hallo, ek is ook hier. Wil iemand dalk weet of ék wil gaan? dink Ben vies.

Na ontbyt ry Ben saam met Helena en Oom Frans om die kampe te inspekteer. Hulle ry met die perde.

Hulle stop in elke kamp en Oom Frans en Helena bekyk die skape met kennersoë. Ben kyk saam. Julies het hom vertel dat hoewel die skape teen bosluise gedose word, hulle maar alyd vir 'n verlore bosluis of twee kyk. Hy weet nou darem al hoe lyk 'n bosluis nadat hy en Julies gister 'n bosluis van Sersant afgetrek het.



© University of Pretoria

"Ek dink die een het dalk 'n bosluis," sê Ben vir Oom Frans terwyl hy by 'n ooi buk.

"'n Bosluis!" Helena begin giggel. Ben voel hy bloos. Oom Frans buk by die skaap.

"Nee, sê hy. Dis maar net 'n stukkie vuiligheid maar 'n bosluis lyk nogal só. Jy kom reg. Jy kyk vir die regte goed."

Hulle stap terug na die 4x4. "Ek sien hierdie stadsjapie leer gou. Hy gaan dalk vorentoe vir jou 'n dingetjie of twee kan vertel, of hoe?" Hy trek aan Helena se poniestert.

Ben kry lekker toe hy sien Helena ruk haar op.

Nadat hulle die perde afgesaal het, sê Oom Frans: "Nou ja, dis Saterdag. 'n Mens moet nou en dan 'n bietjie afvat. Geniet julleself. Ek gaan gou dorp toe. Wil julle saam?"

Helena sê sy moet leer vir Maandag se toets en Ben sê hy wil 'n ent in die veld gaan stap. Hy fluit vir die honde, wat vinnig aangehardloop kom. Hy sien weer Helena is nie baie impressed dat die honde so lekker met hom bond nie. Hy buk en vryf hulle mae en sê aspris hard sodat sy kan hoor: "En waar is oubaas se honde?" Die sterte waai en die monde kwyl.

Helena verdwyn in die huis en Ben glimlag.

Middagete praat Tannie Nonnie weer oor die partytjie op die bure se plaas. "Jy en Riana was mos nog altyd goeie vriendinne en sy sal baie sleg voel as sy weet jy was die naweek by die huis en jy het nie gekom nie," sê Tannie Nonnie.

"Hou tog op nag, Ma," sê Helena ongeduldig. "Ek sal gaan maar ek gaan nie heelaand Ben se handjie vashou nie. Ek wil nie hê die mense moet dink hy is my ou nie want ek hét nie 'n ou nie en ek wil ook nie een hê nie."

"Sies, Helena."

"Nee, dis oukei, sê Ben. Ek wil ook nie hê die mense moet dink ek het 'n meisie nie want ek hét nie 'n meisie nie en ek wil ook nie een hê nie."

Helena kyk vinnig na hom en Tannie Nonnie glimlag.

"Ons sal vir Pa moet bel om vir Riana iets op die dorp te koop," sê Tannie Nonnie.

"Gee vir haar geld," sê Helena.

"Geld is darem so—"


© University of Pretoria

"Geld is fine, Ma. Geld is altyd fine. Ons hou van geld want ons het ook goed om te koop," sê Helena.

Laatmiddag nadat Ben gestort het, wonder hy wat hy na die partytjie moet aantrek. Hy kyk na Charl se swart Diesel T-hemp wat in sy kas hang. Hy sal vrekgraag die T-hemp wil aantrek maar hy wonder of hy moet. Al is dit nou syne weet hy nie so mooi nie. Hy trek die nuwe denim wat hulle op Beaufort-Wes gekoop het aan en die nuwe paar tekkies. Hy trek eers een van sy nuwe hemde aan, maar trek dit toe weer uit. Hy huiwer en trek toe die Diesel T-hemp aan. Hy kyk na homself in die spieël. Hy is nie meer so wit soos toe hy op die plaas aangeland het nie. Hy dink sy gesig begin bruin word. Sy arms en bene ook. Hy lyk half anders, hy weet nie mooi hoekom nie.

Iemand klop aan die deur. Hy maak oop. Tannie Nonnie staan met 'n botteltjie naskeermiddel in haar hand. "Ek weet nie of julle ouens nog vandag dié goed gebruik nie maar as jy wil..."

Sy kyk na die Diesel-hemp en streel ingedagte daaraan. "Dit was sy gunsteling. As ek nie gekeer het nie sou hy dit elke dag aangetrek het. Dit moes darem partymaal gewas word." Ben staan doodstil. Hy kyk na Tannie Nonnie wat lyk asof sy nie nou hier is nie.

Sy kyk na Ben. "Jy gaan vanaand 'n paar meisies van Hoopvol se bene lam maak. Jy is 'n baie aantreklike seun. Gaan wys hulle wat steek in die manne van Johannesburg." Sy gee hom 'n drukkie.

As Helena die T-hemp herken, laat sy niks blyk nie. Dit is darem seker nie die enigste swart Diesel-hemp in Suid-Afrika nie, dink Ben en sy kan in any case dink wat sy wil.

Sy lyk mooi, heeltemal anders as met die vellies en die kakiebroek. Dit lyk selfs asof sy grimering dra. Haar blonde hare hang los oor haar skouer. Sy het 'n toppie sonder bandjies aan. Hy kyk vinnig weg maar toe kyk hy weer.

Oom Frans vat hulle met die 4x4. Helena klim agter in, sien Ben verbaas. Sy sit gewoonlik voor. Hy en Oom Ben gesels lekker oor die middag se rugby op televisie. Helena sê nie 'n woord nie.

Dis nie ver na die buurplaas toe nie en terwyl hulle die huis nader, waar 'n hele paar karre geparkeer staan, is Ben skielik lus vir die aand al ken hy geen mens nie en al het hy die hele dag teen die aand opgesien. Hy was in Mayfair


© University of Pretoria

laas by 'n partytjie en hy is lus om vir een aand nie oor sy pa te worry nie of om sleg te voel oor sy ma en Elma nie.

Die mense het 'n reuse-stoep waar lanterns brand. Hulle hoor die musiek al van ver af. Jong mense staan oral rond en in die hoek is 'n klomp besig om te dans.

"Ek is eintlik glad nie in 'n mood vir 'n party nie," brom Helena langs hom terwyl hulle stoep toe stap. Hy kyk verbaas na haar. Dis van die min ordentlike woorde wat sy tot nog toe met hom gepraat het.

"Jy hoef nie te worrie nie. Ek sal nie heelaand in jou sop rondhang nie," sê hy. Sy antwoord nie.

Nadat hulle die grootmense gegroet het en almal hom op en af en heen en weer bekyk het, begin Helena hom van 'n kant af aan almal voorstel. "Dis Ben. Hy werk vir my pa." Hy hoor dieselfde rympie oor en oor. Werk vir my pa. Ja, ons het dit, wil Ben vir haar sê.

Hy vergeet onmiddellik almal se name maar die ouens en die meisies lyk maar soos die crowd in Mayfair ook gelyk het. Hy gaan haal vir hom en Helena koeldrank en terwyl hy terugstap na die kringetjie waar Helena staan en gesels, hoor hy 'n meisie wat met haar rug na hom gedraai staan, fluister: "Hy is super cool, Helena!"

"Hy is níé saam met my nie. Hy werk vir my pa, ek ken hom nie eintlik nie. Hy gaan net 'n ruk bly, dan gaan hy weer terug Johannesburg toe," sê Helena.

Hulle hou op met praat toe hulle hom sien. Hy oorhandig Helena se glas.

"Dans jy, Johies?" vra 'n mooi meisie met 'n hees stem, baie swart hare, 'n stud in haar neus en nogal baie grimering.

"Soort van."

"Kom wys my hoe lyk jou soort van." Sy sit haar glas neer en trek hom aan sy hand na waar die ander lywe wikkel.

Hy was nog nooit die man van die paartie in Mayfair nie maar hy kan darem dans. Hy onthou hoe hy en Kleynhans voor die spieël geoefen het toe hulle in graad agt was. Die song het beat wat skrik vir niks en hy geniet dit om vir die eerste keer in 'n lang tyd iets simpel te doen. Hy sien Helena hou hulle dop. Die meisie wat haar intussen as Mariaan voorgestel het, het 'n lyf wat soos die beat, vir niks skrik nie en sy weet dit en sy wys dit. Hallo, Hoopvol, dink Ben.



© University of Pretoria

Toe hulle terugstap, fluister sy met die hees stem: "Jy moet jou selnommer vir my gee. Ek gaan jou wys hoe exciting dié town kan raak. Jy gaan surprise wees."

Helena maak asof sy hom nie sien nie en praat sonder ophou met 'n lang ou met breë skouers wat seker Meneer Eerstespankaptein moet wees. Hy steek sy hand na Ben uit. "Anton." Ben skud sy hand.

"Ek gaan 'n draai loop," sê hy. Hy kyk na Ben en klap teen sy bosak. "Stap jy saam?" Ben ken die teken. In Mayfair het hulle ook so gemaak. Hy stap saam en Anton hou 'n pakkie sigarette na hom toe hulle dieper in die tuin onder 'n boom gaan staan. Ben huiwer. Hy het lanklaas gerook. Sy sigarette is op. Hy het gedink hy het dalk opgehou. Hy vat 'n sigaret.

"Jy is moerse lucky om in Johannesburg te bly. Ons klomp kan nie wag om volgende jaar dié plek onder sy gat te skop nie. Wat kom maak jy hier?"

"Besigheid. My ma het eiendom hier wat ons wil verkoop. Ek gaan nie lank bly nie."

"Cool," sê Anton. Nog twee ouens sluit by hulle aan en toe gesels hulle oor die middag se rugby en Mariaan wat hot verby is en oor van die ander meisies en al die gewone goed waaroor hulle ook in Mayfair gepraat het. Hy is bly hy het gekom. Een van die ouens, wat hom as John voorstel, sê vir Ben hulle ry Saterdae quad bike op een van die buurplase. "Jy moet kom. As jy nie 'n lift het nie, gee my 'n tienkel dan sal ek jou kom haal, met my pa se kar."

Van die ander meisies vra hom ook om te dans en hy is bly hy hoef nie in Helena se sop rond te hang nie. As hy in haar rigting kyk, sien hy sy kyk uitdrukkingloos na hom. As sy sien hy kyk vir haar, kyk sy vinnig weg. Hy wonder of hy haar moet vra om te dans. Die meisie waarmee hy besig is om te dans, se selfoon lui skielik en sy verskoon haar.

Hy stap tot by Helena. "Sal jy asseblief met my dans?" Sy huiwer maar stap saam met hom dansvloer toe. Hulle dans sonder om te praat. Die musiek eindig skielik en 'n stadige song begin speel. Die feel-en-test-phase, soos Kleynhans dit altyd genoem het. Hulle staan ongemaklik na mekaar en kyk.

Hy vat haar versigtig om haar lyf. Sy voel gespanne. Hy ruik haar hare, wat anders as wat hy verwag het, nie na perd ruik nie. Hy wonder of sy die goed wat Tannie Nonnie vir hom gegee het en waarvan hy bietjie aan sy gesig gesmeer



© University of Pretoria

het, kan ruik. Sy arms rus lig om haar smal lyf. Hy gee nie om dat sy langer as hy is nie. Brandy Carlile sing *The Story*.

*I was meant for you*, sing Brandy. Die liedjie is gou verby. "Dankie," sê sy kortaf, draai vinnig om en verdwyn vinnig in die huis.

Toe hy die aand in sy bed lê, besef hy dat hy nog nie een nagmerrie gehad het vandat hy op Hoopvol beland het nie.

Hy is verbaas dat hy Sondagmiddag spyt is toe hy Oom Frans se 4x4 agterna kyk. Oom Frans vat vir Helena Beaufort-Wes toe.

**Hoofstuk 5**

"Ek dink my ma het 'n huis op die dorp gehad," sê Ben een oggend aan die ontbyttafel. Hy weet darem nou dat Oom Frans sy ma onthou. "Vaagweg," sê hy. "Maar dit was lank terug."

Hy het nog nie die moed om oor sy pa te vra nie. Hy is seker na daai eerste dag by die hotel toe die mense hom so uitgekyk het en na die telefoongesprek tussen Oom Frans met Tannie Liefie wat hy in die gang gehoor het, dat hulle iets weet wat hy nie weet nie. Hy het besluit om te wag. Hy wag al lank, nog 'n rukkie gaan nie 'n verskil maak nie.

"Hoekom dink jy só?" vra Oom Frans.

"Daar was briewe in my ma se kas. Dit was van Hoopvol. Die huis waarin sy grootgeword het, was hare. Ek weet nie of sy besluit het om dit te verkoop nie. In die briewe het gestaan sy dink nog daaroor." Ben kyk afwagtend na Oom Frans. Toe, wys jou kaarte, dink hy.

Oom Frans vat 'n sluk van sy koffie en sit agteroor. "Ek het jou ma nie so goed geken nie. Ek was ouer as hulle maar ek onthou.... Ek dink sy het by mense op die dorp gebly as ek nou reg onthou. Maar dis so lank terug. Tannie Liefie behoort te onthou. Jou ma en sy was goeie vriende." Hy staan op.

"As ek van die agterste kampe af terugkom, sal ek vir ou Abel Lategan bel. Hy is die prokureur op die dorp en voor hom was dit sy pa en voor hom die oupa. Hulle is al vir dekades op die dorp. Hulle mag dalk nog rekords hê. Ek sal vra dat hy 'n bietjie rondsnuffel." Hy sit sy hoed op en stap agterdeur toe.

"Jy moet vir Julies help om die oorplaatjies te tel wat ons in die lammers se


© University of Pretoria

ore sit. Die spul oorplaatjies het geval en nou weet niemand meer hoeveel ons oor het nie. Onthou om alles in die register aan te teken sodat ons presies weet hoeveel ons al gebruik het en hoeveel ons oor het vir die volgende seisoen."

Ben se kop is nie by die werk nie. Hy dink aan die huis op Hoopvol wat dalk nou syne is en aan sy pa. Iets is fishy. Niemand sê iets oor sy pa nie maar hy dink hulle weet blerrie goed. Hy raak al hoe sekerder sy pa was 'n gomgat. 'n Drifter wat nou iewers in 'n tronk sit.

Maar hy gee nie om nie. Hy sal sy pa vergewe. Hallo, nobody is perfect.

"Jy maak droog. Jy het daai klomp twee maal getel," sê Julies.

"Sorry," sê Ben en begin van voor af tel.

Toe hy en Julies later teen die stoorkamer se muur in die skadu die koeldrank drink wat Arlien vir hulle aangedra het, lui sy selfoon. Oom Frans.

"Man, ou Abel sê hy onthou vaagweg dat hy en jou ma daaroor gekorrespondeer het. Hy sal kyk wat hy kan opspoor en dan sal hy bel." Dis 'n rukkie stil. "Ou Abel sê hy het beslis nie vir iemand in Johannesburg 'n huis op Hoopvol verkoop nie. So dit lyk my die huis is nog julle s'n as hy na al die jare nog staan. Laat ons maar eers kyk."

Ben slurp sy koeldrank. Hy dink terwyl hy na die koppies in die verte kyk.

Hy sal die huis verkoop en dan kan hy en sy pa as hy uit die tronk kom, iewers heen gaan, Durban toe of Kaap toe. En hulle kan dalk daar vir hulle 'n plek koop en dan sal hy teruggaan skool toe. Hy is seker sy pa sal maklik werk kry by 'n mark of 'n abattoir want hy het mos baie experience. Hy sal Saterdae die gras sny as sy pa dalk moet werk en dan sal hulle DVD's kyk as daar nie rugby op televisie is nie. Dan kan hule braai. Dit kan baie maklik werk, besluit hy.

Abel Lategan bel eers die volgende dag om te sê hy het die dokumente opgespoor. Hulle moet by hom 'n draai maak.

Elke middag drie-uur moet Ben vir sy bestuursles by Julies inklok. Ben leer op een van die bakkies wat hulle op die plaas gebruik. Hy het darem sy ma se kar in en uit by hulle garage in Mayfair getrek. Die bestuurslesse is makliker as wat hy gedink het en hy en Julies lag dat hulle lê.

"O my ma, my ma! Ek gaan my haar nooit weer sien'ie, lag Julies. "Chill," lag Ben maar hy sien hy het die doringdraad met net 'n paar millimeter gemis.



© University of Pretoria

"En wat maak jy nou eintlik in onse wêreld?"

Ben vat een van die sigarette wat Julies na hom uithou. Hulle sit en rook teen 'n klip. Die bakkie staan sommer in die middel van die pad.

"My pa. Ek ken hom nie maar hy is dalk hier rond, sê die mense."

"Ag, shame." Julies blaas die rook in die lug.

"Ja 'n pa is maar 'n ding. Ek het myne goed geken. Hy het my elke aand gedonner as hy klaar gesyp'et. Ek was mos lekker naby. Dis nou nie of ek stout was'ie. Nooit gesie'nie!"

Ben glimlag.

"Ja," sug Julies. "Die ou lê ook al lankal onner die klyte. Maar jou pa is jou pa."

**Hoofstuk 6**

Die prokureurskantoor is in een van Hoopvol se systraatjies. Dis 'n ou, gerestoureerde huis wat roomkleurig geverf is. Die reling voor die smal stoepie en die hortjies is donkergroen geverf. Soos meeste huise op Hoopvol staan die huis byna op die straat.

Voor die ingang staan 'n reuse-populierboom. Langs die voordeur is 'n goue plaatjie waarop "Lategan en Seuns" gegraveer is en onderaan "U familie prokureur sedert 1947." Die voordeur staan oop. Wat waarskynlik jare terug 'n sitkamer was, is nou die ontvangsvertrek. 'n Meisie met 'n muisgesig en krulhare sit agter 'n rekenaar na hulle en loer. "Middag, Oom Frans, sit gerus. Oom Abel het net gou 'n kliënt by hom." Sy glimlag vriendelik vir Ben.

"Hallo, Adri. Hoe gaan dit met jou ma?"

Hulle neem plaas op een van die sagte banke.

"Nee wat, Oom, hoe sal ek nou sê, die heup pla nog maar dit kom aan. Dankie dat Oom gevra het."

Sy en Oom Frans gesels oor mense en dinge van die dorp. Ben kyk na die skilderye van landskappe teen die muur. Daar is ook een van 'n luiperd wat met geel oë na hom kyk. Hy wonder hoe sy huis gaan lyk. Hy weet dit kan nie so mooi soos dié een wees nie maar 'n mens weet nooit. Terwyl hy en Oom Frans deur die dorp gery het, het hy al die huise mooi bekyk. Gewonder watter een is


© University of Pretoria

syne.

'n Man met 'n krom neus, 'n swartraambril en 'n bles kom uit die gang te voorskyn. Hy groet 'n vrou wat vinnig by die voordeur uit verdwyn. "Dag Frans." Hulle skud blad. Hy draai na Ben. "Jy moet Ben wees." Hy skud Ben se hand en hy beduie hulle moet voor hom na sy kantoor toe stap. Oom Frans weet duidelik waar dit is. Hy draai links in 'n groot kantoor waar die son deur 'n groot venster skyn.

Hulle gaan sit in die gemakstoele voor die prokureur se lessenaar. Abel Lategan maak 'n lêer oop wat voor hom op die lessenaar lê.

"My innige simpatie met die afsterwe van jou moeder, seun," sê hy vir Ben. Ben knik. "En sy moes nog bloedjonk... Nietemin. Ja, die huis is nog jou moeder se eiendom. In haar laaste brief het sy laat weet ek moenie die eiendom verkoop nie." Hy haal 'n brief uit die lêer. Hy lees in stilte. "Ja, hier is dit. *Ek het besluit om die huis te hou. Ek sal dit verkoop sodra my oudste klaar is met skool om vir sy naskoolse opleiding te betaal. Dankie vir al u moeite...*" Hy bêre die brief in die lêer.

"Ek moet julle egter waarsku. Die eiendom is baie verwaarloos en is waarskynlik in die huidige ekonomiese klimaat nie veel werd nie. Dit staan leeg. Maar 'n mens weet nooit wanneer die ekonomie weer sy kop lig nie."

"Wat volgende?" vra Oom Frans.

"Het jy enige dokumente?" vra hy vir Ben. "Seker nie. Daar was mos 'n brand—"

"Ek het ons almal se id's," sê Ben vinnig.

"Nou ja, dit sal baie help," sê die prokureur tevrede. Oom Frans se selfoon lui. "Jammer, Abel," sê hy terwyl hy die foon uit sy sak haal. "Gaan gerus voort," sê Oom Abel in sy formele stem.

Oom Frans luister. "Die verpesting. Hoeveel? Ja ek kom maar ek is nog op die dorp. Ek kom so gou ek kan." Hy plaas sy selfoon terug in sy sak en staan op.

"Die rooikatte het weer toegeslaan. 'n Hele klomp skape. Ek sal moet gaan kyk. Sal jy asseblief vir ons al die dokumentasie regkry? Ons bring die identiteitsboekies as ons weer dorp toe kom."

Oom Abel staan ook op. "Die huis is in Winnie Mandela-straat. Net om die



© University of Pretoria

hoek, as julle wil gaan kyk."

"Dit sal moet wag tot volgende keer. Ek moet nou eers op die plaas kom."

* * *

Hulle kyk verslae na die drie ooie en die ses lammers wat die rooikatte halfpad opgevreet het.

"Die verpestings," sê Oom Frans. "Gooi hulle toe," sê hy vir Julies.

"Ons moet weer traps stel," sê Julies. Oom Frans antwoord nie. Hy stap terug na die 4x4 en hulle ry in stilte terug na die plaashuis.

"Dis maar 'n probleem vir die skaapboere. Die probleemdiere wat ons wins so opvreet," sê Oom Frans. "Aan die anderkant wil Natuurbewaring nie hê ons moet die rooikatte en die jakkalse doodmaak nie maar ons sal 'n plan moet sien. Ek hou ook nie daarvan om die goed uit te roei nie maar hulle maai onder die vee. Daar is boere wat heeltemal ophou boer het omdat die ongediertes dit vir hulle onmoontlik maak om dit winsgewend te doen."

Toe Ben later op die trappie voor sy kamer sit, wonder hy weer oor die vreemde wêreld en die vreemde dinge van die plaas waarin hy skielik beland het en nou die dinge is war sy lewe elke dag in beslag neem. Rooikatte, jakkalse, lammetjies, oorplatjies en dipstowwe. Dis goed waaraan hy nog nooit in sy lewe gedink het nie. Hy wonder oor sy huis op die dorp. "Kleynhans my broer, kom maak 'n draai by my huis. Dis op Hoopvol in die Karoo," sê hy hardop. Hy glimlag. Dit klink weird.

Hy kry vir Julies by die ramhok.

"Wat van 'n dampie, ek sê?" vra Julies. Hulle gaan sit in die skaduwee agter die ramhok.

"Gif is al wat help, al sê die Greens wat. Ons moet die rooikatte gif gee. Ek en ou Charl het baie traps gestel op onse dae. Baie ongediertes gevang maar ou Frans is versigtig. Hy wil nie moeilikheid hê nie en ek dink hy kry nogal die goed jammer, die katte en die jakkalse. Ou Charl het'ie kakgevat'ie."

Hy blaas die rook uit. "Ja ou Charl. Hy sou'ie baas van die plaas geword'it as hy nog asem gehaal het of só het ou Frans gehoop."

"Hoe 'n soort ou was hy?" vra Ben. Hy dink aan die glimlaggende seun met



© University of Pretoria

die blonde hare wat saans vir hom in sy kamer kyk.

"Nie te bad nie. Bietjie wintie. Ek was'ie so seker of hy die baas van die plaas wou wees'ie. Sy kop was op anner plekke maar nou maak dit nie meer sakie." Hy sug. "Dit het gereën toe ons hom begrawe het. Moerse funeral gewees. Almal op'ie dorp en almal van die plase in dié vally was hier. Niemand kon dit glo nie. 'n Mens spit mos'ie so 'n lekker jong, fris mannetjie onder die grond in nie. Life is mos'ie so unfair nie. Ou Nonnie het heeltyd gehuil in haar blou rokkie maar ou Frans het net met sy wit gesig eenkant gestaan. Nie 'n move of 'n sound gemaak nie. Opgefok is jy vir die res van jou lewe," het ek nog gedink.

"Ek is nog net vier weke hier maar dit voel of ek nog altyd hier gebly het. Dis nogal weird," verander Ben die onderwerp.

"Ja wat. Jy kom lekker reg. Jy's 'n natural. En ou Frans lyk beter van'at jy hier is. Nie meer so alleen op hierdie aarde nie," sê Julies.

Hulle hou vir Rebekka dop wat agter die honde aandrentel.

"Ek dink Rebekka is pregnant," sê Julies. "Ou Frans gaan my by die dorp se agterdeur uitbliksem. Hoe die moerskont by die ramme gekom het, weet ek'ie. Ook maar seker gejeuk. Lekker clever, daai skaap. Jy moet ha'rie sommer soe kykie," sê Julies.

Na aandete kyk Ben verbaas na die koevert wat op sy kopkussing lê. Hy haal die note uit en tel. Hy het nog nooit in sy hele lewe soveel geld gehad nie. Daar is 'n briefie by van Oom Frans.

*Jou salaris. Welverdiend. Jy het goed gedoen. 'n Mens kan sien jy het regte Karoobloed in jou are.*

Hy gaan sit op die trappie voor sy kamer. Karoobloed in jou are. Jy's 'n natural. Hy weet nie wat dit beteken of hoe om daaroor te voel nie. Hy wil nie die res van sy lewe op 'n plaas werk nie. Hy hoort in Johies. Hy sal moet fokus. Hy is hier om sy pa te kry. Dis al. En as sy pa nie hier is nie, gaan hy terug. Hy is steeds nie seker waarom hy nie vir Oom Frans oor sy pa wil vra nie. Hy voel net iets snaaks op sy maag as hy daaraan dink. Asof hy moet wag en kyk.

**Hoofstuk 7**

"Ek dink Rebekka is dragtig," sê Helena die volgende Saterdag terwyl hulle



© University of Pretoria

ontbyt op die stoep eet. Sy hou die skaap dop wat saam met die honde in die skadu van 'n boom lê.

"Wat!" sê Oom Frans ontsteld. "Dit kan mos nie wees nie! Hoe sou sy by die ramme gekom het?" Helena antwoord nie. Sy hou kouend vir Rebekka dop wat dink sy is 'n hond.

Oom Frans staan op en stap vinnig met die stoeptrappies af. Hy stap tot by die groepie slapendes onder die boom. Hy jaag vir Rebekka op. Die skaap gee 'n verontwaardige "mêê". Oom Frans bevoel en bekyk haar. Hy stap kwaad terug stoep toe. Rebekka drentel agterna. Oom Frans haal sy selfoon uit sy sak en druk 'n knoppie.

"Julies, weet jy iets van die ou skaap wat dragtig is?" Dis stil terwyl hy luister. Tannie Nonnie hou hom glimlaggend dop. Helena smeer nog roosterbrood.

"Moenie vir my lieg nie! Sy moes op 'n manier by die ramme..." Stilte. "Julies, julle maak vir my baie kwaad." Hy sit sy selfoon terug in sy sak.

"Nee, niemand weet nou van g'n sout of water nie."

"Het jy bietjie gevry, Rebekka?" vra Tannie Nonnie vir die skaap wat hulle met groot oë aan die onderent van die trappies dophou.

"Dan praat hulle van biosekuriteit! As 'n mens nie eers in beheer van jou eie plaas is nie, is dit nag, en die ou ooi is in elk geval te oud om te kraam," sê Oom Frans kwaad.

"Wat is biosekuriteit?" vra Ben. Oom Frans gooi lemoensap in 'n glas.

"Met al die siektes in omloop, is dit maar maatreëls wat 'n mens op die plaas tref om te verhoed dat siektes van ander plase op jou plaas beland. Soos om toegang tot die skape te beheer en te beperk en sulke goed. Dis moeilik op 'n skaapplaas omdat dit so uitgestrek is. Maar daar is maniere. Ons sal koppe bymekaar moet sit." Hy staan op.

"Julies-hulle het 'n paar skape in die skuur aangekeer. Ons moet 'n bietjie met die nuwe skeermasjien oefen. Dis een van die dae skeertyd. Ek wil hê julle moet ook leer. Kom skuur toe as julle klaar is," sê hy vir Ben en Helena.

Ben staan op. Hy is nogal nuuskierig om te sien hoe die nuwe masjien werk.

Hy hoor Helena kom agter hom aan.

Hulle hoor die dowwe gedreun toe hulle nader kom. Oom Frans beduie vir



© University of Pretoria

Julies-hulle hoe om die elektriese skeertoestel te hanteer. Die masjien is met 'n kabel in die middel van die skuur teen die dak vasgemaak. Agt skeermesse hang aan lang tentakels van die toestel na onder. Dit lyk soos 'n seekat, dink Ben. Julies kom maklik reg, sien hy.

"O, koek," sê Julies. "Met dié meneertjie ga ons mos die rekords laat kantel."

"Ja, toe. Dink julle maar 'n bietjie hoe Rebekka by die ramme beland het," sê Oom Frans.

"Search me," sê Julies.

"My beurt," sê Helena opgewonde. "Maar ek soek 'n ander skaap. Dié een is al skoon."

Dirk jaag 'n ander skaap nader en Helena knyp hom tussen haar bene vas. Sy het dit al baie gedoen, besef Ben. Hy hou haar met bewondering dop. Sy skeer die skaap behendig skoon.

"Awesome!" sê sy vir Oom Frans.

"Toe, Ben, jou beurt. Bring nog 'n skaap," sê Oom Frans vir Dirk.

Ben knyp die skaap vas maar sy wikkel hom los en laat spat.

"Jy moet knyp, Boetie!" lag Julies. Dirk jaag die skaap weer nader. Ben knyp dié slag harder maar die skaap kom weer los. Hy pluk hom toe hy sien Helena staan openlik vir hom en lag. "Toemaar, jy sal dit nou-nou regkry," sê Oom Frans.

Dié slag knyp hy met al sy mag. Jy gaan nie die slag wegkom nie, sê hy vir die skaap in sy kop.

"Nie so hard nie! Jy gaan die arme ding se ribbes breek," sê Helena verontwaardig. Aag man, vlieg, dink Ben. Hy druk die knoppie van die elektriese skeerder en begin versigtig om die skaap se wol te skeer. Hy probeer dieselfde hale as wat hy gesien het Julies doen. Van agter na voor en dan weer. Dis nie so moeilik nie, maar hy is bang hy skeer die skaap raak. Hy skeer stadiger as hy in die rigting van die kop beweeg.

"Môre kom ook darem nog," sê Helena smalend. Hy probeer haar ignoreer maar hy moet op sy tande byt om nie iets vir haar te skree nie. Julies verduidelik hoe hy om die ore moet skeer en uiteindelik staan sy skaap kaal. Plek-plek nog 'n klossie maar hy het dit gedoen. Toe ook nie brain surgery nie, dink hy trots.


© University of Pretoria

"Yes, Ben," sê Oom Frans. "Jy is 'n natural. Jy kort net 'n bietjie oefening. Maar hierdie ís toe 'n bielie," sê hy trots vir Julies terwyl hy na die nuwe skeertoestel beduie. Hy skakel die elektrisiteit by die muurprop af. "Julle kan maar die skape terugvat," sê hy vir Dirk. "Ek gaan studeerkamer toe."

Toe hulle buite kom, sê Helena: "Ek doen dit maklik drie keer vinniger as jy."

"Is alles vir jou 'n blerrie game wat jy móét wen," vra Ben kwaad terwyl hy die sweet van sy voorkop afvee.

"Ek dink so." Sy glimlag liefies vir hom. "Jou gesig is bloedrooi."

"Ag man… ek…" Hy stap vererg weg. Wag maar, my beurt kom, dink hy vies terwyl hy sy oë teen die skerp lig knip.

"Ek sê 'ek' darem nie so simpel soos jy nie," skree hy oor sy skouer.

"Ek gaan perdry! Kom jy saam?" roep sy agter hom aan.

Hy maak of hy haar nie hoor nie. Hy fluit vir die honde en stap die veld in. Hy stap tot by die windpomp en sit 'n ruk op die klip in die son. Die honde snuif aan 'n reuse-skilpad wat doelgerig tussen die karoobossies iewers heen sukkel.

Hy sal moet besluit. Hy gaan dié week met Oom Frans oor sy pa praat. Hy wil nou weet wat gaan aan. Dinge moet by 'n punt uitkom. Hy kan nie die res van sy lewe op die plaas rondhang nie.

Na aandete kyk hy saam met Oom Frans-hulle na 'n fliek op televisie. Hy probeer op die storie konsentreer maar hy kom agter sy kop is op 'n ander plek. Dis nogal iets wat hy nie eintlik meer doen nie. Televisie kyk. In Johannesburg is dit omtrent al wat hy gedoen het as hy by die huis was.

Hy staan op en stap kamer toe. Hy sit besluiteloos op die bed. Hy haal die boks met PlayStation-speletjies wat hy onder die bed gebêre het uit. Dis nie fun om alleen te speel nie. Hy onthou die baie ure wat hy en Kleynhans voor Kleynhans se PlayStation deurgebring het. Báie ure. Kleynhans se suster het in 'n DVD-winkel gewerk en vir hulle al die nuwe speletjies "geleen". Ben glimlag. Hulle was Mayfair se champs.

Hy krap tussen die speletjies rond wat netjies in die boks gepak is. Wat sou Charl se gunsteling gewees het en was hy ook 'n champ? Seker. As 'n mens na al die foto's teen die muur kyk, kon hy maklik ook 'n PlayStation-champ gewees het.

Hy verlang skielik huis toe toe hy die bekende name sien. *Fiva World Cup*



© University of Pretoria

*2008*. Hy en Kleynhans het al *Fiva World Cup 2011* gespeel. *Monsters 3, Golf 5, Fast Racing*. En selfs *Brothers in Arms*, sien hy verbaas. Hy hou die DVD 'n ruk in sy hand vas terwyl hy na die omslag kyk. Hy was die Brothers in Arms-champ. Niemand kon hom beat nie.

Hy is skielik lus om vir Kleynhans te bel. Sou hulle nog aan hom dink? Kleynhans is for sure die nuwe Brothers in Arms-champ van Mayfair. Kleynhans het nogal aan hom wat Ben is se agterent gehap, maar kon hom net-net nie wen nie.

Hy huiwer voordat hy die PlayStation koppel en by die muurprop aanskakel. Hy laai die DVD en wag vir die beeld om op die televisieskerm te verskyn en vat een van die handkontroles wat op die rak onder die PlayStation lê. Hy wonder wat die laaste chapter was wat Charl gespeel het. Hy sal maklik kan sien. Hy scroll deur die opsies en druk "chapters". Chapter 17, sien hy. Hy ril skielik. Charl sal nooit Chapter 18 speel nie.

Hy maak hom gemaklik en druk die knoppie vir Chapter 17 om te begin. Toe is dit weer soos in die ou dae. Hy lag hardop toe die soldate se gesigte op die skerm verskyn. "Dagsê Brothers!" sê Ben vir die bekende gesigte. Dis of hy ou pelle in Mayfair raakgeloop het. Hy besef hy verlang huis toe. Hy wil huis toe gaan.

"Allrighty, Private Frank Laroche. Kom ons gaan fok die vyand soos altyd op," sê hy toe hy op die gesig van die man kliek wat hy in die speletjie gaan wees.

Hy hoor vaagweg die klop aan sy deur maar hy kan sy oë nie van die skerm haal nie. As jy eers begin, kan jy nie ophou nie.

Die klop is die tweede keer harder, ongeduldig. Hy druk pause vinnig en maak oop.

Helena staan met 'n beker koffie en 'n stuk van die koek wat Tannie Nonnie op die dorp gekoop het in haar hande.

"Hoekom maak jy nie oop nie? Is jy doof of wat?" vra sy ongeduldig.

"Sorry man," mompel hy.

Sy kyk oor sy skouer na die beeld op die televisieskerm. "Wat maak jy?" vra sy nuuskierig.

"Ek kyk maar net... Jou ma het gesê ek mag maar..."

"Dis Brothers in Arms," sê sy opgewonde. "Ek het dit ages laas gespeel. Ek



© University of Pretoria

was nogal goed."

Of course was jy, dink Ben maar hy hou hom in.

"Kan jy dit speel?" vra sy terwyl sy by hom verbyskuur. Ben huiwer. "Nee," lieg hy op die ingewing van die oomblik.

"Kom ek wys jou," sê sy opgewonde terwyl sy op die bed neersak. "Waar is die ander remote?" Ben haal die ander handkontrole onder die PlayStation uit.

"Oukei," sê Helena en kry haar sit. "Dis die tweede wêreldoorlog en ons veg vir die Amerikaners teen die Franse. Jy moet 'n soldaat kies wie jy in die speletjie gaan wees. Ek is altyd Corporal Sam Corrison. Wie wil jy wees?"

"Mmm... sê maar Private Frank Laroche."

"Right," sê sy terwyl sy opgewonde verduidelik dat hoewel die private en die corporal eintlik aan dieselfde kant veg, hulle kompeteer om die meeste handgranate te gooi, vyandige soldate te skiet of booby traps onskadelik te stel. "Die ou wat die meeste punte aan die einde het, wen." Sy beduie hoe hy die soldaat moet aktiveer. "Kom ons begin by Chapter 1. Jy moet eers army training kry voordat jy kan gaan veg."

"Cool," sê Ben dik van die lag. Hulle doen die opleiding-chapter.

"Oukei, ek sien jy kry dit. Nou gaan ons teen die Franse veg. "Hulle speel deur Chater 1 en hoewel hy met opset 'n paar foute maak, weet hy sy sal gou na 'n meer uitdagend Chapter wil beweeg. "Dan maak jy só... en dan só..." verdiudelik sy.

Ben loer skuldig onderlangs na haar, dik van die lag. Hy luister nie eintlik wat sy sê nie maar knik nou en dan instemmend en vra so tussendeur asof hy nie mooi verstaan nie. Kom sussie, kry klaar dat ons kan begin. Vanaand gaan jy sien Ben de Koker laat nie met hom speel nie al kan hy nou nie actually skape soos jy skeer nie. Nog nie.

"Ek sien jou broer was laas op Chapter 17. Ek sal probeer," sê Ben.

"Eintlik moet ons eers deur alles gaan maar dit vat nogal lank," sê Helena. Chapter 17 is die split screen waar ons saamveg. Ons is aan dieselfde kant maar die ou wat die meeste punte het, wen. Jy sal dit nog nie regkry nie. Jy moet eers al die triks in die eerste Chapters leer."

"Ag, dis oukei. Kom ons doen Chapter 17, ek sal tog nie wen nie. Dit sal experience wees. Ek sal môre op my eie die ander Cahpters oefen."



© University of Pretoria

Sy skalel terug na die menu-keuses en druk Chapter 17. Sy verduidelik weer van die punte wat jy vir bomme kry wat jy geplant het ein die mense wat jy skiet en die booby traps wat jy onskadelik moet stel vir nóg punte.

"Het jy dit?" vra sy effens uitasem.

"Ek dink so." Hy wil lag maar hy byt op sy tande. Hy moet sy pose hou.

"Oukei, here we go," sê sy opgewonde.

Hy begin aspris stadig en maak met opset 'n paar foute.

"Nee man, só," sê sy ongeduldig terwyl sy die kontrole by hom gryp.

"I see, I see, said the blind man to his deaf friend," sê Ben. Nou ja Niggie Knows it All. Kom ons kyk of jy net so lekker kan lose soos wat jy kan wen, dink hy met genoegdoening.

Hy kan homself nie meer inhou nie en toe laat waai hy. Sy is effens van stryk gebring toe hy die een soldaat na die ander ompik en maklik die booby traps uitsnuffel en onskadelik stel. Maar toe laat waai sy ook. Sy is blerrie goed. Hy sal moet uithaal, sien Ben na 'n vyf minute.

"Is jy seker jy het dit nog nie voorheen gespeel nie?" vra sy na 'n ruk.

"Nee man, jy kan mos sien ek sukkel 'n bietjie." Sy antwoord nie.

Hulle veg sonder 'n woord verder. Ben besef hy sal moet kophou. Hy onthou nog die trick om daai laaste handgranaat wat die meeste punte tel, betyds te gooi maar hy sal vinnig moet wees en dit moet presies op die regte oomblik gebeur, veral as sy ook weet hoe. Hy vermoed sy sal weet hoe want sy is goed.

Maar hy was nie verniet Mayfair se champ nie. Op presies die regte oomblik pluk Private Frank Laroche die handgranaat uit en dit ontplof. Die skerm is vir 'n paar oomblikke helde verlig. Private Frank Laroche verskyn triomfantlik op die skerm met 36 500 punte. Corporal Sam Corrison het 34 200 punte.

"Haai, wen ek actually?" vra Ben asof hy baie verbaas is. "Jy moet my die ander ook leer. Dit lyk nie asof dit ook actually brain surgery is nie en dis nogal fun." Hy kyk vir haar en glimlag so mooi as wat hy kan.

Helena sê niks nie. Plak die remote onder die PlayStation neer en raap sy leë koffiebeker op. "Jy moet jou bord kombuis toe bring as jy klaar is. Hier is miere."

"Lekker slaap," roep hy agter haar aan terwyl sy in die rigting van die verligte stoep loop. "Dankie dat jy my geleer het."



© University of Pretoria

Sy stap vererg vinniger sonder om hom te antwoord.

Ben vryf die honde se koppe en maak die deur toe. Hy staan lank onder die warm water in die stort terwyl hy Queen se *We are the champions* fluit.

**Hoofstuk 8**

"Jy kan vandag solank vir ons die byvoeding meng en dan vat jy en Julies dit môre-oggend na die agterste kampe. Meng soos ek jou gewys het, meet mooi. Nie te veel, nie te min nie," sê Oom Frans die volgende oggend vir Ben aan die ontbyttafel.

"Maar ek doen dit dan altyd vandat Charl..." sê Helena verontwaardig.

"Ons het die formule effens aangepas. Ben weet hoe. Jy kan hom help." Ben staan op en stap saam met Oom Frans skuur toe. Hulle laai die sakke met die byvoeding wat Oom Frans die vorige dag by die koöperasie gekoop het van die 4x4.

"Frans, daar is 'n oproep vir jou op die landlyn," roep Tannie Nonnie by die agterdeur. Oom Frans stap huis toe.

"Is jy nou die nuwe boetie op die plaas?" vra Helena sarkasties vir Ben. Ben wil hom eers strip. Hy laai die laaste sak steunend van die bakkie af. Hy vee die sweet met sy arm van sy voorkop af. Hy draai na haar.

"Nee, dis nie vir my nodig om die nuwe boetie op die plaas te wees nie. Ek sien jy probeer hard om die nuwe boetie op die plaas te wees. Miskien hóéf jy nie die nuwe boetie op die plaas te wees nie. Ek dink nie jou pa wil van jou die boetie maak nie. Dalk is dit net in jou kop. Dalk moet jy bietjie chill."

Sy kry 'n snaakse trek in haar oë en sy ruk haar kop effens asof sy 'n klap gekry het. Sy draai om en stap sonder 'n woord stalle toe. Hy kyk haar agterna. Wonder of hy die regte ding gesê het maar dis waar. Hy besluit om agter haar aan te stap. Sy saal vir Koning op. Hy haal 'n saal van die haak af en saal vir Prins op. Sy kyk nie na hom nie. Sy lei die perd na buite en klim om. Sy kyk vinnig oor haar skouer en toe laat waai sy.

Sy jaag die veld in. Hy kyk haar agterna en toe klim hy ook op en toe fluister hy vir Prins: "Our day has come." Hy gee vir Prins 'n ligte klappie op die boud en toe jaag hulle ook. Vinnig. Vandag gaan hy haar wys sy hoef nie altyd te wen


© University of Pretoria

nie. Sy gaan niks oorkom as sy nie wen nie. Sy kan 'n bietjie chill.

Hy haal haar vinnig in. Hy het lankal agtergekom Prins is maar net lui, gewoond daaraan om agter sy pa aan te draf. Maar nie vandag nie. Vandag gaan hulle wys wat hulle kan doen. Hy en Prins. Toe hy langs haar jaag kyk sy vinnig in sy rigting met daai verbete trek om haar mond. Die ek-wen-altyd-trek. Hy voel half jammer vir haar maar sy moet leer. Dis vir haar eie beswil. Wen of verloor is nie altyd die issue nie. Toe hulle verby haar jaag, kyk hy om. Sy skree op Koning en klap hom op die boud maar hy weet. Prins is vinniger as Koning.

Hy ry stadiger toe hy die kol bome by die poel bereik. Hy saal af en vryf oor Prins se rug. "As jy ooit weer onder die radar cruise, gaan ek jou na die slagpale op Bloemfontein stuur. Ek is seker die ouens daar weet wat om met perdevleis te maak." Prins snork effens en waai sy stert. Ben maak hom aan sy gewone plek aan die boom vas. Hy wag nie vir Helena nie. Hy sal nie verbaas wees as sy teruggedraai het huis toe nie. Hy gee nie om nie. Hy trek sy skoene uit en gaan sit met sy voete in die water op die plat rots.

Na 'n ruk hoor hy haar voetstappe. Hy kyk nie om nie. Sy trek haar skoene uit en gaan sit langs hom op die klip. Hulle sit lank na die water en tuur sonder om te praat.

“My pa is nie so happy-go-lucky soos wat hy lyk nie,” sê Helena. Sy beweeg haar tone in die water.

“Hy… eintlik is hy glad nie meer happy-go-lucky nie. Hy maak maar net so ter wille van my ma en ter wille van my. Ek dink hy is eintlik blerrie sad want hy dink dit is sy skuld dat my broer sy nuwe GTI ‘n paar kilo's buite die dorp gerol en sy nek gebreek het. My ma het gesê Charl is te jonk vir so ‘n vinnige kar. Ek sal nooit vergeet hoe my pa met shiny eyes aan die eetkamertafel gesê het: Nonnie, hy moet die grense so effens toets om seker te maak waar hy staan in hierdie lewe. ‘n Mens moet laat gaan. Dit is wat hy gesê het. Ek sal dit nooit vergeet nie. ‘n Mens moet laat gaan.”

Helena haal die swart pet van haar kop af en leun agteroor. Ben hou haar dop. Die smal neusie en die potblou oë. Die ernstige uitdrukking op haar gesig laat haar ouer lyk as wat sy is.

“Dit was ‘n warm Saterdagmiddag so net na drie. Ek onthou die dominee in sy swart kar en sy swart pak wat voor die deur gestop en in die kar bly sit het.


© University of Pretoria

Hy het glad nie na die huis gekyk nie. Net voor hom. Ek het met die honde op die gras gespeel en my pa en ma het rugby op televisie gekyk."

Helena maak haar hare los en skud haar kop 'n paar maal. Die son blink op die druppels op haar bene. Ben hoor tarentale in die lang gras links van hulle en ‘n kraai wat skree.

"My ma en pa moes die dominee se kar gehoor het want hulle het op die stoep uitgekom en bly staan. Ons het almal na die dominee gekyk wat kop onderstebo in die kar bly sit het. Ek dink ons het toe almal klaar geweet sonder dat iemand iets hoef te gesê het."

Helena staan op en stap met klere en al die poel binne. "Sjoe, dis nogal koud," ril sy. Sy maak haar lyf nat en toe duik sy vooroor en verdwyn onder die water. Ben hou haar dop. Die lang bene wat grasieus skop en haar blonde hare wat soos seegras om haar kop versprei. Sy snak na asem toe haar kop bo die oppervlak verskyn. "Nou dink my pa hy is Baveheart al dink hy niemand weet hy is eintlik baie sad nie," skree sy.

Ben trek sy hemp uit en klim versigtig in die water. Dit is nogal koud. Hy bibber 'n paar sekondes en toe swem hy 'n paar hale. Dit word beter. Hy draai op sy rug en kyk na die wolklose hemel. Hy kry die Karoogevoel. Later sit hulle op die klip en droog bak.

Hy streel op die ingewing van die oomblik oor haar blonde hare. Hy kyk geskok na sy hand wat saggies op en af streel asof dit nie aan hom behoort nie. Sy gaan hom sekerlik nou klap dat hy Mayfair gaan sien sonder dat hy wou. Tot sy verbasing sit sy doodstil en tuur na die water. Hy staan verleë op en duik weer in die poel. Sy het nie weggeruk óf hom geklap nie, dink hy terwyl met lang bewegings in die poel in die middel van die Karoo swem.

## Hoofstuk 9

"Daar het bloednier anderkant Victoria-Wes op 'n plaas uitgebreek," sê Oom Frans terwyl hulle Maandag middagete eet. "Dis 'n ernstig. Dis 'n gevaarlike siekte. Ons sal moet kyk wat gaan aan en wat die direktoraat dieregesondheid sê. Ben, ek moet gou skuur toe. Kan jy met 'n rekenaar werk?"

Ben knik met 'n mond vol roereier.



© University of Pretoria

"Kyk bietjie wat kry jy op die internet. Mediaverklarings op die departement se website en kyk ook wat sê die rooivleisprodusente-organisasie en die nasionale wolkwekersvereniging. Kyk ook wat sê Agri SA. Kyk maar wat jy kan kry. Ons moet weet wat gaan aan. Ons internet is stadig in dié wêreld. Wees maar geduldig."

Hy staan op en stap haastig by die agterdeur uit terwyl hy sy hoed opsit. Ben eet klaar en help vir Arlien om die leë borde en glase kombuis toe te dra.

Hy was nog net een of twee keer vinnig in die studeerkamer. Hy gaan sit agter die rekenaar en skakel dit aan. Dit is 'n gesukkel om 'n internetkonneksie te kry. Die vervlakste ding ís stadig. Oom Frans se screensaver is 'n foto van Tannie Nonnie, Charl en Helena iewers op 'n strand. Charl en Helena is nog jonk en hulle lag verspot vir die kamera. Charl maak haasoortjies met sy vingers agter Helena se kop. Helena lyk anders as sy glimlag. Hy besef hy het haar nog maar min sien glimlag vandat hy hier is. Terwyl hy wag, vang sy oog die ry foto's teen die linkermuur.

Oom Frans verskyn op baie met trofeë en rosette by kampioenstoetramme of -ooie. Daar is ook 'n klomp foto's waar Oom Frans formeel saam met groepe mense in rye verskyn. Hy staan op om te kyk. Dis foto's waar Oom Frans saam met die lede van die distrikslandbou-unie se bestuur verskyn en allerhande ander komitees waarop hy dien of gedien het. Teen die ander muur hang enkelfoto's van glimlaggende mans met 'n skaapskêr in die hand by Oom Frans. Skaapskeerder van 1999 en so hou die ry aan tot by skaapskeerder van die jaar 2010.

Ben verloor belangstelling en wil net terugdraai na die rekenaar toe sy blik op die skaapskeerder van 2010 val. Hy versteen. Hy kry dieselfde snaakse smaak in sy mond soos destyds in Moerdyk-markagente se kantoor op die Pretoria-mark. Die lewe kan nie só werk nie.

Dis nie 'n baie goeie foto van sy pa nie, hy trek sy mond half skeef terwyl hy glimlag. Hy het 'n groen oorpak aan en sy hare is langer as op die foto in Moerdyk se kantoor. Ben kyk bewegingloos na die foto. Hy voel vreemd, half rustig maar ook snaaks, so asof hy deur 'n dik venster na 'n vreemdeling staar. Hy vat aan sy pa soos destyds in Moerdyk se kantoor. Sal hy ooit regtig aan sy pa kan vat en nie net met 'n vinger op 'n foto nie?



© University of Pretoria

Hy hoor ‘n geluid. Hy draai om. Oom Frans staan in die deur. Hy stap stadig nader en sit sy arm om Ben se skouers. Hulle kyk ‘n ruk in stilte saam na die foto.

“Ek dink dit was jou pa,” sê Oom Frans sag sonder om na Ben te kyk. Ben sê niks nie.

“Hy was nou vir jou ‘n bobaasskeerder. Die beste in die weste en hy het gou geleer, hoor! Toe hy hier aangekom het, het hy soos jy niks van skaapboerdery geweet nie. Hy het gou die ou, geharde manne ore aangesit. Hy het so 18 maande hier gewerk.” En toe is hy waarheen, dink Ben moedeloos.

“Waar is hy nou?” vra Ben met ‘n heserige stem. Hy kyk steeds na die foto. Die oom antwoord nie. Hy stuur Ben aan sy skouer tot by die bank in die hoek van die vertrek en maak hom sit. Hy maak ‘n paneel in die boekrak oop en skink tydsaam vir hom whiskey in ‘n glas. Hy gooi ys in die glas en toe vul hy dit met water. Hy haal ‘n blikkie Coke uit die yskas en hou die blikkie en ‘n leë glas in Ben se rigting. Toe gaan sit hy op die groot stoel agter die lessenaar en vat ‘n sluk. Hy skakel die rekenaar af.

“Dit was ‘n vreemde ongeluk,” sê hy na 'n ruk. “Dit het onverwags verlede winter op Hoopvol gesneeu.” Hy glimlag vir Ben. “Glo dit maar, dit sneeu so nou en dan in dié wêreld as ons ‘n rowwe winter het.” Hy vat nog ‘n sluk.

“Bobbie, jou pa. Ons vermoed… Daar het lammers vroeër die dag soek geraak. Ons vermoed jou pa het hulle gaan soek. Te voet. Hy was seker bang hy gly met die bakkie.” Hy sit agteroor en kyk na die plafon. “Maar dalk het hy maar net ‘n ent gaan stap. Hy het soms sommer net die veld ingevaar en ure later teruggekom. Dalk wou hy maar net gaan kyk hoe lyk dié wêreld in die sneeu. Dis nogal ‘n gesig hoor. Die weer was mislik en die wêreld wit onder die sneeu.”

Hy sit vooroor en kyk na Ben. “Ons is nie seker wat gebeur het nie. Hy moes op die sneeu gegly het. Dit lyk asof hy by ‘n krans afgeval het. Die krans was nie hoog nie maar hy het aan die voet gelê. Daar was ‘n yslike wond aan sy kop. Die dokter sê…” Hy wat ‘n sluk van sy drankie.

“Die dokter het later gesê hy was waarskynlik onmiddellik bewusteloos van die stamp.”

Hy bly stil. Dan sê hy sagter: “Ons het hom die volgende oggend gaan soek


© University of Pretoria

toe ons sien hy is weg. Almal het gehelp. Niemand het geweet hy is die vorige middag al weg nie anders sou ons hom toe al gaan soek het," sê hy verskonend. Ben sit bewegingloos met die glas Coke in sy hand.

"Ek het hom aan die voet van die krans gekry. Hy het rustig gelyk en tevrede, so asof hy klaar gesoek het en uiteindelik gekry het waarna hy soek. Hy was maar 'n rustelose siel." Oom Frans sit weer agteroor.

"Ons het hom in die familiebegraafplaas daar agter teen die kop begrawe. Onder 'n mooi Karooklip soos hy altyd gesê hy sou wou hê as hy doodgaan. Hy was nogal lief vir dié wêreld."

Toe sê Oom Ben sag: "Ek is baie jammer."

Ben roer nie. Hy weet nie wat om te voel nie. Hy dink nie hy voel hartseer nie maar hy is nie seker nie. Hy het sy pa nooit geken nie. Sy kop voel net leeg. Asof daar 'n gat is. Asof die hele wêreld 'n leë gat is en dat hy stadig daarin val, af en af.

* * *

Dis eers die volgende middag laat dat Ben die moed bymekaarskraap om die paadjie kerkhof toe aan te durf.

Hy stap tydsaam met die paadjie op. Hy kyk na die karoobossies en die klippe. Hier en daar skarrel 'n meerkat. Hy hoor die kiewiete in die verte. Iewers blêr 'n lam.

Hy sien van ver af die klipmuurtjie op die koppie, soos 'n klein kraaltjie. Hy kan nie dink waarom hy dit nie voorheen raakgesien het nie. Hy was al 'n slag of wat hier verby. Hy loop eers vinnig en toe stadiger. Dit voel weird. Sy pa. Uiteindelik.

Hy gaan sit op 'n klip met sy rug na die klipkraaltjie op die hoogte gekeer. Hy kyk uit oor die plaas. Die grasgroen lusernland, regs wat skoon simpel in 'n vierkant tussen die dorre wêreld lê. Hy steek sy nippie aan. Net vier poele, toe maak hy dit versigtig dood en druk die klein stompie wat oorgebly het in sy hemp se sak.

Hy kyk oor sy skouer na die kraaltjie op die bult. Die son is besig om agter die koppie te verdwyn en dit lyk asof die kraaltjie 'n goue kransie bo-op het. Hy huiwer maar staan op en stap stadig verder met die paadjie. Toe hy die


© University of Pretoria

ysterhekkie van die kerkhof sien, huiwer hy weer.

Hy gaan sit weer op 'n klip. Hy besluit om eers die nippie klaar te rook. Nog drie treke toe is die nippie heeltemal op. Hy trap die stompie dood en staan op. Hy loop tot by die hekkie en maak dit versigtig oop. Dit kraak in die stilte van die laatmiddag.

Hy kyk na die paar outydse grafstene in die eerste ry voor hom. *Gertuida Johanna van Eeden 1899 - 1968. Onse suster en moeder. Rus in vrede.* En langsaan: *Petrus Johannes van Eeden 1918 - 1966. Dankie ons broer.* Daar is nog 'n klomp soortgelyke grafte. En dan: *Charl van Eeden. 1993 - 2011. Skielik van ons weggeneem. Rus veilig in Jesus se arms.*

Hy dink nie sy pa gaan tussen dié klomp wees nie.

Dan sien hy die klip eenkant, regs in die hoek van die kerkhof. Hy stap stadig nader. Dis net 'n klip. Groot en bruin en so half rond. 'n Karooklip. Dis sy pa se plek. Hy weet sommer. Hy kry weer 'n sout smaak in sy mond.

Hy gaan sit kruisbeen op die grond voor die klip. Hy lees die woorde op die koperplaatjie: *Robert Benjamin (Bobbie) Smit. 18 April 1972 - 14 Julie 2010. Rus in vrede.*

Sy vel voel snaaks. Dit kriewel. Hy kyk 'n ruk na die bruin klip. 'n Meerkat verskyn blitsig van iewers agter die klip. Op sy agterbene, pootjies in die lug. Hy en die meerkat kyk roerloos na mekaar. Hy draai terug na die klip.

“Pa,” sê hy huiwerig vir die klip. Sy stem is hees van die nippie. Hy maak keel skoon. "Pa, ek is nou Ben. Ek is jou kind van wie jy nie geweet het nie.” Hy voel lig. Die meerkat staan nog stokstil, pootjies in die lug vir hom en kyk.

“Ek weet jy ken my nou nie eintlik nie maar ek het blerrie ver gekom om jou te kry.”

Hy voel skielik koud. Hy vryf oor sy arms. Die meerkat skrik nie eens nie. Kyk hom aan met die kraalogies en die snaakse, pruim-mondjie. Hy is skielik lus vir rook. Hy voel-voel in sy bosak maar onthou dan van die nippie wat klaar is.

“Ek rook so half maar ek gaan ophou. Nog dié maand. Ek belowe. Ek weet julle pa's wil mos kraam omdat ons rook.” Hy vat versigtig aan die klip.

“Ons het mos in Mayfair gebly. Ma het by Clicks gewerk. Sy het eers vir ‘n lang ruk in Tannie Mabel se klerewinkel gewerk maar sy het naaldwerk eintlik



© University of Pretoria

gehaat. Dit het swaar gegaan maar ek het ook my kant gebring. Ek het koerante afgelewer. Tot in die winter. Die enigste keer wat ek nie kon nie, was toe Ma gesê het ek moet in die bed bly want sy het gedink ek het griep. Dit was toe nie."

Hy gooi 'n klippie in die rigting van die meerkat wat doodstil soos een van die grafstene vir hom loer. “Aag, fokof man!”

Die meerkat spring om en hardloop, maar draai dan weer terug en staan met die ongeskikte mondjie, pootjies in die lug, na Ben en kyk.

“En ons het eenkeer teen 'n moerse groot skool van Pretoria krieket gespeel en ek het 100 lopies gemaak. Sommer net só en nogal maklik. Niemand kon dit glo nie. Ek ook nie. My prys was 'n voucher vir R100 by Kentucky. En wat ek ook nogal goed kon doen, was om oor die bok in die gimklas te spring. Nogal hoog. Daar was nie eintlik iemand wat dit beter as ek kon doen nie, al is ek 'n kortgat.”

Hy vryf versigtig oor die klip. “Ek is bly jy was die beste skaapskeerder in 2010. Ek wens ek was daar toe jy gewen het. Ma en Elma het toe mos doodgebrand. Ek weet nie of jy weet nie. Dit was net 'n ongeluk. Die kers wat Tannie Pop vir Ma vir haar verjaarsdag gegee het, het per ongeluk omgewaai. En ek was nie daar nie. Ek het mos PlayStation by Kleynhans gespeel. Ek is moer jammer. Al wat hulle kon red, was 'n paar eetkamerstoele en Ma se groen handsak wat op die eetkamertafel gelê het. Ek het die handsak nou nog. Ek gaan dit hou."

Sy keel brand skielik. "Ek is jou seun, Pa en ek is jammer jy het nie geweet nie. Maar dis fine. Ek weet jy het nie geweet nie.”

Hy trek sy bene op en rus sy ken op sy kniekoppe terwyl hy lank na die bruin klip kyk.

**Hoofstuk 10**

Ben sien die wit Toyota Fortuner stadig met die plaaspad aangery kom. Oom Frans en Tannie Nonnie stap tot waar die voertuig onder die groot bloekomboom parkeer. Ben bly skuins agter die pilaar op die stoep staan. Vier ronde rooikopseuntjies van verskillende groottes peul by die deure uit en elkeen



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

begin in 'n ander windrigting hardloop. Hulle groet so in die hardloop sonder om om te kyk. "Hi, Tannie Nonnie, Hi, Oom Frans!"

'n Ronde man met 'n bles en 'n klein vroutjie met kort, bruin hare het intussen uitgeklim.

"Julle gaan nie verder as waar ons julle kan sien nie, gehoor!" roep die man kwaai agter hulle aan. "Probeer in hemelsnaam julle klere skoon hou!" skree die tannie.

Oom Frans en Tannie Nonnie lag. "Los die kinders," sê Oom Frans. "Julle moenie van hulle regte dorpsjapies maak nie."

"Dit kom daarvan as 'n mens eers op jou oudag vrou vat en dán eers probeer om 'n rugbyspannetjie te bou," lag die oom terwyl hy 'n mandjie uit die Fortuner laai.

"Jy's lekker oppad," sê Oom Frans. "Ek bedoel nou met die rugbyspannetjie."

"Nee, nee. Genoeg is genoeg," sê die tannie.

Oom Frans draai om. "Ben, waar is jy? Kom staan nader," roep hy stoep toe. Ben stap verleë by die stoeptrappies af.

"Annelie en Sakkie, dis nou Bobbie en Nathalie se seun, Ben. Ben dis nou Hoopvol se eie polisieman en die veediewe loop maar lig vir hom. Hy loop op sy beurt weer lig vir Tannie Annelie." Die ander lag behalwe die oom wat botstil gaan staan en verstom na Ben staar.

Hoekom kyk almal op dié plek hom aan asof hy 'n sirkus freak is, dink Ben vies. Hy skud ongemaklik die tannie se hand. Die oom bly staan en dit lyk nie asof hy Ben se uitgestrekte hand raaksien nie.

Hy het 'n vreemde uitdrukking op sy gesig. Dit lyk asof hy wil huil maar dit kan seker nie wees nie, dink Ben.

"Jy het jou ma se wangbene," sê hy half ingedagte. "Dis jou pa se gesig maar ek sien eintlik jou ma se gesig. Dis ook jou ma se ken." Hy vat versigtig aan Ben se ken. Ben wil wegruk.

Oom Sakkie ruk hom reg en skud Ben se hand. "Welkom hier op ons dorp," sê hy hartlik. Die grootmense stap geselsend stoep toe. Ben drentel agterna. Die oom kyk kort-kort om na Ben asof hy net wil seker maak sy oë bedrieg hom nie.

"Lyk my hier is Liefie ook nou," sê Tannie Nonnie. Hulle gaan staan en hou die swart Mercedes dop wat aansienlik vinniger as die Fortuner met die nou



© University of Pretoria

plaaspaadjie aangejaag kom.

Die lang vrou wat Ben die eerste dag by die hotel ontmoet het, klim uit die Mercedes. Sy het vrekmooi bene, dink Ben. Haar koperrooi hare hang in 'n lang poniestert. Sy skuif haar sonbril tot op haar kop.

"En? verwag julle 'n entrance as julle my so staan en kyk?" vra sy.

"Liefie, jy hóú van 'n entrance," lag Oom Frans.

Nadat almal met 'n drankie onder die lapa plaasgeneem het, sê Oom Frans: "Ben jy kan maar aansteek." Hy beduie na die braaiplek in die hoek.

Ben is dankbaar hy kry iets om te doen, weg van die starende oë.

Toe die vuur brand, kom staan Oom Sakkie by hom. Nadat hulle 'n ruk na die vlamme gestaar het sonder om te praat, sê Oom Sakkie: "Jou ma... ek hoor sy is toe dood...en..." Ben weet nie wat hy vir die man moet sê nie. Hy besluit om net sy kop te knik. Dis weer 'n ruk stil.

"Jou ma was 'n beeldskone mens, jou ma was...," sê die oom. Hy bly stil en byt op sy onderlip. Hy kyk weer 'n ruk in die vlamme en praat nie verder nie.

En my pa, ek het 'n pa ook gehad, wil Ben sê maar hy hou hom in. Hy kan egter nie help nie, dit kom sommer uit. "En my pa?"

Die oom vat 'n sluk bier en hou die bakkie met biltong wat op die tafel langs die braaier staan na Ben. Ben vat 'n handvol.

"Jou pa was nie lank op Hoopvol nie. Hy het eendag net hier uitgeslaan en hy was seker maar net 'n paar maande hier voordat..." Hy sug. "Jou ma het nogal dadelik vir hom geval. So asof sy haar hele lewe lank vir hom gewag het." Hy vat ook 'n handvol biltong. "Ek dink sy het dadelik geweet hy is die ou vir haar. Aag, alles was net 'n vet misverstand maar nou ja, dis verby, water onder die brug deur. Maar nou is jy hier," sê hy vroliker. "Ek is bly jy is hier. Kan jy jag?"

"Ek het nog nie eintlik nie," sê Ben.

"Nou ja as ek en Frans Junie-maand gaan jag, dan kom jy saam. Ek het 'n 303 wat ek vir my seuns bêre totdat hulle groot genoeg is maar jy kan hom intussen leen. Man, as jy daai bokke bekruip, en jy moet mooi kyk voordat jy beweeg of iewers trap sodat jy hulle nie skrikmaak nie. Man, ek sê vir jou, daai gevoel..." Hy ril effens. "Dit gee jou koue rillings. Daai gevoel is iets wat jy nie vir ander mense kan beskryf nie! En as ek en Frans weer in Bloemfontein gaan rugby kyk, kom jy saam. Ons maak sommer 'n weekend daarvan," sê hy



© University of Pretoria

opgewonde.

Ben kan nie onthou dat hy al ooit aan jag gedink het nie. Skielik klink dit na iets wat hy nogal sou wou doen. Junie-maand. Junie-maand is ver. Hy weet nie eens of hy nog volgende week hier gaan wees nie. Hy sal moet besluit. Toe hy verlede week vir Tannie Pop gebel het, het hy gesê hy kom dalk terug maar hy moet nog sien. Hy sal ook seker die een of ander tyd moet terug skool toe. En dalk in Mayfair by Tannie Pop se klein huisie moet intrek. Hy ril effens.

* * *

Twee van die seuntjies het op die mat voor die televisie aan die slaap geraak. Ben wonder waar die ander twee is. Hy hoop hulle lê ook iewers en slaap want hulle is nogal demanding. Hy is skoon moeg van al die gestoei met hulle op die mat en hulle het nie einde nie. Hy kyk onbelangstellend na 'n hofdrama op televisie. Hy teug aan sy koffie.

Tannie Liefie kom vanuit die kombuis ingestap. Sy gaan sit op die armleuning van die bank waarop Ben sit. "Wat kyk jy?"

"Aag sommer, dié ou moet daai vrou met die blonde hare verdedig. Hulle dink sy het haar ma vermoor maar eintlik het sy nie. Ek kyk nie eintlik nie."

Sy kyk 'n ruk saam met hom. Dan sê sy: "Ek en jou ma was boesempelle maar sy het my nooit vertel dat sy jou verwag nie. Nie eers één keer nie. Ek neem haar nogal kwalik."

Sy vryf oor Ben se donker hare. "Ek sien jy het net so 'n donker vlekkie op jou elmboog soos wat jou pa gehad het." Ben vryf verleë oor sy geboortemerk.

"Wat ek nie kan verstaan nie, is as my ma en pa so die hots vir mekaar gehad het, hoekom het hulle nooit getrou nie?" vra Ben.

Oom Sakkie kom ingestap met twee glase rooiwyn. Hy gee een vir Tannie Liefie. Hy neem langs Ben op die bank plaas.

"Wat kyk julle?"

"Sommer niks," sê Tannie Liefie. Sy staan op en skakel die televisie met die afstandbeheer af. Sy gaan sit op die koffietafel sodat sy na hulle kan kyk.

"Ek vertel maar net vir Ben hoekom Nathalie en Bobbie..." Sy sit haar wynglas op die tafeltjie langs haar neer.

"Dit was maar net 'n vreeslike misverstand." Sy vat 'n sluk wyn.



© University of Pretoria

"Dis eintlik ‘n aaklige storie. Ek weet nie waar om te begin nie. Jou pa het op die dorp kom werk. Hy het aflewerings vir die besighede op die dorp gedoen en ek en jou ma het na matriek by die hotel begin werk. Die kort en die lank is daar was… eh… daar was ‘n voorval. Een van ons vriendinne, sy het ook in die hotel gewerk, is een aand aangerand. Net agter die hotel. Agter die ronde wit muur wat die agterste parkeerterrein van die hotel skei. Ek weet nie of jy dit gesien het toe jy daar was nie."

Ben skud sy kop.

"Dit was donker en sy het gedink dit was Bobbie, jou pa." Sy tuur na die skildery teen die linkerkantste muur. 'n Blou vaas met pienk kosmosse.

"Maar dit was nie jou pa nie, dit het eers later uitgekom toe Sakkie die regte ou vasgetrek het."

"Toe was dit te laat," sê Oom Sakkie.

Tannie Liefie sit weer haar wynglas neer.

"Ek dink maar jou pa was baie seergemaak omdat ons hom nie wou glo nie. Veral nie jou ma nie. Maar ons was so verward!" sê sy verontwaardig. "En dis nie dat ons hom nie geglo het nie. Ons wóú hom glo maar Olivia was so seker dat dit hy was."

Sy kyk ‘n ruk na Ben. "Dis asof jou pa nou hier voor my sit. Jy lyk op ‘n druppel water na hom. Dis spooky, nè Sakkie?" Sy ril effens.

"Ewenwel, toe ons uitvind hy was heelpad onskuldig was hy reeds weg. Hy het ‘n trein gevat en eers na baie, baie jare weer hier uit die bloute opgeduik. Jou ma is net na jou pa hier weg met die trein Johannesburg toe," sê Oom Sakkie.

"En jou ma was swanger met jou. En sy het vir niemand gesê nie. Nie eers vir my nie al was ek haar beste vriendin," sê Tannie Liefie.

Oom Frans kom met 'n bottel wyn ingestap en vul die grootmense se glase sonder om iets te sê voordat hy weer by die deur uit verdwyn.

"Sy het baie van Johannesburg af gebel om te hoor of ons nie iets van hom gehoor het nie, maar ons het nie en niemand het geweet wat van hom geword het of waar hy in die wêreld was nie. Ons het nog nie in daai dae selfone gehad nie. Dit was nie so maklik om kontak te hou soos vandag nie. Ons dink jou ma het seker maar later moed opgegee omdat hy niks van hom laat hoor het nie,"



© University of Pretoria

sê Oom Sakkie.

“Toe hy ‘n paar jaar gelede uit die bloute hier uit die lug val, het ek en jou ma ook nie meer kontak gehad nie. Hy het glo vir jare iewers op 'n olieboor gewerk. Die laaste wat ek van jou ma gehoor het, was toe sy met die Engelsman getroud is en toe het julle getrek of soiets. Bobbie… jou pa, het na haar kom soek maar wat. Dit was toe te laat.”

Sy vat ‘n teug van haar wyn en kyk na Ben. “Hulle was baie lief vir mekaar. Dis eintlik nie fair nie. Dis eintlik glád nie fair nie.” Sy vee 'n paar trane met die agterkant van haar hand af.

“Hy het nooit van jou geweet nie. Dis dalk die sadste, nè Sakkie?” Sy vat Ben se hand en gee dit ‘n drukkie.

"Maar hoekom het my pa haar nie vroeër kom soek of gebel nie?"

Oom Sakkie draai na Ben. "Wel… hy het toe eintlik—"

"Hy hét! Hy hét!" val die Tannie Liefie hom heftig in die rede. "Ons het dit eers jare later gehoor. Ou Lettie, die blerrie ou koei wat die eienaar van die hotel was, het dit net nooit vir iemand gesê nie!" Sy sit haar glas hard op die tafel neer.

“Ag, dit het eers baie later uitgekom, dat jou pa wel gebel het om jou ma te soek net nadat sy Johannesburg toe is. Hy het sy nommer gelos maar jou ma het dit nooit gekry nie,” sê Oom Sakkie. Hy staan op en gooi die twee slapende seuntjies met 'n kombers toe.

“Die ou vrou het toe al onder die rooi grond in die begraafplaas gelê. Ou Lettie van die hotel. Eendag morsdood agteroorgeslaan in die hotel se voorportaal.”

Sy kry ‘n glimlaggie om haar mond. “Weet jy Sakkie, ek weet nie of ek jou ooit vertel het nie. Wat nogal weird was, soos sy gestaan het voordat sy die massiewe hartaanval gekry het, hande voor haar maag gevou, so het sy op haar rug gelê op die wynrooi mat in die voorportaal. Bril nog op haar oë en steeds aan die goue kettinkie om haar nek. Reg agteroor. Doef. Morsdood." Tannie Liefie ril effens.

“Toe op 'n dag, jare later het iemand in Bloemfontein die einde van die aarde voorspel, op 'n Donderdag 12 Augustus sou dit wees. Ek onthou die datum goed, want dit was een van ons pels, ou Gielie se verjaarsdag. Onthou jy nog,



© University of Pretoria

Sakkie, hoe moerig ou Gielie was omdat die wêreld op sy verjaarsdag sou vergaan?”

Oom Sakkie lag. “Ou Gielie, ek wonder wat van hom geword het."

"In Australië glo. Ek kan nie meer onthou watter jaar dit was nie," hervat Tannie Liefie. "Die koerante was vol daarvan. Was dit nou...? Dit kon die jaar gewees het toe dit so vreeslik gereën het en die hele wêreld oorstroom en verspoel het, of was dit nou...?" Sy dink.

"Ek dink dit was voor die verspoelings," sê Oom Sakkie.

"Wat ook al, Olivia was erg benoud die aarde gaan vergaan en dat sy hel toe sou gaan voordat sy haar Groot Geheim gedeel het. Sy het vertel dat Bobbie gebel het net nadat jou ma Johannesburg toe is en dat ou Lettie die telefoonnommer wat hy gelaat het, weggegooi het. Vir arme ou Olivia glo gedreig dat sy op straat sou sit as sy vir iemand vertel."

Tannie Liefie sug. "Maar dit was toe natuurlik heeltemal te laat. Ek en jou ma het kontak verloor toe sy met die Engelsman getroud is. Wat was sy naam nou weer?"

"Steve," sê Ben.

"Ja Steve."

Sy sug en staan op. "Ja, ek het toe nooit weer van haar of van Bobbie, eh, jou pa gehoor nie todat hy een goeie dag soos 'n spook in die hotel se voorportaal voor my gestaan het. Wat ook hartseer was, ek dink hy het gehoop jou ma sou somehow nog vir hom gewag het. Maar toe ek van Steve vertel het, het hy seker besef sy is vir altyd vir hom verlore."

Tannie Nonnie roep vanuit die kombuis. "Liefie, ek het jou poeding in die oond warm gemaak. Dit ruik hemels. Kom kry vir julle."

Tannie Liefie staan op. "Jou pa het later met ‘n paar meisies op die dorp uitgegaan maar ek dink nie hy het ooit oor jou ma gekom nie. Hy het toe nooit getrou nie. Weet jy Sakkie, ek wonder nog al die jare of ou Lettie maar net suur was omdat Nathalie nie haar kans by die hotel wou gebruik nie en of sy regtig gedink het Nathalie sou beter af sonder Bobbie wees."

"Wie sal weet," sug Oom Sakkie terwyl hy opstaan.

Terwyl hulle onder die lapa aan Tannie Liefie se sjokoladepoeding weglê, sê Oom Frans: "Liefie, as jy nie so nou en dan iets soets hier op Soetwater aandra



© University of Pretoria

nie, lei my soettand kwaai."

"Aag jy jok Frans," sê Tannie Nonnie terwyl sy hom speels op die been klap. "Ek het net verlede week vir ons kaaskoek op die dorp gekoop." Die grootmense lag.

"Dis darem jammer jy het nooit getrou nie, Liefie. Jy sou enige man om jou pinkie kon draai met jou lekker kos," sê Tannie Annelie.

"'n Man!" lag Tannie Liefie. "Wat wil ek met 'n man maak? Hulle het mos net een dimensie. Ou Lettie het my alles vertel wat ek van mans moet weet."

Ben probeer saamlag, maar al waaraan hy kan dink is die koei onder die kluite in Hoopvol se begraafplaas. 'n Ou vrou wat gesorg het dat hy nooit 'n pa gehad het wat vir hom langs die rugbyveld kon skree nie. Hy wens hy kan skree en skree sodat die dassies op die koppie agter die huis ook kan hoor.

**Hoofstuk 11**

Hulle stop voor die huis in Winnie Mandelastraat.

“As ek reg onthou, was dié straat eers Olive Schreinerstraat, een van die ikone van die Karoo,” sê Tannie Nonnie, terwyl sy uitklim.

Ben het nie ‘n clue wie Olive Schreiner is nie. Hy kyk na die vuil huisie wat op die straat sit en op 'n slag seker wit geverf was. Dis net sowat twee tree van die sypaadjie tot by die voordeur. Die vensters weerskante van die voordeur is sonder glas en die openinge is met planke toegeslaan.

“Haai kyk,” sê Tannie Nonnie. “Hier groei wraggies nog ‘n Barberton daisy.” Sy buk by die plant langs die stoeptrap. Sy streël oor die oranje blommetjie. “Dit sê so half hier het mense gebly.” Sy kom orent.

“Nou ja, Ben, kom ons gaan kyk wat het van die huis oorgebly. Dis nogal goed geleë. Net om die hoek van die hoofstraat en dit het persoonlikheid. Dit sê: Eg Karoo. As ‘n mens dit 'n bietjie optert…” Sy kyk na die huis. “As ‘n mens… Dis elke Gautenger se droom. So ‘n ou huisie iewers in die rustigheid."

Sy sluit die voordeur oop en loer huiwerig na binne. Dis donker. Hulle stap versigtig binne.

“Dis maar soos baie huise op Hoopvol lyk, die lang gang wat reguit na die agtertuin toe loop. Met baie groot vertrekke. Sjoe, maar dit ís verwaarloos.” Sy kyk by ‘n vertrek in waar ‘n paar koerante op ‘n hoop lê. Die huis ruik



© University of Pretoria

bedompig.

"Kyk, hier hang nog iets teen die muur. Dis 'n foto." Tannie Nonnie gaan staan in die donker gang en buig vooroor na die foto wat skeef aan 'n spyker hang. "Niemand lyk vir my bekend nie. Nee tog. Dit moet Liefie wees. Jare jonger. En dit moet... Dit moet seker Pastoor Chalmers wees." Sy beduie na 'n man links op die foto.

"Jou ma het by hulle gebly. Hy het glo op sy oudag oornag verdwyn. Weggeloop met die burgemeester van alle mense. Kan jy glo? Juffrou Oktober of so iets." Tannie Nonnie lag.

"Die ou plekkie het ook maar sy fair share van drama gehad, klink dit vir my. Die pastoor het sy ou vrou glo net so gelos. Net skielik weg en niemand het ooit weer van hom en die burgemeester gehoor nie, skinder die mense. Maar dis voor my tyd. Kom ons kyk hoe lyk die res van jou erfporsie."

Sy stap verder en loer om die beurt links en regs by die vertrekke in. Ben haal die foto van die spyker af. Hy kyk stip daarna. Dis 'n foto wat by 'n piekniek of iets geneem moes gewees het. In die voorgrond sit 'n ouerige oom met 'n pak en 'n das. Hy glimlag moeg vir die kamera. Op die agtergrond sit 'n klomp jong mense op 'n kombers en eet.

Ben kyk stadig van die een na die ander en dan sien hy haar. Aan die kant van die foto. Haar gesig is effens uit fokus. Maar dit is sy ma. Sy is baie jonk en mooi en sy lyk gelukkig. Sy glimlag vir iemand wat langs haar op die agtergrond sit. Dit lyk na 'n seun, maar hy is heeltemal uit fokus uit. Die kamera se lens kon dit duidelik nie tot daar maak nie. 'n Mens kan sy gesig nie eintlik sien nie. Maar hy weet. Dié vrou met die wit rokkie wat seriously outyds lyk, is verseker sy ma wat vir lank rokke se some in Mayfair ingesit het al het sy dit gehaat.

Hulle stap stadig deur die huis sonder om te praat. Hy wonder waar sy ma geslaap het. Dalk die kamer hier links of dalk die een daar agter wat op die regterkantste stukkie tuin uitgekyk het. 'n Rot skarrel skielik in die gang af.

"Nee genade!" sê Tannie Nonnie verskrik. "My hart sal gaan staan."

Hulle loop uit op die agterstoep. Daar is 'n klein tuintjie. Die klein tuintjie is verwaarloos. Onder die groot boom in die middel van die tuin staan 'n lendelam bankie waarvan die verf afgedop het. Droë blare lê die wêreld vol.

"Ben," sê Tannie Nonnie terwyl sy vir haar 'n plek tussen die stof op die


© University of Pretoria

stoepmuurtjie skoonvee. Sy beduie hy moet langs haar kom sit. “Dié plek het baie potensiaal. Ons kan dit dié gastehuis op Hoopvol maak. En ons kan adverteer. ‘n Website en als en ons gaan vir die Gautengers alles gee wat hulle harte warm laat klop.” Sy staan op. “Maar nou gaan ons eers ‘n teetjie by die hotel drink voordat ons vir Helena moet gaan oplaai. Jy gee die perseel en Oom Frans moet opdok vir die res. Ons sal hom terugbetaal. Maar ons gaan dit dié gastehuis in die Karoo maak. Dink solank aan ‘n naam.” Ben kan sien die tannie is opgewonde. Sy kyk 'n ruk na hom.

"Moet jy nie maar bly nie? Daar is tog nie meer vir jou iets in Johannesburg oor nie. As jy dié plek verkoop, gaan jy nie baie geld maak nie. Ek... ons wil hê jy moet bly. By ons op die plaas." Sy vat sy hand.

Ben antwoord nie. Hier is ook nou nie vir hom iets oor nie, dink hy.

Hy kyk na die boom en die bankie. Sy ma moes op dié bankie gesit het toe sy so oud soos hy was.

Tannie Nonnie stap terug deur die skemerige gang tot by die voordeur. Sy kyk versigtig heen en weer vir ‘n rot of twee.

Ben gaan staan voor die foto in die gang. Hy haal dit van die spyker af en kyk in die halfdonker na sy ma met die gelukkige gesig. Hy draai die foto na die voordeur se lig. Die mens langs sy ma. Die seun, hy dink dit is ‘n seun, hou sy linkerarm in die lug asof hy vir iemand buite die beeld waai of iets beduie. Maar dis moeilik om te sien. Ben verbeel hom as hy stip kyk, kan hy ‘n klein, swart vlekkie op die ou se elmboog sien maar hy is nie seker nie. Dit kon dalk die boom se skaduwee gewees het.

Die aand in sy kamer sny hy die stukkie van sy ma en die mens langs haar uit die foto en sit dit in sy beursie.

* * *

Ben sien Oom Frans se silhoeët teen die ondergaande son. Hy sit op die rots naby die afgrond van die koppie. Hy het sy hoed op en sy een knie is tot onder sy ken opgetrek. Hy sit doodstil oor die plaas en uitkyk.

Ben huiwer, maar hy stap tog nader. Hy gaan sit langs die oom op die rots. Die Karoo-wêreld strek weerskante van hulle tot waar 'n mens niks meer kan


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sien nie, net 'n vaal strepie op die horison waar die grys-rooi lug en die veld een word.

Hulle sit in stilte.

"Ek was 'n bietjie by my pa," sê Ben na 'n ruk.

Oom Frans draai verbaas na hom, asof hy nie bewus was Ben sit langs hom nie. Hy glimlag. "Ek gaan ook partymaal by Charl kuier." Hulle sit weer 'n ruk.

"Toe ek Charl se lyk moes gaan uitken, was ek bang. Ek het nie geweet hoe lyk 'n mens se kind dood nie," sê hy.

Oom Frans gooi 'n klippie oor die afgrond. Hulle hoor hoe dit ver onder hulle 'n rots met 'n sagte plofgeluid tref. 'n Snaakse geluid verbreek die stilte.

"Dis 'n korhaan. Hulle raak minder in dié wêreld," sê Oom Frans. Hy versit op die rots.

"Maar toe ek hom sien, het dit oukei gevoel. Dit het gelyk asof hy slaap. Ek was verlig. Daar was niks snaaks aan hom nie. Nie 'n gat in sy kop of 'n skewe mond of bloed aan sy gesig of soiets nie."

Ben gooi ook 'n klippie oor die afgrond.

"Toe ek teruggery het plaas toe, het ek gedink: Ouboeta, niks meer moeilike somme vir jou nie."

Hy draai na Ben. "Ek het later nogal skuldig gevoel omdat ek half bly was vir Charl se onthalwe oor die somme. Hy en die somme was nie so lekker nie." Hy gooi weer 'n klip oor die afgrond. Dit val dof iewers onder.

"Ek mis hom nogal kwaai al het hy my so de donner in gemaak omdat hy sy nuwe kar op die grondpad gespin het. Hy was nogal wintie, soos Helena altyd gesê het, maar dit het my nie gepla nie. Hy was die punt van my hart."

Hy slaan sy arm om Ben se skouers. "Hoekom bly jy nie maar hier nie? Jy kan volgende jaar na die landbouskool op Middelburg gaan of sommer na Beaufort-Wes se hoërskool as jy wil. Ek sien jy kom mooi reg met die skape. Jy kan regtig maar bly." Die oom lyk verleë.

Ben vee oor sy geboortemerk terwyl hy vir die son kyk wat agter die kop verdwyn. Hy hoor weer die korhaan. Miskien wil hy hier bly maar hy sal eers moet dink.

Oom Frans staan op. "Ek is honger. Kom ons gaan kyk wat Arlien vir ons bekook het."



© University of Pretoria

* * *

Ben word wakker van 'n harde geklop aan sy deur. Dis pikdonker.

"Ben, word wakker, magtig man!" Helena.

"Wat gaan aan?" vra hy deur die slaap.

"Man, move it! Rebekka gaan lam en jy moet my kom help."

Ben sug. "Ek kom."

Hy trek aan. Hy stem saam met Oom Frans. Die vervlakste skaap moes al lankal by die slagpale gewees het, wat nog van lam op haar ouderdom.

Helena staan en bibber buite sy deur al het sy 'n sweetpak aan. Al is die dae helwarm, is dit koud in die nagte.

"Hoe weet jy sy gaan lam?"

"Man, dink jy ek is stupid? Ek het op 'n blerrie plaas grootgeword en ek het by haar in die skuur geslaap! Ek kan mos sien!" sê sy verontwaardig. "Jy moet gou kom, sy sukkel. My pa gaan nie baie happy wees as ek hom oor Rebekka wakker maak nie."

Sy draf vooruit. Ben stap vinnig agterna. Hy is vaak en regtig nie lus om dié tyd van die nag met 'n vervlakste skaap te sukkel wat lankal nie meer moes lam nie.

In die skuur het Helena 'n lamp langs die hoop hooi waarop Rebekka lê, staangemaak. Hy sien 'n slaapsak eenkant lê. Die skaap blêr saggies. "Toemaar, Rebekka, ons gaan jou help. Jou lammetjie gaan nou-nou hier wees en dan kan jy rus. Ons sal mooi na julle kyk," fluister Helena na aan trane.

Helena se gesig lyk skielik vir Ben klein en bleek. Haar hare is lekker deurmekaar en sy lyk glad nie meer so sterk en slim soos altyd nie. Sy snuif. Hy is skielik lus om haar vas te hou en vir haar te sê alles gaan regkom, maar hy bedink homself. Hy weet nie of alles gaan regkom nie.

Helena vee haar neus aan haar mou af. "Oukei, ek gaan haar rustig hou en dan moet jy die lammetjie versigtig aan sy voorpote uittrek. Rebekka is te moeg en die lammetjie gaan vrek as hy nie nou uitkom nie. "Maar versigtig! Jy gaan die lammetjie maklik seermaak of die beentjies breek as jy nie versigtig is nie." Sy gaan sit langs Rebekka en hou die ooi se kop in haar arms terwyl sy die heeltyd paaiende geluide maak.



© University of Pretoria

Dis nie die eerste keer dat hy 'n ooi op die plaas sien lam nie maar hy moes nog nooit met 'n geboorte help nie. "Ek is bang die lammetjie is klaar dood," sê Helena met 'n huilstemmetjie.

Hy kyk vinnig na haar gesig waaroor die trane nou vrylik loop.

"Right, kom ons kyk."

Ben vat versigtig aan die stukkie lyf wat uitsteek. Hy trek saggies. Rebekka blêr floutjies. Hy dink Helena is reg. Die lammetjie leef nie meer nie, maar hy gaan sy bes doen om hom of haar hier uit te kry, of dit nou lewe of nie.

Dit voel asof een van die pootjies iewers vassit. Hy sal sy hand moet indruk. Hy byt op sy tande en druk sy hand versigtig agter die lyfie verby. Hy voel die pootjie. Hy wikkel dit versigtig nader aan die lammetjie se lyf en sit sy ander hand versigtig om die lammetjie se nekkie. Hy trek. Rebekka blêr weer floutjies. "Toemaar, ounooi," sê Helena.

Ben voel verlig toe die lammetjie beweeg. Rebekka druk effens. Dit help. Die lammetjie glip uit.

"Leef hy?" vra Helena benoud.

Ben antwoord nie. Hy weet nie. Toe maak die lammetjie 'n paar proesgeluide en staan sukkel-sukkel op wankelrige beentjies op en sê: "Mêê."

"You've done it, Ben!" lag Helena deur die trane. Sy sit die lammetjie versigtig by Rebekka om te drink. Hy begin gulsig drink. "Jy het 'n seuntjie," fluister Helena vir Rebekka. Die ooi lê moeg met groot oë na die lammetjie en kyk. Sy begin die nageboorte lek terwyl die lammetjie gulsig begin drink. Helena gaan haal haar slaapsak en vou dit oor die ooi en die lammetjie. Hulle was hulle hande by die wasbak in die hoek van die skuur. Helena gaan sit op haar hurke en kyk na die lammetjie. "Dis amazing," fluister sy vir Ben.

Sy staan op en gaan haal 'n koffiefles en 'n pak beskuit wat eenkant staan. "Hier is net een beker. Jy kan eerste drink."

"Nee, drink jy maar eerste," sê Ben. Sy gaan sit eenkant in die hooi en beduie vir hom om langs haar te kom sit. Sy skroef die warmfles oop en gooi die beker vol. Hulle hou die lammetjie dop wat nou langs Rebekka lê en slaap. Helena vat 'n sluk van die koffie en hou die beker na Ben. Hy vat 'n sluk en gee weer die beker terug.

Sy haal 'n stuk beskuit uit die pak wat Tannie Nonnie op die dorp gekoop



© University of Pretoria

het. Sy doop dit in die koffie en hou vir hom om te hap. Daarna doop sy dit weer in die koffie en vat self 'n hap. Sy sit styf teen hom. Hy voel sy bewe. Hy trek sy windbreaker uit en gooi dit om haar skouers. Hy trek haar nog stywer teen hom en slaan sy arm om haar skouer. Hulle hou die slapende ooi en haar lam dop.

"Ek is bly jy is hier," sê sy oplaas.

"Wel, dis waarom jou pa my betaal. Om na sy goed te kyk. Dis my werk om te sorg dat sy lammetjies oukei is."

Sy reageer nie.

Later sê sy: "Ek bedoel eintlik, ek is bly jy is die nuwe boetie op die plaas."

* * *

Dis nog koel en Ben rits sy windbreaker toe terwyl hy met die paadjie na die kerkhof klim. Die son gaan binnekort opkom. Hy het geweet hy sal nie weer kan slaap na die lammetjie se geboorte nie. Dis te naby aan opstaantyd. Helena is bed toe en hy het besluit om die kop te klim om te kyk hoe die son opkom. Die honde is vir 'n verandering nie by nie. Hulle lê nog en snork op die stoep.

Hy gaan sit op die klip buite die kerkhof en kyk oor die plaas. Dit word stadig lig. Daar is 'n strepie rooi op die horison. Hy hoor geen geluid nie. Dit is asof hy die enigste mens op die aarde is. Hy kry weer daai Karoogevoel wat hom tot in sy tone toe laat ontspan. Asof hierdie oomblik die enigste oomblik is en asof niks anders ooit saakgemaak het of sal saakmaak nie.

Hy kan nie onthou dat hy ooit die son in Mayfair sien opkom het nie. Hy dink aan Kleynhans wat in sy hele lewe seker nog nooit op 'n plaas was nie. Wat nie weet van perdry en jag en waarskynlik nooit in sy lewe sal sien hoe 'n lammetjie vir die eerste keer op sy beentjies opsukkel nie. Wat na matriek seker iewers 'n diploma sal kry en dan saam met sy pa by Transnet sal gaan werk. Hy sal later trou en as hulle dit kan maak, ook 'n huis in Mayfair koop.

Hy is seker Oom Frans-hulle sal nie omgee as Kleynhans soms vakansies hier by hom op die plaas kom kuier nie. Die ou sal dink hy is op 'n ander planeet. Kleynhans sal nogal die perdry-ding kan doen want hy is goed met sport.

Hy kan seker ook die eerste paar dae in Desember by Tannie Pop-hulle gaan



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kuier voordat hy saam met Oom Frans-hulle see toe gaan, net om te wys hy het nie van hulle vergeet nie. Dit sal ook lekker wees om sy ou pelle te sien.

Die son kom skielik op en die wêreld lyk vir hom soos 'n lammetjie wat op wankelrige beentjies orent kom. Nou net gebore.

Hy stap op sy tyd terug huis toe. Terwyl hy stort, besluit hy om gou die agterste kampdrade te gaan inspekteer voordat hulle ontbyt eet. Hy gaan sommer die bakkie vat. Helena gaan seker laat slaap. Hulle kan later gaan perdry.

Hy los vir Tannie Nonnie 'n briefie op die eetkamertafel.

*Bonalie. Ons gastehuis se naam gaan Bonalie wees.*

In die kombuis gryp hy 'n appel, roep die honde en stap fluit-fluit bakkie toe.

**Nagedagte**

Ben maak die pakkie versigtig oop. Dis 'n skoendoos vol bondels toiletpapier. Tussen die bondels kry hy die klein boksie. Tannie Pop het mooi gepak. Hy maak die dosie versigtig oop, verbaas dat dit so klein is.

Hy haal die dekseltjie af. Dit lyk net na as. Hy ruik versigtig daaraan. Dit ruik na niks nie, nie na iets wat hy behoort te ken nie. Hy staan 'n ruk met die boksie in sy hand.

Dan kyk hy na die muur rondom die kerkhof, gebou met die klip uit die omgewing wat Julies se pa-hulle self gepak het. Toe na die peperbome agter die klipmuur en die koppies op die horison. Hy hoor die kiewiet wat iewers na sy



© University of Pretoria

maat roep en die tortelduif wat in die peperboom koer.

Hy plaas die boksie versigtig in die holte van die klein muurtjie wat hy en Julies met klip voor sy pa se grafsteen gebou het. Hy sit ook die klip wat hy in sy ma se groen handsak ontdek het in die holte. Hy weet nou dit moes van dié wêreld gekom het.

Julies het vir hom 'n klip mooi netjies gekap om bo in die holte van die muurtjie te pas. Hulle het lank na die regte klip in die veld gesoek. Dit pas mooi, sien hy tevrede. Hy sit die toiletpapier terug in die skoendoos. Hy haal die koperplaatjie af wat Oom Frans aan sy pa se klip vasgeskroef het en skroef die nuwe een wat hy by Avbob op Hoopvol laat maak het, vas.

Hy kyk lank na die woorde: *Robert Benjamin (Bobbie) Smit, Nathalie de Koker en Elma Anderson* en hulle geboortedatums. *Rus in vrede.*

Hy kyk op toe hy perdepote hoor.

"My pa het klaar die vuur aangesteek. Hy sê jy moet kom braai!" skree Helena aan die onderpunt van die koppie sonder om stil te hou.

"Jy kan seker self braai! Jy kan mos enigiets beter as 'n man doen!" skree hy terug.

Hy glimlag toe hy sien hoe sy haar vererg en die perd ompluk huis toe.

Vanaand is die aand dat hy haar in die agtertuin gaan vasdruk en soen soos sy nog nooit gesoen is nie. Hy wil dán hoor of sy nog so sterk en slim is.

Hy gaan vanaand ook vir Oom Frans sê dat hy volgende jaar na die landbouskool op Middelburg sal gaan maar hy wil élke naweek plaas toe kom. Hy sal self vir hom 'n lift organise.

As hy volgende jaar sy lisensie kry, kan hy dalk die ou, stukkende bakkie wat onder die afdak staan, regmaak en self Middelburg toe ry. Hy en Helena. En hy gaan sê hy het 'n plan met die rooikatte en die jakkalse. Hy het gelees party boere voer die jakkalse hondebolletjies. Die jakkalse vreet dan die hondekos en los die skape uit. Hy wonder wat Oom Frans daarvan sal sê. Hy glimlag. Hy gaan ook sê hy dink hy het 'n plan met die plaas se biosekuriteitstelsel. Met al die dieresiektes in omloop, is daar beter maniere om hulle skape te beskerm. Hy het op die internet gelees hoe die Nieu-Seelanders dit doen.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Fiksie vir jong volwassenes (FJV) as selfstandige genre binne die Afrikaanse letterkunde

**B.F. (Derick) van der Walt**

**Mini-verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad MA (Kreatiewe Skryfkuns) aan die Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns/Afrikaans Fakulteit Geesteswetenskappe van die Universiteit van Pretoria**

**Studieleier: Prof Henning Pieterse**

**Pretoria**

**2012**



© University of Pretoria

**Bedankings**

My hartlike dank aan almal wat 'n bydrae tot hierdie mini-verhandeling gemaak het:

Prof Henning Pieterse
Adrienne Warricker
Thelma Postma
Lenie van der Walt
Dr Anna-Mart Bonthuys

*Derick van der Walt*
*September 2012*


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Abstract**

This mini-dissertation investigates the development of the older youth book in Afrikaans, since the political changes in the nineties. The study shows that the end of Apartheid meant the end of the safe prescribed market for the Afrikaans youth book. It is also shown that the development and the history of the Afrikaans children's and youth book went hand in hand with the development of the Afrikaner's political history.

The older youth novel in Afrikaans has developed and deepened since 1994, but these developments are not yet formally noticed. These books are still comfortably classified within the children's and youth book category, where they do not belong. Adult readers only notice these books when they deal with "controversial" issues or when they are adapted into different media such as films. The study shows that the formal classification of the older youth book results in these books not receiving the recognition and sales figures that they deserve. Academic interest is therefore still lacking in Afrikaans children's and youth literature.

The study also highlights other reasons that hamper the development of the Afrikaans youth book. These include the influence of indirect censorship on writers, as well as the conservative criteria that prescription committees lay down for the Afrikaans prescribed book. Afrikaans children's and youth book writers are only regarded as "real" writers once they have written an adult book.

The study then investigates the American young adult (YA) genre. An analysis of five Afrikaans youth novels shows that these books comfortably belong in this genre. The advantages of young adult fiction are highlighted; it is clear that these books require a different marketing approach and a different place on bookshop and library shelves. They do not belong among the picture books for young children.

**Opsomming**



© University of Pretoria

Hierdie mini-verhandeling ondersoek die ontwikkeling van die ouer jeugboek in Afrikaans, sedert die politieke veranderinge in die negentigerjare. Daar word aangetoon dat die einde van Apartheid die einde van die veilige voorskryfmark vir die Afrikaanse jeugboek beteken het. Daar word ook aangetoon dat die ontwikkeling en die geskiedenis van die Afrikaanse kinder- en jeugboek hand aan hand met die ontwikkeling van die Afrikaner se politieke geskiedenis geloop het.

Daar was 'n verdieping en ontwikkeling in die ouer jeugboek in Afrikaans sedert 1994, waarvan nog nie formeel kennis geneem word nie. Dié boeke word nog gemaklik in die kinder- en jeugboekkategorie ingedeel, waar baie van hulle nie sonder meer tuishoort nie. Volwassenelesers neem gewoonlik net van hulle kennis as hierdie boeke publisiteit weens "omstrede" kwessies ontvang of in ander media soos rolprente verwerk word. Daar is aangetoon dat die formele klassifikasie van die ouer jeugboek baie van hierdie boeke van die erkenning en verkoopsyfers wat hulle verdien, weerhou. Daar is gevolglik steeds 'n gebrekkige belangstelling vanuit akademiese geledere in die Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur.

Ander redes wat die ontwikkeling van die ouer jeugboek in Afrikaans belemmer, soos die invloed van indirekte sensuur op skrywers en die konserwatiewe kriteria wat deur voorskryfkomitees vir die Afrikaanse voorgeskrewe boek neergelê word, word uitgewys. Verder word Afrikaanse kinder- en jeugboekskrywers eers as "ware" skrywers beskou sodra hulle 'n boek vir volwassenes geskryf het.

Die studie ondersoek voorts die Amerikaanse "young adult" (YA)-genre en daar word aangetoon aan die hand van 'n ontleding van vyf Afrikaanse jeugromans dat hulle gemaklik in só 'n genre tuishoort, naamlik fiksie vir jong volwassenes (FJV). Die voordele van FJV vir ouer kinders word uitgewys en daar word aangetoon dat hierdie boeke anders bemark moet word en 'n ander staanplek op boekwinkel- en biblioteekrakke verdien. Hulle hoort nie tussen die prenteboeke vir kleuters nie.

**Sleutelterme**



© University of Pretoria

Literatuur, genre, kinderliteratuur, jeugliteratuur, fiksie vir jong volwassenes (FJV), oorkruisliteratuur, noulettende lees, voorgeskrewe werk, fiksie-elemente, ontwikkelingsfases.

**Inhoudsopgawe**


© University of Pretoria

**Hoofstuk 1: Inleiding**........................................................................ 1

1.1. Agtergrond........................................................................................ 1
1.2 Primêre en sekondêre navorsingsvrae ........................................... 5
1.2.1 Primêre navorsingsvraag............................................................. 5
1.2.2 Sekondêre navorsingsvrae........................................................... 5
1.3 Metodologie..................................................................................... 5
1.4 Hoofstukindeling.............................................................................. 6
1.5 Terreinafbakening............................................................................ 8
1.5.1 Definisies..................................................................................... 8
1.5.2 FJV en oorkruisliteratuur............................................................ 9
1.5.3 Periode onder beskouing............................................................. 9
1.6 Samevatting...................................................................................... 9

**Hoofstuk 2: Die ontwikkeling van Afrikaanse kinder- en jeugfiksie**... 11

2.1 Inleiding........................................................................................... 11
2.2 Die ontwikkeling van Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur............... 11
2.3 Slotsom............................................................................................ 21

**Hoofstuk 3: Afbakening en kategorisering**......................................... 23

3.1 Inleiding........................................................................................... 23
3.2 Afbakening en kategorisering.......................................................... 23
3.3 Slotsom............................................................................................ 28

**Hoofstuk 4: Die status van die Afrikaanse kinder- en jeugboek**......... 30

4.1 Inleiding........................................................................................... 30
4.2 Akademiese status........................................................................... 30
4.3 Toepaslike navorsing....................................................................... 33
4.3.1 Rasseverhoudinge in Suid-Afrikaanse jeuglektuur sedert 1990,
Miemie du Plessis, 1999.................................................................... 34
4.3.2 'n Polisistemiese benadering tot die bevordering van kleuter-,
kinder- en jeugliteratuur, Betsie van der Westhuizen (1999).................. 35



© University of Pretoria

4.3.3 Temas en tendense in hedendaagse kinderliteratuur,
Felicité Fairer-Wessels en Thomas van der Walt, 1999.......................... 35
4.3.4 Eendag lank, lank gelede, toe daar nog duidelik grense tussen
jeug- en volwassene-literatuur was, Marietha Nieman, 2005.................. 36
4.3.5 Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom: 'n Gids tot die Afrikaanse
kinder- en jeugboek, Gretel Wybenga en Maritha Snyman
(redakteurs), 2005........................................................................ 36
4.3.6 Die representasie van omstrede kwessies in kontemporêre
Afrikaanse jeugverhale, Margaretha Fritz, 2007.................................... 36
4.3.7 Afrikaner nationalism, print culture and the 'capacity to enspire':
the imaginative powers of popular fiction for young readers,
Irma du Plessis, 2008.................................................................. 37
4.3.8 'n Polisistemiese ondersoek na veranderinge in die Afrikaanse
kinderliteratuur-sisteem sedert 1990, Mia Oosthuizen, 2010.................. 38
4.3.9 "Haai, Jaco Jacobs! Wanneer skryf jy 'n regte boek?"
'n Bestekopname van Afrikaanse kinder- en jeugboeke (1999-2009),
Leti Kleyn en Maritha Snyman,
2010........................................................................................ 38
4.4 Die status van die Afrikaanse jeugboekskrywer................................ 39
4.5 Sensuur en die Afrikaanse jeugboek................................................ 41
4.6 Verpakking van die jeugroman........................................................ 47
4.7 Slotsom...................................................................................... 50

**Hoofstuk 5: Fiksie vir jong volwassenes (FJV)** .................................... 53

5.1 Inleiding...................................................................................... 53
5.2 Die oorsprong van FJV.................................................................. 53
5.3 Wie is jong volwassenes?............................................................... 54
5.4 Definisies en grense....................................................................... 56
5.5 Subgenres.................................................................................... 59
5.5.1 Realistiese fiksie......................................................................... 59
5.5.2 Avontuur-, speur- en humorverhale............................................... 60
5.5.3 Wetenskapfiksie en fantasie.......................................................... 60
5.5.4 Historiese fiksie......................................................................... 60
5.5.5 Biografieë.................................................................................. 61


© University of Pretoria

5.5.6 Straatliteratuur........................................................................................ 61
5.5.7 Lesbiese en gayfiksie........................................................................... 61
5.5.8 Chic-lit................................................................................................ 62
5.6 Ontwikkeling en tendense........................................................................ 63
5.7 Nie net goeie nuus nie: Kritiek op FJV..................................................... 68
5.8 Het FJV waarde vir lesers?....................................................................... 70
5.9 Toekennings........................................................................................... 72
5.10 Slotsom................................................................................................. 74
5.11 FJV en oorkruisliteratuur in Afrikaans.................................................. 74
5.12 Samevatting.......................................................................................... 78

**Hoofstuk 6: FJV in Afrikaans** ............................................................... 80

6.1 Inleiding................................................................................................. 80
6.2 Noulettende lees...................................................................................... 80
6.3 Latrobe en Drury se riglyne vir geslote lees.............................................. 81
6.3.1 Intrige................................................................................................. 81
6.3.2 Karakters............................................................................................ 81
6.3.3 Omgewing (tyd, plek en stemming)...................................................... 81
6.3.4 Toon.................................................................................................... 82
6.3.5 Styl..................................................................................................... 82
6.3.6 Gesigspunt.......................................................................................... 82
6.3.7 Tema................................................................................................... 82
6.3.8 Toonaard van die verhaal...................................................................... 82
6.4 Die ontwikkelingsfases van die adolessent................................................ 83
6.4.1 Kognitiewe ontwikkeling...................................................................... 83
6.4.2 Psigososiale ontwikkeling..................................................................... 84
6.4.3 Menslike ontwikkeling.......................................................................... 85
6.4.4 Sosiale kognisie.................................................................................... 87
6.4.5 Morele ontwikkeling.............................................................................. 87
6.5 Ontleding................................................................................................ 88
6.5.1 Slinger-slinger, Francois Bloemhof (1997, Tafelberg)................................ 89
6.5.2 Evaluering............................................................................................ 93
6.5.3 BreinBliksem, Fanie Viljoen (Tafelberg, 2005)......................................... 94
6.5.4 Evaluering............................................................................................ 98



© University of Pretoria

6.5.5 Nie vir kinders nie, Francois Bloemhof (Tafelberg, 2005)........................ 98
6.5.6 Evaluering.................................................................................... 102
6.5.7 Die verdrinking van Josua van Eden, Carina
Diedericks-Hugo (Umuzi, 2008)................................................................ 103
6.5.8 Evaluering.................................................................................... 106
6.5.9 Lien se lankstaanskoene, Derick van der Walt
(Tafelberg, 2008)................................................................................... 107
6.5.10 Evaluering.................................................................................. 110
6.5.11 Slotsom....................................................................................... 112
Hoofstuk 7: Bevindinge en aanbevelings................................................... 113
7.1 Bevindinge..................................................................................... 113
7.2 Aanbevelings.................................................................................. 116

**BIBLIOGRAFIE**..........................................................................................119



© University of Pretoria

# Hoofstuk 1: Inleiding

## 1.1 Agtergrond

Sogenaamde "young adult literature" (YA), "ouer" jeugboeke en "cross over"-letterkunde, boeke wat ewe tuis is by jong as volwassenelesers, is reeds 'n gevestigde genre in lande soos Kanada, die VSA, Engeland en Australië (Daniels, 2006: 78).

Die sukses van die *Twilight*- en die *Harry Potter*-reekse het fiksie vir jong volwassenes en boeke wat tradisionele grense oorskry, in die kollig geplaas. Dié reekse word deur lesers van alle ouderdomme gelees en word afsonderlik van die breë kategorie, "jeugfiksie", beskou (Jones, 2011: webartikel).
Terwyl dit onmoontlik is om 'n rigiede skeidslyn tussen genres te trek, word Afrikaanse kinder- en jeugfiksie steeds in baie spesifieke kategorieë ingedeel, hoofsaaklik vir bemarkingsdoeleindes en om "leiding" aan boekwinkels en kopers te gee. Die ontwikkeling wat die afgelope 15 jaar veral ten opsigte van die ouer jeugboek plaasgevind het, word nog nie formeel in die Afrikaanse jeugfiksiepolisisteem erken nie (Du Plessis, 1999, e-poskorrespondensie; Du Plessis, 2012; Cooper 2012, e-poskorrespondensie).

Daar is soms beduidende verskille tussen *jeugfiksie* en *fiksie vir jong volwassenes*, waar laasgenoemde duidelik op ouer lesers gemik is. Baie van dié boeke is ook tipiese oorgangsliteratuur wat ewe tuis in die volwasseneleesmark is, en baie handel dikwels oor meer "volwasse" temas. Van hierdie boeke mag moontlik selfs ongeskik vir jonger lesers wees (Rackley, 2011: webartikel).

Hoewel fiksie vir jong volwassenes (voortaan soms na verwys as FJV) informeel in Suid-Afrika deur letterkundiges en uitgewers as genre erken word, word boeke in Afrikaans wat per definisie in dié genre val, nie afsonderlik bemark of aangebied nie. Engelse fiksie vir jong volwassenes, soos die *Twilight*-reeks, kry wel soms afsonderlike uitstalruimte in boekwinkels. (Enkele takke van Exclusive Books dui Engelse fiksie vir jong volwassenes afsonderlik aan en stal



© University of Pretoria

dit afsonderlik van jeugboeke uit.)

Fiksie vir jong volwassenes word in Afrikaans onder die breë term "jeugliteratuur" ingesluit. Aan die wortel van die probleem is die gebrek aan akademiese erkenning wat die jeugboek tot dusver in Afrikaans ontvang het en die gebrekkige "status" van die jeugskrywer (Fairer-Wessels & Van der Walt, 1999: 95).

In min van die enkele studies oor Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur word erkenning aan die ouer jeugboek of oorgangsliteratuur in Afrikaans gegee. Aan die verdieping van die tienerboek en die ontwikkeling van 'n nuwe subgenre binne die Afrikaanse jeugliteratuur, wat moontlik as FJV beskou kan word, word dus nog nie erkenning gegee of van kennis geneem nie. Tienerboeke word steeds as 'n subgenre binne jeugliteratuur, gemik op hoërskoolleerders tot en met sowat 16 jaar, beskou (Du Plessis, 1999: 7).

Die omvang en groei van dié FJV-kategorie in Afrikaans blyk duidelik uit 'n ontleding van die wenboeke wat die laaste tien jaar in die drie belangrikste kompetisies vir Afrikaanse jeugverhale bekroon is, naamlik die Sanlamprys vir Jeuglektuur, die M.E.R.-prys, en, sedert 2011, Lapa Uitgewers se wedstryd vir jeuglektuur.

'n Ontleding van hierdie wenboeke (sowat 25), asook sommige van die ander jeugboeke wat in dié tydperk verskyn het, toon dat baie van hierdie boeke moontlik in die FJV-kategorie kan val, boeke dus wat deur ouer jeugdiges en selfs volwassenes geniet en waardeer kan word. Dis goeie boeke *per se* en nie net sogenaamde goeie jeugboeke nie.

Voorbeelde is:

- Bloemhof, Francois. 1997. *Slinger-slinger*. Kaapstad: Tafelberg.
- Bloemhof, Francois. 2006. *Nie vir kinders nie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Diedericks-Hugo, Carina. 2008. *Die verdrinking van Josua van Eden*. Kaapstad: Umuzi.



© University of Pretoria

• Engelbrecht, Nelia. 2009. *Pandora se boks*. Kaapstad: Tafelberg.
• Hough, Barrie & Meiring, Lizz. 2002. *Breek*. Kaapstad: Tafelberg.
• Kulsen, Anzil. 2006. *Zita*. Pretoria: Lapa Uitgewers.
• Nagtegaal, Jackie, 2002. *Daar's vis in die punch*. Kaapstad: Tafelberg.
• Van der Vyver, Marita. 2004. *Die ongelooflike avonture van Hannah Hoekom.* Kaapstad: Tafelberg.
• Van der Walt, Derick. 2008. *Lien se lankstaanskoene*. Kaapstad: Tafelberg.
• Viljoen, Fanie. 2006. *BreinBliksem.* Kaapstad: Tafelberg.
• Viljoen, Fanie. 2010. *Onderwêreld.* Kaapstad: Tafelberg.

Eweneens is daar heelwat boeke wat vir die volwasse mark bemark word, wat ewe tuis in die FJV-kategorie sou kon wees. *Roepman* (Jan van Tonder, Human & Rousseau, 2004), Odette Schoeman se *Swartskaap* (Tafelberg, 2009), en Gerda Taljaard se *Engel in die hoenderhok* (Tafelberg, 2009) is voorbeelde. John van der Ruit se *Spud*-reeks (Penguin Books, 2005) is 'n voorbeeld van FJV in die plaaslike Engelse literatuur.

Die probleem vir skrywers van FJV in Afrikaans is dat hulle boeke, synde "jeugfiksie", as kinder- of jeugboeke bemark en behandel word. Hulle leeswaarde word dus hoofsaaklik tot jeugdiges beperk en aan 'n jonger leser en onderwysers bemark, met die oog op die voorgeskrewe mark. Dié boeke kom gevolglik nie noodwendig onder die aandag van 'n wyer (volwasse) gehoor nie. (Van der Walt, 2011: webartikel). Dit word dikwels ook verkeerdelik deur letterkundiges (ook in ander lande) as "minderwaardig" en benede ernstige letterkundige ontleding beskou (Daniels, 2006: 78).

In boekwinkels sal voornemende kopers FJV opspoor tussen geïllustreerde boeke vir kleuters, reekse soos *Trompie* en *Saartjie*, 'n *Liewe Heksie*-omnibus, en ander lektuur wat hoofsaaklik op 'n jonger gehoor gemik is. In lande soos die VSA sal kopers FJV in 'n afsonderlike rak aantref en word dié boeke afsonderlik van ander jeugliteratuur bemark.

Dit is ook nie vreemd dat in die VSA dieselfde boek met twee verskillende



© University of Pretoria

omslae aan jeugdiges en volwassenes bemark word nie (Fitzpatrick, 2004: webartikel).

Daar is ook verskeie pryse wat spesifiek aan FJV toegeken word. Hierdie pryse word afsonderlik van pryse vir ander jeugfiksie toegeken (http://www.ala.org/yalsa/aboutyalsa; http://www.adlit.org).

Die drie boeke op die kortlys van die M.E.R.-prys (2011), 'n gesaghebbende prys vir Suid-Afrikaanse jeugfiksie, was 'n geïllustreerde boek vir laerskoolkinders, *Speurhond Willem* (Wasserman, 2010), *Willem Poprok*, 'n boek vir hoërskoolleerders (Van der Walt, 2010), en *Sidekick* (Radloff, 2010), 'n boek vir jong volwassenes met "volwasse" temas. 'n Mens sou kon vra of boeke met sulke uiteenlopende teikengehore sinvol met mekaar kan meeding.

Soos reeds genoem, word Engelse FJV soms wel as "young adult fiction" aangedui en afsonderlik van algemene jeugfiksie aangetref in enkele takke van Exclusive Books in Suid-Afrika. Dit geld egter nie boeke in Afrikaans in dié genre nie. Boekwinkeleienaars sou waarskynlik kon redeneer dat die aansienlik hoër getal boeke in Engels as in Afrikaans in dié genre afsonderlike uitstalruimte in boekwinkels regverdig.

'n Verdere probleem is dat voornemende kopers dikwels nie besef dat FJV, wat gemaklik tussen die kinderboeke aangetref word, soms eksplisiet met "volwasse" temas omgaan, en eintlik vir ouer lesers bedoel is nie.

Hierdie studie sal die ontwikkeling van die ouer jeugboek ondersoek om te bepaal of daar wel van FJV in Afrikaans sprake is en wat as sodanig bemark en aangebied behoort te word. Daar sal ondersoek word of die nuwerwetse Afrikaanse jeugverhaal/verhaal vir jong volwassenes moontlik die tradisionele kenmerke van die jeugverhaal die afgelope tien jaar ontgroei het.

Die meriete en aard van die ouer jeugboek, FJV of oorgangsliteratuur is nog nie voorheen bestudeer nie, so ook nie die meriete om dié subgenre van die



© University of Pretoria

Afrikaanse jeuglektuur ook aan 'n volwasse gehoor te bemark nie.

**1.2 Primêre en sekondêre navorsingsvrae**

**1.2.1 Primêre navorsingsvraag:**

Is daar 'n beduidende verskil tussen jeugfiksie en fiksie vir jong volwassenes, en indien wel, hoe kan die verskille omskryf word?

**1.2.2 Sekondêre navorsingsvrae:**

1.2.2.1: Wat is die werksdefinisies van *jeugfiksie* en *fiksie vir jong volwassenes*?

1.2.2.2: Is die belangrikste Afrikaanse jeugboeke wat die afgelope tien jaar in Suid-Afrika verskyn het, jeugfiksie of fiksie vir jong volwassenes, en waarom?

1.2.2.3: Op watter wyses kan Afrikaanse fiksie vir jong volwassenes as selfstandige genre erken en afsonderlik van jeugfiksie bemark en aangebied word?

**1.3 Metodologie**

Hoofstuk 2 tot 5 sal 'n literatuurstudie wees om definisies, grense en waarskynlike lesers van *jeugfiksie* en *fiksie vir jong volwassenes* te bepaal en met mekaar te vergelyk. Die belangrikste studies, artikels en lesings oor Afrikaanse jeuglektuur van die afgelope dekade sal ook bespreek word.

Hoofstuk 6 sal bestaan uit inhoudsontledings van vyf Afrikaanse jeugboeke wat die afgelope dekade verskyn het. Die ontleding sal aan die hand van spesifieke riglyne vir fiksie vir jong volwassenes gedoen word om vas te stel of hulle jeugfiksie is of eerder fiksie vir jong volwassenes, wat afsonderlik en op ander maniere as jeugfiksie, bemark en aangebied behoort te word.



© University of Pretoria

Dit sal 'n vergelykende studie en 'n sogenaamde "close reading" van die tekste wees wat die linguistiese, semantiese, strukturele en kulturele skakerings van die tekste sal insluit. Die riglyne vir "close reading" vir FJV soos uiteengesit deur Latrobe en Drury (2009: 122) sal gebruik word.

Dié skrywers se uiteensetting van die ontwikkelingsfases van ouer adolessente, die vaardighede wat hulle in dié ontwikkelingstadium moet bemeester, en FJV se bydrae in dié verband, sal ook kortliks met betrekking tot elke boek bespreek word. Dié fases is gebaseer op die werk van Jean Piaget (kognitiewe ontwikkeling), Erik Erikson (psigososiale ontwikkeling), Robert Havighurst (menslike ontwikkeling), Robert Selman (sosiaal-kognitiewe ontwikkeling) en Lawrence Kohlberg (morele ontwikkeling) (Latrobe & Drury, 2009: 15-38).

## 1.4 Hoofstukindeling

### Hoofstuk 2

'n Kort oorsig van die geskiedenis en ontwikkeling van Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur in Suid-Afrika sal verskaf word om die beoordeling van die ontwikkeling van die ouer jeugboek in konteks te stel.

### Hoofstuk 3

Die tradisionele grense van Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur sal ondersoek word, asook kritiek teen dié formele kategorieë.

### Hoofstuk 4

Die status van Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur sal ondersoek word aan die hand van akademiese studies en die belangrikste artikels wat die afgelope 20 jaar verskyn het, spesifiek dié wat na die Afrikaanse jeugverhaal, die inhoud daarvan, die kategorisering van dié boeke en die ontwikkeling van die jeugverhaal verwys. Die status van die Afrikaanse jeugboekskrywer sal



© University of Pretoria

ondersoek word en die rol van direkte en indirekte sensuur op die ontwikkeling van die ouer Afrikaanse jeugboek sal bespreek word.

**Hoofstuk 5**

Die aard en ontwikkeling van FJV in ander lande sal onder die loep geneem word om 'n lys kenmerke van dié subgenre saam te stel. Die bestaan en status van Afrikaanse FJV sal ondersoek word aan die hand van die menings van kenners in die Afrikaanse jeugboekpolisisteem.

Verskille en ooreenkomste tussen *jeugliteratuur* in die algemeen en fiksie spesifiek vir jong volwassenes sal uitgelig word.

**Hoofstuk 6**

Hoofstuk 6 sal bestaan uit inhoudsontleding van vyf Afrikaanse jeugboeke wat die afgelope dekade verskyn het. Die ontleding sal aan die hand van spesifieke riglyne vir fiksie vir jong volwassenes gedoen word om vas te stel of hulle jeugfiksie is of eerder fiksie vir jong volwassenes, wat afsonderlik en op ander maniere as jeugfiksie, bemark en aangebied behoort te word.

Hierdie hoofstuk sal 'n vergelykende studie en 'n sogenaamde "close reading" van die tekste wees en sal die linguistiese, semantiese, strukturele en kulturele skakerings van die tekste insluit. Die riglyne vir "close reading" vir FJV, soos uiteengesit deur Latrobe en Drury (2009), sal gebruik word.

Dié skrywers se uiteensetting van die ontwikkelingsfases van ouer adolessente, die vaardighede wat hulle in dié ontwikkelingstadium moet bemeester, en FJV se bydrae in dié verband, sal ook kortliks met betrekking tot elke boek bespreek word.

Die boeke wat ontleed sal word, is die volgende:



© University of Pretoria

• Bloemhof, Francois. 1997. *Slinger-slinger*. Kaapstad: Tafelberg.
• Bloemhof, Francois. 2006. *Nie vir kinders nie*. Kaapstad: Tafelberg.
• Diedericks-Hugo, Carina. 2008. *Die verdrinking van Josua van Eden*. Kaapstad: Umuzi.
• Van der Walt, Derick. 2008*. Lien se lankstaanskoene*. Kaapstad: Tafelberg.
• Viljoen, Fanie. 2006. *BreinBliksem*. Kaapstad: Tafelberg.

**Hoofstuk 7**

Samevatting, gevolgtrekking, algemene aanbevelings en aanbevelings vir verdere navorsing.

## 1.5 TERREINAFBAKENING

### 1.5.1 Definisies

Soos reeds genoem, is die doel van hierdie studie onder meer om die ambivalensie met betrekking tot grense uit te wys en om die negatiewe gevolge van só 'n indeling te ondersoek. Daarom is die onderstaande onderskeidings vloeibaar en is rigiede skeiding tussen genres en subgenres met betrekking tot die waarskynlike leser daarvan nie noodsaaklik vir hierdie studie nie.

Daar is meningsverskil oor die grense en aard van die Afrikaanse kinder- en jeugverhaal, soos in hoofstuk 2 aangedui sal word. Vir die doeleindes van hierdie studie en na aanleiding van die bespreking en uiteensetting van kenners in hoofstuk 2, sal die volgende definisies breedweg vir dié studie geld:

**Kinderliteratuur:** Fiksie vir kinders tot sowat 12 jaar.
**Jeugliteratuur:** Fiksie vir kinders ouer as 12.
**FJV:** Fiksie spesifiek bedoel vir ouer adolessente (lesers van sowat 15 jaar en ouer, en jong volwassenes)
**Oorkruisliteratuur:** Fiksie wat deur beide jeugdiges en volwassenes gelees word.



© University of Pretoria

**Literatuur:** Hoewel dié breë term ook werke insluit wat as nie-fiksie geklassifiseer word, word daar in dié studie net na fiksie verwys. Met *fiksie* word werke wat oorwegend verhalend van aard is, bedoel. Die woorde "boeke" en "verhale" sal soms as sinonieme vir literatuur gebruik word.

### 1.5.2 FJV en oorkruisliteratuur

Die terme *FJV* en *oorkruisliteratuur* word dikwels uitruilbaar gebruik as synde dieselfde benaming vir dieselfde soort boek. Myns insiens is daar 'n verskil. FJV sal in dié studie verwys na literatuur spesifiek bedoel vir ouer adolessente (lesers van sowat 15 jaar en ouer en jong volwassenes) wat dikwels ook oorgangsliteratuur is.

Oorkruisliteratuur is na my mening boeke wat spesifiek vir jongmense geskryf is en ook deur volwassenes gelees word, en andersom. Soos in hoofstuk 4 en 5 aangetoon sal word, word baie boeke wat spesifiek vir volwassenes geskryf word, uiteindelik as jeugliteratuur beskou.

Die primêre doel van hierdie studie is om die moontlike ontwikkeling van FJV in Afrikaans te ondersoek. Hoewel daar na oorkruisliteratuur verwys sal word, is dit nie die fokuspunt van die studie nie.

### 1.5.3 Periode onder beskouing

Aspekte van die ontwikkeling en inhoud van kinder- en jeugboeke is reeds tot en met 1999 ondersoek, soos in Hoofstuk 2 aangedui sal word. Die keuse van jeugboeke vir bespreking in dié studie val dus hoofsaaklik tussen 1999 en 2012, hoewel Bloemhof se *Slinger-slinger* reeds in 1997 verskyn het.

## 1.6 Samevatting

Hierdie mini-verhandeling gaan dus die ontwikkeling van die ouer jeugboek en die regverdiging van 'n moontlike skep van 'n afsonderlike kategorie vir hierdie



© University of Pretoria

boeke, naamlik Fiksie vir Jong Volwassenes, ondersoek. Dit sal aan die hand van die ontleding van vyf Afrikaanse jeugromans gedoen word.



© University of Pretoria

# Hoofstuk 2: Die ontwikkeling van Afrikaanse kinder- en jeugfiksie

## 2.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk het nie ten doel om 'n omvattende en volledige weergawe van die ontwikkeling van die Afrikaanse jeugboek te wees nie. Dit is reeds volledig deur Oosthuizen (2010) en deur verskeie outeurs in Wybenga en Snyman (2005) gedoen. Dié hoofstuk dien slegs as inleiding en agtergrond ten einde konteks daar te stel om te bepaal wat die huidige status van die Afrikaanse jeugboek is. Dis is 'n baie beknopte oorsig van die ontwikkeling van Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur.

## 2.2 Die ontwikkeling van Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur

Daar word algemeen aanvaar dat kinderliteratuur oor die wêreld heelwat later as literatuur vir volwassenes ontwikkel het. Die belangrikste rede hiervoor is dat die konsepte "kind" en "kinderjare" nie bestaan het nie, aangesien die kind nie verskillend van volwassenes geag is nie. Kinderliteratuur het eers ontwikkel nadat die kinderjare as 'n unieke en afsonderlike fase in die ontwikkeling van die mens beskou is. Die konsep van die uniekheid van die kinderfase het eers aan die begin van die sewentiende eeu gelei tot die skoolsisteem en 'n nuwe lesersmark. Dit het die aanvraag na kinderlektuur laat ontstaan Oosthuizen (2010: 64).

Oosthuizen sê dat, aangesien die konsepte van *kind* en die *kinderjare* reeds bestaan het teen die tyd dat daar Afrikaanse kinderliteratuur verskyn het, die belangrikste ontwikkeling in die geskiedenis van die Afrikaanse kinder- en jeugboek eerder was dat Afrikaans 'n status as onafhanklike en legitieme taal moes kry, veral teenoor Nederlands [en later Engels]. Erkenning is wel aan kinderliteratuur gegee sedert die ontstaan van Afrikaans in byvoorbeeld *Maandbladje voor kinderen* wat reeds in 1861 op die sendingstasie Genadendal verskyn het. Kinderlektuur het aanvanklik altyd binne 'n tipies Suid-Afrikaanse omgewing afgespeel en is gebruik om religie, ideologie en lewenslesse oor te dra



© University of Pretoria

en was nie vir die blote vermaak van die kind bedoel nie (Oosthuizen, 2010: 66).

Die ontwikkeling van die Afrikaanse kinder- en jeugboek was nou verweefd met die politieke geskiedenis van Suid-Afrika, wat 'n bepalende faktor by die ontwikkeling van dié literatuur was Oosthuizen (2010: 63).

Een van die sentrale gebeure wat plaasgevind het om kinder- en jeugliteratuur in Afrikaans te vestig, was die taalstryd om Afrikaans as amptelike taal erken te kry en die totstandkoming van 'n nuwe skoolstelsel. Anders as die Eerste Taalbeweging (1875-1900), het die Tweede Taalbeweging (1900-1930) nie net uit enkelinge bestaan wat die beweging gelei het nie, maar was dit 'n landsbeweging. Die gevolge van dié taalbeweging was die erkenning van Afrikaans as amptelike taal naas Engels in 1925, die verdere ontwikkeling van die Afrikaanse boekebedryf, die ontwikkeling van die Afrikaner se gevoel van 'n eie identiteit deur sy taal, wat uiteindelik lei tot die pleidooi vir die belang van kinder- en jeugliteratuur in eie taal en eie bodem om die volk en taal se toekoms te verseker (Kannemeyer, 2005: 59, 67, soos aangehaal deur Oosthuizen, 2010: 67).

Skrywers wat onder meer in die tydperk tussen 1900 en 1930 'n bydrae tot die ontwikkeling van jeuglektuur gemaak het, was M.E.R. met haar vernuwende boeke, hoewel baie didakties van aard. Ander was C.J. Langenhoven, C. Louis Leipoldt, Sangiro, E.B. Grosskopf en Hettie Cilliers (Oosthuizen, 2010: 67-68).

Maritha Snyman (2004) toon aan dat die ontwikkeling van die Afrikaanse kinder- en jeugboek, veral die reeksboek, hand aan hand met die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme en die politieke en sosiale konteks geloop het waarin Afrikaners hulle op 'n gegewe tydstip bevind het.

Na 'n ontleding van die kinder- en jeugboeke tussen 1930 en 1999, kom Snyman tot die gevolgtrekking dat "... the publication history as well as the content of Afrikaans youth series books can be regarded as valuable 'social documents', in which the changing political and cultural views of the white



© University of Pretoria

Afrikaans community in South Africa are reflected" (2004: 9).

Snyman wys daarop dat in die tydperk tussen 1930 en 1939 Afrikaanse kinder- en jeugboeke skaamteloos didakties was en eksplisiet geskryf is om patriotisme en nasionale trots te skep en aan te wakker. Dit was 'n tydperk in die geskiedenis toe die Afrikaner ekonomies en emosioneel 'n laagtepunt bereik het ná die oorloë teen die einde van die vorige eeu tussen die Boererepublieke en Engeland. Lord Alfred Milner se beleid van verengelsing het vir 'n groeiende renons in Engels gesorg, terwyl Afrikaners gemeen het dat hulle identiteit en waardigheid herstel sou word as hulle taal erken sou word. Dit het gelei tot die erkenning van Afrikaans as een van die amptelike landstale in 1925 (2004: 12).

Oosthuizen sonder Helena J.F. Lochner uit as 'n skrywer wat daarvoor gesorg het dat kinders met 'n "goeie" Afrikaanse boek in dié periode kon kennis maak (2010: 69).

Van der Walt sê dit is eers in die 1950's met die vertaling van die beste kinderboeke uit ander tale in Afrikaans en die instelling van Afrikaanse kinderboekpryse, dat Afrikaanse kinderboeke 'n vlak begin bereik het wat kon tred hou met die kinderliteratuur van ander lande en tale. "Indien die ontwikkeling van die Afrikaanse kinderliteratuur egter vergelyk word met dié van Engelse kinderliteratuur in Suid-Afrika, of met die kinderliteratuur in die Afrika-tale, is dit opvallend dat die Afrikaanse kinderliteratuur vroeër en vinniger ontwikkel het as dié in die ander tale" (Wybenga & Snyman, 2005: 14).

Van der Walt sê dat hoewel baie van die vertaalde boeke na Afrikaans soms in later jare as van 'n lae gehalte beskou is, hierdie boeke broodnodig was omdat daar net nie genoeg kinderboekskrywers in Afrikaans was nie (Wybenga & Snyman, 2005: 22).

Van der Walt noem dat daar in die 1950's meer kinderboeke verskyn het as voorheen weens verbeterde drukprosesse, maar dat wat die gehalte van die verhale betref, daar nog nie werklik ontwikkeling was nie. Hy sonder



© University of Pretoria

voortreflike bydraes van skrywers soos W.O. Kühne, T.O. Honiball en Minni Postma gedurende dié periode uit (Wybenga & Snyman, 2005: 13).

Snyman sê die tydperk 1940 tot 1969 was die bloeitydperk van die Afrikaanse jeugboek, spesifiek reeksboeke soos *Maasdorp, Keurboslaan, Saartjie, Trompie* en die *Uile*, hoewel die meeste van dié reekse ironies genoeg op die tipiese Engelse skoolstorie gebaseer was (2004: 3).

Op politieke terrein het Afrikaner-nasionalisme gegroei en het dit die dominante politieke en sosiale krag in Suid-Afrika geword. Snyman haal Kannemeyer (1988) en Louw (1960) aan wat daarop wys dat ernstige pogings aangewend is om 'n Afrikaanse nasionale letterkunde te kweek wat met die beste in die wêreld kon meeding. Om dié rede is lees as 'n belangrike prioriteit by die skool en ook op wyer kulturele gebied gesien. Kinder- en jeugboeke is vanuit Engels na Afrikaans vertaal en Afrikaanse boeke is geskryf om veral Afrikanertradisies en -godsdiens te bevorder (2004: 4).

Irma du Plessis bevind na 'n diepte-ontleding van een van die gewildste reekse van dié periode, die *Keurboslaan*-reeks, dat die reeks "... depicts the 'Afrikaner nation' in a manner that sets it apart from the way in which this 'nationness' was represented in dominant Afrikaner nationalist discourse of the time. What makes this possible, are techniques and qualities of fiction. In the first instance, a fictional reality is created that purports to insert itself into the ambit of modern South Africa of the 1940s, when the series was first published. Yet, this fictional world of Keurboslaan differed in some respects from the realities of the time. The series portrays Afrikaners as well adapted to city life, playing a strong role in the professions as Afrikaners and boasting a substantial middle-class. In contrast to the literary works of the period that foregrounded the plight of the so-called 'poor Afrikaners', the *Keurboslaan* series celebrated the – overstated – achievements of the petty bourgeoisie and Afrikaner intelligentsia. As such, the *Keurboslaan* series can be described as a kind of inspirational literature" (Du Plessis, 2010: 16, my kursivering).



© University of Pretoria

Van der Walt meen dat die jare tussen 1960 en 1970 gekenmerk is deur kwantiteit eerder as kwaliteit. Hy sonder voortreflike bydraes van skrywers soos Freda Linde, Hester Heese en Rona Rupert uit wat hulle merk in die eerste plek as skrywers vir die jeug gemaak het en nie as skrywers vir volwassenes nie (Wybenga & Snyman, 2005: 24).

Oosthuizen vermeld ook die verdienstelike bydraes van skrywers soos F.A. Venter, A.C. Sparks en Alba Bouwer (2010: 71-72).

Snyman beskou die tydperk 1970-1989 as 'n laagtepunt in die geskiedenis van die Afrikaanse kinder- en jeugboek. Reekse is nie meer gepubliseer nie en in die algemeen is minder jeugboeke in Afrikaans as in die verlede uitgegee. Sy sê dat die eksterne sosiale, kulturele en politieke veranderinge en onsekerhede van dié tydperk ook hierin 'n rol gespeel het. Daar was ongekende druk op die Nasionale Party-regering, dit was die dae van sanksies teen Suid-Afrika, terwyl swart nasionale bewegings momentum gekry het (2004: 5).

Dit was ook 'n periode waarin Afrikaanse skrywers in 'n toenemende mate afstand van die establishment begin kry het en dikwels fel kritiek op die regering gelewer het. Dit was ook die tyd van die opkoms van "belangrike" literêre werke, boeke wat van hoogstaande literêre gehalte beskou is (Snyman, 2004: 5).

Die Afrikaanse jeugreekse was nie meer oral welkom nie. Snyman sê in 'n artikel getiteld "Die Afrikaanse jeugliteratuur: 'n herbesinning", wat in 1994 in *Tydskrif vir Letterkunde* gepubliseer is, dat daar heelwat "elitistiese" kritiek teen die jeugreeks was. Die reekse is as letterkunde van 'n laer gehalte beskou wat sou verhoed dat kinders goeie letterkundige smaak sou ontwikkel (1994: 45).

Kundiges het die gewilde reekse verdoem en biblioteke en ouers het dit nie meer aangeskaf nie. Snyman meen onrealisties hoë standaarde is vir die Afrikaanse jeugboek voorgeskryf. En daar was min suksesse met nuwe reekse. Uitsonderings was *Die Swart Kat*-, die *Bienkie*-reeks en die *Haas Das*-reeks vir



© University of Pretoria

jonger kinders. Jeugboeke het egter steeds weggeskram van die werklikhede van die dag (1994: 45).

Die gevolg was dat jeugdige lesers vervreemd geraak het van die Afrikaanse kinder- en jeugboek en dat hulle begin Engels lees het (Snyman 2004: 6). Televisie het in 1976 deel van Suid-Afrikaners se lewe geword en 'n mens vermoed dat dit ook 'n rol gespeel het om kinders van lees in die algemeen te vervreem.

Snyman bepleit in dié tyd vir 'n meer genuanseerde benadering tot kinder- en jeugliteratuur. "Ek glo dat die hegemonie binne die literêre wêreld van die Afrikaanse jeugboek verbreek moet word. Reekse moet heruitgegee word omdat die beskikbare voorraad in biblioteke opgelees is; skrywers moet aangemoedig word om literatuur te skep wat aan kinders werklik genot verskaf en relevant is en studies oor jeuglektuur moet binne konteks beoordeel word en die kind in sy totaliteit betrek" (1994: 45).

Oosthuizen wys daarop dat die jare tussen 1980 en 1990 ook as 'n era beskou kan word waartydens vernuwing by veral die jeugboek en in 'n mate die kinderboek gesien moet word. "In die vroeë 1980's begin skrywers soos Elsabe Steenberg en Maretha Maartens sommige probleme waarmee kinders te doen kry, soos egskeidings en gestremdheid, aan te raak. Die ruimtelike veranderinge sorg weer dat die meeste stories teen 1980's en begin 1990's teen 'n stedelike agtergrond afspeel." Sy sonder ook die bydraes van skrywers soos Philip de Vos en Martie Preller uit as skrywers wat 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die kinder- en jeugboek gemaak het (2010: 73).

Oosthuizen wys daarop dat die einde van Apartheid en die eerste demokratiese verkiesing in 1994 'n omvattende invloed op die kinderliteratuursisteem gehad het. Dit het die einde van Afrikaans se bevoordeelde posisie beteken, ook binne die uitgewersbedryf. Die uitgewerye wat sedert 1948 in Afrikanerbesit was, het 'n dominante rol gespeel in onder andere die voorsiening van skoolhandboeke. Dit het gelei tot die vestiging van 'n lewenskragtige bedryf wat die produksie van



© University of Pretoria

Afrikaanse fiksiepublikasies en akademiese publikasies positief beïnvloed het. Kinderliteratuur was veral positief geraak deur die subsidies wat die regering onder andere aan skole en biblioteke gegee het sodat verkope nooit vir uitgewers 'n probleem was nie (2010: 74).

In die verlede is boeke wat krities oor die Suid-Afrikaanse politieke sisteem was, deur klein onafhanklike uitgewers uitgegee. Na 1994 het die voorskryfmark vir uitgewers in duie gestort, met ernstige finansiële gevolge vir baie uitgewers. "Uitgewers soos Tafelberg en HAUM, wat altyd die spoor van die Nasionale Party-regering geloop het, kon nou skielik boeke uitgee waarin die jeug kon lees van die smart wat Apartheid veroorsaak het, sonder om hulle die wraak van politici wat dikwels ook as direksielede gefungeer het, op die hals te haal" (Fairer-Wessels & van der Walt, 1999: 98).

Snyman noem die tydperk tussen 1990 en 1999, en die eerste jare van die nuwe millennium die periode waarin Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur gedemokratiseer is. Ou reekse, wat in onbruik verval het, soos die *Trompie*- en die *Saartjie*-reekse, is herdruk en daar is toenemend gemeen dat die Afrikaanse reeksboek nie vanuit die hoogte betrag moet word nie. Die sogenaamde "jeugboekkrisis" (kinders wat nie meer Afrikaans nie, maar Engels gelees het) kon slegs opgelos word as kinders boeke te lees kry wat hulle geniet. Dit het die reekse ingesluit (Snyman 2004: 6).

Duidelike veranderinge in onder andere die produksie, verspreiding en aankoop van kinderliteratuur kan ook sedert 1990 waargeneem word. Oosthuizen wys daarop dat 1995 die begin van die meer leesgedrewe benadering tot die kinderboek was. Daar is meer gefokus op wat die leser wil lees en baie minder op wat die rolspelers gevoel het 'n kind behoort te lees. Benewens dat die *Trompies* en die *Saartjies* herdruk is, het nuwe reekse die lig gesien soos *Gedaantes en Geraamtes* en die *Monstermaan*-reeks (Oosthuizen, 2010: 80).

Tussen 1990 en 2000 het verskeie nuwe reekse die lig gesien. Snyman verwys onder meer na die *Arendskruin*-reeks (1991-1992), *Die vrolike vyf* (1991-1993),



© University of Pretoria

die *Reënboogrant*-reeks (1995-2000) en die *@Thomas-reeks* wat sy eerste verskyning in 2004 gemaak het (Wybenga & Snyman, 2005: 109).

Oor dié nuwe reekse sê Snyman: "Few moralistic traces were found. Hip modern Afrikaans is used in these books. This practice is, however, sometimes severely criticised by language purists. Forced by circumstances to create texts for survival, the Afrikaans youth series book is once again used to encourage an Afrikaans reading culture against the onslaught of post-colonial language imperialism" (Snyman 2004: 6).

Van der Walt wys daarop dat in teenstelling met die periode voor 1990 daar ook al hoe meer boeke verskyn het wat die rasseproblematiek aangespreek het. (Wybenga & Snyman, 2005: 27)

Hoewel boeke al hoe meer die sosiale en politieke werklikhede begin weerspieël het, het Miemie du Plessis egter in 1999 bevind, nadat sy alle Afrikaanse en Engelse jeugboeke wat tussen 1990 en 1999 verskyn het, ontleed het, dat Afrikaanse boeke slegs in 'n beperkte mate rasseverhoudinge realisties uitbeeld, twee maal minder as Engelse jeugboeke.

"Wat individuele Suid-Afrikaanse jeugboeke met rasseverhouding as tema betref, behaal hierdie verhale wisselende sukses. Daar word in beide Afrikaanse en Engelse jeuglektuur voorbeelde van jeugverhale aangetref wat rasseverhoudinge op 'n eerlike wyse aanspreek en wat as goed geskrewe jeugverhale gereken kan word. Ander Suid-Afrikaanse jeugverhale verken rasseverhoudinge op 'n oppervlakkige wyse en skep sodoende 'n idealistiese beeld van die Suid-Afrikaanse samelewing. Lesers kan gevolglik nie tot insig gelei word met betrekking tot hul verhoudinge met persone van ander rasse nie" (1999: 114).

Dié periode word ook gekenmerk deur die opkoms van die sogenaamde "skokboek" soos Miemie du Plessis, bestuurder: kinder- en jeugboeke by Lapa Uitgewers dit noem (2012: e-poskorrespondensie). Daar word ook soms na die



© University of Pretoria

opkoms van die "wroegboek" verwys (Diedericks-Hugo, 2008, soos aangehaal deur Oosthuizen, 2010: 80).

Die sogenaamde skokboek was reeds bekend in lande soos Brittanje en Amerika. David Lubar in 'n artikel getiteld *The history of young adult novels* verwys tong in die kies daarna: "In the eighties, angst reigned supreme. During that decade YA [young adult] novels gave us 837 rapes, 943 murders, 1 247 suicides, 12 457 dead parents, 19 382 dead pets and three smiles" (Lubar, 2003 webartikel).

Demokratisering van die Afrikaanse letterkunde het vir die jeugboek ook beteken dat tradisioneel taboe-onderwerpe in Afrikaans soos seks, rassisme, dwelm- en alkoholmisbruik, nou openlik en eksplisiet uitgebeeld is. En jeugboeke het omstrede kwessies aangeraak soos godsdiens, geweld, verkragting en seksuele voorkeure (Fritz, 2007: 102).

Die Afrikaanse jeugboek het dus plek-plek haar kinderskoene ontgroei.

Felicité Fairer-Wessels en Thomas van der Walt lig in 1999 die volgende temas en tendense in Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur uit:

• Sedert die begin van die tagtigerjare was daar oorskryding van genre-grense en ook die grense tussen jeug- en volwasseneliteratuur. In sommige gevalle is die grense reeds heeltemal afgebreek en selfs prenteboeke is deesdae dikwels "volwasse"-georiënteerd.
• Die politieke bevryding sedert 1994 het onder meer gelei tot 'n bevryding van die uitgewerswese. Waar boeke wat krities oor die Suid-Afrikaanse sisteem was vroeër deur klein, onafhanklike uitgewers uitgegee is, is die rol nou deur die gevestigde, hoofstroom-uitgewerswese oorgeneem. Die skrywers noem dat die Afrikaanse jeugboek voor 1994 met die oog op die voorgeskrewe mark altyd die beste voetjie voor moes sit, en kritiek teen onder meer die regering en die sosiale orde is daarom vermy. Die politieke verandering in die negentigerjare het in 'n groot mate die einde van die voorskryfmark vir Afrikaans beteken. Dit het 'n geweldige kwantitatiewe gevolg gehad maar ook 'n kwalitatiewe gevolg. Daar het



© University of Pretoria

'n einde gekom aan die voorgeskrewe formaat en beter gehalte boeke is gepubliseer.

• Die jeugboek het meer "internasionaal" geword en dit het meegebring dat jeugboeke wêreldwyd, ook Afrikaanse jeugboeke, kultureel en ikonies neutraal begin word het om vir lesers van ander kulture toeganklik te wees. Boeke moes dus afstand doen van nasionale kenmerke. Hiermee saam betrek die bemarking van die jeugboek ook ander media. Daar is die meegaande CD, die speletjie en wat ook al die uitgewers se bemarkingspan kan bedink om die boek meer aantreklik in die markplek te maak. Dié truuks het egter weinig meer lees tot gevolg, meen Van der Walt en Fairer-Wessels.

• Die multikulturele inhoud van die jeugboek in Suid-Afrika, maar ook regoor dié wêreld, het toegeneem. Van der Walt en Fairer-Wessels meen egter dat dit wil voorkom asof dié boeke gepubliseer word vanweë polities-korrekte of sosiale redes eerder as die feit dat kinders dit graag lees.

• Die reeksboek bly steeds gewild en die rillers en die romanses in dié verband het toegeneem.

Miemie du Plessis meen dat daar nie werklik van noemenswaardige verandering en verdieping sedert die negentigerjare sprake is nie. "Ek is nie 100% oortuig dat jeugboeke vandag meer realisties is of sake in meer diepte uitbeeld nie. Veral ouer jeugboeke het maar basies op dieselfde trant aangegaan – bietjie skok, bietjie vloek" (2012: e-poskorrespondensie).

Michelle Cooper, hoof van kinder- en jeugboeke by Tafelberg Uitgewers, glo egter dat daar nou 'n groter verskeidenheid temas is en dat daar beslis minder taboes is, veral by die ouer jeugboek. Sy glo ook dat die jeugboek sedert 2000 ontwikkel het, maar dat 'n mens dié ontwikkeling ook aan ander standaarde moet meet. Die feit dat 'n boek "lig" is en nie oor "issues" handel nie beteken nie noodwendig dat dit 'n minder goeie boek is nie. Goeie skryfwerk kan van 'n ligte boek iets besonders maak, meen sy (2012: e-poskorrespondensie).

In 'n artikel getiteld "'Haai Jaco Jacobs! wanneer skryf jy 'n regte boek?' 'n Bestekopname van Afrikaanse kinder- en jeugboeke", wat in *Mousaion* (2010)



© University of Pretoria

verskyn het, beveel Leti Kleyn en Maritha Snyman die volgende kwessies vir verdere bespreking en navorsing aan:

• Daar is 'n verskraling van plaaslike publikasies en die mark word deur vertalings en herdrukke gedomineer;
• Die Afrikaanse media het 'n groter rol te speel by die instandhouding van die kinder- en jeugboek en behoort meer blootstelling aan hierdie boeke te gee en resensente behoort opleiding oor dié genre te ontvang;
• Die ontwikkeling en uitbouing van kennis en vaardighede op die gebied van die Afrikaanse kinder- en jeugboek is nodig omdat min navorsing en akademiese onderrig op die vakterrein beskikbaar is;
• Kundigheid oor die leesvoorkeure en die leefwêrld van kinders en jeugdiges verskraal heelwat met onder meer die uitfasering van Biblioteekkunde ten gunste van Inligtingskunde by meeste universiteite;
• Wat die taalverwagtinge en -voorkeure van kinders en jeugdiges betref, sal met groter sinergie opgetree moet word om die Afrikaanse kind te oorreed om steeds Afrikaans te lees; en
• Tegnologie behoort aangewend te word in die skepping van leesmateriaal om dit waarskynlik in verbloemde vorm te plaas waar kinders dit moontlik sal soek en vind. (2010:37)

**2.3 Slotsom**

Die jeugboek se noue verbintenis met die ontwikkeling van die Afrikaner se geskiedenis (deesdae moontlik ook Afrikaanssprekendes in die breë) is dus 'n belangrike kenmerk van die ontwikkeling van die Afrikaanse kinder- en jeugboek.

Die politieke veranderinge en die gevolglike veranderinge op die jeugliteratuur-sisteem na 1994 het volgens sommige ontleders 'n belangrike rol gespeel om die jeugboek te "demokratiseer".

Ekonomiese oorwegings het uitgewers genoodsaak om weer gewilde reekse uit die sestigerjare (en vroeër) soos die *Trompie*- en die *Saartjie*-reekse af te stof en



© University of Pretoria

nuwe reekse uit te gee. Daar was ook kommer oor die voortbestaan van Afrikaans, en die "letterkundige" jeugboek van die tagtigerjare wat as "verhewe" literatuur beskou is, moes in sekere opsigte plek maak vir meer gewilde leesstof om jong lesers wat in die vorige dekade aan gewilde Engelse verhale verloor is, terug te wen.

Die ouer jeugboek wat sedert 2000 ontwikkel het, is nog nie onder die soeklig geplaas nie. Daar is teenstrydige menings oor die vraag of die ouer jeugboek, wat later in meer besonderhede bespreek sal word, werklik beduidende vernuwing en verdieping ondergaan het. Moontlike redes hiervoor word in die volgende hoofstukke ondersoek.



© University of Pretoria

## Hoofstuk 3: Afbakening en kategorisering

### 3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die formele afbakening van kinder- en jeugliteratuur ondersoek. Daar sal aangedui word dat hierdie, soms rigiede, praktyk 'n beperkende invloed op die ontwikkeling en die verkoop van veral die ouer jeugboek het.

### 3.2 Afbakening en kategorisering

Die formele afbakening van kinder- en jeugboeke in duidelik begrensde kategorieë, elk gemik op lesers van 'n sekere ouderdom, speel steeds 'n belangrike rol in die Afrikaanse kinder- en jeugboekpolisisteem. Volgens uitgewers is so 'n stelsel noodsaaklik om leiding te gee aan boekwinkels en ander kopers waar die boek in die mark behoort te lê en wie dit behoort te lees.

Op die oomblik is Tafelberg Uitgewers (deel van die NB-groep) en Lapa Uitgewers die belangrikste uitgewers van Afrikaanse kinder- en jeugboeke.

Miemie du Plessis, bestuurder van kinder- en jeugboeke by Lapa Uitgewers, sê dat "kopers (beide individue en winkels) 'n baie spesifieke klassifikasie van die uitgewers verwag, hoofsaaklik omdat baie kopers onkundig is oor die genre en baie leiding nodig het oor wat vir wie geskik is. Persoonlik is ek glad nie ten gunste daarvan nie. In 'n land soos ons s'n waar kinders se leesvlakke so dramaties verskil, kan mens net skade aanrig deur 'n boek te klassifiseer vir dié of daardie ouderdom. Ons beoefen 'n plusstelsel. Ons dui met ander woorde net die minimum ouderdom van 'n boek aan. Die boek is met ander woorde geskik vir 'n minimum leser en ouer. Die kategorieë is: 0+, 3+, 5+, 7+, 9+, 11+, 12+, 13+, 15+" (2012: e-poskorrespondensie).

Michelle Cooper, hoof van kinder- en jeugboeke by Tafelberg Uitgewers, stem hiermee saam. Sy sê formele klassifikasie is nuttig vir bemarkingsdoeleindes,



© University of Pretoria

maar die grense is vaag en nie absoluut nie. "Ons het die volgende groeperings wat ons vir bemarkingsdoeleindes gebruik: kartonboeke (voorskool), aktiwiteitsboeke (voorskool en ook skoolgaande ouderdom), jonger lesers (die tradisionele prenteboeke of 'picture flats' en boeke vir beginnerlesers), ouer lesers (die ouer laerskoolkind, wat al gemaklik self kan lees), tieners (min of meer van Gr 7, tot Gr 12, of ouer) en nie-fiksie vir jongmense (wat die hele lektuurspektrum dek) (2012: e-poskorrespondensie).

Maar wat presies is *kinderliteratuur* en hoe verskil dit van *jeugliteratuur*?

Oosthuizen, wat haar spesifiek op die definisie van *kinderliteratuur* toespits, meen dat die gebrek aan 'n definisie oor wat *kinderliteratuur* is, moontlik daaraan toegeskryf kan word dat kinderliteratuur dikwels onder die sambreelterm "jeugliteratuur" bespreek word. "Jeugliteratuur word dikwels beskou as 'n sambreelterm waaronder onderafdelings soos bababoeke, prenteboeke, kleuterboeke, kleuterliteratuur, kinderliteratuur en jeugliteratuur ressorteer. Myns insiens is elkeen van hierdie onderafdelings 'n genre op sy eie ..." (2010: 28).

Sy sê verder dat die verwarring oor genres en subgenres in Afrikaans by die onduidelikheid lê rondom die leesstadia en ontwikkeling waardeur die kind gaan tot volwassenheid (2010: 29). Sy sê voorts dat die sambreelterm, jeugliteratuur, 'n probleem is omdat die literatuur wat 'n 6-jarige lees, nie direk vergelyk kan word met dié van 'n 16-jarige nie, aangesien die aard en inhoud daarvan verskillend is (2010: 29).

En verder: Alhoewel die genres *kinderliteratuur* en *jeugliteratuur* familietrekke mag hê wat die sambreelterm regverdig, is die twee soorte so afhanklik van die ontwikkelingsfase van die mens dat dit nie as een en dieselfde ding bestempel kan word nie (2010: 30).

Oosthuizen sê dat boekwinkels ook met 'n duidelike afbakening van ouderdomsgroepe sukkel as dit by kinderboeke kom. Sy bevraagteken



© University of Pretoria

byvoorbeeld Exclusive Books se saamgroepeer van kinderboeke van 6 tot 9 omdat "die kind wat begin lees, gegroepeer word saam met die kind wat skool toe gaan". Sy wys ook daarop dat jeugboekkenners soos Maritha Snyman en Miemie du Plessis van Lapa Uitgewers van haar verskil oor die ouderdom waarop 'n kind begin lees. Is dit op 7- of 8-jarige ouderdom? (2010: 30).

Na 'n gedetailleerde ontleding en bespreking, wat gesprekke en omvattende ondersoeke by verskillende uitgewers, biblioteke en boekwinkels ingesluit het, asook 'n ondersoek na die kriteria wat by die toekenning van die vernaamste Afrikaanse jeugboekpryse gebruik word en 'n ontleding van die ontwikkelingstadia van die kind, kom Oosthuizen tot die gevolgtrekking dat "die begrip kinderliteratuur dan literatuur is wat gelees word deur kinders in die ouderdomsgroep 7 tot 12 jaar" (2012: 51).

Oor die jeugboek sê Oosthuizen dat kinder- en jeugboeke dus voorlopig van mekaar onderskei kan word deur te sê dat jeugliteratuur gemik is op lesers van 12 jaar en ouer (2012: 34).

Du Plessis (1999) definieer die begrip "jeuglektuur" as alle fiksie gemik op adolessente, nie noodwendig werke van literêre gehalte nie. Dit sluit ook "gewilde reekse" in. "Jeugliteratuur" verwys dan uitsluitlik na werke van literêre gehalte gemik op adolessente. Jeuglektuur is verhalende lektuur (fiksie) wat met adolessente karakters en/of met adolessente lesers in gedagte geskryf is (1999: 7).

Sy bespreek uiteenlopende sienings oor wat presies adolessensie is, en dat sommige kenners verskillende menings hieroor het. Du Plessis haal Cart (1996:7) aan wat meen dat die tipiese adolessent iemand van 11 tot 13 jaar is en dat dié periode by sowat 18 tot 21 jaar eindig. Cart wys daarop dat dié ouderdomme deur faktore soos biologiese ontwikkeling en kultuur beïnvloed word. Ander kenners meen adolessensie is die tydperk tussen 12 en 19, of wissel van 12 tot 20 (Du Plessis, 1999: 6).



© University of Pretoria

Na ontleding van die verskillende menings, besluit Du Plessis dat adolessente (en die lesers van jeugliteratuur) vir doeleindes van haar navorsing beskou moet word as persone tussen die ouderdomme van 9 en 16, omdat verskeie kundiges aandui dat die gebruikers van jeuglektuur gewoonlik ouer as 12 is en gewoonlik slegs jeuglektuur lees tot en met 15-jarige ouderdom (1999: 6).

Die klassifisering van die kinder- en jeugboek blyk dus steeds 'n ernstige saak in die Afrikaanse kinder- en jeugboekpolisisteem te wees – 'n saak waaraan daar besondere aandag gegee word en waaroor daar meningsverskil is.

Hoewel 'n mens kan insien dat sulke spesifieke leiding vir uitgewers en boekwinkels vir bemarkingsdoeleindes van waarde kan wees, word die nodigheid van dié ernstige indeling van boeke soms bevraagteken.

Nikolajeva sê dat, hoewel duidelike grensafbakening van kinder- en jeugliteratuur aanvanklik nodig was om dit as 'n afsonderlike letterkundige sisteem te vestig, die grensafbakenings en klassifisering verander, vervaag en verdwyn (1995: 7).

Cadden betreur die feit dat kinder- en jeugboeke as 'n hiërargie beskou word. 'n Leser vorder van 'n prenteboek vir 'n kleuter na boeke met hoofstukke ("chapter books"), FJV, en dan uiteindelik na die roman vir volwassenes, asof dit die eindpunt van die leeservaring is. Dit weerhou baie mense daarvan om goeie fiksie in "jonger" genres te lees (Cullen, vervat in Wolf, Coats, Enciso & Jenkins, 2011: 304).

Fairer-Wessels en Van der Walt dui byvoorbeeld aan dat grense wêreldwyd tussen jeug- en volwasseneliteratuur oorskry word en dat die tradisionele grense vervaag. Die verandering word nog nie in Suid-Afrika erken nie. Dié skrywers haal Koos Human (1998: 12) aan na aanleiding van Francois Bloemhof se kontroversiële jeugboek, *Slinger-slinger* (1997), waarin eksplisiet oor die eerste seksuele ondervinding van 'n 17-jarige seun geskryf word, dat "... die 'jeugboek' iets kunsmatigs is wat uitgedink is deur bibliotekaresses en



© University of Pretoria

voorskryfkomitees. Daar moet beklemtoon word dat enige kategorisering kunsmatig is. Die letterkunde laat dit nie in duidelik omlynde kategorieë volgens lesergroepe indeel nie" (1999: 103).

De Vries vra in 'n artikel wat in 2011 op die webwef, *LitNet* verskyn het, of die skryf van jeugfiksie (Young Adult Fiction) soveel anders as die skryf van fiksie vir volwassenes is, en sê dat die huidige manier waarop jeugboeke geklassifiseer word, beperkend is. Met verwysing na fiksie vir jong volwassenes en volwassenefiksie vra hy onder meer waarom onderskeid nodig is en wie by dié formele onderskeid baat?

Nieman bespreek die moontlikheid van oorkruisliteratuur in Afrikaans en sê dat daar nog nooit konsensus was oor die vraag presies wát *jeugliteratuur* van *volwasseneliteratuur* onderskei nie. Sy meen dat dit debatteerbaar is of dit enigsins nodig is om boeke aan ouderdomme te koppel.

"As 'n mens die boekebedryf met die filmbedryf vergelyk, word die teenstrydige maniere waarop ouderdom in die bepaling van 'n potensiële teikengroep aangewend word, blootgelê. By films word bloot aangedui vir watter kykersmark films *nie* geskik is nie. In plaas daarvan dat films vir jeugdiges of volwassenes geklassifiseer word, vind klassifikasie eerder op grond van die aard daarvan, byvoorbeeld gekenmerk deur romanses of geweld, of as riller of komedie, plaas. Animasiefilms wat 'n geïmpliseerde kindermark as teiken het, vind boonop meestal byval by die ouers wat hulle kinders vergesel, omdat daar altyd humor daarin voorkom wat kinders ontwyk, maar deur ouers verstaan en geniet word (dus is daar 'n dubbele gehoor)" (2005: 127).

Skrywer Philip Pulman vertel dat hy en 'n groep ander Britse skrywers erg beledig gevoel het toe baie uitgewers in 2008 in Brittanje besluit het om 'n ouderdomsaanduiding op boeke aan te bring om lesers te "lei". Dit het tot 'n drukgroep en webwerf gelei waar skrywers aangemoedig is om teenstand te bied teen só 'n aanduiding op hulle boeke (Pulman, soos vervat in Wolf, Coats, Enciso & Jenkins, 2011: 313).



© University of Pretoria

Pulman sê met verwysing na baie boeke wat in die kinderrakke aangetref word: "... it seems a shame that so many good books remain neglected on those shelves, books that would find a keen readership among older readers, if only they were free to roam the library and take up residence in the adult section."

Die kandidaat se jeugroman, *Lien se lankstaanskoene*, is in 2008 as jeugboek bekend gestel en is sedertdien uitsluitlik in die kinderboekrakke te vinde (en dit was net in enkele takke van Exclusive Books beskikbaar). Die boek word tans verfilm en na aanleiding van die publisiteit rondom die rolprent, word die boek nou in enkele takke van Exclusive Books by volwassenefiksie aangetref.

Die moontlike bestaan van oorkruisfiksie in Afrikaans word in meer besonderhede in die volgende hoofstuk bespreek.

**3.3 Slotsom**

Kinder- en jeugboeke word steeds baie formeel binne die kinder- en jeugboekpolisisteem geklassifiseer. Dit word veral vir bemarkingsdoeleindes gedoen en om leiding aan boekwinkels en kopers te gee oor "waar die boek in die mark lê".

Die jeugkategorie binne die kinder- en jeugboek-genre, boeke wat op adolessentelesers en ouer gemik is, is 'n besonder vae kategorie en min aandag word tot dusver deur rolspelers vanuit hierdie polisisteem daaraan gegee. Nieman dui byvoorbeeld aan dat daar in die Engelssprekende wêreld buiten die gebruiklike *jeugliteratuur*, en tans ook *oorkruissliteratuur*, ook terme soos "teenage books", "juvenile fiction" en "young adult literature" bestaan.

Soos in hoofstuk 5 aangedui sal word, word nuanses in die sogenaamde jeugboekmark maar net in 'n beperkte mate deur uitgewers en ander rolspelers erken en pas alle boeke vir lesers ouer as 12 gemaklik in die "jeugboekmandjie"



© University of Pretoria

– met dikwels negatiewe gevolge vir skrywers van sogenaamde jeugboeke.



© University of Pretoria

## Hoofstuk 4: Die status van die Afrikaanse kinder- en jeugboek

### 4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die status van Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur en die status van die skywers hiervan ondersoek, asook die invloed van faktore soos sensuur op die ontwikkeling van die ouer jeugboek.

### 4.2 Akademiese status

Die status, of die gebrek daaraan, van kinder- en jeugliteratuur, kan volgens Felicité Fairer-Wessels en Thomas van der Walt daaraan toegeskryf word dat hierdie genre hom steeds binne die Suid-Afrikaanse letterkunde in 'n randposisie bevind (1999: 95).

Die studie van kinderliteratuur, sê dié skrywers, het ook steeds 'n sterk pedagogiese inslag omdat dit vir baie jare die belangstellings- en studieveld van die Opvoedkunde en Biblioteek- en Inligtingskunde was, en die tersiêre studie van kinder- en jeuglitereatuur hoofsaaklik uit dié vakrigtings kom (2004: 95).

"Daar is [ook] soms 'n geringskatting en wantroue tussen die verskillende studie- en vakrigtings wat kinderliteratuur bestudeer. Dit is jammer, omdat dit juis die multidissiplinêre aard van kinderliteratuur is wat dit so 'n interessante studieveld maak. Die verskillende perspektiewe gee 'n vitaliteit en verskeidenheid wat ander subgenres van die letterkunde moeilik ewenaar" (2004: 95).

Oosthuizen sê dat Afrikaanse kinderliteratuur reeds vir lank as die stiefkind van die Afrikaanse literêre polisisteem behandel word. Dit word deur verskeie rolspelers, veral letterkundiges, as "minderwaardig" beskou. Negatiewe gevolge wat hieruit voortspruit, is onder andere 'n tekort aan akademiese studies oor Afrikaanse kinderliteratuur, dat die genre 'n marginale posisie in die literêre wêreld het en dat daar nie 'n duidelike definisie van die term, *kinderliteratuur*, is



© University of Pretoria

nie. Sy meen ook dat, ten spyte van die herlewing en die groei wat by Afrikaanse kinderliteratuur plaasvind, daar steeds 'n tekort is aan navorsing wat spesifiek oor hierdie genre gedoen word (2010: 3).

Dié gebrek aan belangstelling en erkenning is nie tot Afrikaanse kinder- en jeugfiksie beperk nie en is 'n internasionale tendens. Daniels (2006: 78) meen dat jeugfiksie, of spesifiek fiksie vir jong volwassenes, steeds deur ernstige literêre kritici in Amerika geïgnoreer word omdat dit as 'n sekondêre kategorie binne die letterkunde beskou word. Met betrekking tot fiksie vir jong volwassenes sê sy:

"Some still believe that YA literature is merely a secondary category of childlike storytelling – didactic in nature – and unworthy of serious literary evaluation, when, in fact, it is really an overlooked and underappreciated literary genre that has only recently begun to attract the critical attention that it deserves." En dan ook: "Unfortunately, many people working in literary theory and criticism are forgoing the opportunity to explore this phenomenon because they mistakenly believe that works labeled as YA should only be analysed in terms of the connection – whether that be historical or psychological – to the supposed 'intended' reader. They see the phrase YA, and they tend to dismiss the work as disconnected to the literary community" (Daniels, 2006: 78).

Die feit dat die jeugboek die kritiese oog van letterkundiges mis, word soms daaraan toegeskryf dat persone (hoofsaaklik opvoedkundiges soos onderwysers en persone uit die biblioteekwese) dekades lank op 'n sekere (gevestigde) manier met die jeugliteratuur en die leser daarvan gehandel het. Hulle het ook op 'n gevestigde manier na die grense van die kanon gekyk (Vandergrift, 2012: webartikel).

Plaaslik is daar ook kritiek van skrywers oor die dikwels eng klassifikasie van jeugboeke deur uitgewers en boekwinkels en dat 'n jeug- of kinderboek 'n sekere status (naamlik "minderwaardig") verkry nadat dit in dié kassie geplaas is (Van der Walt, 2011: webartikel).



© University of Pretoria

"Mense dink dat as 'n skrywer 'n 'jeugboek' skryf en dit dié eng etiket kry, dit op 'n sekere manier hanteer en benader moet word en op 'n sekere manier deur die leser ervaar moet word. Dit hou verband met 'n tradisie wat deur die jare ontwikkel het, hoofsaaklik uit geledere van die Opvoed- en Biblioteekkunde. 'n Jeugboek is 'n jeugboek wanneer dit só van die uitgewers af kom. Niks minder en niks meer nie. Dit beperk verder 'n boek se beskikbaarheid in boekwinkels en die verkoopsyfers daarvan (Van der Walt, 2011).

'n Moontlike ander rede vir die gebrek aan kritiese aandag aan die jeugboek word deur Hunt (1996: 6) aan die vervlietendheid van die jeugboek, veral die ouer jeugboek, toegeskryf. Sy redeneer dat die jeugboek nie los van die popkultuur van die tyd waarin dit verskyn, gemaak kan word nie. Tienerlesers spesifiek, is erg bewus van handelsname en -merke en aspekte soos kleredrag, haarstyle en moderne tegnologie, speel 'n belangrike rol in die sukses van die jeugboek. Die uitbeelding van spesifieke popikone (wat vinnig verander) in jeugboeke sorg dat jeugboeke dikwels 'n kort raklewe het.

Dié aspek was die onderwerp van hewige debat op die *LitNet*-webwerf (Augustus 2011) tussen Afrikaanse jeugboekskrywers. Hoewel sommige skrywers meen dat die popikone en -kultuur van die dag 'n boek nie noodwendig in vergetelheid gaan dompel nie, was die oorheersende gevoel dat 'n boek met vae verwysings in dié verband kanse op 'n langer raklewe het (De Vries, 2011: webartikel; Diedericks-Hugo, 2011: webartikel; Fowler, 2011: webartikel; Partridge, 2011: webartikel; en Van der Walt, 2011: webartikel).

Du Plessis (2010: 4) wys daarop dat die ontwikkeling van en verdieping in Afrikaanse jeugliteratuur slegs beperkte pogings ontlok het om die jeugboek by hedendaagse debatte oor Suid-Afrika te betrek. Dié boeke weerspieël dus slegs in 'n beperkte mate die werklikheid.

Lydia Snyman (1983: 33), aangehaal deur Maritha Snyman, sê dat kinderliteratuur gemeet moet word aan kriteria wat vir alle literatuur geld



© University of Pretoria

(1994: 41).

Daniels wat met dié stelling sou saamstem, kwalifiseer in haar betoog vir meer literêre erns oor kinder- en jeugfiksie dat as skrywers hiervan ernstig opgeneem wil word, hulle bereid moet wees dat hulle boeke aan standaarde vir "letterkunde" gemeet moet word (2006: 79).

In sy voorwoord tot *Change and renewal in children's literature* (Fairer-Wessels & Van der Walt, 2004: 1), sê Thomas van der Walt dat daar egter [groter] eenstemmigheid by kritici is oor die ontwikkeling wat in die genre plaasgevind het en dat kinder- en jeugboeke nou meer kompleks en gesofistikeerd is.

Johnson, in dieselfde boek, meen dat die groter belangstelling in die kinder- en jeugboek vanuit letterkundige geledere nie net met die ontwikkeling van die jeugboek self verband hou nie, maar ook met veranderinge in die rol van kritici, onderwysers en navorsers. "With these changes in the approach of literary critics and theorists toward children's literature came a disregard of, and attack on, previous methods of study of children's literature. Established ideas have challenged, 'criticism' [has become] more critical, less pedagogical, more sophisticated, less concerned with the ideas of literature as life enhancement and more concerned with literary and ideological concerns (Johnson, soos aangehaal in Fairer-Wessels & Van der Walt, 2004: 1).

Maritha Snyman meen ook dat die veranderinge rondom 1994 veranderinge binne die literatuurwetenskap en die benadering van literatuur as studie-objek gebring het. "Hierdie klemverskuiwing binne die literatuurwetenskap het uiteindelik daartoe gelei dat daar krities na die aard van die literatuurstudie gekyk moes word." Een van die belangrikste veranderings, volgens Snyman, was die opkoms van die resepsie-estetika en die skuif weg van die teks as outonome studie-objek, na die teks soos ontvang deur die lesers (Snyman, 1994: 39, soos aangehaal deur Oosthuizen 2010: 79).

**4.3 Toepaslike navorsing**



© University of Pretoria

Die letterkundige ondersoeke na kinder- en jeugboeke is steeds (met enkele uitsonderings) beperk tot nagraadse verhandelings deur studente wat Biblioteekkunde aan universiteite studeer en artikels wat deur jeugliteratuurkenners in enkele vaktydskrifte gepubliseer is. Van dié navorsing word hieronder bespreek.

Omdat dié studie spesifiek na die ontwikkeling van die ouer jeugboek kyk, is die volgende navorsing wat sedert 1999 gedoen is, en artikels wat in dié tydperk gepubliseer is, van belang:

### 4.3.1 Rasseverhoudinge in Suid-Afrikaanse jeuglektuur sedert 1990, Miemie du Plessis, 1999

Du Plessis doen 'n omvattende ontleding van hoe rasseverhoudinge in Afrikaanse en Engelse jeugverhale wat tussen 1990 en 1999 gepubliseer is, uitgebeeld word. Die studie het die ontleding van alle jeugboeke wat gedurende dié periode in Suid-Afrika verskyn het, ingesluit.

Du Plessis redeneer dat die interaksie van adolessente met vriende en hulle portuurgroep sentraal staan tot hulle sosiale ontwikkeling. Sy bevind dat wat individuele Suid-Afrikaanse jeugboeke betref (met rasseverhouding as tema) hierdie verhale wisselende sukses behaal. Daar word in beide Afrikaanse en Engelse jeuglektuur voorbeelde van jeugverhale aangetref wat rasseverhoudinge op 'n eerlike wyse weergee en wat as goed geskrewe jeugverhale gereken kan word.

Ander Suid-Afrikaanse jeugverhale verken rasseverhoudinge op 'n oppervlakkige wyse en skep sodoende 'n idealistiese beeld van die Suid-Afrikaanse samelewing. Lesers kan gevolglik nie tot insig gelei word wat betref hul verhoudinge met persone van ander rasse nie. 'n Boek soos Johan de Waal se *!Sit oom Paul* (1995) is die eerste jeugverhaal waarin twee adolessente van verskillende rasse seks met mekaar het, maar "die karakterbeelding van die



© University of Pretoria

Indiër-karakters in die verhaal word deur stereotipering en eensydigheid gekenmerk" (Du Plessis, 1999: 89). *Luc en Libertine* deur Marzanne Leroux-Van der Boon (1998), wat ook oor 'n verhouding tussen twee adolessente van verskillende rasse handel, "bring ook vernuwing mee met betrekking tot die verkenning van die sosio-politieke omstandighede in Afrikaanse jeuglektuur. Daar word onder andere verwys na die Waarheids- en Versoeningskommissie asook skuldgevoelens van wittes oor onregte wat in die verlede gepleeg is" (Du Plessis, 1999: 89).

### 4.3.2 'n Polisistemiese benadering tot die bevordering van kleuter-, kinder- en jeugliteratuur, Betsie van der Westhuizen (1999)

Van der Westhuizen bevind dat die literêre bedryf swak funksioneer en dat dit veroorsaak dat kinders minder lees. Sy bepleit 'n benadering waarin die hele polisisteem waarvan die kinder- en jeugboek deel is, in ag geneem moet word om dié genre te bevorder.

Van der Westhuizen wys op die noodsaaklikheid van interaksie tussen alle betrokkenes en belanghebbendes by jeuglektuur – hetsy indirek of direk. Sy bepleit groter toewyding en betrokkenheid by die saak van die lesende kind (1999: 136).

### 4.3.3 Temas en tendense in hedendaagse kinderliteratuur, Felicité Fairer-Wessels en Thomas van der Walt, 1999

Na Fairer-Wessels en Van der Walt se bevindinge is reeds voorheen verwys. Die basiese bevinding is dat daar ontwikkeling in die kinder- en jeugroman-genre is, en hulle verskaf redes waarom die jeugroman steeds in 'n beperkte mate aandag van letterkundiges ontvang. Nuwe tendense word voorts uitgewys. Dit sluit in dat skeiding tussen die ouderdomsgrense van genres verwaag en die "internasionalisering" van die jeugboek. Dit is in meer besonderhede in Hoofstuk 2 bespreek.



© University of Pretoria

### 4.3.4 Eendag lank, lank gelede, toe daar nog duidelik grense tussen jeug- en volwassene-literatuur was, Marietha Nieman, 2005

Nieman wys daarop dat die invloed van globalisering en postmodernisme grense op verskeie terreine in die samelewing opgehef het, so ook tussen tradisionele literêre genres. Sy dui aan dat die grense tussen jeug- en volwassenefiksie besig is om te verdwyn.

Die onlangse verskyning van 'n aantal Afrikaanse boeke wat as oorgangsliteratuur beskou kan word, ontvang egter nog min aandag in Suid-Afrika, in teenstelling met heelwat aandag wat dié soort boek by verskeie rolspelers in die boekebedryf in ander lande ontvang. Sy bevraagteken die rigiede afbakening van kategorieë in die boekebedryf en bespreek 'n aantal Afrikaanse boeke wat sy as oorkruissliteratuur beskou. Sy noem in die verband onder meer Marita van der Vyver se *Die dinge van 'n kind* (1994), Anoeschka von Meck se *Vaselinetjie* (2004) en *Dis ek, Anna* deur Elbie Lötter (2004).

### 4.3.5 Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom: 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek, Gretel Wybenga en Maritha Snyman (redakteurs), 2005

Dié boek bied 'n omvattende oorsig van die ontwikkeling en stand van Afrikaanse kinder- en jeugprosa, kinder- en jeugpoësie, kinder- en jeugtoneel, en die geïllustreerde kinder- en jeugboek. Dit bevat ook 'n omvattende bespreking van die ontstaan en die ontwikkeling van die jeugreeksboek, dit bespreek die vertaling van Afrikaanse kinder- en jeugboeke en neem bekronings en toekennings vir Afrikaanse kinder- en jeugboeke onder die loep.

Deel 2 van die boek bevat profiele van skrywers, wat om spesifieke redes in die boek genoem, as kinder- en jeugboekskrywers beskou word.

### 4.3.6 Die representasie van omstrede kwessies in kontemporêre Afrikaanse jeugverhale, Margaretha Fritz, 2007



© University of Pretoria

Fritz stel ondersoek in na die wyse waarop omstrede sake in huidige tienerfiksie uitgebeeld word en oplossings daarvoor aangebied word, na aanleiding van die vertrekpunt dat literatuur 'n sekere "rigtinggewende" waarde het. Daar is navorsing gedoen oor omstrede kwessies soos die onpartydige uitbeelding van verskeie godsdienste, seksuele oriëntasie, voorhuwelikse seks en geweld. Tersaaklike aspekte uit die verhaalteorie is benut, waarna dit op drie Afrikaanse jeugverhale toegepas is.

Relevante tekste soos *Skilpoppe* (1998) deur Barrie Hough, *Daar's vis in die punch* (2002) deur Jackie Nagtegaal en *Nie vir kinders nie* (2006) deur Francois Bloemhof is behandel. Hierdie tekste is gekies omdat al drie, as gevolg van die omstrede sake wat in die tekste uitgebeeld is, openbare debat in die media uitgelok het, sê Fritz.

In die navorsing is daar bevind dat omstrede sake onpartydig en nie-veroordelend vanuit die outeurs se oogpunte uitgebeeld is (Frits, 2007: 101).

#### 4.3.7 Afrikaner nationalism, print culture and the 'capacity to aspire': the imaginative powers of popular fiction for young readers, Irma du Plessis, 2008

Du Plessis ontleed die *Keurboslaan*-reeks (20 boeke) wat tussen 1941 en 1961 verskyn het, se gewildheid en hoe dié boeke deur die skrywer se gebruikmaking van sekere letterkundige tegnieke, as aspirerende letterkunde beskou kan word. Die reeks het Afrikaner-nasionalisme aangemoedig deur die "ideale" Afrikaner uit te beeld, 'n beeld wat min met die werklikheid en die Afrikaner-armoedevraagstuk van die tyd gemeen gehad het.

Deur Afrikaners as deel van 'n hoër middelklas uit te beeld, deel van die professies en internasionaal gereken (die skoolhoof, meneer Serfontein, is 'n internasionaal bekende skrywer), het die reeks sonder om te preek vir die Afrikaner gewys wat hy of sy kan wees (en reeds is, volgens die reeks).



© University of Pretoria

**4.3.8 'n Polisistemiese ondersoek na veranderinge in die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem sedert 1990, Mia Oosthuizen, 2010.**

Oosthuizen ondersoek die veranderinge wat sedert 1990 in die kinderliteratuursisteem plaasgevind het, aan die hand van die polisisteembenadering. Kwessies rondom genres, subgenres en probleme rakende die gebruik van die sambreelterm *jeugliteratuur* word bespreek. Die ouderdomsgroep van die kinderboeklesers word afgebaken en 'n algemene definisie vir die genre, *kinderliteratuur*, word geformuleer. Definisies vir hierdie terme is in Hoofstuk 1 gegee.

Na aanleiding van die algemene definisie van kinderliteratuur word tien akademiese studies geïdentifiseer en bespreek wat sedert 1990 verskyn het en spesifiek handel oor kinderliteratuur. 'n Volledige historiese oorsig oor die ontwikkeling van die Afrikaanse kinderliteratuur word ook gebied.

**4.3.9 "Haai, Jaco Jacobs! Wanneer skryf jy 'n regte boek?" 'n Bestekopname van Afrikaanse kinder- en jeugboeke (1999-2009), Leti Kleyn en Maritha Snyman, 2010**

Dié artikel ondersoek die posisie van die Afrikaanse kinder- en jeugboek sedert 1999. Die volgende faktore word hiervoor gebruik:

• Die stand van uitgewers betrokke by Afrikaanse kinder- en jeugboeke ná 1999;
• Die afsetgebiede van Afrikaanse kinder- en jeugboeke;
• Die sigbaarheid van Afrikaanse kinder- en jeugboeke in die breër media;
• Die akademiese fundering van die genre(s) Afrikaanse kinder- en jeugboeke; en
• Die ontwikkeling van plaaslike skrywers en illustreeders.

Die outeurs se bevindinge is reeds in Hoofstuk 2 bespreek.



© University of Pretoria

### 4.4 Die status van die Afrikaanse jeugboekskrywer

Skrywers van kinder- en jeugboeke word dikwels nie as "ware" skrywers gereken nie. Hulle bydraes tot jeugliteratuur word dikwels bloot vermeld wanneer hulle ook "volwasse"-literatuur lewer (Fairer-Wessels & Van der Walt, 1999: 95).

Soos in hoofstuk 6 aangedui sal word, is baie van dié skrywers juis verantwoordelik vir vele boeke wat as fiksie vir jong volwassenes en oorkruisliteratuur beskou kan word en dikwels nuwe geluide maak wat die Afrikaanse jeugboek-genre verryk en uitbou. Dié boeke word sonder meer in die gerieflike "jeugliteratuurmandjie" verpak en kry besmoontlik nie altyd die erkenning wat hulle verdien nie. Die gevolg is dat dit verdienstelike boeke van die leserstal (en verkoopsyfers) en die kritiese aandag wat hulle verdien, weerhou.

Saam met die gebrekkige akademiese erkenning van die jeugboek, word die skrywer van die Afrikaanse jeugboek nie as 'n volwaardige skrywer beskou nie.

"Interessant genoeg word Alba Bouwer, bekend as kinderboekskrywer, se roman, die *Afdraand van die dag is kil*, deurgaans 'haar eerste roman vir volwassenes' (advertensielogo van die boek) genoem, of erger, uitgespel in kinderterme, 'haar eerste grootmensboek'" (Fairer-Wessels & Van der Walt, 1999: 95).

Menige jeugboekskrywer is al dikwels die vraag gevra wanneer daardie grootmensboek dan nou geskryf gaan word, asof die jeugboek die eerste (minder gevorderde) trappie op die letterkundige produksieleer is (Hough, soos aangehaal in Nieman, 2005: 124).

Jeugskrywer Jaco Jacobs reageer byvoorbeeld soos volg op die vraag wanneer hy dan 'n régte boek gaan skryf: "Kinder- en jeugboeke is 'n uitdagende, selfstandige genre waar onder meer kennis van jou teikenmark onontbeerlik is



© University of Pretoria

vir sukses — veel meer, meen ek, as met boeke vir volwassenes" (aangehaal deur Kleyn en Snyman, 2010: 27).

Hans du Plessis sê in sy voorwoord van *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom: 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek* die volgende: "'Om vir kinders te skryf is dieselfde as om vir grootmense te skryf — net moeiliker!' Wie dit eerste gesê het, weet ek nie, maar dit het al 'n aksioma geword, juis omdat kinderliteratuur so maklik onderskat word, nie net in Afrikaans nie, maar veral in Afrikaans. Dit is tradisioneel só dat die kinder- of jeugboekskrywers nie deel is van die Afrikaanse kanon nie. Dit is normaalweg net dié skrywers wat toevallig ook skrywers van werke vir volwassenes is wat dan in die tradisionele literatuurgeskiedenisse bly figureer" (2005: 5).

Ter illustrasie van hoe die jeugboek versus die boek vir volwasse lesers in die markplek hanteer en beskou word, die volgende:

Die kandidaat se "eerste grootmensboek" het in April vanjaar verskyn. *Daan Dreyer se blou geranium* het verskyn na sy bekroonde jeugromans, *Lien se lankstaanskoene* (2008) en *Willem Poprok* (2010). Albei dié boeke is met 'n Sanlamprys vir Jeuglektuur bekroon en albei het ook die M.E.R.-prys ontvang. *Lien se lankstaanskoene* het ook 'n toekenning van The International Board on Books for Young People (IBBY) ontvang en word tans verfilm.

*Daan se blou geranium* is reeds in 2007 geskryf en aanvanklik vir publikasie afgekeur. Na die sukses van die bogenoemde jeugboeke, is daar besluit om *Daan Dreyer se blou geranium* tog uit te gee. Die boek is in *Rapport* van 13 Mei 2012 aangekondig as: "Ná jeugboek, 'n boek vir grootmense" (Kruger, 2012).

Ten spyte van die feit dat die kandidaat die "grootmensboek" as literêr minderwaardig teenoor sy jeugboeke ag (en oorweeg het om dit in 'n gevorderde stadium van produksie van publikasie te onttrek), verkoop die boek fluks en is dit in bykans elke denkbare boekwinkel in Suid-Afrika beskikbaar. Dit het ook 'n aansienlik hoër eerstedrukoplaag en baie meer publisiteit as die jeugboeke



© University of Pretoria

ontvang.

Beide die kandidaat se jeugboeke was net in beperkte takke van Exclusive Books tussen die prenteboeke vir kleuters en die *Saartjie*-reeks te vinde, hoewel hulle ook deur resensente vir volwasse lesers aanbeveel is as nie net jeugboeke nie (Roux, 2010).

Etlike eksemplare van *Willem Poprok* is na enkele maande en beteuterde verkoopsyfers deur Exclusive Books aan die uitgewer teruggestuur omdat dit volgens 'n verkoopsverteenwoordiger van Tafelberg Uitgewers "nie waffers verkoop het nie en boeke wat nie binne maande flink verkoop nie, ingevolge Exclusive Books se nuwe 'rakbestuurbeleid' aan die uitgewer teruggestuur moet word om plek te maak vir nuwe boeke" (Cooper, 2011: e-poskorrespondensie).

Die jeugboek en die "grootmensboek" ding duidelik steeds nie in dieselfde liga mee nie. Die jeugboek word steeds as goedige kinderboek beskou, bestem vir die niggie en nefie (wat pas begin lees het) se Kerskous, en word steeds geplaas tussen die *Liewe Heksie*- en die *Trompie*-reekse op die boekwinkel se rak.

Die vele sogenaamde "jeugskrywers" wat grense verskuif het, en dié boeke wat na onverkoopte eerste oplae in die vergetelheid verdwyn het, kan hiervan getuig (Diedericks-Hugo, 2012).

**4.5 Sensuur en die Afrikaanse jeugboek**

Anders as direkte sensuur wat in lande soos Amerika gebruik word om jeugliteratuur met "kontroversiële" temas van jong lesers af weg te hou (Bucher & Hinton, 2010: 88), speel veral indirekte sensuur 'n rol by die ontwikkeling van Afrikaanse jeugliteratuur (Diedericks-Hugo, 2012).

Fritz sê dat daar nie veel bronne oor Suid-Afrikaanse sensuurtendense en Afrikaanse kinder- en jeugboeke beskikbaar is nie. Sy bevind dat, hoewel daar persone is wat gekant is teen sekere kinder- en jeugboeke en skrywers (soos



© University of Pretoria

J.K. Rowling), is daar nog nie veel georganiseerde pogings om kinder- en jeugboeke te sensureer nie. Geen kinder- of jeugliteratuur is al ooit in Suid-Afrika verban nie, met die uitsondering van *Stanley Bekker en die boikot* (1980) deur John Miles. Hierdie boek is egter verban tydens die Apartheidsera en moet dus teen die agtergrond van daardie wetgewing gesien word" (Fritz, 2007: 26).

Sensuur (meestal indirek) het 'n nadelige invloed op die ontwikkeling van die ouer Afrikaanse jeugverhaal. Die enigste manier om finansiële voordeel uit die skryf van 'n kinder- of jeugboek te trek, is dat dit deur keurkomitees vir die voorgeskrewe mark gekies moet word. Daarom vermy skrywers kontroversiële onderwerpe so ver moontlik (Diedericks-Hugo, 2012; Van der Walt, 2012).

Afrikaanse jeugboeke wat "kontroversiële" temas, moontlik nie as geskik beskou vir jonger oë nie, uitbeeld (soos die uitbeelding van seks, verkragting, prostitusie, homoseksuele verhoudings, geweld en alternatiewe politieke en godsdiensbeskouings) het wel dapper, sou 'n mens kon sê, die afgelope klompie jare die lig gesien.

Van dié boeke wat die afgelope 15 jaar verskyn het, is dikwels met jeugliteratuurpryse bekroon, dus was daar erkenning vanuit letterkundige geledere. Voorbeelde sluit in: *Slinger-slinger,* Francois Bloemhof (1997), *Skilpoppe*, Barrie Hough (1999), *BreinBliksem*, Fanie Viljoen (2006), *Nie vir kinders nie*, Francois Bloemhof (2006) en die *Verdrinking van Josua van Eden*, Carina Diedericks-Hugo (2008).

Die meeste van dié boeke was nie topverkopers nie, en hoewel hulle letterkundige erkenning ontvang het in die vorm van letterkundepryse, is hulle in 'n groot mate deur keurpanele vir die voorgeskrewe boek oor die hoof gesien. Die meeste van dié boeke se verkoopsyfers was ook niks om oor te spog nie, maar hulle het baanbrekerswerk verrig. Dis die soort boeke wat tot tieners se leefwêreld en belewenisse spreek en hulle is eerlik.

Oor indirekte sensuur sê Carina Diedericks-Hugo die volgende: "Ek dink daar is



© University of Pretoria

daadwerklike kwessies wat deel is van ’n tiener se werklikheidsbestaan, wat beslis nie in ons boeke aangespreek word nie. Bring genoeg tyd saam met tieners deur en jy sal skrik as jy hoor waarmee hulle te doen kry. Daar is en sal altyd hekwagters wees. Maar om te sê daar is en sal altyd sensuur wees, beteken nie ek stem saam nie. Ek pas beslis sensuur toe op my eie werk, want my boeke is voorgeskryf en ek kan nie bekostig om daardie mark te verloor nie. Natuurlik sal ek verder wil gaan – vir ouer tieners skryf as my 13-tot-15-jaar-mark. My gunsteling- (eie) werk is *Die verdrinking van Josua van Eden.* Die boek het net positiewe resensies gekry, maar het nie veel verder as dit gevorder nie weens ’n baie subtiele sekstoneel van ’n halwe paragraaf. Van ouers en onderwysers was daar baie klagtes. Ek dink dis paternalisties – sit ’n uur lank in ’n groep tieners se geselskap en luister. Porn op die internet, sexting, seks tydens pouse, swangerskappe, dwelms, molestering, ens. is so deel van hulle lewens soos saalbyeenkomste" (2012).

Fanie Viljoen sê: "Vreemd genoeg verkoop my 'makker' boeke beter as my 'rowwe' een. *BreinBliksem* is egter baie gelees, maar dis dalk omdat hy baie uitgeleen word." En ook: "Ek dink daar moet onderskei word tussen boeke vir jonger tieners en vir ouer tieners. Ek sal graag meer volwasse kwessies wil aanspreek, maar ek kan uiteindelik nie kies in wie se hande daardie boek gaan beland nie" (2012).

Boeke soos *BreinBliksem* en *Die verdrining van Josua van Eeden* se waarde word deur onderwysers erken en hulle word wel vir die skool se biblioteek aangekoop, maar hulle word slegs op 'n selektiewe basis aan leerders vir lees aangebied (Wenhold, 2012).

Navrae oor hoe die "omstrede" Afrikaanse jeugboek hanteer word, het die volgende aan die lig gebring. Dit is natuurlik net menings van enkele onderwysers in Pretoria en Johannesburg, maar dit dui vermoedelik op tendense met betrekking tot die Afrikaanse jeugboek en waar dit binne die verwysingsraamwerk van die voorgeskrewe wêreld lê. (Die kriteria vir die Afrikaanse voorgeskrewe boek en die proses daaromheen, is 'n onderwerp wat



© University of Pretoria

ernstige nadere betragting en ondersoek vereis.)

• Heidi Cellarius, 'n onderwyseres van die Hoërskool Garsfontein in Pretoria, sê die kontroversiële jeugboek word wel deur die skool aangekoop, maar word in 'n afsonderlike vertrek agter die mediasentrum gehou en nie saam met die ander boeke in die rakke van die sentrum uitgestal nie. Dit word op aanvraag aan leerders beskikbaar gestel (2012: persoonlike mededeling).
• Elette van Zyl, 'n Afrikaanse onderwyser by St. Andrews, 'n privaatskool vir seuns in Pretoria, sê weens 'n gebrek aan jeugboeke, veral jeugboeke wat tot die leefwêreld van die tienerseun spreek, sal 'n boek soos Viljoen se *BreinBliksem* wel as een van die skool se keuseboeke, wat buite die voorgeskrewe raamwerk van die Independent Examinations Board (IEB) toegelaat word, voorgeskryf word, maar vir 'n beperkte aantal senior klasse. Dit gaan egter gepaard met 'n brief vooraf aan ouers wat hulle waarsku dat die boek omstrede onderwerpe behandel. Ouers is welkom om besware te opper (2012: persoonlike mededeling).
• Konrad Wenholdt, bibliotekaris van die biblioteek van die Duitse skool in Pretoria, sê dat die skool in beginsel ernstig teen sensuur gekant is en dat lesings hieroor deurlopend aan ouers by oueraande aangebied word. Die kontroversiële boek word wel aangekoop, maar met 'n ouderdomsbeperking aan leerders beskikbaar gestel.
• Giel Pieterse en Erasmus Louw is twee Afrikaanse onderwysers wat tot 2011 op die voorskryfkeurkomitee vir die IEB gedien het, 'n liggaam wat elke twee jaar vooruit moet besluit watter Afrikaanse boek vir tweedetaalleerders (Afrikaans) voorgeskryf moet word. Louw gee Afrikaans by die St. Andrew's School for Girls in Bedfordview, en sê daar word gepoog om weg te bly van boeke wat oor omstrede onderwerpe handel. Daar word steeds konserwatief na die voorgeskrewe boek gekyk (2012: e-poskorrespondensie). Pieterse, van Beaulieu College in Johannesburg, sê die volgende aspekte word in ag geneem by die keuse van voorgeskrewe boeke vir IEB-skole. Die ideale voorgeskrewe boek is 'n boek:

– wat vir seuns sowel as meisies geskik is;
– wat vir sowel stedelike as plattelandse leerders toeganklik is;



© University of Pretoria

– wat geen vooroordele bevat nie, veral nie ten opsigte van ras, geslag en godsdiens nie;
– waarmee die meeste leerders behoort te kan identifiseer of wat by sy/haar ervaringswêreld pas;
– wat in 'n moderne idioom geskryf is en nie bestaan uit ellelange beskrywings nie;
– wat 'n vinnige tempo handhaaf en waarin daar heelwat gebeur;
– wat in goeie, moderne Afrikaans geskryf is;
– wat nie te veel Engels en streekstaal bevat nie; leerders vind dit moeilik om streeks-Afrikaans te verstaan;
– wat nie 'n bepaalde politieke of godsdienstige dogma verkondig nie;
– met 'n positiewe boodskap en lewensuitkyk;
– wat nie te veel fokus op aspekte soos alkohol- en dwelmmisbruik, seks en pornografie nie, tensy 'n waardevolle les daaruit geleer kan word;
– wat nie enige aanstoot sal gee nie en wat respek teenoor mense betoon;
– wat verkieslik die minimum vloekwoorde bevat;
– wat 'n interessante storielyn het;
– wat verkieslik visualiseerbaar is (bv. 'n boek wat hom sou leen tot die maak van 'n film);
– wat geloofwaardige, ronde karakters bevat;
– wat goeie rolmodelle uitbeeld en waarin negatiewe karakters nie tot helde verhef word nie;
– wat in goeie standaard-Afrikaans geskryf is en wat pas by die intellektuele en ervaringsvlak van leerders.

"IEB-skole is oor die algemeen konserwatief in hulle benadering, aangesien baie van dié skole 'n baie sterk godsdienstige etos het. Dit is baie moeilik om geskikte boeke te vind wat nie aanstoot sal gee nie, maar nogtans modern genoeg is vir leerders en jonger onderwysers om mee te kan identifiseer. Boeke het beslis verander. Ek weet nie of 'n mens dit vooruitgang of agteruitgang moet noem nie. Die indruk word gewek dat baie Afrikaanse boeke deesdae daarop uit is om te skok en platvloers te wees" (Pieterse, 2012: e-poskorrespondensie).



© University of Pretoria

Dit is daarom 'n uitsonderlike uitdaging vir die Afrikaanse jeugskrywer om 'n boek te skryf wat vir die voorskryfmark geskik sal wees, en daarom is 'n mens nie verbaas dat die vind van die "ideale" Afrikaanse voorgeskrewe boek so 'n uitdaging vir skole is nie. Die fyn balans tussen die muse en Mammon bly dus vir Afrikaanse jeugskrywers 'n tameletjie.

Van der Walt, in 'n artikel in die Sondagblad, *Rapport*, het dit onlangs soos volg saamgevat:

"Baie Afrikaanssprekende volwassenes kyk steeds konserwatief na die Afrikaanse kunste en wil hulleself as 'ideaal' uitgebeeld sien. Dit sluit in dat hulle ordentlik en as behoudende draers van 'hoë' morele waardes in boeke, rolprente, musiek en die ander kunste gesien wil word. Dit geld ook hoe baie volwassenes na sogenaamde jeugboeke kyk. Die jeugboek moet nog so ordentlik wees as wat kan kom. Al hierdie mooi dinge strook nie aldag met die werklikheid nie, veral nie die tiener se werklikheid nie. En die meeste tieners wat lees, lees lánkal volwasse boeke waarin dié soort kwessies eksplisiet uitgebeeld word.

"Ouers en onderwysers is bloot naïef as hulle dink tieners weet nie van dinge soos seks, drank en dwelms nie (en dat baie van hulle entoesiasties hieraan meedoen nie). Dis ook bloot oneerlik om sulke kwessies in Afrikaanse jeugboeke te ignoreer. Maar natuurlik is dit nie al waaroor jeugboeke behoort te gaan nie. Daar is wonderlike boeke wat die afgelope tien jaar verskyn het en wat nie 'kwessies' belig nie. Hulle is maar net goeie, meesleurende en ontroerende boeke. Daar is 'n hele lys.

"Daarom voel ek sterk dat die voorgeskrewe boek erg nuut bekyk moet word. Vir baie kinders gaan dit hulle enigste leeservaring ooit wees. Ek wil nie die meriete van Shakespeare of “die Groot Afrikaanse Boek” as voorgeskrewe materiaal bevraagteken nie, maar meeste hiervan gaan 'n kind nie na die biblioteek laat hardloop nie.



© University of Pretoria

"Gee vir kinders iets wat hulle gaan geniet. Dit hoef nie 'n boek te wees wat met 'n literêre prys bekroon is nie. En los maar vir Shakespeare en 'die Groot Afrikaanse Boek' vir die kind wat letterkunde op universiteit wil gaan studeer. Maak kinders lief vir lees en die enigste manier gaan wees om vir hulle iets te gee wat hulle gaan geniet, al is dit 'n 'kontroversiële' boek. Ek dink seuns sal mal oor Deon Meyer se boeke wees. Die paar vloekwoorde en die enkele verwysings na seks is niks om oor wakker te lê nie" (Van der Walt, 2012).

Met verwysing na die waarde en invloed wat FJV as voorgeskrewe werk op skool op haar lewe gehad het, sê Coats: "... and yet we still pay more critical scholarly attention to Antogone (Sophocles, c. 442) and *The Great Gatsby* (Fitzgerald, 1925) than we do to the potentially life-changing books our teens read on their own (Coats, soos vervat in Wolf, Coats, Enciso & Jenkins, 2011: 315-316).

"Maar, ja, as skrywer hou 'n mens jou maar in. Die enigste manier om geld uit 'n Afrikaanse jeugboek te maak, is om jou een oog op die voorgeskrewe mark te hou. En dáár word nog versigtig en ordentlik getrap" (Van der Walt, 2012).

**4.6 Verpakking van die jeugroman**


Die voorblad van die jeugroman, sekerlik 'n onderwerp vir besinning, het die afgelope paar jaar verander. Ek glo dat die verpakking van die jeugroman (en skrywers se beperkte keuse hierin) dikwels daartoe bydra dat hierdie boeke nie deur letterkundiges én lesers met die nodige erns bejeën word nie.


Voor 2000 was die realistiese skets van die hoofkarakters (moontlik oorgeneem uit die sogenaamde chic-lit-genre) die fokuspunt van die jeugboek. Die voorbeelde hieronder verduidelik dié stelling. Die ouer jeugboek, veral die oorkruisboek, in Afrikaans het dikwels 'n baadjie wat hulle tot hierdie kategorie verdoem en daarom nie die aandag van volwassenelesers trek nie. Hieronder is enkele voorbeelde.




© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA









Wat jeugboeke met vroulike karakters betref, was en is daar steeds 'n voorliefde vir die aweregse, vrolike (en dalk ietwat stuitige) voorblad.





Die voorbeelde hieronder verduidelik moontlik 'n "ouer" aanvoeling vir die genre. Boeke met "kontroversiële" temas het 'n minder vrolike aanslag, soos in die geval van *Slinger-slinger* en *Die verdrinking van Josua van Eden*, maar steeds is die somber voorblaaie vanuit 'n estetiese oogpunt nie aantreklik genoeg dat beide adolessente en volwasselesers dit sommer van die boekwinkel se rak sal raap nie. *BreinBliksem* en *Nie vir kinders* nie, het daarenteen duidelik 'n



© University of Pretoria

meer moderne en aantreklike aanslag. Met dié professionele verpakking sou die boeke met 'n ander bemarkingaanslag moontlik ook deur volwasselesers gelees word.










Dis interessant dat 'n boek soos *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* van Marita van der Vyver (2002) 'n nuwe baadjie gekry het nadat die boek in 2010 as rolprent vrygestel is en daarom onder die aandag van 'n breër publiek gekom het. Hanna se nuwe rokkie is waarskynlik 'n ouer nommertjie (hoewel die speelsheid steeds daar is).

*Lien se lankstaanskoene* (Derick van der Walt, 2008) word tans verfilm en word later vanjaar vrygestel. Dit kry ook eersdaags 'n nuwe (ouer) baadjie om met die vrystelling van die rolprent saam te val. Links is die voorblad waarmee die boek in 2008 vrygestel is en daarnaas is een van die voorblaaie wat tans oorweeg word.

Daar is eenstemmigheid dat *Vaselinetjie* van Anoeschka von Meck as 'n volwaardige oorgangsroman in Afrikaans beskou word (Nieman, 2005; Cooper, 2012; Du Plessis, 2012). Du Plessis meen dat die voorblad (wat wegbreek van die tradisionele jeugaanslag) baie bygedra het tot dié status. Soos in Hoofstuk 5 aangedui sal word, beskou Du Plessis ook die lengte van die boek (heelwat langer as die tradisionele jeugboek) as 'n faktor wat tot dié status bygedra het.



© University of Pretoria











Dat die jeugroman dalk haar kinderskoene ontgroei het, word weerspieël in die voorblad van *Hoopvol* wat in Oktober 2012 verskyn en moontlik min met die tradisionele jeugboekvoorblad gemeen het. Dié boek gaan egter steeds as 'n jeugboek bemark word. Die boek is op die kortlys vir die 2011-Sanlamprys vir Jeuglektuur. Indien dié boek een van die wenboeke is, gaan die pryswennerplakker vir jeuglektuur op die omslag egter dié boek se lot in die mark bepaal. Dit gaan steeds net in enkele winkels van Exclusive Books as jeugboek tussen die *Liewe Heksie*-omnibus en die veelkleurige prenteboeke oor die ABC, beskikbaar wees.




**4.7 Slotsom**

Die jeugboek word steeds as onbeduidend in die Afrikaanse literatuur beskou



© University of Pretoria

en nie as regtig waardig vir ernstige akademiese besinning geag nie. Redes hiervoor is onder meer die posisie wat leidende figure in die wêreld van die jeugboek (invloedryke bakendraers vanuit onderwys- en biblioteekgeledere) oor dekades daaraan toegeken het. Hierdie persone het van die jeugboek 'n kommoditeit gemaak wat op 'n bepaalde wyse geklassifiseer, bemark en gelees moet word.

Die studies hierbo vermeld, is van belang vir hierdie studie omdat dit die jeugboek, veral die ouer jeugboek, binne 'n polisisteem plaas waarin rolspelers die ontwikkeling en bestaan van veral die ouer jeugboek nie na behore na waarde skat en erken nie (soos in hoofstuk 6 van hierdie studie aangedui sal word), en daarom nie innoverend dink met betrekking tot onder andere die bemarking van dié boek nie.

Die kern van die probleem is dat baie van dié boeke dikwels deur konserwatiewe en invloedryke hekwagters, wat oor die geskiktheid al dan nie van boeke vir jongmense besluit, weerhou word omdat hulle weens "omstrede" kwessies as ongeskik vir adolessente beskou word. Die boeke word van jong lesers weerhou of slegs selektief aan hulle beskikbaar gestel. Omdat dié boeke volgens Du Plessis se definisie (1999) tot lesers van om en by 16 beperk word, word hulle as synde jeugboeke nie aan 'n ouer lesersmark bemark wat besmoontlik dié boeke na waarde mag ag nie. Soos reeds genoem, verdwyn dié boeke daarom maklik sonder enige erkenning in die vergetelheid.

Die jeugboeke wat wél ekonomies suksesvol is en was, soos *Skilpoppe* van Barrie Hough (1999), Jackie Nagtegaal se *Daar's vis in die punch* (2000), Marita van der Vyver se *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* (2002), Anzil Kulsen se *Zita* (2006) en Derick van der Walt se *Lien se lankstaanskoene* (2008) kan grootliks daaraan toegeskryf word dat hulle vir die voorskryfmark gekeur is.

Ander redes is ook uitgewys wat die ontwikkeling van die Afrikaanse jeugboek strem, soos die gebrekkige status van die jeugskrywer en die rol van veral



© University of Pretoria

indirekte sensuur in die ontwikkeling van die jeugboek, veral die ouer jeugboek. Na my mening dra die verpakking van die jeugboek ook daartoe by dat dit gemaklik in 'n baie spesifieke en beperkende kategorie tuishoort.



© University of Pretoria

# Hoofstuk 5: Fiksie vir jong volwassenes (FJV)

## 5.1 Inleiding

Young Adult fiction (YA) is reeds etlike jare lank 'n gevestigde genre in onder meer Amerika, Kanada, Engeland, Australië en Sjina. 'n Soortgelyke genre word ook in Japan aangetref (Wolf, Coats, Enciso & Jenkins, 2011: 320; Fitzpatrick, 2004: 8; Nieman, 2005:126; Wikipedia*a:* webartikel).

Dié hoofstuk ondersoek die ontstaan, ontwikkeling en kenmerke van fiksie vir jong volwassenes (FJV). Meeste navorsing, studies en artikels oor die onderwerp is in Amerika gedoen, waar FJV 'n erkende genre by alle rolspelers in die boekebedryf is. Hierdie studie steun dus grootliks op die Amerikaanse FJV-model soos uiteengesit deur Bucher en Hinton (2010).

## 5.2 Die oorsprong van FJV

*The outsiders* van S.E. Hinton (1967) word allerweë as die eerste FJV-boek in die Amerikaanse letterkunde beskou, en volgens Bucher en Hinton (2010: 5) was dit die eerste boek wat in die skeiding tussen kinder- en volwasseneboeke gelê het.

Bucher en Hinton noem ook *The Pigman* van Paul Zindel (1968). Ander kenners sluit *The contender* van Robert Lipsyte (1967) en Ann Head se *Mr and Ms Bo Jones* (1967) as van dié waterskeidingboeke in (Campbell, 2003, aangehaal in Bucher & Hinton, 2010: 5).

Bogenoemde boeke was anders as die tipiese jeugboek wat tot op daardie stadium verskyn het, omdat hulle grootwordjare realisties voorgestel het en op die "werklike ervarings" van jongmense van toepassing was. Boeke soos Judy Blame se *Forever* (1975) het grense verskuif deur tienerseks te verwoord soos dit nog nie voorheen gedoen was nie (Bucher & Hinton, 2010: 5).



© University of Pretoria

'n Boek soos *The Chocolate war* van Robert Cormier (1974) "... shocked young adult literature, opening the door for 'honest, fresh, stylistically daring, startling, terrifying, and wonderful fiction'" (Campbell, 2003: 183, soos aangehaal in Bucher & Hinton, 2010: 5).

Dié boeke was dus anders as die tipiese jeugboek wat tot op daardie stadium op die rakke te vinde was, omdat hulle grense oorskry het en dikwels eksplisiet met onderwerpe soos seks gehandel het. Oor die algemeen het hulle die grootwordjare meer realisties as voorheen beskryf.

FJV het onder die aandag van die onderwysgemeenskap gekom, die waarde daarvan vir jong lesers is deur kundiges uit verskeie dissiplines gedebatteer en dit het as voorgeskrewe boeke op skool begin verskyn. Uitgewers het die belangstelling in hierdie ouer jeugboeke as 'n gaping in die mark beskou, en die aantal FJV-boeke het tussen 1970 en 1990 vinnig toegeneem. Tans word FJV as 'n selfstandige genre beskou, wat goeie verdienste vir uitgewers beteken, en volgens kenners 'n groot rol speel om jong volwassenes aan die lees te bring of te hou. Dié aspekte word in meer besonderhede hieronder bespreek.

### 5.3 Wie is jong volwassenes?

Soos daar nie eenstemmigheid is oor wat presies FJV is nie, is daar ook nie eenstemmigheid oor hoe die lesersgroep waarvoor dié genre bedoel is, daar uitsien nie. Kaywell (2001: 325, soos aangehaal in Bucher & Hinton, 2010: 4) wys op die volgende uiteenlopende menings. Jong volwassenheid word onder meer gesien as:

"An age group between 11 and 15."
"Kids between 10-21, grades 4 to college."
"Adolescents who are 12 to 18."
"Between the ages of 12 and 22."

Bucher en Hinton definieer *jong volwassenes* as hoërskoolleerders tussen



© University of Pretoria

Graad 6 en Graad 12. "It is the tumulus time of adolescent physical, cognitive, social and psychological development." En dan verder: "The most important point about YAs is that they typically begin secondary education as child readers and should emerge as adult readers" (2010: 4).

Dié siening word deur Crowe gedeel wat sê 'n jong volwassene "[is a] person old enough to be in junior high school, usually grades seven through twelve" (1998: 122).

Bucher en Hinton sê voorts dat adolessensie 'n stadium is waarin jongmense sekere fisiese, sielkundige en kognitiewe funksies moet bemeester. Dié tipiese funksies kan help om die adolessente of jong volwasseneleser te identifiseer.

Op fisiese gebied is daar byvoorbeeld skielike liggaamlike groei, met aansienlike verskille in groeitempo as gevolg van genetiese verskille, omgewings- en gesondheidskwessies, en daar is duidelike geslagsverskille in die ouderdom wanneer hierdie vinnige groei toeneem. (Meisies begin reeds op 12 jaar vinnig groei en seuns eers op 14.) Gesondheidsrisiko's neem toe weens sekere adolessente gedrag, soos eetversteurings en eksperimentering met seks en dwelms.

Op sielkundige gebied vermeerder vriendskappe en ander sosiale interaksie. Bondgenootskappe verskuif van ouers na vriende, sosiale take word sonder ouertoesig verrig, daar is selfbeeldveranderinge, 'n beheptheid met die self, kritiese selfondersoek en die vorming van selfpersepsies.

Op kognitiewe terrein is daar 'n hoër vlak van funksionering. Daar is 'n meer ontwikkelde redenasievermoë en denkprosesse, morele en etiese keuses is moontlik en dié rig dikwels adolessente se gedrag. Kognitiewe ontwikkeling word dikwels deur sosialisering beïnvloed en daar is 'n ontwikkelde persepsie van die verlede, hede en toekoms. Verhoogde verbaliseringsvaardighede word ook ontwikkel (Bucher & Hinton 2010: 3).



© University of Pretoria

'n Mens sal die tipiese leser van FJV dus kan beskou as adolessente tussen sowat 15 en 18. Myns insiens is dit ook ouer lesers tot om en by 21, wat sekere spesifieke vaardighede tydens die ontwikkelingsfase moet bemeester op die pad na volwassenheid.

**5.4 Definisies en grense**

Bucher en Hinton sê dat dit moeilik is om FJV te definieer en dat daar nie eenstemmigheid by uitgewers, persone in die biblioteekwêreld, onderwysers, kritici, boekwinkels, ander professionele organisasies en toekenningskomitees vir letterkundepryse is oor presies wat die term beteken nie. Enersyds kan FJV beskou word as literatuur wat jong volwassenes verkies, maar Bucher en Hinton wys daarop dat heelwat hoofstroom-, volwasseneliteratuur ook deur jong volwassenes gelees word. Andersyds is dit ook moeilik om fiksie wat spesifiek vir dié ouderdomsgroep geskryf word as maatstaf te gebruik, omdat romans wat soms deur skrywers vir die volwassenemark geskryf word, deur uitgewers (in Amerika) eerder vir die JV-mark aanbeveel en uitgegee word (2010: 4).

Volgens Crowe het dit vir die boekbedryf moeiliker geword het om alle boeke wat nie uitsluitlik vir volwassenes bedoel was nie as "kinderboeke" te klassifiseer. Boeke wat vir 18-jariges bedoel is, verskil wat inhoud betref byvoorbeeld van dié wat vir 12-jariges bedoel is. Rolspelers in die bedryf "... came up with categories that were supposed to do a better job of targeting books for the later stages of childhood: juvenile, middle grade, adolescent, young adult, etc." (1998: 122).

Crowe wys dan verder op die spesifieke probleme wat rolspelers in die Amerikaanse boekebedryf ervaar om presies te definieer wat FJV, as subgenre van die ouer jeugboek is, en watter boeke hierby ingesluit en uitgesluit moet word. Baie onderwysers en ouers dink FJV "is little more than cheap, pulp novels – the kind of stuff English teachers ought to teach their students to avoid". En verder: "The confusion about YA is made worse by the various and sometimes vague terms used to categorise books for young readers" (1998: 122).



© University of Pretoria

Die boeke wat onder die opskrif, FJV, in skoolbiblioteke aangetref word, wys duidelik op die onsekerheid oor presies watter boeke daar hoort. Crowe sê dat boeke soos Swift se *Gulliver Travels*, Dickens se *Great Expectations*, Stevenson se *Treasure Island* en Twain se *The Adventures of Huckleberry Finn* tipiese leesstof is wat soms onder die FJV-afdeling in Amerikaanse skoolbiblioteke aangetref sal word. By ander sal gewilde reeksboeke, gemik op jonger dogters van sowat 14 jaar, as FJV aangedui word. Dit sluit gewilde Amerikaanse reekse soos *Babysitters*, *Babysitters Club* en die *Sweet Valley*-reekse in (1998: 122).

Crowe kom tot die gevolgtrekking dat FJV alle literatuur is wat sedert 1967 verskyn het en geskryf is vir en bemark word aan jong volwassenes. Hy beskou Hinton se *The Outsiders* wat in 1967 verskyn het (kyk oorsprong van FJV hierbo, par. 5.2) as die eerste boek wat as FJV beskou kan word. Crowe sê dat, hoewel baie jong volwassenes ook jonger boeke of volwasseneboeke lees, hy FJV slegs beskou as fiksie wat spesifiek vir tieners tot en met sowat 18 jaar oud geskryf word (1998: 122).

Vandergrift skryf dat FJV dikwels beskou word "as a great abyss between wonderfully exciting and engaging materials for children and those for adults". FJV dui volgens haar op fiksie wat spesiaal vir tienerlesers geskep word en wat die probleme van 'n eietydse tienerlewe behandel. Hierdie dikwels "tienerprobleem-gesentreerde boeke" weerspieël die moeilike tyd waarin jongmense tot volwassenes ontwikkel. Dié boeke bied egter ook deur humor en fantasie ontsnapping vir dié ouderdomsgroep (2003: webartikel).

Vandergrift sê dat FJV, weens groter vryheid van vorm en inhoud, nader aan volwassenefiksie as aan kinderliteratuur beskou kan word. Baie lesers in die FJV-ouderdomsgroep lees in elk geval hoofsaaklik volwassenefiksie. Sosiale verandering en die massamedia het jongmense in dié ouderdomsgroep na vroeë volwassenheid gedwing, of gedwing om ten minste 'n skyn van volwassenheid voor te hou. FJV is boeke wat jongmense in hierdie fase help om hulle lewe beter te verstaan en te bedink, "and to provide a safe haven to accrue



© University of Pretoria

experience" (2003: webartikel).

Latrobe en Drury meen FJV is alle leesstof wat jong volwassenes lees. "What they are reading is often an overlapping set of works from picture books to graphic novels to adult fiction and nonfiction. The literature they choose or have access to, may or may not include the full range of subjects, genres, and reading levels that could meet their needs for pleasure and for personal, academic, and career information" (2009: 4).

Bucher en Hinton stem hiermee saam en sê dat FJV meer as net fiksie is omdat hierdie genre ook ander materiaal soos nie-fiksie, tydskrifte en outobiografieë insluit. Baie hiervan is nie in gedrukte formaat nie, maar digitaal (2010: 5).

Bucher en Manning sê dat, hoewel sommige kinder- en volwasseneboeke ook in die smaak van jong volwassenes val, hulle FJV beskou as literatuur wat primêr vir jong volwassenes geskryf word, en aan die volgende kriteria moet voldoen:

Hierdie boeke moet:

- jong volwassenes se ouderdom en ontwikkeling weerspieël, deur hulle leesvaardighede, denkvaardighede en belangstellingsvlakke in ag te neem;
- oor eietydse kwessies, probleme en ondervindinge handel waarmee jong volwassenes hulle kan identifiseer. Dit sluit onderwerpe in soos verhoudings met ouers en ander outoriteitsfigure, konfrontasie met siekte en dood, groepsdruk, dwelms, alkohol en seksuele eksperimentering, en die werklikhede van swangerskap en verslawing;
- eietydse wêreldperspektiewe, insluitende kulturele, sosiale en geslagsverskeidenheid in ag neem en omgewingsake, internasionale politieke tendense en internasionale interafhanklikheid weerspieël (Bucher & Manning, 2006 webartikel – my vertaling).

Vogels en Christenbury vat die aard van FJV goed saam wanneer hulle die genre soos volg tipeer:



© University of Pretoria

Tipiese FJV weerspieël die veranderinge wat adolessente ervaar terwyl hulle hul eerste treë in die grootmenswêreld gee, en leer om verantwoordelikheid vir hulle dade te aanvaar. FJV weerspieël hierdie ondervindings en konflikte en fokus op temas waarin jong volwassenes belangstel. FJV bevat meestal jong protagoniste en ander jong karakters, en is geskryf in 'n taal eie aan jong volwassenes. Dit is nie afgewater in terme van inhoud en styl nie en is dikwels gesofistikeerd, artisties en aangrypend. FJV ontwyk nie intriges wat eens slegs vir volwassenes oorweeg is nie, maar skrywers van FJV gebruik waarskynlik minder grafiese besonderhede rondom dié intriges. Hierdie boeke dra egter steeds die erns van die situasie oor. Dié boeke verveel nie; hulle onderwerpe is vir jongmense aantreklik en bevat dikwels opwindende en meesleurende intriges en karakters (Vogels, 1996 en Christenbury 1997, soos aangehaal deur Bucher & Manning, 2006: webartikel).

**5.5 Subgenres**

Die FJV-genre het sedert die laat sestigerjare veral in Amerika in verskeie subgenres ontwikkel. Die volgende is enkele van hierdie subgenres:

**5.5.1 Realistiese fiksie**

Realistiese fiksie (soms die "probleemboek" genoem) gebruik karakters, intriges, temas en omgewings om die wêreld soos jongmense dit ken en ervaar, en die probleme waarmee hulle te kampe het, te weerspieël. Namate jongmense ouer word, moet hulle leer om hulle vrese te oorkom, verantwoordelikheid te neem en probleme te hanteer wat verband hou met sake soos aanneming, egskeiding, gestremdheid, siekte, seksuele verhoudings, vervreemding, verandering in familie- en gesinstrukture, seksuele oriëntasie, alkohol- en dwelmmisbruik, en selfmoord. Realistiese fiksie beeld hierdie probleme uit. 'n Voorbeeld in die Amerikaanse literatuur is *Fat kids rule the world* van K.L. Going (2003) (Bucher & Hinton, 2010: 120, 125).



© University of Pretoria

### 5.5.2 Avontuur-, speur- en humorverhale

Bucher en Hinton meen dat avontuur-, speur- en humorverhale 'n gewilde genre binne die FJV-genre is omdat dit adolessente van daaglikse probleme laat ontsnap "na die wêrelde van gevaarlike situasies, spanning, tegnologiese geheime en humor" (2010: 152 – my vertaling).

Hulle wys daarop dat, volgens die Amerikaanse *Publishers Weekly,* minstens die helfte van die boeke vir volwassenes op die weeklikse nasionale topverkoperlys uit spanning- en speurverhale bestaan, terwyl boeke met avontuur en humor as tema gereeld topverkopers is. Dis waarskynlik een van die redes waarom die genre ook baie gewild by jong volwassenes is. Bucher en Hinton noem *The terrorist* van Carolyn Cooney (1997) as 'n voorbeeld in dié genre (2010: 152, 155).

### 5.5.3 Wetenskapfiksie en fantasie

Wetenskapfiksie en fantasie is besonder gewilde genres binne FJV, en die verkope van boeke soos *Harry Potter*, die *Lord of the Rings*-reeks en die gewildheid van Stephen King se boeke ondersteun dié stelling, meen Bucher en Hinton. Hulle is verder van mening dat dié boeke jong lesers van die werklikheid laat ontsnap en hulle laat glo dat die onmoontlike moontlik kan word, dikwels met die hulp van tegnologie (2010: 184).

### 5.5.4 Historiese fiksie

Bucher en Hinton meen dat die groei in gewildheid van skrywers wat historiese FJV skryf, soos Richard Peck (*A long way from Chicago*, 1998 en *A year down yonder*, 2000), toe te skryf is aan die feit dat hulle vir jongmense inligting verskaf oor die lewe, gebruike en ondervindinge van die verlede. Lesers word deel van die karakters uit 'n spesifieke era se lewens en bring die ervarings van die karakters met hulle eie lewens in verband (2010: 212).



© University of Pretoria

### 5.5.5 Biografieë

Biografieë word gewilde leesstof onder jong Amerikaanse volwassenes omdat dié boeke, volgens Bucher en Hinton, jongmense laat voel hulle luister af, of "neem deel aan 'n geskinder" (2010: 241 – my vertaling).

Dié skrywers sê dat biografieë belangrike bronne vir jongmense word om oor ander mense, hulleself, die geskiedenis en die samelewing in die algemeen te leer. 'n Voorbeeld is Diane Stanly se *Leonardo da Vinci* (1996) (2010: 241, 242).

Benewens hierdie hoofkategorieë word FJV in Amerika verder verfyn. Daar is onder meer:

### 5.5.6 Straatliteratuur

Hierdie boeke, ook genoem "urban fiction, hip novels, black pulp fiction, ghetto lit en gangsta lit" is fiksie "[that] have captured the interest of a sizable portion of an underserved young population: the urban African American teenager. Traditionally considered reluctant readers, many inner-city teens are now reading because of street lit" (Morris, Hughes-Hassell, Agosto & Cottman, 2006: 16, 22-23).

Die boeke handel oor die werklikhede van die stadslewe en sluit onderwerpe in soos dwelms, seks, geweld en die vrees vir jou eie lewe. Tipiese titels in die genre is *A gangster's girl* (Chunichi, 2004) en *B-more careful* (Holmes, 2001) (aangehaal deur Morris, Hughes-Hassell, Agosto & Cottman, 2006: 16, 22-23).

### 5.5.7 Lesbiese en gayfiksie

FJV het in die sewentigerjare homoseksuele karakters as jongmense uitgebeeld wat deur 'n "tydelike fase" gaan. Boeke soos *Ruby* (Guy, 1976) en *Happy endings are all alike* (Scoppettone, 1978), *I'll get there, it better be worth the trip* (Donovan, 1969) word as van die eerste lesbiese en gayfiksie in die FJV-genre



© University of Pretoria

beskou (Wikipedia*b*: webartikel).

Dié boeke is egter in 'n groot mate deur rolspelers in die boekebedryf geïgnoreer, is selde geresenseer en indien wel, was die resensies negatief. *Geography club* van Brent Hartinger (2003) is 'n voorbeeld (Wikipedia*b*: webartikel).

"Adults have been eager to have the genre moralised to perform a social service, while the adolescent has been eager for an understanding of society and his/her emerging, if continuing sexuality" (St. Claire, 2010, aangehaal in Wikipedia*b*: webartikel).

Dit was eers met *Annie on my mind* (Garden, 1982) dat homoseksualiteit uitgebeeld is as 'n gegewe wat nie "reggemaak" kon word nie. Sedertdien verskyn daar deurlopend FJV met gay- en lesbiese temas in Amerika, hoewel dit steeds hoofsaaklik deur kleiner uitgewers uitgegee word, en deur die groter uitgewers geïgnoreer word omdat dié boeke nie geld maak nie en steeds gereeld die spreekwoordelike “koue skouer” van konserwatiewe rolspelers binne die Amerikaanse letterkunde, soos kerkgroepe, kry (Hartinger, aangehaal deur Warn, 2003; Wikipedia*c*: webartikel).

**5.5.8 Chic-lit**

Chic-lit binne die FJV-genre word beskryf as romantiese fiksie wat vir jonger tienermeisies (sowat 14 jaar oud) bedoel is, meisies wie se lewe in beslag geneem word met planne om 'n metgesel vir die "prom" te verseker. Cadden beskryf dit die "gossip-oh-my-gawd-he's-so-cute-but-can-you-believe-what-that-bitch-said"-bedryf (Cadden, vervat in Wolf, Coats, Enciso & Coats, 2011: 304).

Hierdie baie gewilde genre wat vir topverkoopsyfers sorg, het deur die jare aansienlik verander en verouder (Rackley 2011: webartikel). Wolf wys op die ontwikkeling van dié subgenre in Amerika en die opkoms van die anti-heldin as heldin. Gewilde reekse soos die *Gossip Girl*-reeks en die *A-List*-reeks is voorbeelde; "... but there are no girlish identity crisis, no submissiveness to



© University of Pretoria

parents or anyone else. These girls [karakters in dié boeke] are empowered. But they are empowered to hire party planners, humiliate the 'sluts' in their classes and draw up a petition calling for cafeteria ladies serving their lunch to get manicures (Wolf, 2006: webartikel).

Wolf wys voorts op die eksplisiete uitbeelding van seks in die hedendaagse chic-lit. Die volgende aanhaling uit een van die gewilde *A-list*-reeks ('n reeks wat in opdrag van die uitgewer deur 'n aantal volwasse, getroude vroue geskryf word), illustreer hierdie punt:

"We used to jump each other, like, three times a night. When we went out to the movies, we'd sit by a wall and do it during the boring parts." Die heldin beveel dan "semi-sex" aan want orale seks: "that is so over" (Wolf, 2006: webartikel).

Daar word soms verskeie ander subgenres binne FJV geïdentifiseer en bespreek. Daar is byvoorbeeld boeke wat hoofsaaklik op aborsie fokus, soos *Promises are for Keeping* van Ann Renaldi (1982) (Banker, 1995).

Vir doeleindes van hierdie studie is dit genoeg om kennis te neem dat die FJV-genre die afgelope 40 jaar in Amerika sodanig ontwikkel het dat die genre nou uit verskeie subgenres bestaan.

**5.6 Ontwikkeling en tendense**

Die jong volwassene het 'n hoofspeler binne die Amerikaanse samelewing, veral die ekonomiese samelewing, geword. Jong volwassenes het dikwels 'n oorvloed sakgeld, soveel so, dat dit 'n sektor van die Amerikaanse samelewing is waarvan vanuit 'n ekonomiese oogpunt deeglik kennis geneem word.

Koss wys daarop dat, volgens die Magazine Publishers of America en die US Census Bureau, adolessente een van die segmente binne die Amerikaanse bevolking is wat die vinnigste groei, en sy haal verskeie kenners aan wat daarop wys dat dié vergrote "mark" tot meer produkte wat spesifiek op jong



© University of Pretoria

volwassenes gemik is, aanleiding gegee het. Dit het onder meer tot 'n groot toename in boeke vir die FJV-mark gelei. Dit het ook gelei tot ander leesmateriaal gemik op tieners soos webwerwe, tydskrifte en grafiese romans. Literatuur spesifiek op lesers tussen 13 en 19 gemik, het daarom die afgelope dekade ongekend toegeneem (Koss & Teale, 2009: 563).

Ná 1990 het elektroniese media soos die internet in 'n groot mate die rol van FJV oorgeneem deur tienerbelange, die tienerwêreld en tienerprobleme te belig. Dit het 'n afname in die verkoopsyfers van FJV tot gevolg gehad. Uitgewers moes nuwe planne bedink en in 'n poging om jong volwassenes weer te laat lees, het gewilde reekse soos *Fear Street* en *Sweet Valley High* hulle verskyning gemaak. Wetenskapfiksie en fantasie as genres wat jongmense interesseer, het toenemend as temas in FJV begin verskyn (Bucher & Hinton, 2010: 6-7).

FJV het dus sedert die genre se ontstaan in die laat sestigerjare 'n belangrike en winsgewende bron vir uitgewers in Amerika geword. Volgens Goodnow het die verkope van FJV tussen 1999 en 2005 met 25% toegeneem. Dié toename in verkoopsyfers kan aan die verbetering in gehalte en die groter sofistikasie van dié boeke toegeskryf word, meen Goodnow (2007: webartikel).

Uitgewers bedien deesdae met dié boek nie net jong volwassenes nie, maar ook volwassenelesers. Protagoniste is deesdae ouer, intriges is meer ingewikkeld en die dikwels eksplisiete en grafiese uitbeelding en verwoording van gegewens mag 'n weerspieëling van 'n meer gesofistikeerde tienerbevolking wees (Goodnow, 2007: webartikel).

Carpenter dui daarop dat die verkope van hardebandfiksie in Amerika gedurende die eerste helfte van 2009 met 17.8% gedaal het teenoor dieselfde periode in 2008. Kinderboeke en FJV wat in hardeband verkoop word, het in dieselfde tydperk egter met 30.7% gestyg, ten spyte van die resessie in Amerika (2010, webartikel).

Hutton sê dat televisie kinders op 'n baie jonger ouderdom as voorheen aan



© University of Pretoria

volwassene-onderwerpe blootstel, en dat rolprente wat voorheen met 'n ouderdomsbeperking vrygestel sou word, vandag as geskik vir kinders beskou word. Sy glo dat boeke in 'n sekere opsig hierdie tendens weerspieël. Die gevolg is dat FJV baie meer volwasse is en die werklikheid waaraan tieners blootgestel word, besonder realisties uitbeeld. "Kids tend to grow up faster, and the publishers saw this and put the product out" (Greco, 2007, aangehaal deur Hutkin, 2007: webartikel).

Ten spyte van gewilde reekse en gewilde genres soos fantasie en wetenskapfiksie wat jongmense weer aan die lees gesit het, het FJV tog verdiep en in sekere opsigte nog nader aan volwasseneliteratuur begin beweeg. Verskeie kenners druk hulle soos volg hieroor uit:

Hoewel Beckett nie spesifiek na FJV verwys nie, sê sy daar is minder beperkinge op jeugboeke, hulle het dikwels ingewikkelde strukture, gebruik meer simboliek en verskuilde betekenisvlakke, "... and certainly younger readers will not comprehend all elements, but this also applies quite often to adult readers of adult literature" (1997: 45).

Sy wys verder daarop dat jeugboeke in 'n toenemende mate op die vlak van volwasseneboeke beweeg "in terms of their poetics, increasingly 'readerly' texts, to use Roland Barthes's term, and have been replaced by more interactive 'writerly' texts whose messages to readers are more diffuse and subtle. These frequently elliptical texts require profound attention and cooperation on the part of the reader" (1997: 54).

Carpenter sê dat al hoe meer volwasse lesers deesdae FVJ lees. Voorheen was belangstelling hierin hoofsaaklik van volwassenes wat 'n pedagogiese belang daarby gehad het soos ouers, onderwysers en bilioteekpersoneel. "But increasingly, adults are reading YA books with no ulterior motives. Attracted by well-written, fast-paced and engaging stories that span the gamut of genres and subjects, such readers have mainstreamed a niche long derided as just for kids" (Carpenter, 2010: webartikel).



© University of Pretoria

Rackley sê die volgende oor FJV: "Forget that it is not for adults; forget that the target reading audience is 13- to 21-year-olds. Young literature is great literature. It captures the best part of fiction and jumps in with both feet" (2011: webartikel).

Crowe sê dat FJV diklwels as liggewig afgeskryf, gewoonlik deur mense wat nog nie FJV gelees het nie. Daar is baie boeke in die FJV-genre wat net soveel waardering van volwassenelesers sal ontvang as hierdie boeke net onder hulle aandag gebring word (2003: 95).

Cadden meen "the YA novel can be taken as a book for adults, especially in genres like fantasy and science fiction in which there is much less of a distinction made between YA novels and those for adults..." (Cadden, vervat in Wolf, Coats, Enciso & Coats, 2011: 304).

Hy meen ook dat FJV baie meer met volwassenefiksie as met kinderfiksie gemeen het (Cullen, vervat in Wolf, Coats, Enciso & Coats, 2011: 307).

Ander ontwikkelings in die genre was die verskyning van kortverhaalbundels met spesifieke FJV-temas, FJV-romans in versvorm, dagboeke en briewe. Visuele elemente is deesdae gemaklik deel van vele FJV-werke. Reekse soos *Harry Potter* het nuwe belangstelling in die wetenskapfiksie- en fantasie-genres laat ontstaan. Daar was ook veranderinge in styl, in die tradisionele lineêre verloop van stories, verskuiwende perspektiewe is aangewend (waarskynlik beïnvloed deur die interaktiwiteit en konnektiwiteit van die digitale media), daar was selfs verskeie genres binne een boek, en letterkundepryse spesifiek gemik op FJV is ingestel (Bucher & Hinton, 2010: 6-7).

Koss en Teale sê dat, hoewel die aantal titels binne die FJV-genre geweldig toegeneem het en al hoe meer die aandag van letterkundiges getrek het, daar nog geen diepte-ontleding van die boeke self, hulle inhoud en in watter mate hulle 'n bydrae tot adolessente-geletterdheid maak, gedoen is nie (2009: 564).



© University of Pretoria

Na 'n ontleding van 59 boeke maak hulle dan die volgende afleidings oor die stand en neigings binne FJV:

• Die meerderheid boeke wat ontleed is, is realistiese fiksie (sien definisie hierbo).
• Die meeste boeke beeld slegs een kultuurgroep uit, gewoonlik Europees/Amerikaans.
• 'n Groot aantal verhale het in 'n internasionale omgewing afgespeel.
• Godsdiens het bykans glad nie in die boeke voorgekom nie. Indien wel, was dit die Christendom.
• Heelwat boeke het oor fisiese gestremdheid gehandel.
• Hoewel FJV dikwels as probleemboeke geïdentifiseer word, boeke wat oor sosiale kwessies handel of 'n belangrike gebeurtenis uitbeeld wat die "coming of age" van 'n karakter beïnvloed, het die ontleding gewys dat, hoewel FJV steeds op dié kwessies fokus, daar 'n verskuiwing na 'n meer algemene fokus was van tieners wat sukkel om hulleself te vind en boeke wat die tipiese tienerlewe uitbeeld.
• Waar FJV gewoonlik in die eerste persoon geskryf word, en hoewel die ontleding daarop dui dat dit steeds die geval is, is daar in baie boeke van 'n verskeidenheid vertellerperspektiewe gebruik gemaak.
• Meer as die helfte van die boeke het 'n doodgewone storie op 'n doodgewone manier vertel, 'n kwart was liries geskryf en 17% van die skrywerstyle is as "overly dramatic" en "sappy" bestempel.
• Meeste van die boeke (81%) het 'n chronologiese narratief gevolg, maar nie almal het die tradisionele, lineêre, eenstempatroon gevolg nie. By byna 'n kwart van die boeke wat ontleed is, is die storie in elke hoofstuk deur 'n ander karakter vertel. Terugflitse is gewild en ander genres soos poësie word soms deel van die storie gemaak.
• Wat temas betref, is dit opvallend dat stories waarin karakters geboelie word, op die voorgrond tree.
• Aangesien die verandering in FJV binne veranderinge in die breër samelewing plaasvind, soos die groei in digitale kommunikasie en ander tegnologiese



© University of Pretoria

ontwikkelings, het sulke ontwikkelings 'n interessante invloed op FJV. Die ontleders sê dat dit wil voorkom asof skrywers meer risiko's neem en met nuwe vorms van aspekte soos vertellerstandpunt en struktuur eksperimenteer.

• Die ontleders kom tot die gevolgtrekking dat FJV 'n ryk bron verskaf om die dilemmas van menslike ervaring soos deur jeugdiges waargeneem, te ondersoek.

• FJV verskaf 'n gekontroleerde en veilige manier om met identiteit te eksperimenteer en die rolle wat jong volwassenes in die voortdurend veranderende wêreld wil speel (Koss & Teale, 2009: 563-572 – my vertaling).

FJV ontvang ook al hoe meer aandag van letterkundiges. Bucher en Hinton sê dat FJV nie meer vir erkenning in Amerika moet meeding nie, en dat beide die lesers en die genre self betekenisvol verander het sedert dié boeke se eerste opwagting in die sestiger- en sewentigerjare. Die boeke spreek nou direk tot tieners en nie meer tot onderwysers en biblioteekpersoneel nie. Namate die genre meer volwasse geword het, het die lesers meer gesofistikeerd geraak en ernstiger onderwerpe aangepak. Karakters het meer kompleks geword, en die grense van die genre het uitgebrei; skrywers ondersoek nou temas soos wreedheid en misdaad, persoonlike mishandeling en rassegeweld. Groepe wat voorheen in die genre geïgnoreer is, soos mense met alternatiewe seksuele voorkeure, mense met fisiese gestremdheid, en haweloses, se stemme klink nou ook in FJV op. Tegnologie het voorts 'n invloed op FJV met boeke wat in oudio-formaat beskikbaar is, of in MP3-formaat van die internet afgelaai kan word, skrywers het webwerwe en blogs om interaktiewe skakeling met lesers te bewerkstellig, en daar is in Amerika selfs 'n sosiale netwerk vir tienerliteratuur (Bucher & Hinton, 2010: 7-9).

**5.7 Nie net goeie nuus nie: Kritiek op FJV**

Die "verdieping" en die hantering van meer "volwassenetemas" in FJV, en veral die grafiese beskrywing daarvan, word egter nie oral verwelkom nie. Gurdon beskryf dié tendens soos volg:



© University of Pretoria

"How dark is contemporary fiction for teens? Darker than when you were a child, my dear. So dark that kidnapping and pederasty and incest and brutal beatings are now just part of the run of things in novels directed, broadly speaking, at children from ages of 12 to 18. Pathologies that went undescribed in print 40 years ago, that were still only sparingly outlined a generation ago, are now spelled out in stomach-clenching detail. Profanity that would get a song or a movie branded with a parental warning is, in young adult novels, so commonplace that most reviewers do not even remark upon them" (2012: webartikel).

Sy gaan dan voort om ernstige kommer uit te spreek oor die invloed wat dié "dark topics" op die ontwikkeling van die gemoed van die jong leser kan hê, en voel dat onderwerpe soos selfmutilasie lesers tot soortgelyke gedrag kan aanspoor. Sy maak ook daarteen kapsie dat ouers en ander persone wat tienerlesers van die lees van dié boeke wil weerhou, as hekwagters beskou word. "In the parenting trade, however, we call this 'judgement' or 'taste'. It is a dereliction of duty not to make distinctions in every other aspect of a young person's life between more or less desirable options" (2012: webartikel).

Daar is byvoorbeeld heelwat kritiek op die *Harry Potter*-reeks, (ook in Suid-Afrika) omdat dié boeke volgens kritici onder meer okkultiese ondertone het (Crowe 2001b: 146).

Crowe sê dat kritiek teenoor FJV hoofsaaklik in twee kategorieë val: diegene wat meen boeke in dié genre kan nie met "klassieke" werke vergelyk word nie, en dan diegene wat meen dat FJV 'n korrupte invloed op jongmense kan hê (2001b: 146).

Crowe erken dat nie alle FJV noodwendig van goeie gehalte is nie en dat swak geskrewe boeke en boeke wat as "trashy, or just plain dumb" beskou kan word, ook soms hulle weg na die drukker vind. Hy doen 'n beroep op mense wat die genre as geheel weens sulke gevalle wil verdoem, om nie hierdie uitsonderings as die reël te sien nie (1998: 122).



© University of Pretoria

In 'n ander, vroeëre artikel (2001) erken Crowe ook dat FJV nie die diepte en artistieke ontwikkeling van die klassieke werk het nie. Daar is egter wel 'n aantal boeke in die FJV-genre wat hy as klassiek en selfs briljant beskou, en op hulle hakke is daar 'n indrukwekkende versameling leesbare en vermaaklike boeke (2001: 146).

Crowe erken ook dat sommige boeke in die FJV-genre wel 'n negatiewe uitwerking op jong lesers kan hê, maar wys weer daarop dat die uitsondering nie as die reël gesien moet word nie. Oor kritiek op die sogenaamde "bleak" roman binne FJV sê hy: "Bleak stories are nothing new; just take a good look at *Oedipus Rex*, the tragedy of *King Lear*, or the *Grapes of Wrath*. The [YA] literary canon is not as bleak as these works, and it would be unfair to categorise the entire canon as dark, negative, and corruptive based on a few prominent stories" (2001: 149).

**5.8 Het FJV waarde vir lesers?**

Die waarde van FJV, of die gebrek daaraan, vir jong volwassenes is die afgelope vier dekades in diepte, veral in Amerika, gedebatteer, ondersoek en ontleed. Die algemene gevoel is dat FJV jongmense laat lees omdat dié boeke 'n realistiese weerspieëling van hulle werklikheid is en as "oorgang" na volwasse fiksie kan dien. FJV het dus die potensiaal om jong lesers in volwasse lesers te laat ontwikkel.

In Amerika word geglo dat FJV 'n groot rol te speel het om kinders aan die lees te sit of aan die lees te hou, ondanks die aanslag van die visuele media. Die waarde van FJV vir die Amerikaanse hoërskoolkurrikulum is deur die jare in diepte gedebatteer, soos reeds genoem. Bucher en Manning glo dat een van die maniere om jong volwassenes aan te moedig om te lees is deur "... high-powered young adult literature [that is] linked to content-area concepts and interpretative activities and discussions that engage the student". Literatuur behoort dus by die leerplan ingesluit te word wat leerders vasgenael hou en dié



© University of Pretoria

boeke moet "issue-based" wees (Bean, 2002 – aangehaal deur Bucher & Manning, 2006: webartikel).

Hutkin meen dat die feit dat tieners steeds lees ten spyte van videospeletjies en ander tegnologiese tydverdrywe, aan die groei in FJV toegeskryf kan word (Hutkin, 2007: webartikel).

Bucher en Manning (2006: webartikel) sê dat die grootste waarde van FJV daarin geleë is dat dié fiksie:

- adolessente oor die verskeidenheid binne menswees en die wêreld buite hulle gemeenskap onderrig;
- 'n genotvolle leeservaring verskaf;
- die verskeidenheid menslike emosies uitbeeld en adolessente toelaat om hierdie emosies te ervaar;
- die werklikhede van die lewe vir hulle ontsluier;
- 'n plaasvervangende ondervinding verskaf;
- op "noodsaaklikhede" fokus en adolessente daarom help om orde uit chaos te skep;
- die funksies van samelewinginstellings aan hulle beskryf;
- lesers toelaat om na 'n fantasiewêreld te ontsnap;
- lesers aan uitstekende skrywers en die leesaktiwiteit in die algemeen voorstel; en
- geletterdheid en die vermoë om literatuur te ontleed, bevorder (Bucher & Manning, 2006: webartikel – my vertaling).

Bucher en Manning sê voorts dat FJV as oorgangsliteratuur beskou kan word omdat leerders fiksie lees waarin hulle werklik belangstel en dit hulle nie net na die lees van volwasseneliteratuur sal lei nie, maar ook na "klassieke" werke. Hulle sê ook dat die gebruik van FJV nie net waarde in die taalklas het nie, maar dat 'n behoorlike letterkundige plan vir leerders op skool, wat samewerking tussen verskeie vakdissiplines binne die skool vereis, kan beteken dat dié boeke ook met vrug in ander vakke soos die wetenskap, sosiale studies,



© University of Pretoria

die kunste en liggaamsopvoeding gebruik kan word (Bucher & Manning, 2006: webartikel).

Morris, Hughes-Hassell, Agosto en Cottman sê dat straatliteratuur jong, swart, stedelike Amerikaners weer laat lees en 'n manier aan dié jongmense bied om probleme met hulle portuurgroep te bespreek. "Even though the stories provide little hope for a better life, they soothe the frightened and confused souls of anxious African American teens seeking confirmation and validation of their lives, as well as legitimisation of inner-city life." Die skrywers bepleit daarom dat die genre om dié rede ernstiger opgeneem moet word deur rolspelers in die boekebedryf (2006: 22).

In dié verband sê Bushman dat jong lesers meer met die karakters en intriges van FJV kan identifiseer, en al is van dié karakters vir volwassenelesers dalk ongeloofwaardig, hulle baie werklik vir adolessente lesers is; "... they offer hope to the young reader – hope that things can change, improve, succeed." En verder: "... perhaps the best reason for using young adult books [in school] is that they keep young people reading" (1997: 49).

Crowe kom tot die gevolgtrekking, nadat hy onderhoude met vele jong volwassenes gevoer het, dat jongmense veral binne die skoolomgewing uiters positief is oor FJV. Baie dui aan dat hulle nooit voorheen lesers was nie, maar nadat hulle met FJV kennis gemaak het, is hulle nou toegewyde lesers (2002a: 114-116).

Coats bepleit egter 'n benadering waarin FJV as "eindbestemming", met ander woorde as 'n selfstandige genre, erken en ontleed moet word en nie net as "deurgang" tussen kinder- en volwasseneliteratuur nie. Die vele verdienstelike boeke in dié genre verdien erkenning in eie waarde sonder om as net 'n tydelike oorgang na iets anders beskou te word (Coats, soos vervat in Wolf, Coats, Enciso & Jenkins, 2011: 315)

**5.9 Toekennings**



© University of Pretoria

Die erkenning wat in Amerika aan FJV gegee word, blyk onder meer uit die rits pryse wat jaarliks aan FJV toegeken word. Die toekennings gee erkenning aan die genre as 'n selfstandige en onafhanklike genre wat verskil van kinder- en jeugboeke vir jonger lesers.

Van die talle toekennings is die volgende die belangrikste:

• Die Newbery-toekennings word gegee aan die mees uitstaande boek in die genre wat die voorafgaande jaar verskyn het. In 2012 het *Dead End in Norvelt* deur Jack Gantos die toekenning ontvang (http://www.ala.org/alsc/awardsgrants/bookmedia/newberymedal/newberymedal).
• Die Margaret A. Edwards-toekenning word gegee aan 'n skrywer wie se boek "... provided YA with a window through which they can view their world and which will help them to grow and to understand themselves and their role in society" (Bucher & Hinton, 2010: 4). Sir Terry Pratchett het hierdie toekenning in 2011 vir verskeie van sy vorige boeke, soos *Small* ontvang (http://www.ala.org/yalsa/edwards).
• Die Michael L. Printz-toekennings word gegee aan die beste FJV-werk in die fiksie-, nie-fiksie-, poësie- en bloemlesing-subgenres (Bucher & Hinton, 2010: 4). Die 2012-wenner was *Where Things Come Back* deur John Corey Whaley (http://www.ala.org/yalsa/booklistsawards/bookawards/printzaward/previouswinners/winners).
• The National Book Award for Young People word toegeken in afdelings vir fiksie, nie-fiksie, poësie, literatuur vir jongmense en briewe. Die toekenning het in 2010 aan Jaimy Gordon vir *Lord of Misrule* gegaan (http://www.nationalbook.org/nba.html).
• The William C. Morris YA Debut Award word toegeken aan 'n debuutwerk binne die FJV-genre. *The Freak Observer* deur Blythe Woolston het die toekenning in 2011 ontvang (http://www.ala.org/yalsa/booklistsawards/bookawards/morris/previous).



© University of Pretoria

## 5.10 Slotsom

FJV is dus literatuur wat spesifiek vir adolessente lesers tussen die ouderdomme van sowat 15 tot 21 geskryf word, en hulle leefwêreld en probleme weerspieël. Die genre het in Amerika tot verskeie subgenres ontwikkel en word dikwels as nader aan volwassenefiksie as aan jeug- en kinderlektuur beskou. Dit word toenemend deur volwassenelesers gelees en waardeer. Die genre word ook toenemend gesofistikeerd en verskeie ontwikkelings in terme van styl en inhoud vind plaas. Die FJV-mark is 'n belangrike mark vir uitgewers in Amerika omdat die adolessentesegment in Amerika vinnig groei en 'n beduidende ekonomiese mag word. Die mark vir FJV groei derhalwe vinnig.

FJV het besondere waarde volgens kenners en die onderwysgemeenskap omdat dit fiksie aan jongmense beskikbaar stel waarmee hulle kan identifiseer en wat hulle leefwêreld weerspieël. Dié boeke lewer 'n groot bydrae om jongmense te laat lees of aan die lees te hou en word deur sommige kenners as 'n oorgang na die lees van klassieke werke en volwassenefiksie gesien. Die genre behoort egter ook as "eindbestemming" gesien te word. Weens die groei en toenemende sofistikasie van FJV behoort dit as onafhanklike genre waardeer en erken te word. Die vele literatuurtoekennings vir FJV in Amerika, en die toenemende erkenning vanuit akademiese geledere, dui reeds op dié soort erkenning.

## 5.11 FJV en oorkruisliteratuur in Afrikaans

*Oorgangsliteratuur* of die *oorkruisboek*, ook die sogenaamde "crossover"-boek genoem, is nie die fokuspunt van hierdie studie nie, maar omdat dié terme dikwels uitruilbaar met FJV gebruik word, is dit nodig om 'n onderskeid tussen die terme te tref.

Myns insiens is FJV, soos hierbo aangetoon, fiksie wat spesifiek vir jong volwassenes geskryf word. Oorkruisliteratuur daarenteen is fiksie wat aanvanklik vir volwassenes geskryf is, maar uiteindelik ook gewilde boeke by jong volwassenelesers geword het. Dit geld ook boeke wat oorspronklik vir jong



© University of Pretoria

lesers geskryf is, maar deur volwassenelesers ontdek en gelees word.

*The book thief* (Zusak, 2005) is 'n goeie voorbeeld van tipiese oorkruisliteratuur. Dié boek is in Suid-Afrika en Australië as 'n volwasseneroman bemark, maar was byvoorbeeld vir etlike weke op die topverkoperlys vir kinderboeke in Amerika (Goodnow, 2007: webartikel).

Fairer-Wessels en Van der Walt het reeds in 2004 op die vervaging van grense tussen literatuur-genres in die Afrikaanse letterkunde gewys. Hulle sê dat die oplewing en belangstelling in kinderliteratuur in Suid-Afrika toegeskryf kan word aan die feit dat die Afrikaanse letterkunde midde-in dié grensoorskrydings staan, veral die grensoorskrydings tussen jeug- en volwasseneliteratuur. Hulle verwys na Marita van der Vyver se *Die dinge van 'n kind* (1994) wat deur resensente as "'n baie spesifieke soort jeugboek" beskou is (2004: 96). Dié boek is oorspronklik as volwassenefiksie bemark en is uiteindelik deur lesers van alle ouderdomsgroepe gelees.

Van der Walt en Fairer-Wessels wys voorts op verskeie sogenaamde Afrikaanse jeugboeke wat nie meer gemaklik binne die jeugkategorie val nie omdat hulle dikwels omstrede onderwerpe aanraak. Boeke soos Maretha Maartens se *'n Pot vol winter* (1989), *Proefwedstryd vir Wikus*, Kobus Maree (1993), *Die reuk van appels*, Mark Behr (1993), *!Sit Oom Paul* van Johan de Waal (1995) en *Slinger-slinger* van Francois Bloemhof (1997) is voorbeelde (2004: 96).

Carpenter sonder boeke soos Stephenie Meyer se *Twilight-saga* (2009), Suzanne Collins se *The hunger games* (2008), Markus Zusak se *The book thief* (2005) en J.K. Rowling se *Harry Potter*-boeke (2001-2011) uit as boeke wat nie meer gemaklik in 'n konvensionele (jeugdige) kategorie pas nie (Carpenter, 2010: webartikel).

Volgens Freeland speel die toenemende verfilming van FJV 'n groot rol om titels in dié genre onder ouer lesers se aandag te bring en grense te laat vervaag. 'n Voorbeeld is *The sisterhood of the travelling pants* (2005). Hy noem ook die



© University of Pretoria

*Twilight-saga* (2009) en die *Harry Potter*-rolprente (2001-2011). Freeland meen dat skrywers van volwassenefiksie deesdae al hoe meer vir die FJV-genre skryf. Hy noem skrywers soos James Pattersson, Charl Hiaasen, Francine Prose en Terry Pratchett. Hy sê voorts dat bogenoemde rolprente volwassenes nuuskierig maak om die boeke te lees wat hulle kinders reeds lees, "[and this] extends beyond the gatekeepers who want to know what their kids are getting into" (aangehaal in Carpenter, 2010: webartikel).

Fairer-Wessels en Van der Walt haal Van Zyl (1988: 11) aan wat daarop wys dat volwasseneskrywers soos Eleanor Baker, George Weideman, Franci Phillips en Hans du Plessis ook tienerboeke geskryf het. "Terwyl die skrywers die grens gemaklik oorgesteek het, het die akademici nog probleme en soek na rede: 'Is dit omdat hulle [die skrywers] gelok word deur die eenvoudiger vertel van stories?' vra hulle geringskattend" (Fairer-Wessels & Van der Walt, 2004: 97).

Fairer-Wessels en Van der Walt meen voorts dat in enige sisteem die aard en intensiteit van veranderinge in die sentrum dikwels juis afgelees kan word uit daardie dinge wat hulle op die rand bevind. Oor die veranderinge in die jeugboek-genre sê hulle: "Nie net word daar openlik oor seks geskryf nie, maar hier gaan dit selfs oor seks oor die kleurgrens heen: 'n taboe wat net meer as twee dekades vroeër nog veroorsaak het dat 'n volwasseneroman soos *Kennis van die aand* van André P. Brink vir 'n lang tyd verban is" (Fairer-Wessels & Van der Walt, 2004: 97).

Nieman sê dat in die lig van globalisering en postmodernisme vele grense in alle aspekte van menselewens opgehef is. Dit het ook na die letterkunde oorgespoel. "Dit is interessant om te sien dat daar veral op die gebied van jeugliteratuur lustig meegedoen is aan die deurbreking en selfs totale opheffing van grense" (2005: 123). Sy wys ook daarop dat daar nooit konsensus was oor wat presies jeugliteratuur van volwasseneliteratuur onderskei nie.

Nieman haal die bekroonde jeugskrywer, Barrie Hough, aan wat vra: "Wie bepaal of 'n boek 'n jeugverhaal is of nie? Die skrywer? Die uitgewer? Die leser?



© University of Pretoria

Die akademici wat die boek voorskryf? Die karakters? As die ouderdom van die sentrale karakters in die boek as kriterium vir jeugverhale geneem word – soos algemeen gedoen word – beteken dit dan dat Harper Lee se *To kill a mockingbird* [1960] en die meeste van Charles Dickens se romans jeugverhale is? Waarom word hulle dan eerder deur volwassenes as deur die jeug gelees?" (Hough, 1989: 40, soos aangehaal deur Nieman, 2005: 124).

Nieman wys op boeke wat deur die geskiedenis gepubliseer is en oorspronklik vir volwassenes geskryf is, maar deur jeugdige lesers "aangeneem" is. Voorbeelde is *Robinson Crusoe* (Defoe, 1719), *Gulliver's Travels* (Swift, 1726), *Treasure island* (Robert Louis Stevenson, 1883) en *Catcher in the rye* (Salinger, 1951). Dié boeke is dermate deur jeugdige lesers hulle eie gemaak dat hulle tans as jeugboeke getipeer word (Nieman, 2005: 124-125).

Sy bespreek voorts 'n aantal boeke wat sy as tipiese oorgangsliteratuur in Afrikaans beskou, soos *Twee vir 'n stuiwer* van Hickey (1965). Nieman beskou dié boek as moontlik een van die eerste Afrikaanse boeke wat as oorgangsliteratuur in Afrikaans geklassifiseer kan word. Ander is *Voetpad na Vergelegen* van Chris Barnard (1987), wat verskyn het nadat Barnard reeds 'n gevestigde skrywer van volwassenefiksie was, Marita van der Vyver se *Die dinge van 'n kind* (1994), *Daar's vis in die punch* van Jackie Nagtegaal (2002), Barrie Hough se boeke, *Vlerkdans* (1992), *Skilpoppe* (1998) en Barrie Hough en Lizz Meiring se *Breek* (2002), Mark Behr se *Die reuk van appels* (1994) en Anoeschka von Meck se *Vaselinetjie* (2004) (Nieman, 2005: 124-125).

Soos voorheen genoem, word Von Meck se *Vaselinetjie* allerweë as 'n Afrikaanse oorkruisroman beskou. Beide Michelle Cooper van Tafelberg en Miemie du Plessis van Lapa Uitgewers beskou dit as 'n oorkruisroman in Afrikaans. Dié boek, wat oor 'n dogter se wedervaringe in 'n weeshuis handel, het volgens Miemie du Plessis oorkruisstatus behaal, onder meer oor die boek se ongewone, nie noodwendig jeugdige, omslag nie. Sy noem ook die lengte van die boek wat 'n faktor in die boek se oorkruisstatus was. Die boek is dikker as wat normaalweg die geval met 'n jeugboek is (Du Plessis, 2012: e-



© University of Pretoria

poskorrespondensie).

Die dunner jeugboek word egter deur uitgewers as maatstaf vir skrywers aanbeveel. Vir Lapa Uitgewers se jeugromankompetisie asook vir Tafelberg se Sanlamkompetisie vir Jeugliteratuur, word manuskripte van min of meer 45 000 woorde aanbeveel, die lengte van 'n aanvaarbare jeugboek dus. Uitgewers hou nie streng by dié bepaling nie. Die kandidaat is onlangs versoek om sy boek, *Willem Poprok* (232 bladsye) na 50 bladsye te verkort vir 'n voorlegging aan die Departement van Basiese Onderwys vir 'n moontlike voorgeskrewe werk vir leerders in Graad 8, omdat daar allerweë aanvaar word dat jeugdige lesers (*Harry Potter* ten spyt) "nie van dik boeke hou nie" (Cooper 2012: persoonlike mededeling).

Du Plessis meen dat daar nie FJV, op die Amerikaanse model geskoei, in Afrikaans is nie. Cooper meen weer dat die genres, FJV en oorkruisliteratuur wel in Afrikaans voorkom, maar dat dit ineengestrengel is. Daar is nog nie duidelike skeidslyne nie (Du Plessis, 2012: e-poskorrespondensie; Cooper, 2012: e-poskorrespondensie).

## 5.12 Samevatting

Die ontwikkeling van die Afrikaanse jeugboek en dié boek se oorskryding van grense word wel binne die Afrikaanse boekewêreld erken, maar steeds net informeel. Daar word van boeke wat oorkruisstatus verwerf het, kennis geneem en die status van dié boeke en hulle gewildheid word erken, maar verdienstelike boeke wat gemaklik binne 'n moontlike FJV-genre sou kon val, word nog nie erken nie.

Dit is duidelik dat FJV nog nie as erkende genre binne die Afrikaanse boekewêreld bespreek of beskou word nie. Die jeugboek word nog as 'n spesifieke kommoditeit binne die boekebedryf beskou, wat sekere besliste kenmerke het, op 'n kenmerkende wyse deur uitgewers en die boekebedryf hanteer en bemark moet word, en 'n spesifieke plek op die boekrak binne die



© University of Pretoria

biblioteek en die boekwinkel het.

In die volgende hoofstuk sal ondersoek ingestel word of die FJV-genre wel die afgelope twee dekades binne die Afrikaanse jeugboek-genre in Suid-Afrika kop uitgesteek het.



© University of Pretoria

# Hoofstuk 6: FJV in Afrikaans

## 6.1 Inleiding

Soos reeds genoem, ontvang die ontwikkeling van die ouer jeugverhaal en die moontlike bestaan van FJV in Afrikaans nog oppervlakkige aandag. Die doel van hierdie hoofstuk is om aan die hand van die ontleding van vyf jeugboeke te bepaal of hulle binne 'n moontlike FJV-kategorie in Afrikaans kan val.

## 6.2 Noulettende lees

Dit is waarskynlik onmoontlik om met enige ontleding ononderhandelbare grense daar te stel vir die waarskynlike leser van 'n spesifieke teks, veral 'n teks wat op ouer lesers gemik is. Latrobe en Drury sê dat noulettende lees ("close reading") aan Amerikaanse studente struktuur verskaf om geïsoleerd na 'n teks te kyk en dit te ontleed, en dat dit hulle leer om aktief na 'n teks te kyk en nie net passiewe verbruikers daarvan te wees nie (2009: 122).

"Elaine Showalter (2003: 98) explains that in the classroom she teaches young adults close reading 'as a deliberate attempt to detach [them] from the magical power of story-telling and [to] pay attention to language, imagery, allusion, intertextuality, syntax and form'" (Latrobe & Drury, 2009: 122).

Hulle verskaf 'n aantal riglyne vir noulettende lees na aanleiding van die agt belangrikste fiksie-elemente en verskaf 'n aantal vrae wat lesers oor 'n bepaalde element kan vra om die ontleding van 'n teks sinvol te maak. Dié elemente is: intrige, karakters, omgewing, toon (van skrywer), styl, gesigspunt, tema, toonaard van die verhaal. Nie alle vrae sal op 'n spesifieke teks van toepassing wees nie en hoef nie noodwendig in 'n spesifieke volgorde in 'n teks bespreek te word nie (Latrobe & Drury, 2009: 122).

Latrobe en Drury se uiteensetting van fiksie-elemente word vir doeleindes van die ontleding van vyf Afrikaanse jeugromans gebruik. Die doel is nie om almal



© University of Pretoria

in besonderhede te bespreek nie, maar neigings in dié boeke uit te wys wat hulle as FJV kan klassifiseer.

### 6.3 Latrobe en Drury se riglyne vir noulettende lees

#### 6.3.1 Intrige

• Hoe word die gebeure in die verhaal gerangskik? (chronologies, episodies, nie-lineêr)
• Wat is die aard van die konflik? (karakter teen karakter, karakter teen die natuur, karakter teen die samelewing, karakter teen self)
• Hoe wend die skrywer spesifieke tegnieke aan om die intrige te ontwikkel? (*in media res,* terugflitse, 'n storie binne 'n storie, voorspelling, 'n verteller, spanning, naelkou-oomblikke, 'n oop of geslote einde)
• In watter mate dra die ontwikkeling van die intrige tot ander literêre elemente in die teks by?

#### 6.3.2 Karakters

• Is die protagonis en die antagonis multidimensioneel?
• Is die hoofkarakters dinamies?
• Hoe word die karakters aan die leser voorgestel? (dialoog, voorkoms, gedagtes, handeling)
• Hoe reageer die karakters met ander elemente soos die intrige om letterkundige eenheid te skep?

#### 6.3.3 Omgewing (tyd, plek en stemming)

• Is die omgewing slegs die (oppervlakkige) agtergrond vir die storie of speel dit 'n rol om byvoorbeeld stemming te skep? Speel die omgewing 'n simboliese rol of word dit self die antagonis in die verhaal?
• Buiten dat die omgewing tyd en plek aandui of stemming skep, speel dit enige ander rol?



© University of Pretoria

### 6.3.4 Toon

• Wat is die skrywer se houding teenoor die materiaal? (komies, simpatiek, woedend, melancholies, skepties, vyandig, speels of neutraal ten opsigte van die leser, karakters, onderwerp, genre)
• Speel die skrywer se houding 'n rol in die leser se vertolking van die werk?

### 6.3.5 Styl

• Is daar iets unieks of eiesoortigs aan die skrywer se skryfstyl? Hoe gebruik die skrywer die volgende skeppend: keuse van woorde, beeldspraak, dialoog, beskrywing en struktuur?
• Watter rol speel die skrywer se styl om letterkundige eenheid te skep?

### 6.3.6 Gesigspunt

• Word die verhaal in die eerste, tweede of derde persoon vertel?
• Wat weet die verteller? Het die verteller toegang tot al die karakters se denke, slegs tot dié van een karakter of glad nie toegang tot enige karakter se denke nie?
• Watter karaktertrekke het die verteller? (betroubaar of onbetroubaar, onreëlmatig, outoritêr, interne monoloog, introspektief)
• Word die vertelling enduit vanuit dieselfde gesigspunt vertel?

### 6.3.7 Tema

• Wat is die tema van die verhaal en word hierdie tema eksplisiet in die verhaal aangedui, of word dit geïmpliseer?
• Hoe ontwikkel die tema in samehang met die ander elemente om letterkundige eenheid te bewerkstellig?

### 6.3.8 Toonaard van die verhaal



© University of Pretoria

• Is dit 'n romantiese, tragiese, ironiese of komiese verhaal?
• Hoe word die toonaard van die verhaal met ander elemente geskakel, soos die ontwikkeling van die hoofkarakter, die intrige se krisisoomblik of -oomblikke en die oplossing daarvan? (Latrobe & Drury, 2009: 122-125 – my vertaling).

**6.4 Die ontwikkelingsfases van die adolessent**

Latrobe en Drury se uiteensetting van die ontwikkelingsfases van ouer adolessente, die vaardighede wat hulle in dié ontwikkelingstadium moet bemeester, en FJV se bydrae in dié verband, sal ook kortliks met betrekking tot elke boek bespreek word. Soos reeds genoem, is dit gebaseer op die werk van Jean Piaget (kognitiewe ontwikkeling), Erik Erikson (psigososiale ontwikkeling), Robert Havighurst (menslike ontwikkeling), Robert Selman (sosiaal-kognitiewe ontwikkeling) en Lawrence Kohlberg (morele ontwikkeling) (Latrobe & Drury, 2009: 15-38).

**6.4.1 Kognitiewe ontwikkeling**

Dié studieveld binne die Sielkunde fokus op kognitiewe vaardighede soos denke, geheue, en taalvaardigheidsontwikkeling. Die kognitiewe sielkundige Jean Piaget het kognitiewe ontwikkeling in vier kenmerkende fases verdeel.

"In the *sensorimotor* stage, birth to 2 years, children learn by linking sensory experiences with activity and movement. In the *preoperational* stage, ages 2 to 7, children use language and play to understand their environments symbolically, being egocentric and thinking from one detail to another without generalizing. In the *concrete operational* stage, ages 7 to 11, children show the ability to reason logically, classifying objects, perceiving relationships, sequencing, and performing concrete operations, such as addition and substraction" (Latrobe & Drury, 2009: 15-17).

Die vierde fase, die formele operasionele stadium, geld vir die ouderdom 11 tot



© University of Pretoria

15 en ouer. Gedurende dié fase moet jongmense die vermoë ontwikkel om abstrak te dink sonder om konkrete voorwerpe te gebruik. Teen 15-jarige ouderdom behoort die meeste adolessente goed binne hierdie fase van kognitiewe ontwikkeling te funksioneer, met vermoëns soos:

- Introspeksie
- Abstrakte denke
- Kombinatoriese denke
- Logiese beredenering
- Hipotetiese beredenering

(Latrobe & Drury, 2009: 16-17 – my vertaling)

**6.4.2 Psigososiale ontwikkeling**

*Psigososiale ontwikkeling* verwys na die ontwikkeling van persoonlikheid en die ontwikkeling van sosiale vaardighede en houdings. Die psigososiale sielkundige, Erik Erikson, het agt fases in die ontwikkeling van die mens op hierdie terrein geïdentifiseer, waarvan die eerste vyf stadiums tot en met die ouderdom van 25 strek.

"Stage 1 – Trust/Mistrust (infancy)
Stage 2 – Autonomy/shame or doubt (early childhood)
Stage 3 – Initiative/guilt (play age)
Stage 4 – Industry/inferiority (school age)
Stage 5 – Identity cohesion/role confusion (adolescence)
stage 6 – Intimacy/isolation (young adulthood)
Stage 7 – Generativity/stagnation (adulthood)
Stage 8 – Integrity/despair (old age)" (Latrobe & Drury, 2009: 21)

Die vyfde stadium word hoofsaaklik met die psigososiale ontwikkeling van adolessente geassosieer. Van die vaardighede wat gedurende hierdie stadium verwerf moet word, en faktore wat gedurende dié fase tot frustrasie en 'n krisis vir adolessente kan lei, is die volgende:



© University of Pretoria

• *Prestasieverwagtinge teenoor magteloosheid.* Dit verwys na die adolessent se idealistiese soeke na 'n unieke manier om te presteer en faktore in sy of haar gemeenskap wat dié soeke kan frustreer en sodoende vir die adolessent 'n krisis veroorsaak. FJV kan adolessente help deur karakters uit te beeld wat trots vind in 'n aktiwiteit wat later in 'n loopbaan kan ontwikkel of kanse wat nie benut word nie, as die teendeel uit te beeld.
• *Leierskap en volgelingskap teenoor outoritêre verstrooiing.* Dit verwys na die adolessent se interaksie met die breër gemeenskap, en jongmense wat soms sukkel om 'n leier of volgeling binne hulle ouderdomsgroep te wees weens onrealistiese verwagtinge van dié rolle. FJV kan 'n bydrae gedurende dié fase lewer deur karakters te beskryf wat gemaklik is met hulle rolle as leiers of volgelinge, en outoriteit in verskeie sosiale omgewings aanvaar.
• *Self-sekerheid teenoor self-bewustheid.* Word self-sekerheid en selfversekerdheid binne 'n vriendelike omgewing soos die gesin aangekweek, of moet die adolessent sy portuurgroep gebruik om dié versekering te kry?
• *Eksperimentering met rolle teenoor fikserende rolle.* Van die adolessent word verwag om met rolle te eksperimenteer en nie te vroeg net een aan te neem nie. FJV kan karakters uitbeeld wat verskeie rolle moet balanseer binne bekende en onbekende omgewings.
• *Tydsperspektief teenoor tydverstrooiing.* Hier gaan dit oor die uiterste belewing van tyd as enersyds onmiddellik en dringend en die onrealistiese persepsie dat dinge nooit gaan verander nie. FJV kan die vraag vra of 'n karakter 'n realistiese siening van die verlede, hede en die toekoms het.
• *Seksuele identiteit teenoor biseksuele verwarring.* Die adolessent oorweeg sy of haar seksuele identiteit bewustelik en FJV kan die vraag vra of 'n karakter sosiaal gesproke gemaklik met sy of haar geslag voel.
• *Ideologiese verbintenis teenoor waardeverstrooiing.* Adolessente moet hulle tot 'n stel waardes verbind wat die samelewing as positief of minder positief sal beskou. FJV kan die vraag vra of karakters hulle tot 'n sekere ideologie of waardestelsel verbind (Latrobe & Drury, 2009: 20-26 – my vertaling).

### 6.4.3 Menslike ontwikkeling



© University of Pretoria

*Menslike ontwikkeling* of die *ontwikkelingsielkunde* bestudeer die fisiese en sielkundige ontwikkeling van die mens deur die hele lewensverloop. Robert Havighurst is bekend vir sy werk op dié gebied en veral die ontwikkelingstake wat hy gedefinieer het. Havighurst definieer 'n ontwikkelingstaak as 'n taak wat "arises at about a certain time in the life of an individual, successful achievement of which leads to his[/her] happiness and to success with later tasks, while failure leads to unhappiness in the individual, disapproval by the society, and difficulty with later tasks" (Havighurst, 1972: 2, soos aangehaal in Latrobe & Drury, 2009: 26).

Havighurst identifiseer die volgende ontwikkelingstake vir adolessente in dié verband. Latrobe en Drury wys daarop dat Amerikaanse FJV karakters uitbeeld wat hierdie take suksesvol bemeester. Hierdie suksesse is 'n belangrike funksie van FJV en die genre is daarom baie gewild onder adolessentelesers.
• Die aanvaarding van die eie liggaam en die vermoë om die liggaam doeltreffend te gebruik vir werk en ontspanning. Dié aanvaarding vervang die adolessent se pynlike selfbewustheid.
• Die bereiking van nuwe en meer volwasse verhoudings met albei geslagte in hulle ouderdomsgroep. Dié vriendskappe verg sosiale vaardighede waarop adolessente die res van hulle lewens gaan staatmaak.
• Die bereiking van 'n manlike, vroulike of ander identiteit vereis van die adolessent om die betekenis hiervan te onderhandel binne sosiale en kulturele veranderinge.
• Die bereiking van emosionele onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes verplig die adolessent om verby afhanklikheid en rebelsheid te beweeg na empatie en respek.
• Die vermoë om vir 'n loopbaan voor te berei, hang af van adolessente se ontdekking van wat hulle in die lewe wil hê.
• Die voorbereiding vir 'n huwelik en gesinslewe word 'n uitdaging binne veranderende sosiale strukture en vereis van die adolessent 'n positiewe ingesteldheid en emosionele volwassenheid.
• Die behoefte om sosiaal verantwoordelike gedrag te bereik, neem adolessente



© University of Pretoria

na 'n plek in die samelewing waar hulle betekenis vind.

• Die bereiking van 'n etiese stelsel verskaf aan jongmense betekenisvolle waardes (Latrobe & Drury, 2009: 27-28 – my vertaling).

### 6.4.4 Sosiale kognisie

*Sosiale kognisie* verwys na kognisie waarin mense hulle eie sosiale gedrag en dié van ander waarneem, daaroor dink, dit kategoriseer, en beoordeel (VandenBos, 2007: 1554, soos aangehaal in Latrobe & Drury, 2009: 29).

Robert Selman, onder meer bekend om sy sogenaamde perspektiefnemingsmodel (perspective-taking model) sê dat jongmense se sosiaal-kognitiewe ontwikkeling deur opeenvolgende stadiums gaan en dat elke stadium 'n herrangskikking van die vorige is, eerder as slegs die uitbouing van 'n nuwe stadium. Sy model bestaan uit die volgende stadiums.

• Die 0-stadium: Egosentriese gesigspunt
• Stadium 1: Sosiale inligting-perspektiefneming
• Stadium 2: Selfreflekterende perspektiefneming
• Stadium 3: Gelyktydige perspektiefneming
• Stadium 4: Sosiale en konvensionele perspektiefneming

Latrobe en Drury ontleed 'n tipiese FJV-boek om te illustreer hoe Selman se model toegepas kan word om te illustreer hoe perspektiefneming konflik oplos wanneer een karakter die perspektief van 'n ander inneem (Latrobe & Drury, 2009: 31).

### 6.4.5 Morele ontwikkeling

*Morele ontwikkeling* verwys na die verkryging van kennis oor wat reg en verkeerd is. Latrobe en Drury dui aan dat die sielkundige Kohlberg se vlakke en stadiums van morele ontwikkeling duidelik in FJV geïllustreer word.

Kohlberg identifiseer die volgende vlakke en stadia:



© University of Pretoria

• **Vlak 1: Die voorkonvensionele fase:**

*Stadium 1:* Gehoorsaamheid en straf. Neem 'n mens 'n besluit om straf te vermy?
*Stadium 2*: Uitruiling en kompromie: Neem 'n mens 'n besluit op grond van die verwagting dat 'n regverdige teenprestasie gelewer sal word?

• **Vlak 2: Die konvensionele fase**

*Stadium 3:* Konformasie en goedkeuring gebaseer op die beduidende ander. Word 'n besluit geneem op grond van die verwagtinge van familie en vriende?
*Stadium 4:* Konformasie en goedkeuring gebaseer op die samelewing en outoriteitfigure as finale skeidsregters. Neem 'n mens 'n besluit op grond van outoritêre en gevestigde konvensies en vaste reëls?

• **Vlak 3: Die na-konvensionele fase**

*Stadium 5:* Oorwegings met verwysing na sosiale kontrak of persoonlike lojaliteite. Word 'n besluit byvoorbeeld geneem op grond van verhoudingspesifieke oorwegings of konteksgebonde faktore?
*Stadium 6:* Beginsels en gewete. Is besluite byvoorbeeld in lyn met geregtigheid en universele menseregte? (Latrobe & Drury, 2009: 33-34, my vertaling).

Latrobe en Drury se ontleding van die bogenoemde ontwikkelingstadiums soos uitgebeeld in verskeie Amerikaanse FJV, bied 'n handige riglyn om te bepaal of die ouer Afrikaanse jeugboek 'n soortgelyke rol speel.

## 6.5 Ontleding

Die vyf boeke wat hieronder ontleed word, is gekies op grond van hulle (oorwegend) lae verkoopsyfers en omdat hulle myns insiens 'n groot rol kon speel om jong volwasses te laat lees, en selfs deur volwassenelesers gelees sou word as daar 'n groter poging was om hulle aan dié leessektor te bemark.



© University of Pretoria

Hierdie is net enkeles. Daar is heelwat meer wat onder die loep geneem sou kon word.

### 6.5.1 *Slinger-slinger*, Francois Bloemhof (1997, Tafelberg)

*"Meneer De Villiers sou wel simboliek daarin kon vind; hy kan simboliek in enigiets vind. Hy sou gesê het Stephan se wegtrek op die fiets is simbolies van dié stadium in sy lewe; hy soek nog rigting, vastrapplek. As hy eers momentum het, sál hy vorder. Die die-kant-toe-daai-kant-toe-gevoel, as dit jou smaak die lewe slinger jou waar hy jou wil hê, maar nooit waar jy wil wees nie, dis nódig."* (65)

*Slinger-slinger* is bekroon met die 1996-Sanlamprys vir Jeuglektuur in die beginnerkategorie. Die boek het swak verkoop, het heelwat negatiewe publisiteit in die media ontvang oor die "kontroversiële" inhoud daarvan, en is nie meer in druk nie (Cooper, 2012: e-poskorrespondensie).

Die boek handel onder meer oor 'n 17-jarige seun se eerste seksuele ervaring, seksuele molestering en homoseksualiteit.

Die titel, *Slinger-slinger,* het meerduidende betekenis. Enersyds verwys dit na die hoofkarakter, Stephan, en sy beste vriend, Derek, wat na hulle geslagsorgane as "slingers" verwys, maar ook na die rits huisies by die see waar die gebeure afspeel tydens die seuns se Desember-vakansie, voordat hulle hulle matriekjaar sal begin. Die vier huisies is die bekende vakansiebestemming van 'n aantal gesinne wat jaarliks daar vakansie hou. Die pa's van die gesinne doop die huisies een aand nadat daar vleis gebraai en baie bier gedrink is, om die karaktertrekke van die eienaars se "slingers" te weerspieël. Daar is dus *Krom Slinger, Stout Slinger, Dik Slinger* en *Jollie Slinger*, name wat op veelkleurige bordjies voor die vakansie-huisies pryk. Die titel verwys egter ook na die soeke na sin en identiteit en die onsekerheid wat tipies deel van 'n 17-jarige adolessente seun se "slingerende" lewe is.

Stephan en Derek sien uit na hulle jaarlikse seevakansie voordat hulle finale



© University of Pretoria

jaar op hoërskool aanbreek. Hulle praat oor meisies en seks en oor 'n opwindende fietswedren waarvoor hulle hard oefen en wat binnekort op die vakansiedorpie sal plaasvind.

Die storie ontvou chronologies, word in die derde persoon vertel, en die skrywer steun sterk op die innerlike monoloog van die hoofkarakter, Stephan, om die gebeure vir die lesers te verwoord. Stephan se gedagtes skets die karakter se onsekerheid oor homself, of meisies hom aantreklik sal vind en wat vir hom in die toekoms voorlê.

Stephan raak verlief op 'n meisie wat nog nie voorheen daar vakansie gehou het nie. Lisa het nie meer 'n ma nie en het 'n eienaardige verhouding met haar pa, wat haar nie onder sy oë wil laat uitgaan nie. Dit lei tot skelm ontmoetings tussen Stephan en Lisa en uiteindelik Stephan se eerste seksuele ervaring.

Die wedywering tussen Stephan en Derek om die fietswedren te wen, is 'n belangrike subtema in die boek.

Hierdie tipiese grootwordstorie van 'n adolessente-seun bring ook vir Stephan ontnugtering met gesagsfigure. Sy ouers is "afwesig", hy betrap Derek se weduweema terwyl sy seks met 'n getroude buurman het (Stephan was onder die indruk dat die buurman en sy vrou gelukkig getroud is), en dan ontdek hy dat Lisa reeds jare lank deur haar pa seksueel misbruik word. Uiteindelik is daar ook die ontdekking dat Derek op hom verlief is.

*Slinger-slinger* se sterk punt is die realistiese en geloofwaardige uitbeelding van die wêreld van 'n tienerseun, die soeke na rigting, die ontnugtering en die aanvaarding dat 'n fiets se stukkend gesnyde fietsbande, wat op die oggend van die wedren ontdek word en Stephan verhoed om deel te neem, uiteindelik vervangbaar is.

Die karakterisering is oortuigend en die leefwêreld van die 17-jarige seun word oortuigend geskets. Die natuurlike belangstelling in seks *("...hulle sê mans dink*



© University of Pretoria

*elke vyf minute daaraan. Ek sou eerder sê dis elke twéé minute!"*) (19), maar daar is ook twyfel.

*"Maar nou, noudat hulle tot hier gevorder het, is hy bang. Hy kyk na die toe deur: wat as iemand inkom? Maar hy weet niemand sal nie, en dat hy verskoning soek om nie voort te gaan nie. Want hy besef skielik hy is nog nie reg hiervoor nie."* (61)

Die nóg-seun-nóg-man-onsekerheid word verder geïllustreer deur die volgende:

*"In die slaapkamer skop Lisa haar skoene uit en rol haar jeans sonder seremonie af. Die broekie ook. Die donker kol tussen haar bene laat hom dink aan die ingang van 'n betowerende grot; hy sal daar ingaan en hy sal nooit weer dieselfde wees nie. Nooit weer 'n kind nie.* (61)

Stephan se fassinasie met sy nuwe fiets, word dikwels lyflik uitgedruk:

*"Stephan streel oor die handvatsels. Dit herinner hom aan die lyn tussen 'n meisie se bors en heup. Hy wens hy kan 'n slag stadig streel oor daardie deel van 'n meisie..."* (13)

En: *"Hy kyk hoe slim die fiets aanmekaargesit is. Net so is sy liggaam ook – alles werk soos dit moet. Maar anders as die fiets, het hy niemand om dié werking mee te deel nie."* (17)

Terwyl Stephan gereeld aan seks dink, is daar benewens die begeerte na seksuele eksperimentering en die meegaande onsekerheid daaroor, ook dubbele standaarde. Hy is kriewelrig omdat hy dink sy suster Angelica bied haar op 'n skinkbord vir Derek aan.

Die fiets word ook simbool van bevryding en Stephan en Derek se oggendritte om vir die wedren te oefen, word dikwels in besonderhede as 'n bevrydende ervaring geskets.



© University of Pretoria

*"Dis hy en sy rooi vuurpyl, hy en die kleurryke klere, hy en die sissende wiele. 'n Motor steek verby, maar hy is seker hy sou dit kon inhaal as hy regtig wou. Hy het daardie stadium bereik dat enigiets moontlik is."* (14)

Die tienerbeheptheid met die uiterlike en die aanvaarbaarheid daarvan, kom dikwels aan bod, en Stephan bekyk sy gesig en die res van sy lyf gereeld krities voor die spieël en beraam planne om byvoorbeeld sy haarstyl te verander om hom meer aantreklik vir meisies te maak.

Die dialoog is natuurlik en is tipiese tienertaal wat die leefwêreld van die moderne adolessent weerspieël.

Die ontwikkeling van die karakters is geloofwaardig en 'n verdere sterk punt van die verhaal. Wanneer hy huis toe gaan ná die vakansie, weet Stephan hy het verander. Daar is die besef dat gesagsfigure dikwels voete van klei het, dat 'n seksuele verhouding sekere gevolge het, en die feit dat sy beste vriend, Derek, homoseksueel is en op hom verlief is, nie noodwendig die einde van 'n vriendskap beteken nie.

Dié aspek word sensitief hanteer en ontvang subtiel aan die einde van die verhaal aandag. In 'n roerende toneel stort Stephan en Derek oudergewoonte saam na 'n fietsoefening en Stephan draai skaam sy lyf van Derek weg terwyl hulle stort.

*"Toe vra Derek: 'Is dit só erg?'*
*'Wat?' al weet hy [Stephan] wat.*
*'Ek gaan jou nie gryp nie. Ek wil pals bly.'*
*'Okay.' Hy lag verleë. 'Ek ís nog jou pal.'*
*Hy kom agter hy bedoel dit toe hy sy hand op Derek se skouer sit. Verdomp, hy gaan nie jare se vriendskap weggooi, en dit net omdat Derek anders is as hy nie!*
*Toe hulle afdroog, draai hy nie weer sy rug nie."* (77-78)

Stephan leer dat stukkende fietsbande wat hom verhoed het om deel te neem



© University of Pretoria

aan die kompetisie waarna hy baie uitgesien het en waarvoor hy baie hard geoefen het, nie opweeg teen die seksuele misbruik wat Lisa oor jare van haar pa moes verduur nie.

Hy leer dat moeilike situasies hanteer moet word. Daar is byvoorbeeld 'n fisiese konfrontasie tussen hom en Lisa se pa, en hy oorreed Lisa uiteindelik om hulp vir die mishandeling te gaan soek.

### 6.5.2 Evaluering

*Slinger-slinger* pas gemaklik in die FJV-subgenre wat in Amerika as "realistiese" fiksie vir jong volwassenes beskou word. Dit beeld die ervaringswêreld van die 17-jarige tienerseun realisties uit; myns insiens sou die boek nie dieselfde trefkrag gehad het as die seksuele gegewens weggelaat was nie.

Die boek oortuig in hierdie opsig besonder goed en die meeste Afrikaanse tienerseuns sou by die boek aanklank kon vind, sonder dat hekwagters bekommerd hoef te wees dat die gegewens jong lesers in die verderf sou lei.

Die boek beeld ook verskeie adolessente vaardighede uit soos hierbo bespreek, en in dié opsig sou dit 'n bydrae kon lewer om rigting aan veral 17-jarige seunslesers oor 'n verskeidenheid lewensvaardighede te gee. Enkeles is psigososiale ontwikkeling en leierskapvaardighede teenoor 'n volgelingrol, soos Erikson beskryf. Stephan tree as leier op die voorgrond (die konfrontasie met Lisa se pa), ontwikkel selfvertroue en aanvaar sy liggaam – verdere ontwikkelingstake wat Erikson beskryf (in Latrobe & Drury, 2009: 20-26). Hy kweek meer volwasse verhoudings aan, onder meer met Lisa en Derek (sien Havinghurst in Latrobe & Drury, 2009: 15-38), perspektiefwisseling help hom om Derek se homoseksualiteit te aanvaar (sien Selman in Latrobe & Drury, 2009: 31), en daar is moraliteitsontwikkeling, onder meer sy verdoeming van die buite-egtelike verhouding tussen Derek se ma en die buurman – Kohlberg se tipiese na-konvensionele fase (in Latrobe & Drury, 2009: 33-34).



© University of Pretoria

Myns insiens is *Slinger-slinger* dus 'n tipiese boek wat binne die FJV-genre val en beslis ook deur volwassenelesers gelees en waardeer sou word indien hulle van die boek bewus was.

### 6.5.3 ***BreinBliksem*, Fanie Viljoen (Tafelberg, 2005)**

*"Warning: Hierdie is nie 'n boek wat jou gaan laat beter voel oor jouself nie. Dit gaan nie vir jou vertel wat die meaning of life is nie. Dit gaan jou nie help om jouself 'te vind' nie. As Mamma en Pappa nie daarvan hou dat jy Afrikaanse boeke lees met Engelse woorde tussenin nie, kan jy die volgende nou doen:*

- *Moer die boek weg.*
- *Gaan vra die boekwinkel waar jy dit gekoop het of jy dit kan omruil vir een van daardie maak-jou-lewe-sommer-self-pragtig-mooi-in-tien-maklike-stappe-boekies.*
- *As jy die boek by die boekwinkel gesteel het, moet jy dit maar stilletjies gaan terugsit en een van die maak-jou-lewe-sommer-self-pragtig-mooi-in-tien-maklike-stappe-boekies steel.*
- *Jy kan die blaaie uitskeur en dit gebruik om 'n ietsie te rook.*
- *Jy kan die boek stilletjies op die toilet lees waar Mamma en Pappa jou (hopelik) nie sal pla nie."* (1)

*BreinBliksem* was medewenner van die Sanlamprys vir Jeuglektuur, 2005. Die boek het die goue prys met Francois Bloemhof se *Nie vir kinders nie* gedeel, en albei boeke het heelwat mediadekking gekry vanweë die "kontroversiële" inhoud daarvan.

*BreinBliksem* het as gevolg hiervan redelik verkoop (maar dieselfde geld nie *Nie vir kinders nie*). *BreinBliksem* is 'n moeilike boek om te bemark, sê die uitgewers (Cooper, 2012: e-poskorrespondensie).

Die boek is wel deur enkele privaatskole voorgeskryf, en nadat dit in 'n suksesvolle toneelstuk omskep is, het dit onder die aandag van 'n breër publiek gekom. Die boek spog steeds nie met goeie verkope nie.



© University of Pretoria

In die breë handel dit oor twee vriende, Kerbs en Burns, 18/19 jaar oud, werkloos, uitsigloos en ontnugter in Bloemfontein se voorstedelike lewe. Die hoofkarakter, Burns, se gesinslewe word met humor (en afgryse) binne die eerste paar bladsye geskets. Die pa gebruik pornografie-tydskrifte om spanning te verlig, die ma leef op kalmeerpille, en dan is daar Burns se suster, Kelly:

*"My suster is 'n jaar ouer as ek. Negentien. Sy was eens die modelkind en het onderskeidings gekry vir al haar vakke tot graad 9. En toe besluit sy: what the fuck. En sy gooi haar bene oop. Veertien boyfriends, twee blou oë en een aborsie later vat sy ook nie meer kak van my pa-hulle nie."* (12)

'n Popkonsert, getiteld, *BreinBliksem*, by die Allemanskraaldam in die Vrystaat, word Burns, Kerbs en 'n derde vriend, Sky, se korttermynbestemming. Hulle steel Burns se pa se kar om hulle by dié bestemming te bring. Kerbs het 'n paar aande tevore, met Burns se hulp, by laasgenoemde se ma se BMW ingebreek en onder meer 'n radio en 'n duur sonbril gesteel wat verpand is om die rit na die Allemanskraaldam te finansier.

Op pad laai hulle 'n duimgooier op, wat *Partygirl* gedoop word. Dis die ene opgewondenheid en spitsvondighede. By die feesterrein word baie alkohol en ietwat meer substansiële troosmiddels geniet, en saam met die musiek en die plesierigheid neem die roman onverwags 'n ernstige wending. Partygirl word verkrag en vermoor en feite oor aandadigheid vervaag by die hoofkarakters.

Terug by die huis spook Burns met wat werklikheid en versinsel is en besluit uiteindelik om die pad terug Allemanskraaldam toe aan te pak om uit te vind of daar 'n graf is waar Partygirl begrawe is. Hy is skielik bang vir Kerbs wat hy as die verkragter en moordenaar onthou. En dan sien hy kort-kort iemand op straat wat soos 'n lewende Partygirl lyk.

*BreinBliksem* volg 'n chronologiese verloop. Die verhaal word in die vorm van 'n CD aangebied, met elke hoofstuk wat 'n titel van 'n CD-snit het. Daar is onder meer: *Track 3 – Die storie van die drie B'tjies en hoe ek alles kom opfok het, Track*



© University of Pretoria

*6: Dinge wat Sky sê frighten mens partykeer, Track 8: Ons maak soos beesmis en val in die pad.* Die vertelling in die eerste persoon werk goed omdat dit die leser in staat stel om die hoofkarakter, Burns, se ervarings en onsekerhede eerstehands te beleef. Die dialoog tussen die drie hoofkarakters is realisties en die skrywer gebruik dit om die karakters en hulle leefwêreld aan die leser voor te stel.

*"Ons stap in by Musica met sy industrial look. Daar is dadelik iemand by ons, 'n swart girl.*
*'Can I help you with anything?'*
*'Ja, 'n blowjob,' haak Kerbs af. Sy loop vinnig weg, lekker die moer in.*
*'Fok, Kerbs, vir wat sê jy sulke goed?' vra ek.*
*Kerbs trek sy skouers op. 'Wat weet sy in elk geval van Green Day?'"* (21)

*BreinBliksem* is 'n goeie voorbeeld van fiksie waarin die skynwerklikheid aan bod kom. Die leser word gou bewus dat die werklikheid nie noodwendig dit is wat hy of sy nou hier beleef nie. Viljoen waarsku reeds vroeg in die boek deur middel van die hoofkarakter:

*"Ek glo nie alles wat ek lees nie.*
*He, he, he :-)*
*Dink jy genuine my pa het daar gesit sonder 'n broek? Dis nie waaroor hierdie storie gaan nie. Los dit maar vir die koerante. (Ek weet in any case nie waarom kinders toelaat dat sulke goed met hulle gebeur nie. Hulle weet obviously nie waarom daar skerp messe is nie.)*
*Sorry, ek het vir jou gelieg oor die broek-ding."* (8)

Is Burns, Kerbs en Sky verskillende karakters, of fasette van dieselfde karakter? Is Burns 'n skisofreen wat werklik aan die einde van die verhaal in 'n inrigting vir geestelik versteurdes beland?

*BreinBliksem* is 'n boek wat tegnies vernuftig geskryf is. Die raak uitbeelding van die hoofkarakters (of is dit dieselfde karakter?) word doeltreffend deur



© University of Pretoria

dialoog geteken, en die leser herken hulle maklik. Viljoen se dikwels vreesaanjaende, maar raak beskrywing van die popkonsert en die jeugdiges wat dit bywoon, is besonder geloofwaardig. Burns se innerlike monoloog, sy onsekerheid, en die gesukkel om tussen feit en fiksie te onderskei, en die boek se uitstekende dialoog, maak *BreinBliksem* myns insiens 'n mylpaal in die Afrikaanse jeugliteratuur. Dit is 'n boek wat grense verskuif het en die aandag van 'n baie wyer lesersgehoor verdien het.

'n Mens het begrip daarvoor dat die eksplisiete uitbeelding van seks en geweld in die boek baie hekwagters genoop het om die boek eerder te ignoreer omdat hulle moontlik kon dink dat die gebeure jong gemoedere kon ontstig en nadelig kon beïnvloed. Die verkragtingstoneel word byvoorbeeld soos volg beskryf:

*"Waar is die mes? Ek voel tussen die klomp verfrommelde slaapsakke. Kerbs is weer bo-op Partygirl. Sy broek afgetrek oor sy boude. Sy hand oor haar mond. Waar is die mes? Ek gooi die slaapsakke op 'n hoop, voel in die donker. Die fokken, fokken donker. Ek hoor Partygirl probeer skree onder Kerbs se hand. Sien hoe sy boude begin stoot. Shit, nee!*

*'Kerbs!' skree ek. 'Fok, Kerbs, stop dit! Jou doos!'"* (52)

Die boek betrek ook grafiese elemente. Soos reeds genoem, verskyn elke hoofstuktitel as 'n snit wat op 'n CD-speler aangetoon word. Op bladsy 18 verskyn byvoorbeeld 'n plakkaat wat die popkonsert aankondig, terwyl SMS'e deur die boek in klein blokkies wat 'n selfoonskermpie voorstel, aangedui word. Die boek se fyn, afgeronde struktuur, hiper-realistiese uitbeelding van 'n segment binne jong volwassenheid, uitstekende dialoog en subtiele vrae oor waarheid en skynwaarheid maak dit myns insiens 'n werk van hoogstaande literêre gehalte.

Soos voorheen genoem, sou lesende tieners wat sekerlik al met soortgelyke volwassenemateriaal in aanraking was, sulke gebeure (moontlik van minder letterkundige meriete) al onder oë gehad het.



© University of Pretoria

### 6.5.4 Evaluering

*BreinBliksem* val ongetwyfeld in die realistiese kategorie binne die FJV-genre. Dit bevat ook 'n goeie dosis skynwerklikheid, soos die Amerikaners dit noem. Dit beeld 'n segment van jong volwassenheid (werkloos, uitsigloos, op soek na onmiddellike bevrediging, waarde-loos en ontnugter in gesagsfigure), oortuigend uit. Dit is te betwyfel of die gegewe deur ouer hoërskoolleerders anders as fiksionele gegewens beskou sou kon word; hulle beleef in elk geval waarskynlik normaalweg veel erger op televisie en in rolprente.

Wat die aanleer van adolessente-vaardighede betref, is die boek 'n uitbeelding van jong volwassenes wat nie die nodige vaardighede tydens adolessensie verwerf nie.

Daar is 'n gebrek aan morele ontwikkeling – Kohlberg (in Latrobe & Drury, 2009: 34), sosiale vaardighede – Selman (in Latrobe & Drury, 2009: 31), 'n gebrek aan insig dat vaardighede 'n beter lewe tot gevolg kan hê, 'n gebrek aan 'n verantwoordelikheidsin, met spesifieke, negatiewe gevolge wat duidelik in die boek uitgebeeld word, en 'n algemene gebrek aan emosionele ontwikkeling – Havinghurst (in Latrobe & Drury, 2009: 15-38). Die gebrekkige adolessente-ontwikkeling is 'n tema wat jong volwassenelesers maklik sou snap.

Die boek se negatiwiteit dra dus eintlik 'n positiewe boodskap. Die boek sal moontlik ook menige jong leser (veral seuns) met ander oë na die leeservaring kon laat kyk. Op suiwer letterkundige oorwegings kon dit waardering by baie volwassenelesers ontlok het as hulle maar net van die boek se bestaan bewus was.

### 6.5.5 *Nie vir kinders nie*, Francois Bloemhof (Tafelberg, 2005)

*"Niks is heilig nie, dit was ook nie vir die generasies vóór ons nie. Hulle het mense doodgemaak en alles. Hulle kla oor ons, maar dis hulle wat gesorg het vir apartheid en goed soos een van die hoogste egskeidingsyfers ter wêreld; of ís dit*



© University of Pretoria

*die hoogste? Jy kan nie eens behoorlik teen hulle beginsels rebelleer nie, dis so blêrrie vaag. Hulle sê oud word is nie vir sissies nie. Ek sê om groot te word is nie vir kinders nie."* (25)

Soos bo genoem, het *Nie vir kinders nie* die goue prys in die Sanlamprys vir Jeuglektuur in 2005 met Fanie Viljoen se *BreinBliksem* gedeel. Die boek het nie goed verkoop nie en is nie meer in druk nie. Weer is die inhoud as "kontroversieel" beskou, hoewel Bloemhof myns insiens daarin slaag om die val van 'n held en die potensieel sensasionele gegewe wat daartoe aanleiding gee, geloofwaardig, maar beheersd en met deernis uit te beeld.

Tim se val van pasverkose onderhoofseun vir die volgende jaar in 'n skool in die Kaapstadse voorstede, tot 'n seun wat enkele maande later sy brood in 'n bordeel in Groenpunt verdien, is 'n geloofwaardige vertelling, goed geskryf (duidelik 'n meer volwasse skrywer as dié een wat byna tien jaar tevore *Slinger-slinger* geskryf het), en een wat by lesers van alle ouderdomme aanklank behoort te vind.

Tim is gewild, aantreklik (hy sou maklik enige meisie bed toe kon sleep as hy sou wou), sing besonder goed (hy neem sanglesse by die skoolhoof se vrou) en het in 'n huis grootgeword waar reg en verkeerd duidelik uitgestippel is (veral deur 'n konsensieuse polisieman-pa). Tog is daar dinge wat pla. Tim kyk krities na sy pa en sy ma se voorstedelike lewe en wonder of dit is wat vir hom in die toekoms wag. Hy bevraagteken die skoolhoof se waardes en beginsels omdat die hoof steeds ontgroening by die skool toelaat. Oor sy ma dink hy:

*"Ek is my ma se pusher, sy is verslaaf aan my prestasies. Die dag toe sy getrou het, dink ek soms, het sy opgehou om vir haarself te lewe. My pa het haar lankal alles gegee wat hy kon, maar ek het nog moontlikhede. Dis 'n moerse verantwoordelikheid."* (11) En oor die pa: *"Ek wonder of hy weet hy ly aan depressie. As ek die enigste mens op aarde was wat nooit iets verkeerd doen nie, was ek seker óók depressed.* (14) Tim wonder oor sy ouers se uitsiglose lewe en of dit vir hom voorlê. *"Belangriker: Hoe gaan ek dit regkry om nie dieselfde foute*



© University of Pretoria

*te maak as wat hulle nooit van plan was om te maak nie, maar hulle hét?"* (15) *"Dis moeilik om te kla as die beste onderwerpe opgebruik is. Alles is reeds gedoen. Jy raak groot, raak verlief, raak getroud, raak 'n ouer, raak geskei en raak oud. En almal weet wat kom dán."* (41)

Tog lei Tim 'n voorbeeldige lewe, doen sy plig by die skool en neem twee seuns wat vermoedelik dwelms in die skool se kleedkamers gebruik het, terwyl hy daar op soek na skelmrokers was, na die hoof se kantoor. Aanvanklik is hy trots daarop om die skuldiges aan die kaak te stel. *"Maar ek moet erken dat ek lekker kry. As jy nie dink jy is beter as ander mense nie, hoe gáán jy beter wees?"* (23). Later voel hy egter ongemaklik oor die seuns wat hy aangekeer het. *"Ek hoor hom [die skoolhoof] skel, maar ek luister nie. Ek is nou spyt ek het hulle gebring, al sal dit my aandele by hom laat styg. Ek is aan sý kant en dit voel verkeerd."* (24)

Bloemhof skets Tim se geleidelike verandering op baie subtiele wyse. Die leser leer Tim hoofsaaklik ken deur innerlike monoloog wat gedurende die eerste deel van die boek die sin van sy voorstedelike bestaan bevraagteken, en deur middel van dialoog met sy beste vriend Ruan (die hoof se seun) met wie hy verskeie ervarings deel. Hy gaan saans saam met Ruan na klubs, is nie met Ruan se rookgewoonte beïndruk nie en is aanvanklik geskok omdat Ruan dwelms gebruik.

Tim raak mettertyd saam met Ruan by misdaad betrokke en gebruik later self dwelms. Tim se deelname is aanvanklik net eksperimentering. Die opwinding is die teenpool van sy saai en ordentlike lewe.

*"Omdat ek 'n mens is, is daar 'n reeks goed waardeur ek moet gaan. Inisiasies. Dinge wat elkeen moet doen om te weet wie hy of sy is – nes miljoene ander mense wat ook gevoel het dit gaan hulle individue maak."* (29)

Nadat hulle 'n vrou by 'n kitsbank beroof het, wonder Tim wat hy met die geld gaan doen. Hy het dit nie regtig nodig nie. (38)



© University of Pretoria

Tim raak mettertyd verslaaf aan dwelms en aan die opwinding van sy en Ruan se misdadige bedrywighede, soos inbrake by huise in hulle voorstad. Sy eerste seksuele ervaring waarna hy baie uitgesien het en selfs ondanks geleenthede verby laat gaan omdat hy nog nie gereed was nie, vind uiteindelik plaas met 'n ouer vrou in 'n vakansieoord. Hy word hiervoor deur die vrou betaal.

*"So, ek het dit uiteindelik gedoen, ná al die jare se wonder oor hoe dit sal wees; daaroor voel ek goed. Maar dit moes nie só gewees het nie: ek voel vuil, al is sy nie sleg nie. Dis te náby aan 'n ander mens, dit moenie iets wees wat jy vir geld doen nie."* (73)

Tim se dwelmverslawing lei uiteindelik daartoe dat hy die pad vat, bande met sy ouers en vriende verbreek, en werk by 'n bordeel in Groenpunt kry wat in seks vir eensame sakevroue spesialiseer. Die bordeel maak mettertyd ook voorsiening vir mans wat homoseksuele seks wil hê.

Wat indrukwekkend van dié boek is, is dat Bloemhof so 'n komplekse gegewe binne slegs 108 bladsye vertel. Tim se geleidelike verval word met min woorde, maar oortuigend geskets. Die "kontroversiële" gegewe (wat waarskynlik daartoe gelei het dat die boek nie wyd vir jonger lesers aanbeveel is nie) word onderspeel en selfs subtiel beskryf sodat dit nie sensitiewe lesers behoort aanstoot te gee nie.

Tim se laaste dae in die bordeel waartydens hy dit net regkry om seks met mans te hê terwyl hy onder die invloed van dwelms is, word simpatiek beskryf en dui op Bloemhof se besondere skryfvaardighede. Die karakters in die bordeel se uitsigloosheid, gebrek aan selfrespek en die voortdurende hunkering na die volgende "fix" word aangrypend verwoord en steeds net met enkele woorde en 'n onderspeelde toon. 'n Ander skrywer sou moontlik in die versoeking kon wees om meer sensasioneel met die gegewe om te gaan. Tim keur uiteindelik huis toe ná die nuus van Ruan se dood aan 'n oordosis dwelms. Sy ouers is bly en dankbaar om hom te sien.



© University of Pretoria

*"Hoe bly is ek, nou, dat hulle sulke gewone mense is. Die soort wat gemaak is om ondanks alles te sê: jy is ons kind."* (105) En*: "Ek kyk rond in die sitkamer, so voorstedelik. Ek wil niks hier anders hê nie. Dat hulle nie verstaan nie, maak hulle rég. Hulle weet daar is fout, maar hulle het nie 'n idee hoe groot nie."* (107)

Die boek eindig nie met 'n kitsoplossing nie.

*"Ek weet dis nie verby nie, die lewe is nie so maklik nie. Wat maklik sál wees, is om terug te gaan Groenpunt toe – ek weet Donald sal my terugvat. Hier gaan nagmerries en versoekings kom, maar tot dan is ek kind, kind hier by my tannie-ma en poeliesman-pa, hier waar alles moontlik lyk."* (108)

**6.5.6 Evaluering**

*Nie vir kinders nie* val gemaklik in die FJV-genre. Dit is realistiese fiksie binne hierdie genre, en beeld situasies uit waarmee vele Afrikaanssprekende adolessente ook moet worstel, soos die soeke na sin binne 'n eng voorstedelike bestaan. Seks en dwelms as uitlaatklep word realisties en met empatie uitgebeeld. Die verhaal is knap geskryf deur 'n ervare skrywer wat die sensasionele gegewe verantwoordelik hanteer. Tim se val is 'n waarskuwing aan jong lesers oor wat verkeerd kan loop as hulle onverantwoordelike besluite neem en dat dié besluite gevolge het.

*Nie vir kinders nie* is ook 'n raak uitbeelding van die menslike ontwikkeling tydens adolessensie – Havinghurst (in Latrobe & Drury, 2009: 15-38). Tim funksioneer emosioneel onafhanklik van sy ouers en ander gesagsfigure, rebelleer teen hulle waardes, maar bereik uiteindelik empatie en respek daarvoor. Dit illustreer ook Kohlberg se ontwikkeling van moraliteit (in Latrobe & Drury, 2009: 33-34).

Tim beweeg weg van die konvensionele fase waar die samelewing en die skool se reëls sy moraliteit bepaal. Deur die loop van die boek ontwikkel Tim se



© University of Pretoria

moraliteit na die na-konvensionele fase waar hy self oor reg en verkeerd besluit ooreenkomstig 'n eie stel waardes. Hy weet dat wat hy doen verkeerd is en nie deur die samelewing goedgekeur word nie, maar dit is al manier hoe hy sy dwelmverslawing kan finansier.

Soos met die ander voorbeelde in dié hoofstuk bespreek, is dit jammer dat die boek nie ook aan ouer lesers bemark is nie, wat dit heel heel waarskynlik as 'n goeie boek sou beleef het en nie *per se* as goeie jeugboek nie.

### 6.5.7 *Die verdrinking van Josua van Eden*, Carina Diedericks-Hugo (Umuzi, 2008)

*"Daardie nag het Josua se eerste droom gekom. Miskien was dit omdat hy so snaaks gevoel het. Dit is asof iets hom voorberei het vir sy nuwe lewe. Later sou dit duidelik word en sy lewe sou 'n baie besliste skeidslyn hê: voor en ná die weerlig. Want dit wás weerlig wat hom daardie dag getref het. Die silwer lem het hom teen die bors gesny. Toe hy daardie aand – Titania se eerste aand by hulle – in die stort gestaan het, het hy 'n klein litteken op sy bors gesien. Wit. Wit soos 'n mens dink weerlig behoort te lyk. En wit soos die klein krulletjies in Titania se nek."* (17)

In *Die verdrinking van Josua van Eden*, vervleg Diedericks-Hugo 'n handvol tipiese FJV-genres soos fantasie, skynwerklikheid, realisme, spanning en uiteindelik 'n speurverhaal, wat aanklank by baie jong volwassenes sou vind. Maar sy betrek ook filosofieë van Satre, Simone de Beauvoir, mites, drome, 'n tragiese Shakespeare-heldin of twee, werke van Ingrid Jonker, Chris Chameleon en Nirvana, om van dié boek 'n meervlakkige ervaring te maak wat baie volwasselesers sou waardeer.

Die boek het nie goed verkoop nie. Dit is as oorkruisfiksie beskou (De Vries, 2011), maar is as jeugboek bemark. 'n Mens kan slegs vermoed dat die feit dat die hoofkarakter en die heldin in 'n kort paragraaf seks het en saam bad (knap onderspeel en afsonderlik van die res van die verhaal as "tussenspel" aangedui), moontlik nie by hekwagters aanklank gevind het nie. Myns insiens is die gebrek



© University of Pretoria

aan belangstelling in dié onderskatte boek daaraan toe te skryf dat dit net as jeugboek bemark is, en daarom nie die aandag van volwassenelesers getrek het nie.

*Die verdrinking van Josua van Eden* is in die eerste plek 'n boek vir jong volwassenes en is waarskynlik met dié teikengroep in gedagte geskryf.

Die 17-jarige Josua van Eden is 'n tipiese tiener aan die worstel met die sin van sy daaglikse doen en late.

*"'Wat is skool nou eintlik? Jy probeer elke dag net oorleef sonder dat jy jou naam met 'n plank geslaan het. Daar's altyd die Big Brother-ige cool crowd wat bepaal wat's in en wat nie. Wie's in en wie is laer as slangkak. En as dit nie die cool crowd is nie, dan is dit die onderwysers. En met hulle is jy reg of weg. Óf hulle is great en jy weet hulle gaan jou lewe verander, óf hulle probeer hulle onsekerhede wegsteek deur hulle bes te doen om jou te reduseer totdat jy min of meer op dieselfde vlak is as die vetplante voor die hoof se kantoor, die verbleikte saalgordyne, die deurgetrapte L.O.-matte of die tos houtbanke.'"* (33)

Diedericks-Hugo skets 'n geloofwaardige prentjie van 'n 17-jarige wat versmoor en alleen voel en wonder oor sy plek in die samelewing: *"as daar soveel van ons is hoekom sal iemand jou mis?"* Dié sin word etlike kere in een paragraaf sonder leestekens op bladsy 28 herhaal. Die groterwordende afstand tussen Josua en sy beste vriend Coenie (wat desperaat deel van die gewilde groepie by die skool wil word), vorm 'n belangrike subtema in dié verhaal.

Josua se lewe verander met die donderweer wat hom oënskynlik getref het terwyl hy die gesin se swembad skoongemaak het. Dit is ook die dag toe die blonde Titania ('n simboliese naam) onverwags by Josua en sy gesin opdaag om 'n ruk daar te bly nadat haar "ouers" vir 'n ruk in Dubai moet gaan besigheid doen. Diedericks-Hugo slaag besonder goed daarin om dié mitiese karakter, sterk in teenstelling met Josua as tipiese tiener, te skets. Haar ongewoonheid, skoonheid en min woorde, bekoor vir Josua. Sy maak gereeld snye in haar arms



© University of Pretoria

omdat dit "haar laat lewe". (42)

Titania lyk vir Josua soos 'n engel, boer met haar neus in 'n boek of is met haar laptop doenig. Titania eet makrobioties (heel graan, groente, vrugte en geen vleis nie) en dra somerklere in die koue Stellenbosse winter. Sy lees Satre en De Beauvoir, raak nie sosiaal by die skool betrokke nie, en maak Josua by 'n realiteitspeletjie betrokke wat uiteindelik die kern van die speurverhaal vorm.

Leidrade deur e-posboodskappe en SMS'e moet deur tien spelers (wat nie van mekaar weet nie) ontrafel en toegepas word, waarná hulle na 'n volgende vlak beweeg. Aan die spits van die speletjie is die Jakkals wat die leidrade bedink. Spelers word een vir een uitgeskakel tot met 'n finale konfrontasie tussen die laaste drie spelers wat staande bly. Dit word gou duidelik dat daar kinkels in die kabel is en dat "jy speel hier vir jou lewe" (80) moontlik letterlik opgeneem moet word. Die uiteindelike konfrontasie en die ontmaskering van die Jakkals vorm die klimaks van die boek.

Diedericks-Hugo het die SMS- en e-posleidrade slim bedink, en dit het soos vele ander aspekte in die boek, meerduidige betekenisse:

"DIE LAASTE TOG IS NA DIE HEMELSE HUIS
('N BOS WAS DIE BEGIN VAN DANTE SE REIS)
MAAR SLEGS UITVERKORENES VIND DIE PRYS.
ONTHOU: DAAR'S 'N SLANG IN DIE PARADYS!" (126)

Josua se drome speel 'n belangrike rol in die boek en verskaf leidrade ten opsigte van die speletjie en ook oor Josua se onsekerhede en vertwyfelinge as 17-jarige wat wonder oor die sin van bestaan. Die humor bly egter nie uit nie. Sommige drome is duidelik slegs dié van 'n seun waarvan die hormone aan die bruis is. (45)

'n Verdere sterk punt van die boek is Diedericks-Hugo se uitbeelding van 'n tipiese middelklasgesin en die vooruitsigloosheid daarvan – soos dit waarskynlik



© University of Pretoria

vir meeste adolessente moet lyk. Hierdie uitbeelding is knap en geloofwaardig. Die interaksie tussen die gesinslede, die ma, die pa, 'n jonger sussie en 'n boetie, vind hoofsaaklik rondom die eetkamertafel en voor die televisie plaas en is nie net geloofwaardig nie, maar baie vermaaklik. Oor sy ma bedink Josua die volgende nadat sy hom konfronteer omdat hy saam met Titania gebad het:

*"Josua kyk na sy ma en sien 'n vrou wat pre-drie kinders, pre-permanente huisvrou, pre-menopouse verder gedink het as wat Joel Osteen, dr Phil en Oprah haar daagliks meedeel. 'n Vrou wat Virginia Woolf gelees het, DNA-spirale ontleed het,* A Clockwork Orange *gesien het, in Griekeland topless getan het, whisky gedrink het en fietsgery het sonder 'n helmet. Sy't gelag en sy't gehuil en sy't actually probeer leef. Nou wag sy in spanning vir Vrydae se* Eikestadnuus *sodat sy die dorpskalender en doodsberigte kan bestudeer."* (135)

Die boek volg 'n chronologiese struktuur, hoewel Josua se drome afsonderlik aangedui word en ook nie bladsynommers bevat nie. "Tussenspel", 'n gedeelte waarin Josua en Titania tyd alleen saam deurbring, word met afsonderlike hoofstuknommers aangedui. Die boek is in die derde persoon geskryf.

*Die verdrinking van Josua van Eden* is uiteindelik 'n boeiende en vermaaklike boek wat lesers aan die lees hou. Ander sterk punte is die knap karakterbeelding, die goeie karakterontwikkeling van Josua en die vele leidrade wat die skrywer laat om dié leeservaring ook vir volwassenelesers die moeite werd te maak.

**6.5.8 Evaluering**

*Die verdrinking van Josua van Eden* is myns insiens 'n tipiese boek binne die FJV-genre, en dit is jammer dat die boek nie met 'n ander bemarkingsaanslag ook onder die aandag van ouer lesers gebring is nie.

Daar is die uitbeelding van die leefwêreld van die tipiese 17-jarige as deel van 'n voorstedelike gesin (realistiese fiksie binne die FJV-genre), die fantasieverhaal



© University of Pretoria

(is Titania werklik?) wat aan die gewilde *Twilight*-reeks herinner, en die speurverhaal (die realiteitskompetisie waaraan die karakters deelneem en wat die leser aan die raai hou), wat sekerlik boeiende leesstof vir jong volwassenes behoort te wees.

Soos hierbo genoem, is dit ook duidelik 'n boek waarvan die vele betekenisvlakke en plek-plek die humor op 'n ouer leser gemik is – aspekte wat moontlik nie na behore deur jonger lesers gesnap en waardeer sal word nie.

As uitbeelding van die vaardighede wat die adolessent moet bemeester, is *Die verdrinking van Josua van Eden* 'n boek waarin die tiener se vind van 'n eie stem veral 'n voorbeeld is. Josua leer om emosioneel onafhanklik van sy ouers te funksioneer, nuwe, betekenisvoller verhoudinge aan te knoop (met Titania) en ouer, gevestigde verhoudings (dié met sy beste vriend, Coenie) te bevraagteken – sien Havinghurst (in Latrobe & Drury, 2009: 15-38).

**6.5.9 *Lien se lankstaanskoene*, Derick van der Walt (Tafelberg, 2008)**

*"'Dis net 'n ou wyntjie,' giggel haar ma. 'Net enetjie ... want ek werk nie meer by die Departement van Binnelandse Sake nie!' Die laaste deel van haar sin sing sy.*

*'Nou maar laat ons 'n glasie klink,' sê Lien, wat wil gil en skree en huil. Sy stap vinnig kombuis toe en pluk die yskas oop. Niks. Sy ruk aan die kombuiskaste. Niks. Sy begin weer by die yskas en toe weer die kruidenierskas. Agter die Post Toastie-boks staan die doos.*

*'Welkom terug,' sê Lien hardop terwyl sy die doos uit die kas pluk. Sy gryp die grootste koeldrankglas uit die kas en skink dit vol wyn. Sy gaan sit op die bank en lig die glas in haar ma se rigting.*

*'Cheers. Op Binnelandse Sake.'"* (135)

*Lien se lankstaanskoene* is met die 2007 goue Sanlamprys vir Jeuglektuur bekroon, het die M.E.R.-prys in 2009 ontvang en is in 2010 met 'n internasionele IBBY-toekenning vereer. Die boek is steeds in druk en verkoop goed, hoofsaaklik omdat dit vir tweedetaal-, Graad 12-lesers van die IEB-skole



© University of Pretoria

voorgeskryf is (2011/2012). Die boek word tans verfilm en dié status het die boek onder die aandag van volwasseneleseres gebring. Die boek word as oorkruisfiksie deur die uitgewers, Tafelberg, beskou (Cooper, 2011: e-poskorrespondensie), maar is tot dusver as jeugboek bemark. Dit was net in enkele takke van Exclusive Books op die jeugboekrak beskikbaar. Die publisiteit rondom die rolprent het veroorsaak dat die boek nou in enkele takke van Exclusive Books ook tussen fiksie vir volwassenes aangetref word. Sonder die voorskryfstatus en die verfilming van die boek, sou dit waarskynlik dieselfde paadjie van vergetelheid soos die *Verdrinking van Josua van Eden* gevolg het.

Lien Jooste, 'n matriekdogter, is die oudste van twee kinders, en ná 'n traumatiese gebeurtenis waarby haar pa betrokke was, verander die status van die gesin oornag van welgesteld tot arm. Die pa land in die tronk ('n feit wat tot aan die einde van die boek vir die leser geheim gehou word), die ma gryp na die bottel, en Lien moet uitspring om die gesin te onderhou. Sy vermy die kinders in haar nuwe skool, met die uitsondering van Wouter, met wie sy 'n sterk vriendskapsverhouding ontwikkel, en doen los werkies, nie net om die gesin te onderhou nie, maar om vir 'n eenrigtingvliegkaartjie Engeland toe te spaar, van waar sy nie van plan is om ooit terug te kom nie. Lien voel ingedoen, is ontnugter en is kwaad vir die wêreld.

Omdat die los werkies (by 'n koffiewinkel en 'n haarsalon) nie genoeg bydra om die pot aan die kook te hou én vir 'n vliegtuigkaartjie te spaar nie, land sy uiteindelik met 'n bedelbordjie om haar nek, met 'n pruik en brilletjie om haar identiteit te verberg, op 'n besige straathoek om geld te bedel. Sy leer 'n wêreld ken wat sy nie in haar wildste drome kon voorsien nie, en karakters op die rand van die samelewing met wie sy mettertyd diep vriendskappe ontwikkel. Daar is veral Tibbey, 'n jong man wat haar die geheime op straat leer, en Roos, 'n ou tannie wat, nadat verskeie dinge in haar lewe verkeerd geloop het, op 'n straathoek land om vir haar dogter en drie kleinkinders te sorg.

Lien raak betrokke by dié karakters se lotgevalle, sit uiteindelik haar eie probleme eenkant en speel 'n groot rol om vir Tibbey, wat sy bene in 'n



© University of Pretoria

motorongeluk verloor het, blyplek te organiseer en 'n ryding deur 'n skoolkennis te laat prakseer. Sy word lusteloos deel van die skool se toneelgroep, waar sy nog vriendskappe sluit, haar roeping in die lewe ontdek, en selfs 'n liefdesverhouding aanknoop. Sy vergewe uiteindelik haar alkoholisma en die pa in die tronk.

Die storie word chronologies vertel, maar die gesin se gelukkige verlede word deur middel van klanklose video's deur die verloop van die verhaal uitgebeeld. Wie na die video's kyk, word ook tot na aan die einde vir die leser geheim gehou.

Musiek speel 'n groot rol in die boek en verleen bykomende betekenisvlakke aan die verhaal. Norah Jones, van wie Lien 'n groot aanhanger is, se lirieke speel 'n belangrike rol deur die verloop van die verhaal om Lien se gedagtes en gevoelens te verwoord, terwyl die alkoholisma dikwels oor lendelam-oorfone na klassieke musiek luister. Die stormagtige klavierkonserte van vele Russiese komponiste weerspieël dikwels die gemoed en stemming in die benoude woonstelletjie waarin die gesin hulle nuwe lewe moet aanpak.

Norah Jones weerspieël Lien se gemoed soos volg nadat die ma ná rehabilitasie weer begin drink het:

*In a boat that's built of sticks and hay*
*We drifted from the shore*
*With a captain who's too proud to say*
*That he dropped the oar.* (136)

Die einde van die verhaal word ook slegs deur die skrywer gesuggereer deur middel van 'n DVD wat nou (simbolies) klank bevat terwyl die lesers die lotgevalle van die karakters moet aflei op grond van 'n beskrywing van wat in die DVD plaasvind en sterk steun op karaktertrekke wat deur die loop van die verhaal deur die skrywer geplant is.



© University of Pretoria

*Lien se lankstaanskoene* het 'n ingewikkelder struktuur as wat normaalweg met die jeugroman geassosieer word. Soos voorheen genoem, word 'n lengte van sowat 45 000 woorde deur uitgewers vir die "tradisionele" jeugboek aanbeveel. *Lien se lankstaanskoene* word in sowat 72 000 woorde vertel, wat tot die boek se moontlike oorgangstatus kon bydra.

Die skrywer se stilistiese vermoëns en die skerp, vermaaklike dialoog, die humor in die boek en die goeie karakterontwikkeling is as kenmerke van die boek uitgesonder (Myburg, 2008).

Lien ontwikkel van 'n dikmondslagoffer tot iemand wat verantwoordelikheid en leiding vir die gesin se lot neem, en later ook vir dié van 'n medebedelaar. In die proses groei sy tot iemand wat ander waardes aangeleer het wat nie noodwendig in haar vorige, bevoorregte lewe, moontlik sou wees nie. Sy ontwikkel van 'n opstandige tiener tot 'n verantwoordelike, jong volwassene wat empatie en simpatie met haar ouers ontwikkel en hulle uiteindelik kan vergewe.
Sy aanvaar haar nuwe lewe, knoop beduidende vriendskappe aan en selfs 'n liefdesverhouding, en kom tot die besef dat niemand dit noodwendig nét maklik het nie.

Die skrywer het heelwat navorsing gedoen om die skaduwêreld van bedelaars realisties uit te beeld en dié aspek is ook deur Myburg (2008) uitgelig.

**6.5.10 Evaluering**

*Lien se lankstaanskoene* pas eweneens gemaklik in die realistiese FJV-subgenre, en soos voorheen vermeld, word die boek ook deur sommige kenners as tipiese oorkruisfiksie in Afrikaans beskou. Hoewel die boek goed verkoop, is dit egter nie aan die oorkruisstatus te danke nie. Dit word sedert die boek se verskyning in 2008 slegs in die rak wat vir kinderboeke gereserveer word, in enkele takke van Exclusive Books aangetref.

Die leefwêreld van die ontnugterde tiener word realisties uitgebeeld, en die



© University of Pretoria

aanvaarding van ouers as mense met menslike foute, word realisties uitgebeeld. Dis 'n aspek waarmee die meeste adolessente vrede moet maak en moet leer om op 'n emosioneel volwasse wyse te hanteer. Hierdie boek kan baie in dié opsig tot die ervaringswêreld van die adolessent bydra – sien Havinghurst (in Latrobe & Drury, 2009: 15-38).

Vele vaardighede wat adolessente moet baasraak, kry ook in die boek aandag. Logiese beredenering en introspeksie (Piaget se kognitiewe ontwikkeling tydens adolessensie – Latrobe & Drury, 2009: 16-17) speel 'n groot rol in Lien se planne om die gesin finansieel te laat oorleef. Ten spyte van magteloosheid oor haar en die gesin se situasie neem Lien 'n leierskapsrol aan, en prestasieverwagtinge lei uiteindelik daartoe dat sy die skool se toneelstuk sodanig geniet dat dit tot 'n loopbaankeuse lei – sien Erikson (in Latrobe & Drury, 2009: 20-26).

Erikson se aanduiding van die speel van verskillende rolle vind binne hierdie boek op verskillende vlakke plaas. Na die aanvanklike rol as slagoffer, neem Lien die rol van haar ouers oor en word op 'n manier húlle ouer, neem 'n ander rol aan as bedelaar, speel letterlik 'n rol in die skool se toneelstuk, en neem 'n versorgingsrol aan met betrekking tot Tibbey en haar broer, Braam.

Lien vorm ook meer volwasse verhoudings as voorheen, naamlik met ouer volwassenes soos die predikant, Kuifie, en haar bedelaarsvriende, Roos en Tibbey. Daar is ook uiteindelik stewige vriendskapsverhoudinge met skoolvriende (Wouter en Miemie) en uiteindelik ook meer volwasse verhoudinge met haar ouers – sien Erikson (in Latrobe & Drury, 2009: 20-26).

Sy funksioneer emosioneel onafhanklik van ander volwassenes soos haar ouers, en haar aanvanklike misnoeë en rebelsheid oor die situasie waarin sy sonder haar toedoen beland het, verander mettertyd in empatie vir veral haar ouers – sien Havinghurst (in Latrobe & Drury, 2009: 15-38).

Kohlberg se morele ontwikkeling (stadium 6 van die na-konvensionele fase) en



© University of Pretoria

dus die ontwikkeling van eie waardes en 'n eie morele oordeel oor situasies, word geïllustreer deur Lien wat nie skaam is om haar bedelaarvriende na die toneelstuk se openingsaand te nooi nie (in Latrobe & Drury, 2009: 33-34).

### 6.5.11 Slotsom

Die vyf boeke hierbo bespreek is tipiese boeke wat nie as suiwer jeugboeke bestempel en bemark behoort te word nie. Hulle sou gemaklik in 'n afsonderlike genre vir jong volwassenes kon pas. Hierdie boeke is net enkeles. Hulle is nie gekies oor hulle moontlike "omstrede" inhoud nie, maar omdat hulle op letterkundige meriete verdien om anders bemark en onder 'n groter lesersegment se aandag gebring te word.

Daar is etlike ander wat met gemak in so 'n kategorie sou tuis wees, soos Barrie Hough se *Skilpoppe* (Tafelberg, 1998), *Daar's vis in die punch*, Jackie Nagtegaal (Tafelberg, 2002), *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*, Marita van der Vyver (Tafelberg, 2004), *Zita*, Anzil Kulsen (Lapa Uitgewers, 2006), *Pandora se boks*, Nelia Engelbrecht (Tafelberg, 2009) en *Ek was hier*, Nanette van Rooyen (Lapa Uitgewers, 2012).

Van dié boeke het wel goed verkoop, maar dikwels om ander redes as hulle jeugboekstatus, soos byvoorbeeld hulle verwerking in ander mediums. *Skilpoppe* en *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* is in rolprente verwerk. Van der Vyver is natuurlik ook bekend as volwasseneskrywer, terwyl *Daar's vis in die punch* baie media-dekking ontvang het vanweë Nagtegaal se jong ouderdom (16 jaar oud) toe sy die boek geskryf het. Ander, soos *Zita* en *Skilpoppe,* is ook voorgeskryf.

'n Afsonderlike kategorie vir die bemarking van dié boeke mag help om hulle status te verhoog en hulle ook onder die aandag van volwasselesers te bring.



© University of Pretoria

## Hoofstuk 7: Bevindinge en aanbevelings

### 7.1 Bevindinge

Die Afrikaanse kinder- en jeugboek se noue verbintenis met die ontwikkeling van die Afrikaner se geskiedenis is 'n belangrike kenmerk van die ontwikkeling van die Afrikaanse kinder- en jeugboek tot en met 1994.

Die politieke veranderinge en die gevolglike veranderinge in die Afrikaanse kinder- en jeugboekliteratuursisteem ná 1994 het volgens sommige ontleders 'n belangrike rol gespeel om die jeugboek te "demokratiseer". Ekonomiese oorwegings het uitgewers genoodsaak om weer gewilde reekse uit die sestigerjare (en vroeër) af te stof en nuwes uit te gee. Daar was ook kommer oor die voortbestaan van Afrikaans, en die "letterkundige" jeugboek van die tagtigerjare moes plek maak vir meer gewilde leesstof om kinders wat in die vorige dekade aan gewilde Engelse verhale verloor is, terug te wen.

Daar was ook 'n parallelle verdieping en ontwikkeling in die ouer Afrikaanse jeugboek sedert 1994, waarvan nog nie formeel kennis geneem word nie. Dié boeke word nog gemaklik in die kinder- en jeugboekkategorie ingedeel, waar baie van hulle nie sonder meer tuishoort nie. Volwassenelesers neem gewoonlik slegs van hulle kennis as hierdie boeke publisiteit weens "omstrede" kwessies ontvang.

Die kinder- en jeugboek word ook steeds as genre binne die Afrikaanse literatuur as onbeduidend beskou en nie regtig waardig vir ernstige akademiese besinning geag nie (Fairer-Wessels & Van der Walt, 2004: 95). Redes soos die posisie wat dit oor dekades van leidende figure in die wêreld van die jeugboek ontvang het (invloedryke persone vanuit onderwys- en biblioteekgeledere), het daarvan 'n kommoditeit gemaak wat op 'n bepaalde wyse geklassifiseer, bemark en gelees word en 'n spesifieke plek binne die boekwinkel het.

Kinder- en jeugboeke word daarom in Suid-Afrika steeds baie formeel



© University of Pretoria

geklassifiseer in terme van wie die waarskynlike leser is. Dit word veral vir bemarkingsdoeleindes gedoen en om leiding aan boekwinkels en kopers te gee oor "waar die boek in die mark lê".

Die jeugboekkategorie binne die kinder- en jeugboek-genre, boeke wat op adolessentelesers en ouer gemik is, is 'n besonder vae kategorie en min aandag is tot dusver deur rolspelers hieraan gegee. Die nuanses in die sogenaamde jeugboekmark word maar slegs in 'n beperkte mate deur uitgewers en ander rolspelers erken, en alle boeke vir lesers ouer as 12 jaar word gemaklik in die "jeugboekmandjie" verpak – met dikwels negatiewe gevolge vir die skrywers van hierdie boeke.

Die ouer jeugboek wat sedert 1994 ontwikkel het, is nog nie onder die soeklig geplaas nie en daar is teenstrydige menings of die ouer jeugboek werklik beduidende vernuwing en verdieping ondergaan het.

Soos deur hierdie studie uitgewys, is die kern van die probleem dat baie van dié boeke dikwels verontagsaam word deur konserwatiewe en invloedryke hekwagters binne die jeugboek-literêre sisteem ontvang. Hierdie persone besluit vanweë rolle soos hulle verbondenheid aan voorskryfkomitees, watter boeke as geskik vir adolessente beskou word. Weens "omstrede" kwessies word baie van hierdie boeke nie as geskik vir adolessentelesers beskou nie.

Dié boeke word gevolglik van jonger lesers weerhou of slegs selektief aan hulle beskikbaar gestel. Omdat hierdie boeke volgens Du Plessis se definisie (1999) tradisioneel op lesers van om en by 16 jaar gemik behoort te wees, word hulle, as synde jeugboeke, nie aan 'n ouer lesersmark wat besmoontlik die boeke na waarde mag ag, bemark nie. Die boeke verdwyn daarom maklik sonder enige erkenning in die vergetelheid.

Ander redes wat die ontwikkeling van die Afrikaanse jeugboek strem, is ook uitgewys, soos die gebrekkige status van die jeugboekskrywer en die rol wat indirekte sensuur op die ontwikkeling van die jeugboek, veral die ouer



© University of Pretoria

jeugboek, het. Die verpakking van die jeugboek speel ook 'n rol om dié boek in 'n baie spesifieke en beperkende kategorie te laat tuishoort.

Dié studie het voorts ondersoek ingestel na die aard, kenmerke en waarde van hoofsaaklik die Amerikaanse FJV-genre, en daar is aan die hand van vyf ontledings aangetoon dat verskeie Afrikaanse jeugboeke gemaklik in dié kategorie kan val.

FJV het volgens kenners in Amerika besondere waarde omdat dit fiksie aan jongmense beskikbaar stel waarmee hulle kan identifiseer en wat hulle leefwêreld weerspieël. Die boeke lewer 'n groot bydrae om jongmense te laat lees of aan die lees te hou en word deur sommige kenners as 'n oorgang na die lees van klassieke werke en volwassenefiksie gesien.

Die genre behoort ook as eindbestemming gesien te word. Die groei en gesofistikeerdheid van baie boeke binne die FJV-genre veroorsaak dat FJV toenemend as onafhanklike genre in Amerika waardeer en erken word. Die vele literatuurtoekennings vir FJV in Amerika, en die toenemende erkenning vanuit akademiese geledere, onderstreep dié feit.

FJV word nog nie as erkende genre binne die Afrikaanse boekewêrld bespreek of beskou nie. Die bestaan van Engelse FJV (heelwat boeke in dié kategorie word van Amerika ingevoer), word wel erken en dié boeke word as "Young Adult Fiction" in 'n afsonderlike uitstalruimte in sommige takke van Exclusive Books aangedui.

Die Afrikaanse jeugboeke wat wel as FJV beskou kan word, word nog nie só in Suid-Afrika bemark nie. Enkeles wat wel onder die aandag van 'n wyer leserspubliek gekom en ekonomies suksesvol was, het dié status hoofsaaklik te danke aan ander redes as suiwer letterkundige meriete. *BreinBliksem* van Fanie Viljoen was 'n verhoogproduksie, so ook *Breek* van Barrie Hough en Lizz Meiring (die boek is eers ná die suksesvolle verhoogproduksie geskryf). *Skilpoppe* van Barrie Hough, *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*, van



© University of Pretoria

Marita van der Vyver en *Lien se lankstaanskoene* van Derick van der Walt is vir die rolprentskerm verwerk. Ander het hulle ekonomiese sukses aan hulle voorskryfstatus te danke, soos *Zita* van Anzil Kulsen.

Dié erkenning staaf die teorie dat van die boeke gemaklik deur volwassenelesers gelees sal word as hulle van die boeke bewus is. Bemarking aan hierdie lesers verdien dus net 'n ander aanslag.

### 7.2 Aanbevelings

Vernuwende denke met betrekking tot die ouer jeugboek kan die volgende insluit:

• Innoverende bemarkingsdenke kan help om die status van die ouer jeugboek te verhoog. Die aard van FJV behoort groter publisiteit te ontvang en die feit dat dié boeke van die tradisionele jeugboek verskil (daarom soms hulle omstrede aard), behoort wyer erkenning te kry.

• Die plek op die rak in die boekwinkel en die biblioteek vir die ouer jeugboek moet herbedink word. Al is daar dalk nog net 'n handvol Afrikaanse jeugboeke binne die FJV-genre wat ook die aandag van ouer lesers verdien en anders bemark behoort te word, hoort dié boeke nie uitsluitlik tussen die *Liewe Heksie*-omnibus en die kleuterboeke vir beginnerlesertjies in enkele takke van Exclusive Books in die hoofsaaklik Afrikaanssprekende gebiede van Suid-Afrika nie. Daar is natuurlik begrip daarvoor dat rakspasie in boekwinkels noukeurig bestuur moet word. Eksemplare van die boek wat binne die FJV- en oorkruis-genre tuishoort, kan verdeel word tussen die jeugrak en die volwassenerak, as die beperkte aantal FJV-boeke in Afrikaans nie afsonderlike uitstalruimte regverdig nie.

• Die jeugdige aanslag van veral die voorblad van die FJV-boek in Afrikaans, verdien kritiese beskouing en skrywers behoort groter inspraak in die omslae van hulle boeke te hê. Twee verskillende voorblaaie, een gemik op jonger lesers



© University of Pretoria

en 'n ander gemik op volwassenelesers, behoort oorweeg te word vir 'n boek wat in die oorkruis-genre val.

• Die houding teenoor die Afrikaanse voorgeskrewe boek op hoërskool is 'n tameletjie wat buite die grense van hierdie studie lê en een wat ernstige akademiese besinning en aandag van rolspelers binne die Afrikaanse boekebedryf verdien. Dis duidelik dat daar steeds baie eng gekyk word na wat as geskikte leesstof vir Afrikaanse hoërskoolleerders beskou word. Voorkeur word steeds aan Shakespeare en “die Groot Afrikaanse Boek” gegee, wat min adolessente waarskynlik lees omdat hulle wil, en waarskynlik weinig motivering gaan wees om van hulle volwassenelesers te maak. Dieselfde boeke word weens beperkte begrotings reeds vir etlike jare in baie skole voorgeskryf omdat hulle reeds aangekoop is, en te oordeel aan die vele uitgewerkte vrae en studiehandleidings oor hierdie boeke, hoef die onwillige hoërskoolleser hulle glad nie te lees nie. Tog is daar vele Afrikaanse boeke wat as FJV beskou kan word, wat duidelik meer tot die leefwêreld van die jong volwassene spreek, maar nie onder hulle aandag gebring word nie. Hekwagters verban hulle dikwels tot die "stoorkamer agter die mediasentrum". Myns insiens het hierdie boeke 'n groot rol te speel om van Afrikaanse adolessente volwassenelesers te maak.

• Die enkele kompetisies vir jeugboeke in Suid-Afrika behoort verfyn te word om die kinder- en jeugboekkategorie meer na waarde te skat. 'n Boek vir laerskoolleerders en 'n boek vir jong volwassenes kan nie na behore in dieselfde kompetisie meeding nie. 'n Kompetisie om gevestigde Afrikaanse skrywers van volwasseneliteratuur aan te moedig om boeke vir dié genre te skryf met 'n spesifieke letterkundige prys wat dié soort fiksie erken, kan ook oorweeg word.

• Kritiek oor huidige beskouings van FJV sal natuurlik beoordeel word aan die hand van die hoeveelheid boeke wat die afgelope sowat 18 jaar verskyn het en wat as FJV beskou sou kon word. Kritiek teen 'n karige kanon moet opgeweeg word teen die aanmoediging wat daar vir jeugskrywers is om dié soort boeke te skryf. Hulle kry selde die erkenning wat hulle vir die skryf van hierdie boeke verdien en na 'n blitsige en dalk 'n onthutste koerantberig of twee, verdwyn dié



© University of Pretoria

boeke dikwels in die vergetelheid. Die veilige reeksboek wat 'n goeie kans staan om voorgeskryf te word, is dan 'n aantreklike opsie vir jeugskrywers.

• Die beter waardering van FJV in Afrikaans behoort al die rolspelers in die literatuursisteem na aan die hart te lê. Nie alleen behoort daar nuut hierna gekyk te word deur uitgewers, bemarkers en die boekwinkels nie, maar rolspelers soos letterkundiges, behoort ook die boek opnuut te bekyk, te ontleed en na waarde te ag. Resensente het ook 'n rol te speel om dié boek aan die groter klok te hang en onder die aandag van volwassenelesers te bring.



© University of Pretoria

# BIBLIOGRAFIE

## 1. Jeugboeke geraadpleeg

Bloemhof, Francois. 1997. *Slinger-slinger.* Kaapstad: Tafelberg.

Bloemhof, Francois. 2006. *Nie vir kinders nie*. Kaapstad: Tafelberg.

Diedericks-Hugo, Carina. 2008. *Die verdrinking van Josua van Eden*. Kaapstad: Umuzi.

Diedericks-Hugo, Carina. 2011. *Permanente ink*. Pretoria: Lapa Uitgewers.

Engelbrecht, Nelia. 2009. *Pandora se boks*. Kaapstad: Tafelberg.

Fowler, Maya. 2011. *As jy 'n ster sien verskiet.* Kaapstad: Tafelberg.

Hough, Barrie. 1998. *Skilpoppe*. Kaapstad: Tafelberg.

Hough, Barrie & Meiring, Lizz. 2002. *Breek*. Kaapstad: Tafelberg.

Jacobs, Jaco. 2007. *Suurlemoen*. Pretoria: Lapa Uitgewers.

Jacobs, Jaco. 2009. *Virus*. Pretoria: Lapa Uitgewers.

Kulsen, Anzil. 2006. *Zita*. Pretoria: Lapa Uitgewers.

Lötter, E. 2004. *Dis ek, Anna*. Kaapstad: Tafelberg.

Nagtegaal, Jackie, 2002. *Daar's vis in die punch*. Kaapstad: Tafelberg.



© University of Pretoria

Radloff, Adeline. 2010. *Sidekick*. Kaapstad: Tafelberg.

Schoeman, Odette. 2009. *Swartskaap*. Kaapstad: Tafelberg.

Taljaard, G. 2009. *Engel in 'n hoenderhok*. Kaapstad: Tafelberg.

Van der Ruit, John. 2005. *Spud*. Johannesburg: Penguin Books.

Van der Vyver, Marita. 1994. *Die dinge van 'n kind.* Kaapstad: Tafelberg

Van der Vyver, Marita. 2002. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom.* Kaapstad: Tafelberg.

Van der Walt, Derick. 2008. *Lien se lankstaanskoene*. Kaapstad: Tafelberg.

Van der Walt, Derick. 2010. *Willem Poprok*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Tonder, Jan. 2004. *Roepman*. Kaapstad. Human & Rossouw.

Viljoen, Fanie. 2006. *BreinBliksem.* Kaapstad: Tafelberg.

Viljoen, Fanie. 2010. *Onderwêreld.* Kaapstad: Tafelberg.

Von Meck, Anoeschka. 2004. *Vaselinetjie*. Kaapstad: Tafelberg.

Wasserman, Elizabeth. 2010. *Speurhond Willem*. Kaapstad: Tafelberg.

**2. Ander bronne**

Banker, D.C. 1995. Too real for fiction: Abortion themes in YA literature. *ALAN Review* 23(1):19-23.

Beckett, S.L. 1997. *Reflections of change: children's literature since*



© University of Pretoria

*1945.*London: Greenwood Press.

Bucher, K. & Hinton, H. 2010. *Young Adult Literature: Exploration, evaluation, and appreciation.* Boston: Pearson Education.

Bucher, K. & Manning, M.L. 2006. Qualities of young adult literature. *education.com.* URL: http://www.education.com/reference/article/qualities-young-adult-literature/. Accessed on 16 January 2012.

Bucher, K.T. & Lee. M. 2006. *Young Adult Literature: Exploration, evaluation, and appreciation*. Upper Saddle River, NJ: Pearson Education.

Bushman, J.H. 1997. Young adult literature in the classroom – or is it? *English Journal,* March 1997: 40-49.

Carpenter, S. 2010. Young adult lit comes of age. *Los Angeles Times*, 8 March 2010. URL: http//www.latimes.com/entertainment/news/la-et-young-adult-lit-comes-of-age.html. Accessed on 11 June 2012.

Cellarius, H. 2012. Persoonlike mededeling, 13 Mei 2012.

Cooper, M, 2011. E-poskorrespondensie, 14 November 2011.

Cooper, M, 2012. E-poskorrespondensie, 30 Julie 2012, 13 en 15 Augustus 2012.

Crowe, C. 1998. What is young adult literature? *English Journal* 88(1): 120-122.

Crowe, C. 2001. The Problem with YA Literature. *English Journal* 90(3): 146-149)

Crowe, C. 2002a. Young adult literature: Defending YA literature: Voices of students. *English Journal* 92: 114-118.



© University of Pretoria

Crowe, C. 2002b. De facto YA literature and false expectations. *English Journal* 91(4): 100-102.

Crowe, C. 2003. Young adult literature: Unfinished business. *English Journal* 92(6): 95.

Daniels, C.L. 2006. Literary theory and young adult literature. *ALAN Review* Winter: 78-82.

De Vries, I. 2011. Young adult fiction: Give us a good story! *LitNet-nuusbrief* no. 363, 12 Augustus 2011.

Diedericks-Hugo, C. 2011. Young adult fiction: Write for the reader, not the age. *LitNet-nuusbrief* no. 363, 12 Augustus 2011.

Diedericks-Hugo, C. 2012. "In 'n tiener se kop". *Rapport. Mytyd*, 16 September 2012: 14.

Du Plessis, I. 2010. Afrikaner nationalism, print culture and the 'capacity to aspire': the imaginative powers of popular fiction for young readers. *African Identities* 8(1): 3-20.

Du Plessis, M. 1999. *Rasseverhoudinge in Suid-Afrikaanse jeuglektuur sedert 1990*. Verhandeling (M. Bibl.). Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Du Plessis, M. 2012. E-poskorrespondensie, 25 Julie 2012.

Fairer-Wessels, F. & Van der Walt, T. 1999. Temas en tendense in hedendaagse kinderliteratuur, *Stilet* 11(1): 95-106.



© University of Pretoria

Fairer-Wessels, F. & Van der Walt, T. (eds). 2004. *Change and renewal in children's literature*. Westport, CT: Praeger Publishers.

Fitzpatrick, B. 2004. Young adult literature in Canada. *School Libraries in Canada* 2(1): 8-11.

Fowler, M. 2011. Some thoughts on writing youth novels. *LitNet-nuusbrief* no. 363, 12 Augustus 2011.

Fox, R. 2008. The narrowing gulf between YA and adult. *Publishers Weekly*. URL: http://publisherweekly.com/blog/860000286/post/ 1610023361.html. Accessed on 16 January 2012.

Fritz, M.J. 2007. *Die representasie van omstrede kwessies in kontemporêre Afrikaanse jeugverhale*. Verhandeling (MA). Noordwes-Universiteit.

Gauthier, G. 2002. Whose Community? Where is the "YA" in YA Literature?. *English Journal* 91(6): 70-76.

Goodnow, C. 2007. Teens buying books at fastest rate in decades. SeattlePI, 7 March 2002. URL: http://www.seattlepi.com/ae/books/articles/Teens-buying-books-at-fastest-rate-in-decades-1230449.php). Accessed on 17 January 2012.

Gurdon, M.C. 2007. Young Adult Fiction. WSJ.com. URL: http://online.wsj.com/article/SB10001424952702303657404.htm. Accessed on 11 January 2012.

Hugo, P. 2004. Van Patrys tot Hanna Hoekom: Konferensie oor kinder- en jeugliteratuur. *Kaapse Biblioteek*. Januarie en Februarie 2004.

Hunt, C. 1996. Young adult literature evades the theorists. *Children's Literature Association Quarterly* 21(1): 4-11.



© University of Pretoria

Hunt, P. 1991. *Criticism, theory, and children's literature*. Oxford: Blackwell.

Hutkin, E. 2007. Who says teens don't read? *raonoke.com*. (URL: http://www.roanoke.com/entertainment/wb/xp-136866. Accessed on 12 January 2012.

Jones, J.B. 2011. Young Adult Fiction – It's not just for the kiddies anymore. URL: http://www.shereads.org/2011/10/young-adult-fiction-its-not-just-for-the-kiddies-anymore/. Accessed on 16 January 2012.

Kleyn, L. & Snyman, M. 2010. "Haai Jaco Jacobs! Wanneer skryf jy 'n regte boek?" 'n Bestekopname van Afrikaanse kinder en jeugboeke (1999-2009). *MOUSAION* 28(2), Spes 2010: 26-49.

Koss, M.D. & Teale, W.H. 2009. What's Happening in YA Literature? Trends in books for adolescents. *Journal of adolescent & adult literacy* 52(7): 563-572.

Kruger, C. 2012. "Ná jeugboek 'n boek vir grootmense". *Rapport*, 13 Mei 2012. *Weekliks* VII.

Latrobe, K.H. & Drury, J. 2009. *Critical approaches to young adult literature*. New York: Neal-Schuman Publishers.

Louw, E. 2012: E-poskorrespondensie, 30 Julie 2012.

Lubar, D. 2003. The history of young adult novels. *The Alan Review,* Spring 2003. URL: http://www.davidlubar.com/yahist.htm. Accessed on 16 January 2012.

Martin, S. 2008. Youth Literature: Inventing its criticism in a critical zone. *Le Francais aujourd'hui* 160: 31-42.

Morris, V.J., Hughes-Hassell, S., Agosto D.N. & Cottman, D.T. 2006. Street lit



© University of Pretoria

flying off teen fiction bookhelves in Philadelphia public libraries. *Young Adult Library Services (YALS)* Fall: 16-24.

Myburg, M. 2007. *Keurversklag vir Lien se Lankstaanskoene*. E-poskorrespondensie, 15 Maart 2008.

Nieman, M. 2005. Eendag lank, lank gelede, toe daar nog duidelike grense tussen jeug- en volwassene-literatuur was…. *STILET* XVII: 2.

Nikolajeva, M. (ed). 1995. *Voices from far away: Current trends in international children's literature research*. Centrum för barnkulturforskning vid Stockholms Universitet: Stockholm.

Oosthuizen, M.M. 2010. *'n Polisistemiese ondersoek na veranderinge in die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem sedert 1990*. Verhandeling (MA). Universiteit Stellenbosch.

Partridge, S.A. 2011. Young adult fiction: Pop culture and context in young adult fiction. *LitNet-nuusbrief* no. 363, 12 Augustus 2011.

Pieterse, G. 2012. E-poskorrespondensie, 30 Julie 2012.

Rackley, B. 2010. What is young adult literature? Great books for teen readers. URL: http://www.columbiatribune.com/weblogs/great-books-teen-readers. Accessed on 16 January 2012.

Roux, J.B. 2011. "Willem Poprok is goud werd". *Volksblad. Boekwinkel*:14.

Schwarz, G. 1996. The power of young adult literature. *The ALAN Review* 23(3): 10-14.

Snyman, M. 1994. Die Afrikaanse jeugliteratuur: 'n herbesinning. *Tydskrif vir Letterkunde* 32(3): 39-53.



© University of Pretoria

Snyman, M. 2004. Afrikaans Youth Series books: exhibition of social change. *INNOVATION* 28: 9-16.

Soter, A.O. 1999. *Young adult literature and the new literary theories: Developing critical readers in middle school.* New York: Teachers College Press.

Vandergrift, K.E. 2012. Vandergrift's Young Adult Literature Page. (URL: http://comminfo.rutgers.edu/professional-development/childlit/YoungAdult/index.html. Accessed on 11 January 2012.

Van der Walt, D. 2011. Young adult fiction: 'Youth novels' are unlikely to ensure a comfortable retirement home for their creators. *LitNet-nuusbrief* no. 363, 12 Augustus 2011.

Van der Walt, D. 2012. "In 'n tiener se kop". *Rapport. Mytyd*, 16 September 2012:14.

Van der Westhuizen, B. 1999. "'n Polisistemiese benadering tot die bevordering van kleuter-, kinder- en jeugliteratuur*". Stilet,* 1999: 125-139.

Van Zyl, E. 2012. Persoonlike mededeling, 9 Mei 2012.

Viljoen, F. 2012. "In 'n tiener se kop". *Rapport. Mytyd*, 16 September 2012:13.

Wenhold, K. 2012. Persoonlike mededeling, 14 Mei 2012.

Wikipedia*a*. "Young adult fiction". URL: http://en.wikipedia.org/wiki/Young-adult_fiction. Accessed on 11 January 2012.

Wikipedia*b*. "Lesbian fiction". URL: http://wikipedia.org/wiki/Lesbian_teenfiction. Accessed on 11 January 2012.



© University of Pretoria

Wikipedia*c*. "Gay male teen fiction". URL: http://en.wikipedia.org/wiki/Gaymale_teen_fiction. Accessed on 11 January 2012.

Wolf, N. 2006. Young adult fiction: wild things. *The New York Times*, 12 March 2006. URL: http://www.nytimes.com/2006/3/12/books/-review/12wolf.html. Accessed on 13 January 2012.

Wolf, S.A., Coats, K., Enciso, P. & Jenkins, C.A. 2011. *Children's and Young Adult Literature*. New York: Routledge.

Wybenga, G. & Snyman, M. 2005. Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom: 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek. Pretoria: Lapa Uitgewers.

**Webwerwe**

http://www.ala.org/yalsa/aboutyalsa
http://www.adlit.org
http://www.ala.org/alsc/awardsgrants/bookmedia/newberymedal/newberymedal
http://www.ala.org/yalsa/edwards
http://www.ala.org/yalsa/booklistsawards/bookawards/printzaward/previouswinners/winners
http://www.nationalbook.org/nba.html
http://www.ala.org/yalsa/booklistsawards/bookawards/morris/previous



© University of Pretoria